

# DIE PIONIERTREKKE NA GAZALAND




S.P. OLIVIER

968.9102

OLIVIER

AKADEMIESE  
INLIGTINGSDIENS



AI/341

Universiteit van Pretoria

Geliewe hierdie boek terug te besorg vóór  
of op die laaste datum hieronder gestempel

14 JUL 1997

21 APR 2005

25 OCT 2008



Universiteit van Pretoria

Geskenk deur:

Mnr. H.D. Wessels  
Maart 1992

*a.e. Messels*

*15/6*

# DIE PIONIERTREKKE NA GAZALAND

*DEUR*

S. P. OLIVIER

*(Oorlogsuitgawe)  
Oplaag Beperk*



*91*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



2004209

STAD.

*2/41*

269164

MERENSKY-BIBLIOTEK  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Klasnommer 968.9102

R. gisernommer 200/209

OLIVIER

Beste wêre in Kerke  
van Diek + hie Dec. 1943

## INHOUD

	Bladsy
Voorwoord . . . . .	v
Inleiding . . . . .	vii
Chronologiese Oorsig . . . . .	xi
Hoofstuk 1. Vroeë geskiedenis van Gazaland . . . . .	1
„ 2. Wrywing en Botsing . . . . .	4
„ 3. Die Moodie-Trek . . . . .	7
„ 4. Die Moodie-Trek (vervolg): Na Gazaland . . . . .	23
„ 5. Die Moolman-Webster-Trek . . . . .	34
„ 6. Die Edenburg-Trek . . . . .	38
„ 7. Die Mynhardt-Utrecht-Trek . . . . .	42
„ 8. Die Martin-Trek . . . . .	51
„ 9. Die Martin-Trek (vervolg) . . . . .	69
„ 10. Die Du Plessis-Trekke . . . . .	78
„ 11. Die Kruger-Bekker-Trek . . . . .	80
„ 12. Die Henry-Steyn-Trek . . . . .	87
„ 13. Die Eerste Jare . . . . .	96
„ 14. Die Tol van die Natuur . . . . .	108
„ 15. Moeilike Dae . . . . .	118
„ 16. Godsdiens en Onderwys . . . . .	137
„ 17. Runderpes, Inboorlinge, Portugese en daarna . . . . .	151
Slot . . . . .	163

## BYLAE

		Bladsy
Bylae 1.	Die trekke in Chronologiese Volgorde . . . . .	167
„ 2.	Korrespondensie tussen die Moodies en B.S.A. Co. . . . .	168
„ 3.	Martin se korrespondensie i.v.m. 'n trek na Mosambiek-gebied . . . . .	172
„ 4.	Martin se korrespondensie met die B.S.A. Co. . .	176
„ 5.	Adres aangebied aan mnr. en mev. Martin, 1899	180
„ 6.	Name van Trekkers na Gazaland soos opgestuur na C. J. Rhodes . . . . .	181
„ 7.	In Memoriam: Melsetter-Distrikte — 1896 . . . .	183
„ 8.	Afstand en Pad van Moodie-Trek vanaf Fort Victoria na Waterval en Gazaland . . . . .	184
„ 9.	Alfabetiese naamlys van Trekkers en gesinne	184
„ 10.	Die Melsetter - Voortrekker - monumentkomitee, 1939 . . . . .	189
„ 11.	Bronne en Persone Geraadpleeg . . . . .	190

## VOORWOORD

**M**ET die uitgee van hierdie gedenkuitgawe in verband met die onthulling van die Melsetter-Voortrekkermonument, word 'n hoofstuk van die geskiedenis van Suid-Rhodesië geskrywe wat, hoop ons, vir die leser, en veral vir die nog lewende pioniers van die distrik en hul afstammeling, interessant en van belang sal wees.

Eweas die monument self, moet dit dien om die Voortrekkers van Gazaland in gedagtenis te hou en die geskiedenis van die distrik vir die nageslag en ander bewoners van die distrik te bewaar; en dis veral vir die jong geslag dat die gedenkuitgawe geskrywe is in die hoop dat hulle 'n lewendige belangstelling sal toon in die geskiedenis van hul voorouers en distrik.

Die inhoud van die boekie sal miskien baie minder spannend en skouspelagtig wees as b.v. die geskiedenis van die Groot Trek, waaraan dit onwillekeurig laat dink. Dit is 'n verhaal van eenvoudige mense en daede, maar dié feit neem niks weg van die waarde daarvan nie, want vir die inwoner van hierdie distrik sal dit SY EIE geskiedenis bly, wat altyd vir hom interessant sal wees. En wie mag die dag van klein dinge verag?

'n Besondere woord van dank kom toe aan mnr. S. P. Olivier, die samesteller van hierdie werk, wat sy dienste so gewilliglik vir die taak aangebied het en baie arbeid daaraan bestee het om dit tot suksesvolle voltooiing te bring.

(w.g.) O. S. A. ROBERTSON,  
Voorsitter van die Monumentkomitee.

MELSETTER,  
Oktober 1942.



die persoonlikhede van die trekkers nie, hetsy Engels, hetsy Afrikaans.

Die geskiedenis van die trekke self waaraan albei partye so vriendskaplik meegewerk het, is so objektief moontlik behandel, maar miskien sal die relaas daarvan, begryplicherwyse, meer inhou vir die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking.

Almal betreur die feit dat daar nie twintig of vyftien jaar gelede 'n begin mee gemaak is om die lotgevalle van hierdie mense op te teken nie. Vandag leef feitlik nog net die kinders, en wat aan hulle oorvertel is, kan nie altyd gestaaf word nie.

Daar lewe nog 'n paar van die oorspronklike trekkers. 'n Woordjie van dank dan in die eerste plaas aan hulle. Soms moes hulle lank luister na vitterige en dikwels herhaalde ondervraery, maar altyd het hulle dit met geduld beantwoord. Dit het somtyds 'n lang tyd vereis om 'n paar feite in die hande te kry; want die beeld van vyftig jaar gelede word nie somaar in 'n paar uur, of selfs in 'n paar dae, helder voor die gees geroep nie. Hier en daar was dit 'n brokkie, totdat die ou gees weer wakker geskud is en die lig van soveel jare gelede weer in die oë begin opflikker het. Dan is dit nie meer nodig om te vra nie, want jy is 'n vreemdeling in 'n wêreld wat meer na skyn as werklikheid vir jou lyk. Stadig ontvou daar een voorvalletjie na die ander hom in die eenvoudige verhaal, vol van die gloed van herwonne ondervinding. Dan twyfel jy nie meer hoe hierdie oubaas 'n leier kon gewees het nie, en waar hy die deursttingsvermoë vandaan gekry het nie. Daar is geen valse of grootse omhulsel van bomenslike vernuf en heldhaftigheid nie; nee, „net die storie van die gewone mense met tekortkominge en foute en ambisies; maar daardeur vloei die warmte van 'n romanse so fantasties as wat dit reël is.”<sup>2)</sup>

Verder dank ons die kinders wat gehelp het om die antwoorde op vrae neer te skryf, waar die oë van die vaders en moeders al swak geword het. Dan ook die Voortrekkermonumentkomitee van Melsetter vir die eer ons aangedoen om die werkie aan ons op te dra. Die lede was almal behulpsaam, maar veral mnr. Andries Kok het geen moeite te groot geag om te help om meer informasie in te samel, of om praktiese hulp in die vorm van vervoermiddels beskikbaar te stel en saam te ry oor lang afstande in die hoop om „iets” te kry nie. Ook mej. Rosa Kok, wat vir baie van die korrespondensie verantwoordelik was. Verder dank ons al die persone vir wie ons kon raadpleeg en wie se name agter in die boek aangegee word; „Die Huisgenoot” vir toestemming om stukke uit die Steyn-trek en die

<sup>2)</sup> Sien D. M. Stanley: *The Rhodesia Herald Pioneer Number*, p. 53, 55.

Moodie-trek oor te neem, Die Departement van Lande en die Argivaris op Salisbury vir gegewens, kaarte, ens.

Dit was vir ons 'n plesier om die werk te doen. Dat die nasate van die Pioniers na Gazaland die baie gebreke sal aanvul, is die stille hoop van

DIE SKRYWER.

## CHRONOLOGIESE OORSIG

- 1505: Besetting van Sofala, 'n Arabiese handelstasie, deur Vasco da Gama — stigting van eerste Portugese Fort — kontak met die Makaranga, vernaamste inboorlingstam hier.
- 1561: Goncola da Silveira: Eerste Sendeling en Christenmartelaar.
- 1571: Ekspedisie onder Francesco Barreto na die Monomotapagoudvelde.
- 1629: Keiser van Monomotapa staan deel van sy gebied tussen Limpopo en Zambesi aan Portugese af.
- 1817 Mzilikazi van die Kumalo-Zoeloes vlug vir Chaka na Bulawayo.
- 1825: Abagaza-stam ontwikkel en beweeg na landstreek wat sy naam kry: Gazaland.
- 1832: Zoeloes onder Nxaba beleër „Massi-Kessi” — Goudkoeëls.
- 1833: Abagaza dryf Portugese na eiland Shefina en vermoor hulle.
- 1834-'38: Die Groot Trek.
- 1834: Soshangane vermoor kaptein Ribero en al sy manne te Inhambane.
- 1836: Sakana, onderhorige van Soshangane, moor Nicolaas van Rensburg se trek met nege waens uit by Pafuri-rivier.
- 1838: Dingaen verslaan.
- 1847-'54: Portugese maak kennis met Boere van die Zoutpansberg: Trichardt en Potgieter.
- 1853: Rhodes, Jameson (in Engeland) en Beit (in Duitsland) gebore.
- 1855: Livingstone bereik Victoria-Val.
- 1856: Soshangane dood: Sy liggaam teruggedra na die Lebomboberg te Etsjanenie in Zoeloeland, waar die Gazastam hul oorsprong had.
- 1861: Mzila (Umsila) heers oor Gazaland — Sabi tot Zambesi.
- 1871: Rhodes in Afrika.
- 1888: Rudd-Concession (minerale regte aan Rhodes-Rudd afgestaan).

- 1889: Oktrooi aan die Brits-Suid-Afrikaanse Maatskappy verleen  
(B.S.A. Co.)
- 1890: 12 Sept.: Pionierskorps kom te Salisbury aan.  
14 Sept.: Colquhoun se Traktaat met Mtasa.  
15 Nov.: Rezende-affêre.  
Ngungunyana heers oor Gazaland.  
Dunbar Moodie besoek Ngungunyana.
- 1891: Febr.: Traktaat met Ngungunyana gesluit.  
12 Junie: Verdrag waardeur Portugal deel van Gazaland  
verloor.
- 1892: 21 Jan.: Eerste „Land Settlement Scheme” aangekondig.  
27 April: Beira-Spoorwegmaatskappy in die lewe geroep.  
5 Mei: Moodie-trek begin.  
10 Okt.: 75 myl spoorweg van Beira-Salisbury.
- 1893: 3 Jan.: Moodie-trek bereik Waterval.  
Julie: Moeilikheid met Matabeles en Lobengula.  
30 Aug: Moolman-Webster-trek te Melsetter.
- 1894: Du Plessis-, Edenburg-, Mynhardt-, Utrecht- en Martin-  
trekke.  
Dood van Thomas Moodie.
- 1895: Kruger-, Bekker-, Du Plessis-, Steyn-, Henry-trekke.  
Die land word genoem „Rhodesië”.  
Runderpes.
- 1896: Mashona- en Matabele-opstande.
- 1897: Signor Vigliani gee uitspraak i.v.m. geskille oor Gazaland.  
Dood van Dunbar Moodie.
- 1899: Beira-Salisbury-Spoorweg geopen.
- 1901: Ooskuskoors.
- 1902: Rhodes oorlede.

## Hoofstuk 1

### VROEE GESKIEDENIS VAN GAZALAND

IN die jaar 1486 het 'n sekere Pedro da Covilham 'n soektog op tou gesit na 'n misterieuse Afrikaanse aartspriester, Johannes, en ook daarin geslaag om met sy volgelinge, die Johannas, in aanraking te kom; dit was die eerste bekende Europeaan wat hierdie deel van Midde-Afrika besoek het.

Vasco da Gama neem in 1498 en 1505 besit van Lourenço Marques en Sofala onderskeidelik aan die ooskus van Afrika; dit was handelstasies van die Arabiere, wat 'n flinke handel met die inboorlinge langs die kus gedryf het. Aldus is die eerste Europese nedersetting deur die Portugese in Afrika bewerkstellig. Die jare daarop het hulle hul ekspedisies voortgesit onder Francisco d'Almeida, Pedro d'Anhaya en Tristan da Cunha, sodat hulle teen 1520 die hele oostelike kusstreek van Gordafui in die Noorde tot Lourenço Marques in die Suide in besit gehad het.

Veertig jaar later onderneem die eerste Christen-sendeling, Gonzalvo da Silveira, 'n ekspedisie na Monomotapa — 'n woord wat betrekking het op 'n uitgebreide koninkryk en sy „Keiser” in die binneland van Afrika, wat 'n groot deel van die gebied tussen die Limpopo en die Zambesi ingesluit het. Hy was dan ook die eerste Christen-martelaar wat in hierdie deel van Afrika om die lewe gebring is.

Twee ander noemenswaardige ekspedisies in daardie jare was een onder Francisco Barreto, wat die Zambesi opgevaar het tot by Sena en vandaar in die rigting van die Mazoe gereis het met die doel om die myne in die Monomotapa, of Kalangaland, in besit te probeer neem. Vasco Fernandes Homem het selfs Manika bereik en inboorlinge daar aan die werk gesien. 'n Aantal handelstasies en 'n ry forte wat gestrek het van Tete tot by Tati aan die Limpopo, is in die 16de en 17de eeu opgerig en moontlik gemaak deur 'n traktaat wat in 1629 deur die Portugese goewerneur van Mosambiek, Dom Nuno Alvarez Pereira, met die „keiser” van Monomotapa gesluit is. 'n Groot deel van hierdie „ryk” is aan die Portugese afgestaan en 'n voordelige handel in stofgoud is gedryf.

Maar die Portugese het as 'n Europese moondheid al swakker geword, terwyl die teenoorgestelde die geval was met Engeland en Duitsland. Die grootste moeilikheid sou egter in

die eerste plaas nie uit mededinging met hierdie moondhede spruit nie, hoewel hulle die Portugese gedwing het om 'n groter belangstelling in dié landstreek te toon. Dit het noodsaaklik geword dat 'n soort grens bepaal moes word en toe hulle daarom gevra is, het die Portugese gesê dat hul gebied van breedtegraad 11 tot 27 strek en dat dit insluit die Nyassameer, die Zambesibekken, Matabeleland en Mashonaland. Van Mosambiek tot by Angola was alles Portugese gebied, het hulle verklaar.

Wat vir die Europeane moontlik iets kon beteken het, was egter vir die inboorling van nul en gener waarde. Dit was dan ook deur hulle dat die meeste moeilikheid begin is. Tussen die jare 1822 en 1830 het Zoeloe-leiers die hele landstreek van Delagoabaai tot aan die Zambesi regeer. Die oorspronklike stamhoof was ene Gaza, na wie die landstreek vernoem is. Hy het met sy stam, die Abagaza, in die rigting van Delagoabaai getrek en gedurig versterking ontvang van die kant van ander vlugtende en verdrewe Zoeloes. Hierdie versterkings van die Abenzánsi („die onderstes”) van dieselfde oorspronklike stam, het die naam van „Zoeloe” heeltemaal verloor en eers die naam van Abenguni en later die algemene naam van hul oorspronklike leier Aba-kwa-Gaza (of Abagaza) — die mense van Gaza — aangeneem. Ná Gaza word Zikode, sy seun, leier en toe Soshangane. Laasgenoemde se mense is mettertyd die Amashangane — die Shangaans van vandag — genoem.<sup>3)</sup>

Bedreig deur Chaka in die Suide het Soshangane verder noordwaarts getrek, tot aan die noordelike Sabi. So ver as wat hy gegaan het, moes die Mashonas die knie vir hom buig, maar hy is in die Weste bedreig deur 'n ander imperialis, Silkaats, wat hom naby Bulawayo gevestig het. 'n Ander Zoeloe-hoof, Songendaba, het hom egter ook na hierdie dele van die land begeef; en nadat Soshangane drie dae met hom slaags was in 'n geveg, besluit hy om verder ooswaarts te trek, langs die Sabi af tot op die hooglande van Midde-Sabi. Dit was egter reeds die eiendom van 'n ander Zoeloe-stroper, Nxaba. Soshangane het hom egter onverhoeds oorval en hom ook weswaarts in die rigting van Manikaland gejaag.

Dié daad was die begin van die smarte vir die Portugese. Op sy vlugtog beleër Nxaba eers (1832) die Portugese stasie by Massi-Kessi (Masekessie of Macequece). Die blankes het dapper weerstand probeer bied, dog die lood om koeëls te giet het opgeraak. Al wat oorgebly het, was om koeëls van goud te giet. Dit het hulle ook gedoen en die Zoeloes met goudkoeëls bestook. Hierdie spandabelrige manier van oorlogvoer sou seker suksesvol geëindig het, maar toe raak hul buskruit op.

<sup>3)</sup> Sien Dr. G. Preller: *Die Grobler Moord II*, Hoofstuk XXVIII.

Die Zoeloes het ingestorm en die laaste een, van bevelvoerder tot priester en non, vermoor. (Grobler Moord II, p. 141.)

Na die see se kant was Soshangane nou alleenheerser en nadat hy die swakker inboorlingstammetjies van die Makalaka opgeruim het, het hy ook hier sy kragte met die Portugese gemeet. Op 22 Oktober 1833 verskyn hy in Delgaobaai by Espirito Santo om 'n fort op die eiland tussen die takke van die mond van die rivier te beleër. Die Portugese het eers die brugge opgehaal en die poorte gesluit en is daarna vyf dae lank beleër. Toe het die leier, 'n sekere Dionysio Antonio Ribero, bevel gegee om in die nag in skuite na Sjefina, 'n ander eiland nie ver daarvandaan nie, te ontvlug. Ongelukkig het die Abagaza hulle na die eiland agtervolg (nadat hulle die fort gesloop het), hulle teruggebring land-toe en almal vermoor. Soshangane se gruweldade is ook kort hierna teen die Boere voortgesit. 'n Tonga-onderhorige van hom, Sakana, het naby die Pafuri-rivier die trek van Nicolaas van Rensburg, reisgenoot van Louis Trichardt, aangeval en die 48 manne, vroue en kinders vermoor.<sup>4)</sup>

Nadat Soshangane (of Manikoeza of Manekoos soos die Portugese en Boere hom genoem het) in 1856 dood is, het daar rusie onder die twee opvolgers, Mawewa en Mzila (Umzila), ontstaan. Die Portugese, wat weer forte begin bou het, ook by Espirito Santo en Massi-Kessi was nog banger vir Mawewa as vir sy voorgangers en het Mzila dus in so 'n mate met gewere en ammunisie ondersteun dat Mawewa in 1862 moes padgee.

Mzila het nou die gebied vanaf die Sabi by Delagoabaai tot by die Zambesi in die Noorde as sy eiendom beskou en het sy hoofstad by die Busi-rivier, omtrent 50 myl oos van Zimbabwe gehad; hiervandaan het hy en sy Gaza-impies hul jaarlikse skatting gehef op die ander stamme.

Onverskrokke het die Portugese nog steeds ekspedisies na die binneland (Manikaland) onderneem en, net soos die Engelse in die weste, traktate met die inboorlinge gesluit. So was daar o.a. Paiva d'Andrade, Cardoso, Longle, Sarmento, Castilho Xavier en die halfbloed kaptein of capitão, Manoel de Souza. Hulle het handelstasies opgerig, die Portugese vlag oral gehys en die opperhoofde verhef tot sersant-majoor van die Portugese leër! In 1884 proklameer hulle Manikaland as hul eiendom, bepaal die Mazoerivier as die westelike grens en herstel Massi-Kessi, waar die goewerneur, D'Andrade, vir Jaoa de Rezende as Portugese bevelvoerder aanstel. Nadat hulle twee ander opperhoofde hier gehad het, Woembe en Mtasa, was hulle egter genoodsaak om Mzila ook as hoof van Manikaland te erken. Hy sou dan onder die Portugese vlag staan. Mzila word

<sup>4)</sup> Idem, p. 115 en v.

opgevolg deur Ngungunyana (Ngoengoenyana of Gungunyana) in Gazaland, en hy het sterk teen enige eksplorasie in hierdie gebied gewaak. Maar oor Manikaland het hy hulle gesag gegee. Hier het die Portugese toe vir Mtasa herstel en hom tot sersant-majoor benoem by geleentheid van die vlaghysing by sy kraal. D'Andrade het alreeds 'n konsessie gekry om goud in Manikaland te bewerk en aan hom is hulp van die inboorlinge belowe. Hy was dan ook administrateur van die verskillende goudmaatskappye wat in 1888 oorgegaan het tot die „Companhia de Mozambique”.

Dit was toe Ngungunyana opperhoof was oor Gazaland dat die Boere met hul trekke die land binnegekom het, en dat die Engelse 'n lewende belang begin stel het in hierdie deel van die land. Livingstone, Thomas Moffat en Mackenzie het reeds hul voorposte by Inyati en Bulawayo gehad.

## *Hoofstuk 2*

### WRYWING EN BOTSING

**G**EDURENDE die jare 1880—1890 het 'n algemene uitbreidingskoers homself meester van die meeste Europese moondhede gemaak. Die jaar 1890 kenmerk dan ook die doelbewuste besetting van Rhodesië as sodanig deur die Britse Pionierkolonne te Salisbury (12 September). Die Geöktrooieerde Maatskappy (Chartered Company) wou hom natuurlik goed konsolideeer en moontlike kanse vir uitbreiding ondersoek, en so het Gazaland (wat eintlik gestrek het van die Sabi tot aan die Limpopo, en verward geraak het in die opinies van latere heersers van die gebied) ook in die gedrang gekom. Konsessies is erken en ontken deur alle partye en dis te verstane dat die Boere ook nie die sluiting van konsessies sou agterweë laat nie.

In die begin van 1890 het twee Boere-ekspedisies hul voorberei om „Rhodesië” 'n besoek te bring. Die eerste was na die Mashonaland-gebied. Louis Adendorff, die leier van hierdie tog, verkry dan ook 'n maand voor die okkupasie 'n konsessie van die opperhoofde van Mashonaland, Sebasja en Mozobe, waardeur aan Adendorff, veldkornet Du Preez, De Meyer en Brummer (en hul nageslagte, opvolgers, ens.) die gebied afgestaan word wat strek van waar die land in die Suide en die Noordweste die Zambesi raak, met die noordwesgrens van Transvaal tot aan die Limpopo, met 'n breedte van 266 myl. Dit sou dan wees die „Republiek van Banjailand”. Maar konsessies is nog nie okkupasie nie, en terwyl genoemde here nog besig was om hul

kolonne op die been te bring, het die Geöktrooide Maatskappy reeds die gebied beset. Daar het dus niks van hierdie droom-republiek gekom nie. Hier kan nog net gemeld word dat kragtens 'n ooreenkoms tussen die Mashona-opperhoof Sjibe en generaal A. H. Potgieter in 1847 dit toe al 'n bekende jaggebied van die Boere was.<sup>5)</sup>

Vroeg in 1890 maak 'n ander geselskap, bestaande uit Willem Grobler, Hermanus Bodenstein, Jerrie Adendorff en Piet Maré, hulle gereed om die opperhoof van Gazaland, Ngungunyana, 'n besoek te bring om ook met hom 'n dergelyke konsessie te bespreek. Op die tog langs die Lebomboberg na die kustreek is die meeste perde dood en net Maré en Adendorff het verder gegaan, eersgenoemde 23 dae te voet en Adendorff met 'n esel. Eindelik het hulle in Junie 1890 by die hoofstad van die Gaza-opperhoof, by die Soeliemeertjie, aangekom. Die Portugese het egter in Pretoria van hul plan gehoor, en toe die twee daar kom, sien hulle die Portugese vlag oor die dorp wapper en is hulle begroet deur generaal D'Almeida en luitenant Repozo, met 'n mag van driehonderd Portugese soldate op 'n afstand. Die Portugese het hul reg op die gebied gegrond op 'n ooreenkoms met Mzila op 2 Desember 1861, waardeur ooreengekom is dat hy 'n onderdanige hoof van die Portugese kroon sou bly en al die bevele van die regering van Lourenço Marques sou gehoorsaam; en verder ook op 'n ooreenkoms wat met sy huidige opvolger, Ngungunyana, aangegaan en op 15 Oktober 1885 te Lissabon uitgereik is, waardeur die hoof trou gesweer het aan die Koning van Portugal en onderneem het om alle ander aansprake en seggenskap te verwerp. Maré is tog toegelaat om onder toesig van die Generaal met Ngungunyana te praat, sodat sy reis nie heeltemal vrugteloos sou wees nie.

D'Almeida het hulle aangeraai om na die Goewerneur van Mozambiek te Lourenço Marques te gaan om onderhandelinge te bespreek. Maré is ook toe daarheen, terwyl Adendorff terug is na die waens toe, waar hy Bodenstein sterwend aangetref het.

Dit was die begin en die einde van hierdie onderneming. Maré het die onderhandelingsmoontlikhede nou met agterdog bejeën, en was glad nie te gerus toe hy in Lourenço Marques aankom nie. Hy het gedink dat alles nie pluis was nie, het die uitnodiging na die eetmaal by die Goewerneur van die hand gewys en teruggegaan na sy distrik in die Zoutpansberg.

As daar nie soveel politieke tweedrag in die Transvaal self was nie, is dit moontlik dat hierdie ekspedisies met sukses bekroon kon gewees het. Maar president Kruger wou hom nie in sake noord van die Limpopo inmeng nie en het al sy steun onttrek.

<sup>5)</sup> Idem, p. 147.

Maar vir die Portugese was dit nog nie die einde nie. Die Geöktrooide Maatskappy het besef dat 'n korridor uit Mashonaland na die see baie noodsaaklik is. Die enigste pad was deur Manikaland, waar Mtasa geheerees het; dan deur Gazaland, waar Ngungunyana die septer geswaai het, en . . . nou wel, dan was hulle al darem naby die see. Jameson het sy broer laat verstaan dat as hulle met Ngungunyana klaar was, die Portugese nie baie grond sou hê om op te staan nie.

Drie dae-nadat die Pionierkorps in Salisbury aangeland het, sluit die administrateur, Colquhoun, dus al 'n traktaat met Mtasa van Manikaland, en 'n wa met 'n sekere Morris en Human is vooruit. Ongeveer 'n maand tevore, op 20 Augustus 1890, is egter 'n ooreenkoms getref tussen Engeland en Portugal wat vir die eerste maal die Portugese grenslyn in Afrika vasstel, en wel op 33 oosterlengtegraad. Dit sou beteken dat feitlik die hele Manikaland en Gazaland in Portugese gebied val. Van hierdie ooreenkoms het die betrokke partye hier nie geweet nie. Kort hierna het majoor Forbes hierdie ooreenkoms met Mtasa nog verder bekragtig deur die vlieë in die apteker se salf, Sy Eksellensie kolonel Paiva d'Andrade en kaptein De Souza, in hegtenis te neem en Mtasa so sonder gevaar onder Britse beskerming te plaas. Op 2 Februarie 1891, nadat die eerste Trekke uit die Unie alreeds oorweeg was, is Jameson van Ngungunyana weg met 'n traktaat waardeur Ngungunyana hom onder Britse beskerming stel en 'n konsessie aan Jameson verleen oor sy hele land van die Limpopo tot aan die Zambesi, met inbegrip van Manikaland.

Verdere interessante verwickelings, wat egter nie by hierdie bespreking tuishoort nie, het die botsing tussen Engelse en Portugese belange alhier tot so 'n hoogtepunt gevoer dat dit byna tot 'n oorlogsverklaring in Europa tussen hierdie twee moondhede gelei het. Op 11 Junie 1891 is egter 'n ander verdrag opgestel wat die Engelse hoop op 'n seeroete na die kus in duie laat stort het en waardeur slegs verskeie regte oor die Zambesi en die Pungwe aan hulle afgestaan is; maar die Portugese moes ook tevrede wees met minder gunstige voorwaardes as dié in die oorspronklike konvensie. Vir hulle het dit beteken die verlies van die distrikte Melsetter en Umtali en die suidelike helfte van die distrik Makoni.

Dit was veral na hierdie oostelike distrikte waarheen die eerste trêkke gemik het, en dit was dan ook met die Mosambiekmaatskappy van D'Andrade met wie die eerste trekkers gemeen het hulle moes onderhandel, omdat hulle onder die indruk was dat dié deel van die land nog steeds aan die Portugese behoort het. Laasgenoemde het verder 'n baie aanloklike skema van grondbesit gehad. Hiervolgens is streke of plaas (prazos) aan

individuele persone gegee wat teen 'n bepaalde bydrae tot die staatskas geregtig was om belastings van die inboorlinge in die omtrek af te pers. De Souza was juis een van die magtigste van hierdie grondeienaars. Hierdie kroongrondsisteem (Prazos de Coroa) was seker ook die aansporing van minstens een trek om met die „Mosambique Company” te onderhandel om in dié dele van Gazaland rondom Melsetter en Chipinga te kom boer.

### *Hoofstuk 3*

#### DIE MOODIE-TREK (1892)

##### *Die Van der Byl-trek.*


**D**IE trekke na Gazaland word almal beskou as landboutrekke, en daarom dien melding gemaak te word van die trek wat onder 'n sekere mnr. Van der Byl in 1891 van die Suide af begin het en uit 25 jong Kolonialers bestaan het. Daar was geen vroue by hierdie trek nie en daarom was dit ook nie so suksesvol nie. Rhodes het hulle by Fort Charter ontmoet en hul heel waarskynlik aangeraai om op grond tussen Umtali en Salisbury, in plaas van aan die oostekant van Umtali, 'n nedersetting te begin — moontlik omdat hy toe nog nie seker was van die juiste grenslyn tussen sy gebied en die Portugese gebied nie.

Hulle bloed sou dan ook die eerste wees wat betaal moes word vir die lesse aan die Mashona geleer. Hulle het 'n nedersetting begin, die „Laurencedale Settlement,” maar nie lank daarna nie is mnr. Van der Byl by M'Gopos dood (1892). Nadat die ander verskeie koorsaanvalle gehad het, en daar die leier nou dood was, het die nedersetting opgebreek. Later het dit in die dorpie Rusapi ontwikkel.

##### *Die Moodie-trek.*

Die Moodie-trek was die eerste georganiseerde poging om 'n blanke nedersetting uit die Suide in Gazaland te stig. Dit is aangepak as 'n eksperiment, nie as 'n avontuur nie, en daarom moet die prys wat hulle en die mense ná hulle betaal het, uit 'n heeltal ander oogpunt beoordeel word as dié van hul voorgangers na Mashonaland, of dié van grootwildjagters in hierdie gebiede.

Hierdie Trek, en inderdaad ook die ander groter trekke na Gazaland, het hul oorsprong direk en indirek te danke aan die ywer en inisiatief van George Benjamin Dunbar Moodie. Hy is



*Dunbar Moodie, die man  
in wie die Gazaland-trekke  
hul oorsprong gehad het.*

op 8 Julie 1861 in Natal gebore, maar het reeds in 1890 in hierdie land bestuurder geword van 'n mynwerkery aan die voet van die Penhalongaberg, op die Bartisolrif. Hy was 'n man met wye kennis van jag, boerdery en mynwerkery, en het dus op betreklike jong leeftyd al vir hom naam gemaak hier in die Noorde. Die verspieders van die B.S.A. Co. na die oostelike distrikte, net nadat die Pionierkolonne in Salisbury ontbind is, het by hom draers gekry. Hy het ook die Sabi-Ofir-sindikaat verteenwoordig toe D'Andrade al die verteenwoordigers van buitelandse sindikate na M'tasa se kraal laat kom het om die belange van hierdie Portugese gebied te bespreek, en waar hy (D'Andrade) toe deur Forbes gevangeneem is.

Dunbar Moodie was dus goed bekend met die land. Gedurende die maande September-Desember 1890 het hy 'n sekere mnr. Doyle vergesel op sy eerste reis na die Ooste. In Januarie 1891 is hy weer deur dr. Jameson versoek om hom en Doyle van Manika na Ngungunyane te vergesel om oor Gazaland te gaan onderhandel. Dr. Jameson het melding gemaak van sy „kennis van die land”. Hierdie „droomland” van die verspieders het werklikheid geword toe hulle 'n traktaat met Ngungunyana kon sluit; en toe in 1892 twee van sy indoenas onder 'n verteenwoordiger van die B.S.A. Co. voor Haar Majesteit Koningin Victoria kon verskyn en trou aan haar sweer, het Moodie gevoel dat hy 'n goeie werk voltooi het. Besitreg beteken okkupasie, en Rhodes het dan ook vir Jameson aangemoedig om dié deel van die land dadelik bevolk te kry, as 'n teenwig teen die indringerige Portugese Kaffers aan die een kant en die Boere aan die ander kant.

As beloning vir hierdie getroue dienste van Dunbar Moodie, wat nou sy betrekking in die Sabi-Ofir-sindikaat verloor het, is deur Jameson aan hom 'n strook land tienduuisend morg groot, of sewe plase van drieduuisend acres elk, beloof. Geen dokumente is gegee nie; maar in Oktober 1891 het Moodie vir Rhodes en Jameson in Mashonaland ontmoet, waar weer 'n mondelinge ooreenkoms getref is dat hy £17 10s. per jaar sou betaal vir die sewe plase. Rhodes het ingestem, ook wat betref die plek waar hy die plase wou hê. Hy het toe 'n ruwe skets van die plase

gemaak en daarna slote op die hoeke en kant as bakens gegrawe, ook klipbakens gebou en pale uitgesoek waaraan hy vlae en bordjies gespyker het, om sodoende die plek, grootte, ens., aan te dui, sodat ander wat ná hom mag kom, nie 'n fout kon maak nie.

Hy het onmiddellik drie Kaapse kleurlinge gekry om hutte te bou, 'n oog oor die land te hou, vir die landmeter sy bakens te wys en toe te sien dat alles in orde bly. Hy het 'n groot kaart van die land geteken wat die bakens, riviere, koppies, Kafferkrake, ens., aangedui het; dié het hy na die Landmeter-generaal se kantoor op Salisbury gestuur. 'n Voorwaarde vir die besit van hierdie grond was „onmiddellike voordelige okkupasie” (“immediate beneficial occupation”).

Dunbar Moodie het vervolgens aan Rhodes sy begeerte te kenne gegee om 'n honderd boere die land in te bring. Hy was seker hy kon dit doen, want hy het baie mense in die Vrystaat geken wat op sy aanbeveling sou gaan. Rhodes het weer ingestem en hom versoek om hom in Kaapstad te kom spreek en dan die name van aansoekers om plase aan hom voor te lê. Dit het hy gedoen en baie tyd en onkoste bestee (hy was indertyd in Bredasdorp) om die trek te organiseer. Dit het natuurlik veel tyd in beslag geneem, sodat dit gelyk het asof sy reg op die plase sou verval. Maar hy het getoon dat hy die dienste van die „Sabi Ophir and Ophir Concession Company” verlaat het om in die diens van die B.S.A.-maatskappy te tree. Hy het uitstel gevra om hom in staat te stel om sy skema uit te voer, „which, I may venture to state, will be most beneficial to both the Country and the Company if successfully carried through, as it, no doubt, will be.” Hy vra ook: „and in other ways to raise such funds as are necessary to enable me to commence farming on thorough, systematic principles. As I have always taken the keenest interest in the country, and continue to do so, I beg that your Honourable Company take into consideration my requests, and grant me such support as will enable me to execute my 'trek' scheme in a thorough and efficient manner.”

Rhodes het toe herhaal dat ten aansien van die dienste van Dunbar Moodie hulle hom 21,000 acres teen 'n jaarlikse erfpag van £17 10s. kon laat kry en ook beskerming tot tyd en wyl hy sy reëlins vir die trek klaar had.

Dunbar Moodie is toe na Bethlehem, in die Vrystaat, na sy oom Thomas Moodie, wat 'n graanboer daar was, en het met hom die saak bespreek. Thomas Moodie, seun van James Moodie en Sarah van Zyl, was die elfde verteenwoordiger van die Melsetterstamboom. Hy is gebore te Grootvaders Bosch, distrik Swellendam, op 29 November 1839, en het op 24 Augustus 1863 te Smithfield in die huwelik getree met Cecilia Jacomina Robbertze

(Roberts?) gebore te Somerset-Oos op 20 Junie 1842. Sy grootouers het op hul landgoed Melsetter (*Melster* of *Malster* uitgespreek) in Skotland gewoon, waar moeilike natuuumstandighede hulle hard leer werk het. Toe hulle dus na Suid-Afrika verhuis en hulle later in die Oranje-Vrystaat, in die streek Fouriesburg-Bethlehem gevestig het, het hulle geweet hoe om die beste uit die grond te haal. Tydens die trek-besprekings het hy egter nie veel besit nie. Hy was 'n vurige resiesman en Dunbar was op 'n keer in sy diens.

„Dit is die mooiste land wat ek nog gesien het,” het Dunbar hom vertel. Tom Moodie het dus dadelik die mense begin pols, en algemene instemming is oral betoon. Sy droom was dan ook om 'n nuwe Melsetter in Suid-Afrika te stig, en om homself en ander te rehabiliteer. In hoever hy daarin geslaag het, sal blyk uit die volgende bladsye.

Een van sy getrouste aanhangers, en die enigste van die oorspronklike trek wat vandag nog op sy eerste plaas, „Clearwater,” woon, is oom Ernst du Plessis.<sup>6)</sup> Hy het 'n vername rol gespeel in die trek en veel van wat hier volg, is deur hom meegedeel. Ernst Lodiwikus du Plessis is in Tulbagh gebore in 1863, en het as saai-boer saam met sy ouers na Bethlehem-Fouriesburg gegaan. Hierdie plaas was egter nie klaar betaal nie, en hy het vanaf sy vyftiende jaar transport gery. Hy was 'n onverskrokke jongkêrel en ry in 1891 transport na Fort Tuli in Mashonaland. Hul plaas was naby dié van Tom Moodie in Fouriesburg, en voor hy op een van sy togte noordwaarts van die huis af weg is, het mnr. Moodie hom iets vertel van wat hy omtrent hierdie land gehoor het en hom aangeraai om te „ry net waar die verste is”! Sy ondervinding as transportryer en al die teleurstellings aan sy togte verbonde, het hom uitmuntend toegerus om saam met mnr. Moodie hierdie lang tog te onderneem. Oom Ernst het nog 'n regop gestalte en daar kom 'n glinstering in sy oë as hy vertel van hierdie trek, „een van die grootste voorregte wat ek gehad het.”

Op 6 Januarie 1892 is die eerste vergadering in verband met die trek te Kafferskraal gehou, en mnr. Thomas Moodie is as leier gekies.

„Toe ek weer op Bethlehem terugkom” — dis oom Ernst wat praat — „het die Moodie-trek net begin klaarmaak. Dunbar het ons meegedeel dat plase van 1500 morg beskikbaar was. Ons het egter almal gevoel dat hierdie plase vir ons as veeboere te klein was en het saamgespan om Tom Moodie se reiskaartjie Kaap-toe te betaal om Rhodes te gaan spreek in verband met hierdie saak. Hy het met hom ooreengekom om die plase elk

<sup>6)</sup> Oorlede sedert die skryf van hierdie boek.

3000 morg te maak; Tom Moodie sou twee kry en elk van sy agt seuns een. Verskeie publieke vergaderings is gehou om die trek te bespreek en almal het natuurlik verskillende opinies daarop nagehou. Maar daaraan het ons ons nie gesteur nie.

„Tom Moodie? Hoe 'n soort man, vra jy? Tom Moodie was 'n goedgeleerde man en ewe goedgeaard. Hy was 'n resiesjaar soos min, baie lief vir perde, 'n populêre skaap- en bokboer, 'n mynwerker en spekulant. Ons het omtrent sewe jaar bymekaar gewoon en ek kan niks as goeds van hom sê nie. Hy was 'n eersteklas kêrel, maar sou nie toelaat dat 'n ander op sy kop trap nie. Groot en fris, kon hy enige gevaar trotseer. Daar is 'n soort mens wat by 'n berg kom en wil omdraai; daar is 'n ander soort wat 'n ompad wil soek; nog 'n ander soort wil eers graag bo wees om 'n uitsig te kry oor die land voor hulle iets besluit — Tom Moodie was nie één hiervan nie. As hy voor 'n berg te staan gekom het, moes hy daar uit: en hy was ook nie van die klas mens wat al moeg was voor hy begin het nie. Sy huistaal was Afrikaans. Sy jarelange optrede as vrederegter in die Vrystaat het hom alombemind gemaak; almal was tevrede om saam met hom te trek, hoewel almal ewe onkundig was oor wat voorlê. Al waarvoor ons bang was, was die Sabi en die berge duskant Gazaland.”

Op 26 Januarie 1892 het Rhodes 'n deputasie van die Vrystaat te woord gestaan. Voorstelle vir 'n trek is bespreek en 'n telegram waarin die reëlings uiteengesit is, is aan die Administrateur van Mashonaland gestuur: Thomas Moodie sou die leier wees en hy sou reëlings tref vir 'n trek van honderd families uit die Vrystaat. Hulle sou akkoord gaan met alle bepalinge, naamlik 'n erfpag van £6 vir 3000 morg, aangesien hulle „dink dat 1500 morg te klein is.”

„Ek moet sê ek dink hulle het gelyk,” gaan die telegram van Rhodes aan Jameson voort. „Toe ek vyftienhonderd morg voorgestel het, het ek gedink dat die land geheel en al 'n landbouland was, maar ek sien dis grootliks vir veeboerdery geskik en vyftienhonderd is te min. Hulle sal 'n uitstekende klas neder-setter wees en sal hulle gesinne bring. Ek mag byvoeg dat mnr. Moodie 'n neef van jou G. B. D. Moodie is. Hulle besef dat dit aan hulle oorgelaat is om te kies waar hulle hul wil gaan vestig, en jy sal hulle laat kies van die land wat nog nie uitgegee is nie as hulle aankom. Verstaan dat hierdie trek *bona fide* is met okkupasie. Hul plan is om die land om Gungunyana se ou kraal te gaan bewoon, by die brongebied van die Busi, wat Moodie jou aangewys het. Dit sal ons goed van pas kom, want soos jy weet, is die land nog heeltemal ongeokkupeerd en as ons dit nie gou beset nie, sal die inboorlinge inkom en dit weer opvul . . . ”<sup>7)</sup>

<sup>7)</sup> Vertaalde telegram 27 Jan. 1892 van Charter, Kaapstad, aan Jameson, Salisbury.

In sy antwoord het Jameson gemeen dat die erfpag £10 behoort te wees (t.w. £5 vir 1500 morg) en dat al die reg op die hout, buiten vir huislike gebruik, ingehou moes word; ook dat hulle om Umzila se ou kraal moes pen. Rhodes het gemeen dat £1 per 1000 acres genoeg erfpag is, maar dat nedersetters hul grond moes koop. Die vasstelling is gelaat in die hande van die Kaapse kantoor. Thomas Moodie is daarop terug na Bethlehem (Mallopposdraai, P.K. Kafferskop). Ná verder ondersoek het hy besef dat daar 'n fonds behoort te wees om die trekkers te help, want baie het skuld gehad, of nie genoeg om mee te trek nie. Hy het aan Rhodes geskryf en gevra dat omtrent £4000 beskikbaar gestel word (£75 per persoon, indien hy kon verklaar dat hy dit werklik nodig had). „Knowing the people, I would be in a position to see that the Company does not suffer by moneys advanced indiscriminately . . .”<sup>8)</sup> dit het egter nie moontlik geblyk nie. Op 8 Maart 1892 berig Moodie dus net dat „through the failure of establishing a fund I am afraid the Trek will not be the success I expected. Still, I will do my best.”<sup>9)</sup>

Op 16 Maart het hy op Kafferskop 'n vergadering belê van voornemende trekkers, en daar is toe deur T. van Niekerk voorgestel en deur J. Fourie geseondeer dat T. Moodie se verslag aangeneem word, en dat laasgenoemde voortgaan met sy korrespondensie met Rhodes om die waarborg van die grondbriewe en beskerming te verseker. Verder het M. Moodie voorgestel en P. Bester geseondeer dat die eerste deel van die trek op 5 Mei te Bethlehem bymekaarkom en die ander op 8 Mei te Lindley, 13 Mei te Kroonstad, 18 Mei te Vaalrivier (Schoemansdrif) en op 25 Mei te Zeerust (Marico). Moodie het 130 aansoekers gehad, maar toe die mense hoor van die trek so skielik in Mei en dat geen ondersteuning aan hulle gegee sou word nie, het baie kop uitgetrek — „men I could ill spare out of the trek . . . men of large influence over the people.”<sup>10)</sup>

Gedurende die jaar 1892 is aansoeke gevra vir die uitgee van grond in die gebied van die B.S.A. Co. Aansoeke kon ingedien word by die maatskappy se kantore in Kaapstad of Salisbury, of by die Paarl-Mashonaland-Kommissie (p/a ds. S. J. du Toit), Paarl. Die voorwaardes, wat aan Moodie ook voorgelê is, (dit was die eerste „Land Settlement Scheme”), was as volg:

1. Die vooruitbetaling van 'n jaarlikse erfpag van £3 per 1500 morg, en 4s. vir elke verdere 100 morg, of deel daarvan; geen plaas groter as 3000 morg nie.

2. Die Maatskappy behou die reg op alle edelgesteentes, minerale en minerale olie, met toegang en uitgang; en verder

<sup>8)</sup> Brief van Thomas Moodie aan C. J. Rhodes, 17 Febr. 1892.

<sup>9)</sup> Brief van Thomas Moodie aan C. J. Rhodes, 8 Maart 1892.

<sup>10)</sup> Brief van Thomas Moodie aan C. J. Rhodes, 17 Maart 1892.

3. die reg om paaie, spoorweë en telegraaflyne oor die land aan te lê, en om materiaal vir hierdie doel sonder vergoeding te neem, tensy waar werklike verbetering in die slag kom, wanneer daarvoor dan op waardering betaal sal word en dit die eienaar sal vrystaan om na 'n arbitrasiehof te gaan, as hy wil;

4. die reg om enige grond vir myn- of publieke doeleindes terug te eis teen betaling van £3 per morg en vergoeding vir hout, water en verbeteringe, wat ook desnoods deur arbitrasie beslis kan word.

5. Betaling van opmetings- en oordragkoste.

6. Die persoon aan wie grond gegee word, moet dit binne 'n tydperk van vyf maande ná datum van kennisgewing dat die land aan hom toegestaan is deur die Administrateur, okkupeer, en dit moet geokkupeerd bly deur hom of deur 'n Europese plaasvervanger wat deur die Maatskappy se verteenwoordiger goedgekeur is.

Hierdie voorwaardes is opgestel vir alle blanke persone in die Suid-Afrikaanse State en Kolonies. Die wet wat gehandhaaf sou moes word, was dieselfde as dié wat destyds in die Kaapkolonie (d.w.s. voor 10 Junie 1891) gegeld het.

Tevrede met hierdie voorwaardes, verlaat Thos. Moodie Bethlehem op 5 Mei met tussen 60 en 70 volwassenes: 37 manspersone, 31 vroue en kinders, drie oumas, 'n babatjie, drie diensbodes, 'n aantal (350?) perde en ander vee. Al die inwoners van die dorp was daar om die eerste en voorste trekkers die beste toe te wens, en onder wilde geklap en gehuil is die trek voort.

Dunbar Moodie het nie saamgereis nie, maar is per boot na Beira, waar hy gehoop het om teen Julie aan te kom. Hy het aan Rhodes sy voorname te kenne gegee en het ook aan Jameson geskryf dat hy na Salisbury kom om sake vir die trekkers te reël. Sy plan was om dan na Fort Victoria te gaan, waar hy die trek sou ontmoet. Hy spreek die hoop uit dat al is daar so min wat die trek begin, hy die volgende jaar die heuwels oortrek sou sien met 'n „hardwerkende en vlytige klas boer.”<sup>11)</sup> Hy stel aan



*Thomas Moodie, eerste leier van die Trekke.*

<sup>11)</sup> Brief van Dunbar Moodie (uit Natal) aan Jameson, Salisbury, 8 Mei 1892

Jameson voor „om die trekkers te voorsien van gewere en ammunisie; dit is net moontlik dat hulle dit mag nodig kry en ingeval van nood kan hulle die besoekers warm onthaal!”<sup>12)</sup> Die gewere sou die eiendom bly van die Maatskappy en die trekkers sou verantwoordelik gehou word daarvoor. Baie van hulle was natuurlik goed gewapen.

„Ons motief,” vertel oom Ernst, „was om nou eenmaal grond te kry waarop ’n mens ’n ordentlike bestaan kon maak, sonder skuld. Tydens my eerste besoek aan die bosveld hier in die Noorde, het die wêreld my glad nie geval nie, maar toe Dunbar terugkom en vertel van die mooi plase wat beskikbaar is, het ek besluit om saam te trek. Geval die wêreld my nie, het ek gemeen, sou ek alles verkoop en my komberse en pakgoed op my perd laai en terugkom. Daarom het ek my broer een van my waens gegee om te hou vir geval ek sou terugkom; een het ek verkoop en met die ander wa is ek eers na Johannesburg, waar ek nog 60 sakke koring, ’n paar honderd hawergerwe, mielies en mielie-meel gelaai het, en met 20 rooi afrikaners, wat die wapad en die wawrag al goed geken het, is ek agter Moodie aan en haal hulle in by Lindley.”

Op 13 Junie kom Moodie met die 29 families op Zeerust aan; dit was nou wel ’n draai, maar hy was bang vir geïllisiekte. Sommige is intussen vooruit na Tuli en ander, per skip, oor Beira. Vanhier skryf hy ’n brief aan Rhodes, waarin hy van sy reis tot sover vertel, en meld dat hy hoop om vyftig gesins-hoofde by hom te hê as hy sy bestemming bereik. Hy het toe nog 200 name op sy lys gehad wat plase wou hê. Baie van dié wat nie kon saamgaan nie, het nou die geld gegee om die plase te pen en af te baken.

„Die mense wat ek hier by my het,” skryf hy, „is almal gewapend en die regte soort mense om ’n nuwe land te okkupeer. Ek het volle vertroue in hul ondersteuning vir geval van moeilikheid . . . Die meeste van hulle het al deelgeneem aan een of meer Kafferoorloë . . . Ek wil graag voorstel, vir die goedkeuring van die Maatskappy, dat die naam van my nedersetting die „Melsetter Settlement” moet wees. Dié voorstel sal ek ook aan dr. Jameson rig . . . ”<sup>12)</sup>

Deur Betsjoeanaland is hulle baie goed behandel deur die Kaffers. Khama, die opperhoof, het Moodie ’n skaap gestuur en al sy onderdane langs pad beveel om die trek van melk te voorsien, wat hulle ook gedoen het.

Die trek is van Zeerust na Enslinsberg, tot waar die Marico-rivier by die Krokodilrivier inloep. Al langs die Krokodilrivier af reis hulle aan Transvaalse kant tot by ’n

<sup>12)</sup> T. Moodie aan Sekr., B.S.A. Co., Kaapstad, vanaf Zeerust, 13/6/1892.

beesboer Francis. Tot sover het dit redelik goed gegaan, maar toe hulle by Selika's Wegdraai kom, het die mambas hul honde aangeval, en op een dag is sewe dood. Altesame het hulle sewe-entwintig honde verloor. Hier het hulle ook hul eerste besoek van leeus ontvang, wat vier donkies en een os doodgebyt het. Malcolm Moodie (1895) deel die volgende mee in verband met hierdie deel van die trek.<sup>13)</sup>

„ . . . Ons het verneem dat leeus soms die waens van die noorde af tot by die rivier volg. Dit is gewoonlik leeus wat te oud is om wild te vang, regte mensvreTERS. Hulle volg die waens om af en toe 'n maer bees in die hande te kry.

„Toe ons die middag deur die rivier was, het die hoofleier, T. Moodie, my met al die jongmanne te perd vooruit gestuur om 'n kraal van doringtakke te maak, want hy het gesê dit is nou tyd om elke aand die vee in 'n kraal te ja en vure om die kraal te maak. Die kraal moes ek maak waar die pad weer aan die rivier kom. So was daar 'n groot draai tussen die rivier en die pad, dig begroei met haak-en-steek-doring en allerlei bosse. Dit was Saterdag, en die plan was om daar 'n dag of wat oor te staan.

„Die trek het laat by die kraal aangekom en die meeste van die mense het liever hulle vee die nag laat loop en gemeen dis veilig. Omtrent eenuur in die nag was daar 'n groot lawaai. Die vee het na die waens toe gestorm; dit was 'n gebulk en geskree van beeste en donkies. Alles was in rep en roer. Jy hoor net die leeus brom. Dan hoor jy weer die growwe stem van die kommandant: „Julle wil mos nie hoor nie!” Al sy eie vee was in die kraal. Nou was osse en donkies alles weg en uitmekaar. Vier donkies (van Bain?) was doodgebyt en ook een os. Van toe af was die vee elke aand in die kraal met vure daaromheen.”

Sondagmôre is daar jag gemaak. Oom Ernst vertel hoe hy en Moodie gesit en gesels het, toe sy osse, wat hy te perd



*Cecilia Jacomina Moodie,  
eggenote van Thomas Moodie.*

<sup>13)</sup> Sien *Die Huisgenoot* van 3 April 1942, ook vir verdere aanhalings i.v.m. Malcolm Moodie.

die veld ingejaag het, terugkom. „Hulle het 'n ent na die wa gekom en toe omgedraai en teruggekyk. Ek sê dadelik dat daar fout is, want my osse het 'n leeu geken. Dit was al laterig, maar ek het darem so om die osse geloop en gesien dat hulle dik gevreet was. Skielik hoor ons die geluid van die brullende leeu en toe is alles weer stil. Weer die gebrul, en nogeens, toe stilte. Die volgende môre kry ons een dooie os, waarvan die bors verskeur was; ook nog 'n swartwitpens en die drie donkies om die draai van die rivier. Nou wil die kêrels net almal gaan skiet. Moodie het voorgestel dat twee of drie kêrels oor die kaal plekke moet ry, maar nee, ons wou almal in die bos soek. Ons het ook gesoek soos na 'n speld. Ons was twee-twee bymekaar. Toe ontdek ons die drie donkies. Hans Coetsee het die derde omtrent 150 tree verder gekry, half opgeblaas op sy sy. „Is dit nie 'n leeu nie, Coetsee?’ skerts een. „So w—, ek sal hom op 10 tree skiet as hy my koei, Liefie, vang’.

„Toe ons nog so soek, hoor ons 'n geskree van die wa se kant, waar net oubaas Bucknall (70 jaar) was. Tom Moodie het ons gesê dat die leeu 'n slim dier is en dat hy sou terugkom, en toe ons almal van die waens af weg is, loop oom Vuilbaard daar op sy gemak oor die kaalte. McAlpine, wat die osse aangebring het, wou hom skiet, maar was bang dat die leeu bo-op hom sou wees voordat hy klaar geskiet het. Oubaas Bucknall wou weer van sy kant af skiet, maar toe skree die vrouens so vreeslik dat ons dit hoor. Sommige van hulle was bo-op die tente en ander het binne in die waens geskuil, toe onder die komberse, of losgoed, en het hom gesoebat om nie te skiet nie. Meneer Leeu is hiermee die ruigtes in. Hy het sewe donkies op loop gejaag, maar na agt dae se soek, kry ons hulle omtrent sewe myl daarvandaan.” Later het hulle dieselfde ervaring gehad by die Zimbabwe-bouvalle.

Die trek was te groot, dus het hulle in twee klompe verdeel. Sestien is deur die drif by die Pionierpad en die ander laer af langs die Limpopo. By Metsie Metall Kama het hulle twee tiers geskiet. Die pad het nou gelei na die Palmrivier en Fort Tuli, die deurgangspunt vir alle verkeer na die Noorde en die eerste Rhodesiese stilhouplek. Die pad en wêreld was egter stowwerig en die water teleurstellend. Hulle moes in klompies verder trek, sodat die klomp beeste nie die gate toetrap nie. Hulle het nou noordoos getrek na die Macloutsie, maar by die Sashe-rivier het die beeste bek-en-klouseer gekry. Hulle het die diere met dip ontsmet en ghries aangesmeer. Die klouseerkiem het natuurlik in die nat gras bly sit en dan later in die bek van die diere beland. Ghries het die aansteeklikheid verminder. Hulle moes 17 tot 20 dae hier bly staan. Een van Moodie se osse was so siek dat hy nie kon opstaan nie, en die wolwe (hiënas?), wat maar gedurig op soek was na verswakke diere op die groot-

pad, het hom van agter begin opeet, met die gevolg dat hulle hom moes doodskiet. Dit was egter die enigste os wat hulle verloor het. Die mans het hulle toe maar daarin verlustig om onder die elande en swartwitpense te skiet. Die hoenders was in goeie kondisie en hulle het selfs spek en eiers by die ontbyt gehad. Hulle het net agt beeste deur die siekte verloor.

„Net anderkant die Macloutsie het Dunbar Moodie met twee regeringsperde by ons aangekom,” vertel oom Ernst weer. „Hy het ons moed ingepraat en gesê dat hy van Fort Victoria kom. Onder die baie trekkers wat van die ‚beloofde land’ gepraat het, was dit nogal aangenaam om Dunbar self hier op die kaal vlakke te ontmoet. Vier dae moes daar sonder water getrek word en die groot watersakke het nie altyd gehou nie. Die osse met die swaar vragte het dit die meeste gevoel en die gevolg was dat hulle, sodra as hulle myle ver water ruik, uitgespan en daarheen geneem moes word, met swepe en kieries teruggehou word, en dan weer teruggebring word wa-toe. Die mans en kinders moes self beeswagters en touleiers wees. Anderkant die Limpopo het Thomas Coleman op die koop toe van die waens af weggeraak en verdwaal. ’n Vrugtelose soektog is op tou gesit, maar gelukkig kom hy weer die volgende nag om twee-uur by die waens uit. Dag ná dag neem die gevra na water toe. Ek en Moodie het amper mal geword van die vraag: ‚Hoe ver nog water-toe?’ Moodie was meer as eens verplig om hard te praat met die mense.”

Kolonel Carrington het hulle by die Macloutsie ontmoet en ’n week lank saamgereis. „Gelukkig”, so skryf Malcolm Moodie, „het ons groepie mnr. Ernst du Plessis as leier gehad. Hy het vroeër in Rhodesië gekom, waar hy ’n ekspedisie gelei het. En hy was ’n wakker man.”

„Saands het ons so ’n rukkie gesit en maar vroeg gaan inkruip,” sê oom Ernst. „So nou en dan het ons speletjies gehad. So kan ek my nog goed herinner hoe op ’n speletjies-aand ou mnr. Moodie eenmaal sy seun uitgehardloop het. Deur die Vrystaat en Transvaal het ons gedurende die nag getrek, maar ek het vir Moodie gesê ons moet hier in die dag trek, want ons sou plekke kry waar ons 18 tot 20 myl dors het en ons moes die diere daaraan gewoond maak. Later het ons getrek tot omtrent negenuur of halftien en dan uitgespan, die kalwers en osse vasgemaak, die perde gespan en die koeie water-toe gekeer. Daarna het elkeen maar by sy wa geëet. My wa en Moodie se twee waens was voor.

„Bucknall het Sondae vor ons godsdienis gehou. ’n Groot tent is gewoonlik opgeslaan en daarin het hy vir ons diens in Engels en in Afrikaans gehou. Dit was dus nie ons gewoonte om op Sondae te trek nie. Maar met so ’n klomp waens en los

vee kan jy nie trek soos jy wil in 'n vreemde streek nie: as die dors jou vang en jy kom nie Saterdagdaand by die water nie, moet jy Sondag trek.

„Later het ons op die Similala-vlakte kaptein Raaff, 'n edele Afrikaner en vriend van Moodie, ontmoet. Hy het van die Macloutsie met kar en muile gekom en was hoof van die Fort op Tuli, waar hy ook Sondae dienste gehou het. Hy het ons aangespoor om voort te gaan en sou vir ons 'n dinee gee op Fort Tuli—en 'n dansparty! Twee dae later het ons daar aangekom, 12 September 1892, presies twee jaar ná die okkupasie.

„Hier aangekom, was kapt. Raaff die vriendelikheid self. Hy was 'n man wat dankbaar kon wees oor elke klein dingetjie, en het vertel van sy dankbaarheid jeens Moodie, wat hom eens 'n halfkroon gegee het. By die Zasa, waar ons die rivier moes deurgaans, was dit net dik, droë sand en Raaff het sy veerwa met tien osse gestuur om die vrouens deur die dik sand te bring. Die mans is te perd deur. Ons het die aandete in die hotel geëet, en het ons nie geëet nie! Daarna was die groot dansparty in Hebner (?) se winkel. Hy het intussen aan ons perde soveel kaffermielies gegee as wat hulle kon eet.

„Die oumense het eenkant gesit en whisky of iets drink en het kaart gespeel, terwyl die jongklomp stof uitgedans het. En toe wou hulle die kadriële dans, maar dit het geblyk dat net Raaff en ek dit kon dans. Hy het mevrou Moodie gegryp, 'n groot vrou wat teen die tyd al amper doodmoeg was, en ek vir mevrou Coleman (Moodie se suster)—en ons het gesit soos ons gedans het! Die ander het ook later probeer en hul mond het oopgehang soos hulle skud en draf oor die vloer! Dit was my laaste kadriële, maar dit was 'n dans honderd daardie met mevrou Coleman!

„Een oubaas het die aankoms op Rhodesiese bodem seker te lekker gevier en later het sy vrou haar seun en Moodie se seun gevra om die oubaas deur die rivier terug te neem waens-toe. Toe hulle by die witsand op die wal van die rivier kom, sê hy:

„Dit lyk of die rivier vol is.’

„Ja,’ sê Boyce Moodie, ‚hy is vol.’

„Af,’ sê die ou man, ‚julle moet nou ver induik.’

„Hy spring ook weg en beland plat op die sand. Die ander twee draai stilletjies om om nog verder te gaan dans, maar laat staan darem sy ryperd, Ginger, daar. Nie te lank nie, of hier is die oubaas weer. ‚Margery! Margery!’ roep hy na sy vrou. Hulle neem hom weer terug en presies dieselfde ding gebeur. Dié slag bring hulle egter sy ryperd saam met hulle terug.”

Hy swem al langs die sandbank op en oor en oom Ernst vertel dat toe hy die volgende môre deur is, die ou vriend ook teen die anderkantste wal uitklim!

Die rustydjie op Fort Tuli het die diere kans gegee om weer sterk te word. Die perde het maar maer gebly. Moodie, wat veertien ander waens verwag het, het toe al 500 aansoeke om plase gehad — meestal mense uit Noord-Kaapland en die Vrystaat, wat later sou kom as hulle eers hul sake agtermekaar het en berig ontvang het van die Pioniertrek. Hy skryf weer 'n brief aan die B.S.A. Co., waarin hy meld dat geldelike ondersteuning noodsaaklik is. Hy praat verder van die gewetenlose uitroeiing van grootwild deur jagters van Transvaal, wat teen betaling van 'n lisensie van 1s. die reg verkry om in die gebied te skiet. Waensvol velle, vet, horings, ens., het hulle hier ingewag, waar 'n Van Staden en Bezuidenhout erken het dat hulle agtien seekoeie by die Lundi geskiet het.

Dunbar Moodie, wat van Beira na Salisbury gereis het, is van hier eers regstreeks na Groblersdrif om hom te vergewis waarlangs die trek gekom het. Dit het vir hom gelyk of daar êrens iets haak. Hy het egter uitgevind dat hulle hier verby is en haal hulle in by die Macloutsie-rivier (4 September), waar hulle toe nog gestaan het. Hy het altesame 454 myl in 15 dae gery om so gou moontlik by die trek te kom.

Die name van die manne wat toe by die trek was, is: T. Moodie, J. D. Moodie, T. D. Moodie, M. M. Moodie, D. C. P. Moodie, B. Moodie, G. Moodie, D. S. Moodie, G. B. D. Moodie, E. du Plessis, R. A. Hulley, E. F. Coleman, T. E. Coleman, J. W. Nesbitt, E. A. Nesbitt, J. A. Nesbitt, I. Young, I. van Niekerk, T. van Niekerk, W. Bucknall, T. Bucknall, M. Moodie, J. B. Moodie, G. McAlpine, L. Krantz, J. Oberholtzer, D. Beyers, W. Schoof, C. Benecke, A. Main, D. M. Moodie, J. W. Kotze, M. J. Kotze, P. N. Smith, A. Bain, W. James, M. Attwell en C. A. Woodford — feitlik almal hoofde van huisgesinne.

In sy brief aan die Administrateur stel Moodie voor dat as hulle in Gazaland aankom, hulle eers 'n tyd lank op een plek staan, wat later die dorp sou word; en dat die mense van hier hul plase kon gaan pen. Hy meen ook dat dit billik sou wees as aan elkeen van hierdie gesinne 'n erf van 150 vt. by 100 vt. in die nuwe dorp gegee word. Verder vra hy om meer as 100 patrone per persoon, aangesien die wêreld wat voorlê, wild en woens is.

Kosvoorrade, bestaande uit meliemeel en blikkiesvleis, is hier aangevul, en die trek is voort deur die ietwat meer gevaarlike Matabelestreek. Volgens oom Ernst het kaptein Raaff aan die Matabele-oorlog deelgeneem en het hy op 'n keer in 'n gat gekampeer waar hulle so vasgekeer en uitgehonger is dat

hulle kraaie moes eet. Hier het Raaff siek geword en dit het later sy dood gekos.

Die eerste voorval in die nuwe boswêreld was toe Stiebel 'n leeu geskiet het. „Die bos was dik en ons moes pad maak op party plekke. Een aand het Stiebel en Ashpute se donkies, wat aan 'n tou vasgemaak was, begin ruk. Oberholster het teruggegaan, maar Stiebel skiet eers 'n skoot. „Hoe kan jy skiet waar so baie los donkies is?” vra ons. „O, nee,” antwoord Stiebel, „ek het bo-oor die donkies geskiet!” Die volgende môre maak Markham sy osse los en die res van ons ry vooruit. Toe hulle weer die osse aankeer, sien die Kaffers 'n leeu! Moodie word geroep, hy bekruipt dit soos 'n rietbok en sien toe dis 'n dooie leeu. Stiebel het natuurlik onthou dat hy die leeu geskiet het, want dit was al skoot. Daarna was hy tog te groots op hierdie vloekskoot van hom.”

Mnr. Malcolm Moodie verhaal van 'n besoek wat hulle van die Matabeles gehad het op hierdie tog tussen Tuli en hul volgende bestemming, Fort Victoria:

„Daar was 'n klein riviertjie en 'n groot klip met die fatsoen van 'n brood, wat ook ‚sugar loaf’ genoem word. Die klip is omtrent honderd tree lank en vyftig voet breed. Ons trekke het daar op 'n Vrydagmiddag aangekom; ons was toe vyf ander manne en ek. Die klein trekkies het gewoonlik 'n dagreis van mekaar af gereis. Die Saterdag was ons manne in die veld om te skiet vir die pot. Daar was 'n groot, oop plek sonder bos; maar verder, reg oos, was 'n digte bos. Net die jongeres het aan die jag deelgeneem, en ongeveer om elfuur hoor ons oues wat by die laer gebly het, 'n rumoer in die bos. Dit was 'n getrap en 'n gestamp en daarna die gebulder van honderde stemme. Weldra het daar 'n impie van die Matabeles uit die bos tevoorskyn gekom, en dit was 'n angswekkende skouspel om hulle te sien. Hulle was op 'n strooptog uit teen die Makalakastam. Hulle het soos duiwels gelyk in hul oorlogsdrag en met hul lelike assegaie. Ons het nog verward gestaan en kyk hoe hulle uit die bos kom, toe hulle skielik op ons kamplek afstorm. Ons was baie onrustig want die oorlog tussen Lobengula en die ‚Chartered Company’ het al begin te broei.

„Die impie het bestaan uit vierhonderd Matabeles, en by hulle was driehonderd meide van die Makalakastam wat hulle gevangegeneem het. Al die meide was aan hul hande vasgebind met sterk toue, die een aan die ander. Hul hande was opgeswel en die polse was doodgebind met die tou. Daar was geen kinders by hulle nie. Die trek met die gevange meide het te lank geduur, en die kinders kon dit nie volhou om saam te trek met hul moeders nie. Die Matabele-Kaffers het die kinders

dus maar doodgemaak om nie met hulle opgeskeep te wees nie. Dit het soms gebeur dat hulle die kinders op sulke rooftogte somaar agterlaat om dan van honger om te kom, of die prooi van ongedierte te word.

„Die skaar Kaffersoldate het met hul gevangenes tot vyftig tree van ons af gekom. Dit was hartverskeurend om te sien en te hoor hoe die moeders om hul kinders geweën het. Dit het my laat dink aan die gebeurtenisse van Moordspruit (want is die Matabeles dan nie maar Zoeloes nie?), en dan weer waar ons lees van Rachel vanouds wat geweën het oor haar kinders en geweier het om getroos te word. Die arme meide was nat en blink op hul borste van die trane wat oor hul wange gerol het. Die vrees dat daar moeilikheid sou kom met die impie, het heeltemal verdwyn by so 'n hartroerende skouspel. Ons was darem versigtig, want daar was dreigemente. Maar verder het dit gelukkig nie gekom nie. Ná die dreigemente is hulle verder, die ruie wêreld in, met hul treurige buit.”<sup>14)</sup>

Die trek het verder ongehinderd voortgegaan, behalwe toe 'n klompie Matabeles weer op 'n dag gekom en 'n klomp kosbare wasgoed gesteel het.

„Laat op 'n agtermiddag het ons by die polisiepos van Fort Victoria gekom,” vertel Malcolm Moodie verder. „Hulle het in 'n tent gestaan. Ons verneem toe by hulle hoe sake daar staan met die leeus, en hulle vertel ons dat dit veilig is. Die vee was honger en ons wou hulle graag laat wei, en ons het ook nie juis lus gehad om alweer 'n doringtakkraal te maak nie. Daardie nag het dit sag gereën. Ongeveer eenuur, die tyd wanneer Vuilbaard eintlik loop, het die vee weer na die waens toe begin storm. Die arme vee het glo ook maar staat gemaak op die beskerming van hul base. Daar is twee perde dood en die honde is uitmekaar gejaag. Maar dit was nie die fout van die polisie nie. Ons het ontdek dat ons self die leeus saamgebring het, want hulle het ons wekelank gevolg. Dit was twee ou mensvreterers wat nie meer kon jag nie.

„Daarvandaan het ons elke aand gesorg dat die vee in die kraal kom, of daar leeus was of nie. Maar ons het nooit eintlik op die leeu jag gegaan nie, want sonder honde gaan jy verniet agter 'n leeu aan. Hy sal altyd sorg dat hy onder die oog uitbly. 'n Leeu is 'n lafaard, of jy moet hom kwes of vaskeer: dan skraap hy jou.

„Daar word so baie vertel hoe gevaarlik 'n leeu is, maar as dit op gevaar aankom, dan is daar verskeie ander diere wat sy moses is. 'n Leeu sal jou in die oë kyk en omdraai, soos ek later sal meedeel, en hy sal nie sonde soek as hy nie daartoe

<sup>14)</sup> t.a.p.

geenodsak word nie. Maar 'n tier is baie gevaarliker as 'n leeu. Hy sal nooit twee keer dink voor hy jou bevlie nie. Dan is daar natuurlik nog die buffel. 'n Ouerige buffel loop onverbiddelik storm, sonder die minste oorsaak. Renosters is ook gevaarlik, hoewel hulle stipsienig is en jou nie gou bespeur as jy onderkant die wind is nie. Maar hulle kan besonder goed ruik en aarsel nie om op die reuk af te storm nie.

„As 'n mens se hart nie goed sit nie, kan jy taamlik geleentheid kry om sleg te skrik vir leeus, veral as jy jonk is en nog nie dikwels met hulle in botsing gekom het nie. 'n Seun van Thomas Moodie het op 'n dag 'n naelskraap ontkoming gehad. Hy het pas opgestaan ná 'n aanval van malaria, maar hy het gemeen dat hy tog sterk genoeg was om te gaan jag. Hy was vergesel van 'n baie betroubare jong. Die twee was daardie dag op die spoor van elande en kwaggas; dit was 'n helder warm dag. Maar hoe verder hulle aanstryk, hoe minder tekens was daar om iets te kry. Naderhand was dit te warm en die dors het hulle uitgeput. Toe besluit hulle maar om al op die rant langs terug te stap kamplek-toe. Dit was 'n kaal rant, net ruig begroei met gras; en die seun was bly toe hy 'n ent voor hom 'n eensame boompie sien staan. Hy het reguit daarheen gestap om in die koelte te gaan sit en rus. Ongeveer vyftig tree van die boompie af, het hy opgemerk dat daar klippe naby die stam van die boompie tussen die grassate uitsteek. So moeg-moeg het hy maar onoplettend aangestryk om op die klippe te gaan sit. Toe hy vier tree van die klippe af kom, staan een van hulle op. Dit was 'n leeuwyfie. Kort daarna staan nog een op: dit was die mannetjie. Maar hulle was lui en lomerig en het die seun ewe bedoord gestaan en aankyk. Die seun het vasgesteek en met die kolf van die sy geweer op die grond geleun — miskien omdat hy te lam geskrik was om op sy voete alleen te bly staan. En daar staan hy die leeus en aankyk; geeneen sê boe of ba nie. Net die kwassies van die leeus se sterte beweeg stadig — 'n teken dat daar gepraakseer word. Of die jong Moodie ook iets kon prakseer, weet ek nie. Naderhand lyk dit of die 'tablo' die leeus verveel en hulle draai om en stap op hulle gemak ongeveer veertig tree na die helling van die rant. Toe was dit of iets hulle byval. Die seun het nog altyd botstil op sy geweer geleun. Hy was doodgeskrik. Die leeus het weer so luiereg aangeslenter en toe dit lyk of hulle haas uit die gesig sou verdwyn, toe was dit net soos 'n oogknip — ja, toe spring sy om en hier kom sy.

„Dis 'n oomblik daardie wanneer 'n man se stoffasie goed moet wees. So ewe haastig, met onreëlmattige spronge, kom die wyfie reguit na hom toe. Vlak voor hom stuit sy en sy krimp haar stert tussen die agterbene vas. Meteens blaas sy net soos 'n kat dat die skuim so spat uit haar bek uit. Sy was

so naby klein Moodie dat die klippertjies teen sy broekspype gespat het, maar hy staan nog botstil, en eer hy weer 'n droë slukkie kon gee, herhaal sy daardie vreeslike geblaas op die grond. Intussen staan die mannetjie met groot belangstelling die gedoente en aankyk. Maar toe was dit of die wyfie ook nie die raaisel van die versteende, regop figuur kon uitpluis nie en sy draai om en draf agter die mannetjie aan oor die helling van die rant. Dit het daardie kêreltjie agt dae in die bed gekos."

Mev. Nesbitt vertel dat toe hulle hier by Fern-spruit, naby Fort Victoria, uitgespan gestaan het, haar een seun en twee kinders Coetzee ingehardloop gekom en gesê het dat hulle sulke snaakse goed daar anderkant gesien het. „Hulle het sterte soos 'n os en het ons bang gemaak deur hul hare vorentoe te skud." Mev. Coleman het verbaasd uitgeroep dat dit leeu was. Die sewentien waens hier het ingespan en verder getrek. Sy vertel ook hoe hulle voortdurend in die vrees vir slange getrek het en hoe 'n mamba hul hondjie doodgebyt het. Honde was 'n probleem, want anderkant Zeerust het die honde 'n soort slaapsiekte gekry. Toe die trek verder wou gaan, het Nesbitt se hond bly lê en toe hulle hom wou vervoer, is hy dood. Verskeie ander honde het ook gevrek. Miskien was dit 'n soort tsetsevlieg. Die beeste het egter niks hiervan oorgekom nie.

#### *Hoofstuk 4*

#### DIE MOODIE-TREK (Vervolg): NA GAZALAND

**D**IT het gelyk asof Dunbar Moodie se vermoedens nie ongegrond was nie. Op Fort Victoria aangekom, blyk dit dat daar ewe skielik 'n hele misverstand ontstaan het omtrent waar die streek land was wat hulle sou gaan bewoon. Moodie het hulle tog by die begin goed laat verstaan. 'n ontstuielige vergadering is gehou en die notule van hierdie vergadering is aan die Administrateur gestuur. Dit is veral die tweede, en dus agterste, deel van die trek wat Moodie moes volg; maar hulle besluit dat hulle nie agter hom sou aantrek nie, en eers op Fort Victoria sou bly, waar hul beeste kon sterk word.

Hier het dit geblyk dat die landstreek wat oorspronklik vir hulle bedoel was, in die B.S.A. Co. se kaart No. 1 aangedui word as 'n Rhodesiese plato, 3000 tot 4000 voet bo seespieël, baie gesond, oop en graswêreld, aan die Ooste begrens deur die

Portugese gebied, aan die Suide deur 'n lyn vanaf die Chimanimanipas na die samevloeiing van die Odzi- en Sabi-rivier aan die Weste deur die Odzirivier en aan die Noorde deur plase wat alreeds beset is in die nabyheid van Umtali. Dit het eintlik geblyk dat die trek bedoel was om te gaan tot suid van die lyn van die Chimanimani na die Odzi-Sabi, en dit het die merendeel van die trekkers nie aangestaan nie. Die land was woest, „out of reach of all present and apparent future centres, and where it is impossible for us to exist.”<sup>15)</sup>



*Sarah Moodie, dogter van Thomas Moodie en eggenote van Dunbar Moodie.*

Op hierdie vergadering is verder besluit dat:

„(1) Ons, die lede van die trek, tot sover bekend as die Moodie-trek, nie langer mnr. Thomas Moodie as leier erken nie;

„(2) Ons nie na die streek land ten suide van die lyn van die Chimanimanipas na die samevloeiing van die Odzi- en Sabirivier sal gaan, of dit bewoon nie, maar dat Sy Edelagbare die Administrateur versoek word om ons toe te laat om die strook land oorspronklik aan mnr. Moodie belowe, te okkupeer, of indien dit nie kan geskied nie, ons toe te laat om plase uit te kies en te bewoon in enige deel wat vir ons geskik mag lyk;

„(3) Hierdie Trek bekend sal wees as die Pioniertrek;

„(4) Mnr. Johannes W. Kotze en die voorsteller (J. B. Moodie) as 'n komitee aangestel word om die trek te lei;

„(5) Mnr. John Warren Nesbitt as korrespondent van die Trek aangestel word om alle briefwisseling te ontvang en te versend en ook om alle dokumente te teken.

„(6) Die resolusies aan die Administrateur, en, indien nodig, aan die Sekretaris van die B.S.A.-Maatskappy gestuur word.”

Thomas Moodie en sy mense was al weg van Fort Victoria toe die vergadering gehou is, en is die aanhoor van die baie aantygings teen hom gespaar gebly. Hul trek was die voorste, en aangesien hulle nie langer kon wag nie, is hulle vort: deels omdat hulle nog in daardie jaar in Gazaland wou kom, en deels omdat die reëns al begin het.

Twee lelike briewe is geskryf: een deur die leier van die „ontevredenes”, J. Nesbitt, aan die *Tuli Chronicle*, waarin hy die

<sup>15)</sup> Notule van vergadering gehou te Fort Victoria, 5 Oktober 1892.

standpunt van dié deel van die trekkers uiteensit; en 'n ander deur Dunbar Moodie aan die Administrateur, waarin hy hom versoek om die saak dadelik te demp, ens. Verskeie telegramme is oor en weer gestuur, maar vir ons doeleindes gaan net 'n handjievul van die Moodie-trek, nl. sewe waens, op 25 September moedig voort na Gazaland.<sup>16)</sup>

Die res het grond vanaf Fort Victoria tot by Salisbury opgeneem, maar hulle het 169 van hul beste verloor.

In hierdie tyd was daar soveel gisting dat dit gevaarlik was om meer as 40 myl van een van die drie „dorpe" Umtali, Fort Victoria en Salisbury te wees; daarom is die stoutmoedigheid van die res van die trek wat na hul oorspronklike bestemming wou gaan, des te meer te bewonder.

Op Fort Victoria is alles in gereedheid gebring en planne bespreek. Al wat die land nodig gehad het, was mense en geld. Wat die mense betref, sê die *Rhodesia Herald*, 1892:

„Mr. Rhodes is sending us the Dutch Trekkers," en wat geld betref, voeg die koerant by: „Now, among the manifold virtues of the South African Dutch, is their holy hatred of the tax collector. A telegraph service, weekly post carts and public buildings occupied by zealous inventors of new taxes, will never be paid for by the members of the Dutch Trek . . . But this attitude is not only confined to Dutch Trekkers . . ."

Rhodes se grootste begeerte was egter om met sy kolonisasieplanne voort te gaan, en hy het alles in sy vermoë gedoen om hulle aan te moedig om so gou moontlik in Gazaland te gaan pen. Hy het dan ook toegesien dat die trekkers wat van Fort Victoria af sou trek, toegerus is met alles wat nodig is. Hulle is voorsien van 1700 Martini-Henri- en 100 tot 200 ander patrone vir geval die Kaffers moleste maak. Dinamiet, gereedskap — soos byle, grawe, pikke, koevoete — en hul kosvoorrade is ook aangevul.<sup>17)</sup> Rhodes het rede gehad om onrustig te wees; Lobengula het gemeen dat die witman te veel die land intrek en dat sy heerskappy bedreig word. Dan was daar die Portugese, wat nog geen afgebakende gebied gehad het nie. Die plaasvervanger van die Goewerneur, Machado, wat destyds afwesig was op 'n besoek aan Portugal, was gretig om die grens so ver moontlik weswaarts te skuive, en dit was duidelik dat moeilikheid van hierdie aard gedreig het. Wie eerste daar is, is baas! Verder was daar nog die Boere, wat uit die Republieke mag kom en die land annekseer. Hierdie vrees het gelei tot 'n waarskuwing aan president Kruger dat

<sup>16)</sup> sien name aan end van Hoofstuk.

<sup>17)</sup> Oom Ernst sê dat hy nog 30 sakke en Tom Moodie 40 sakke gesifte boermeel gehad het.

daar moeilikheid sou wees as hy sy mense oor die Limpopo durf stuur: „Consequences . . . not limited to South Africa, but reaching the Imperial Government in England!” In 'n toespraak 'n rukkie later (29 Desember 1892) verklaar Rhodes egter: „He felt bound to say that Mr. Kruger had behaved loyally.”

Terwyl al hierdie reëlings getref word, vind daar nog eers 'n groot plegtigheid plaas toe Dunbar en Sarah Moodie in die huwelik bevestig word. Dit was miskien een rede waarom die trek 15 dae hier gestaan het, sodat die paartjie kans kon hê om hul wittebroodsdae ten volle te geniet. Hulle was dan seker ook die eerste blankes wat hierdie tydjie by Zimbabwe gaan deurbring het.

Nadat alles gereël was, is die waens vroeg in die eerste week van November 1892 uit Fort Victoria die onbekende boswêreld in. Die trek het toe bestaan uit net veertien mans, vier vroue en drie klein kinders, met sewe waens. Die wêreld was wild en woest, maar die trekkers was gretig om die land te sien en te beset. Hulle het reeds denkbeelde gehad van 'n nuwe Afrika, van grasvelde en skape en beeste, van huise en stede, en niks is ooit gesê om hulle te ontmoedig nie. Dunbar Moodie, wat reeds aan die meeste trekkers bekend was, het op Fort Victoria sy kragte ingewerp, en alle reëlings vir hulle getref in verband met die inbesitneming van die plase, asook om die nodige te verskaf aan die minder bemiddelde lede van die Trek. Hul verwagtinge was dus groot en hulle het ooreengekom om, soos hulle trek, 'n grootpad te kap waaroor die toekomstige nedersetters sou kon reis.

Tom Moodie het nou as 't ware die leierskap van die Trek aan sy neef, Dunbar Moodie, oorhandig en hy is dan ook beskou as die Piet Retief van hierdie deel van die Trek. Die ander trekkers was egter nie almal tevrede nie, deels omdat hulle Tom Moodie so goed geken en vertrou het, en deels omdat daar ander geskille ontstaan het, sowel privaat as teen Dunbar. Dit was miskien omdat die griewe nie gou genoeg aan die betrokke leiers voorgelê is nie, veral nie aan Tom Moodie nie, „who, from what we know of him, is as fond of fairplay all round as any man living, and who has worked hard and with singlemindedness for the success of the Trek. If human efforts and the best type of South African farmers can do it, the settlement which is to be known as ‚Melsetter’ will become one of the most important centres in the country”, besluit 'n artikel in die *Rhodesia Herald* (5 November 1892).

Van Fort Victoria was daar vir omtrent 40 tot 50 myl 'n skaars herkenbare pad, wat deur die skotskar van prospekteerders getrap is. Dit het egter skielik bo-op 'n kop opgehou—

waarskynlik het hulle hier (55 myl van Fort Victoria) omgedraai. „Hier hou die kerk op.” sê Dunbar Moodie; „Dis Amen hier,” sê Tom Moodie. En die plek is ook sommer Amenshoogte genoem! Nou sou hul smart en werk en padmaak begin. Die pad moes gepeil word tussen die ruigtes, bosse en berge deur. Die kop was so steil op Amenshoogte dat hulle eers terug moes draai om meer oos te mik. Ernst du Plessis en Dunbar Moodie het dit op hulle geneem om die pad te peil. Vier dae lank is gesukkel om 'n pad van daardie kop af te maak, en toe het die Trek onder op 'n meer gelyk wêreld beland. Van nou af het dit stadig gegaan. Somtyds moes die trek drie of vier dae by water staan terwyl die pad verder na die volgende drinkplek gemaak word, d.w.s. gekap, gegrawe en oopgeskiet word, want dik bome, vyf voet in deursnee en geweldige rotsblokke is met dinamiet uit die weg geruim. Gelukkig is die landstreek dig bevolk en is Kaffers gekry om te help padmaak.

„Eindelik, ná ons 33 dae op die 62 myl van Amenshoogte deurgebring het, sien ons die Sabirivier voor ons, net onderkant 'n dik bos. Ons moed het ons nog nooit begeef nie, al het ons gesien dat die trekkerslewe nie so 'n piekniek was as wat ons gemeen het nie,” vertel oom Ernst, „maar toe ons darem die rivier omtrent 'n duisend tree breed sien loop, toe stuit ons. Die mense het ons gewaarsku dat ons nooit die rivier sou deurkom nie, weens die bedrieglike wilsand. Maar Tom Moodie het die wêreld so bekyk en op sy perd Bloubok gespring, gewapen met 'n klomp vlae. Hy het van eiland tot eiland gery en om die pad deur die rivier aan te dui, het hy oral wit vlae vasgesteek. Die vlae het egter gedurende die nag weggespoel en die volgende môre toe ons begin trek, moes ons maar weer pad soek. Ou mev. Moodie het nogal baie vertrouwe in my gehad, en al was myne die voorste wa en sy nie geweet het wat daar vir haar wag nie, het sy op my wa kom klim, en so is ons die rivier in. Ons het anderkant 'n soort van deurgang gemaak, en die eerste paar waens het goed deurgekom, maar ons moes ekstra spanne osse aanhaak, sodat met veel geklap en geskree die laaste wa eindelijk vyfuur die middag deur is. Dikwels het die water tot by die buikplank gekom en so het feitlik al ons sout in die rivier agtergebly. Ons het die deurgang Moodiesdrif genoem, en nou was ons in — Gazaland! Toe ons almal veilig deur is, het ons onder twee groot bome bymekaar gekom en veertien dinamiet-skote geskiet. Dit was op 9 Desember 1892, en die brug wat later hier gebou is, is net 'n entjie bokant die ou deurgang. Die bottel whisky wat Ashpute saamgebring het om die dag te vier, is hier oopgemaak en die volwasse mans het almal hieruit 'n heildronk gedrink. Wat oorgeskiet het, moes sorgvuldig bewaar word vir geval van siekte. Ek wil dan ook hier baie nadruklik sê dat daar

op ons trek nooit dronkenskap was nie, behalwe as hierdie geleentheid as sodanig beskou word!

„Dieselfde aand was daar die eerste tekens van perdesiekte, en Bloubok het skielik gevrek; hierna is ons perde die een ná die ander afgemaai, en dit was vir die boere 'n benoude tydjie. Wat sou hulle sonder hul perde in 'n vreemde land kon doen? Koors het nou ook die mense begin neertrek en die trek het al stadiger gegaan. Ek en Dunbar Moodie was egter nog steeds besig om die pad te probeer peil op ons perde, en met handbyle. Kort anderkant die rivier was 'n steil berg wat die Trek moes oor.”



*Veldkornet en verteller Malcolm Moodie, as 'n jong man.*

Maar hulle het ook gevind dat die rivier die grens was tussen die twee Kafferstamme, die Shangaans van Ngungunyana en die Makalakas. Gazaland was die gebied van die Shangaans, en dit was nie hoelank nie of 'n impie van vierhonderd, nogal gewapend, maak hul verskyning by die trekkers. Malcolm Moodie beskryf hierdie voorval baie realities:

„Die impie het tot op 'n paar honderd tree genader en toe gaan sit, waarop die Kaptein, vergesel van twee van sy hoofmanne, na die trekkers aangestap gekom het. Sy naam was Maseka Bantu, wat beteken: ‚Opsnyer van Mense.’ Hy was 'n groot man wat sowat 350

pond geweeg het, en hy het die trekkers woedend aangespreek. By elke woord was daar 'n verwensing, of vloek. Reeds by sy nadering het hy uitgeroep: ‚Wie het julle die reg gegee om met waens in my land in te kom?’ ”

Gelukkig het Thomas Moodie 'n tolk gehad, en ná 'n hele rukkie se geredekawel, wat gepaard gegaan het met baie gebare en uitskellery, het die tolk vertel dat die Kaptein hulle sou toelaat om daar te bly, maar dan moes hulle as sy onderdane beskou word. Toe was die vet in die vuur. Moodie het vir die Kaptein die sake mooi laat uiteensit en sy laaste sê gesê. En toe die Kaptein daardeur nog parmantiger word, het Moodie ewe kalm vorentoe gestaan en twaalf van sy manskappe geroep.

„Staan nader en gryp hom!” het die trekleier gesê. „Ek weet nou wat hy wil hê!”

Die saak is baie gou afgehandel. Nadat die parmantige Kaptein goed ‚afgestof’ is, soos Moodie dit noem, was hy baie gedwee. Hy het beleefd en ordelik verder onderhandel, en die volgende môre het hy vyftig van sy volk gestuur om te kom help padmaak ten die berg uit. Dit het ’n week geduur om die deurgang klaar te kry.

Veertien dae ná hierdie onaangename voorval het die Kaptein weer verskyn om verdere bevele te ontvang. En hierdie bevel was kort en kragtig. Moodie het hom net vertel dat hy as Kaptein verantwoordelik gehou sou word vir enige misdaad wat sy onderdane pleeg. En van daardie dag af was daar vrede met die Shangaans.

„Twee dae nadat ons die Sabi deur is, het ons twee Kaffers teëgekóm,” vertel oom Ernst, „wat ingewillig het om ons die pad na die Chimanimanipas te wys. Dit was ’n hulp, en al was daar geen pad nie, was daar darem rigting. Een nag, omstreeks elfuur, hoor ons ’n vreeslike geskree naby ’n Kafferkraal waar ons uitgespan was. Sommige het gemeen dis ’n bierdrinkery, ander ’n leeu. By nadere ondersoek het geblyk dat daar wel ’n bierdrinkery was, maar ook ’n leeu. Terwyl een ou man teruggestap het na sy kraal toe, is hy deur die leeu bespring. Die ander klomp het vuurstompe gegryp, geskree en gegooi en eindelik daarin geslaag om die dooie liggaam te kry. Vrees vir die leeus het die inboorlinge na die witman gedryf.”

’n Ander voorval het op Bobbejaanshoogte plaasgevind terwyl Dunbar en oom Ernst die pad gepeil het en ’n dag of wat voor die waens uit was. „Hier het ons die nag afgesaal en na ’n naburige Kafferkraal gestap. Maar toe hulle ons sien, spat die laaste Kaffer. Ons het ons dus maar tuisgemaak en koffie gedrink; en terwyl ons nog so sit, kom daar ’n lekker vet, geel hen verby. Ek haak af en daar lê sy, en toe Dunbar ’n haan misskiet wat ook om ’n hut kom loer het, was dit weer so. Albei was in ’n kits in die groot kleipot wat ons daar gevind het. In die tyd wat ons daar versuim het, het geen Kaffer sy verskyning gemaak nie. Ons moes maar getroos terugstap en nog ’n dag verder werk. Toe ons twee dae later weer daar aankom, gebeur dieselfde ding. „Kom ons omsingel hulle met die perde,” skree Moodie. Die twee Kaffers wat by was, spring eenkant in en ons anderkant, en ons haal twee van hulle in. Hulle bewe soos riete, maar begin darem te praat toe Dunbar met hulle Zoeloe gesels; want hy kon die taal goed praat. Toe kom die res van die kraal so stadig uit: vrouens wat sidder en wat hul kinders sus om stil te bly. Hulle het ons ’n mooi, skoon hut gegee om in te slaap, en toe ons die volgende môre wou ry, kom soebat hulle ons

om tog vir hulle te wys waarmee ons die hoenders doodgeskiet het. Ek gee hulle drie Wessel-Richard-papierpatroondoppies. Hulle was hiermee vreeslik in hul skik. Toe ons op ons perde sit om verder te gaan, kom hulle met nog 'n hoender. „Drie doppies, drie hoenders,” het hulle gesê. En hulle het gedans van vreugde toe ons die hoender weer aan hulle teruggee.

„Die vorige dag het ons perde by die Devulirivier so moeg geword dat ons by 'n Kafferkaptein moes afsaal. Hier sien ons toe dat hulle bier het in die egte groot ‚Lateng’-kafferkoring-bierpotte. Alhoewel die ou kaptein so gaaf was om iemand te wou stuur om die perde water te gaan gee, het ek maar self gegaan, terwyl hy en Dunbar gesels het. Toe ek terugkom, skeep hy bier, proe daaraan, en gee dit vir Dunbar. Hy wou myne ook proe, maar ek gryp dit weg: ‚Nie met jou swart mond nie,’ sê ek. Moodie het nog gedrink, maar vir my was twaalfuur op 'n skroeiende dag nie die regte tyd om bier te drink nie.

„Van bier gepraat. Die padmakery het baie van hierdie voorvalletjies opgelewer, waarvan die ander trekkers net gehoor het,” vertel oom Ernst verder. „Ek het 'n bosbok geskiet langs 'n kremetartboom en sien toevallig dat daar 'n byenes in die boom is. Ons stuur 'n Kaffer na die waens om 'n kamppot en emmer te haal. Een van die Kaffers het vir 'n pennie opgeklim en die bye het hom al amper vaal gesteek. Voor ons egter by die waens kom, was ons op die uitkyk na nog neste en ontdek sewe ander bymekaar. Toe die trek daar kom, wil almal net heuning uithaal. Ashpute skiet een tak af en dit het die bye al klaar vies gemaak. Dick Hulley praat groot en sê hy sal dit uithaal. ‚I cant make it.’ skreeu die ou oplaas en hier tuimel eers die emmer af en toe die bye. Hulley val oor 'n stomp en was so gedaan gesteek dat hy nie kon opstaan nie. Hy staan op hande en voete terwyl ons letterlik die angels van hom afkrap.

„Maar die versoeking om so 'n groot nes te bekom was te sterk. Die volgende dag het ons weer probeer en die nes afgegooi. Daar was te veel jongbye en brood, en ons het dus alles in 'n vat gegooi en bier gemaak. Ek was 'n bietjie skepties, maar onthou nog goed hoe lekker Dick Hulley, Ben Moodie en die klein Moodies gedrink het. Dit was ook nie lank daarna nie of jy sien net mense verdwyn soos die bier hulle aantast. Die angels (of was dit die bier?) het Hulley vier dae in die bed gekos.”

In ieder geval, van die „hoenderkraal” is hulle terug na Moodiespas, waar die waens gewag het. „Hier by Moodiespas (vandag Sunday Pass) het ons op Sondag aangekom. Een ná die ander het die waens hier vasgeval en die een kettingtou ná die ander het gebreek voor al die waens deur was.”

Nou was die trek naby die berugte en gevreesde berg, wat hulle verdoop het tot Driespanberg. „Ek het voorgetrek,” aldus oom Ernst, „en Moodie net agter my. ’n Entjie teen die berg op het Moodie se wa gaan staan en ek het teruggekom om hom te help. Toe ek weer by my wa kom, kon my osse nie, of verseg hulle om een tree verder te trek. Ek het geskree en geslaan, maar dit was alles tevergeefs. Eindelik was ek verplig om ’n ander span voor te span, maar dit het ook niks gehelp nie. Dit was eers toe ons ’n derde span voorgespan het dat hulle die wa tot bo getrek het. Dit was nie ’n maklike spulletjie nie. Duisende sweet druppels het daar teen die berg afgerol gedurende die vier dae wat ons een ná die ander wa moes uitsleep tot bo. En toe die laaste een bo was, was dit Kersfees 1892! Dit was enersyds met ’n gevoel van oorwinning dat ons Kersfees hier gevier het, maar andersyds met gemoedere wat terugverlang het na die vorige Kersfees in die Vrystaat.



*Ernst Lodiwikus du Plessis,  
leier en staatsmaker.*

„Dit was erg genoeg, maar toe ons bo-op die berg kom, val die een trekker ná die ander om aan koors, behalwe Moodie en sy vrou, een Kaffer en ekself. Wat nou gedaan? Ek en die oubaas het besef dat ons moet vorentoe, en het padgemaak. Die vrou moes die siek mense by al die waens oppas en die Kaffer moes ’n oog hou oor die goed. In die aande moes ons afgaan na die Tangandarivier om water te haal en het ses donkies saamgeneem om die vate of kanne te karwei. Die stomme goed het omtrent alles uitgestamp voor ons bo kom. Die Kaffer moes voor loop met ’n fakkel, en dit was ’n krielrige gevoel, kan ek jou verseker, om daar in die donker ruigtes op te sukkel na bo. Toe ons die pad onderkant op ’n manier klaar had moes ons af, en wat was my teleurstelling toe ek die laaste dag water bo-op die berg ontdek, omtrent driehonderd tree verder!

„Anderkant af moes ons weer driewe deur die Tanganda maak. By die eerste (Buffelsdrift) het Oberholster ons eerste buffel geskiet. Hier het ek ook gesien hoe sterk Tom Moodie was. Ek het altyd geweet dat hulle almal ’n klomp fris boere is, maar hier moes ek dit sien. In die drif was ’n enorme plat klip en ek het besef dat as dit uit die pad is, daar nie veel ekstra werk nodig sou wees om ’n deurgang te maak nie. Eers het ek ’n piksteel onder een punt ingesteek, maar dit het gebreek.

Toe lig ons die klip met 'n koevoet en die ou man hou toe die klip met sy een hand dat die koevoet buig! Maar wat hou is hy. Dit het ons 'n kans gegee om stutte te gaan kap en so die klip om te gooi.

„Nou was ons naby ons bestemming! Nog net een keer die Tanganda deur! Op Nuwejaar kom ons ook daar aan en dieselfde gevoelens het ons bemeester as bo-op Driespanberg. Ons het die Nuwejaar maar stil gevier, want ons plase was naby. Die drif het ons Nuwejaarsdrif genoem. Ongelukkig kon ons nie dadelik verder trek nie, omdat die koors te erg geword het, en ook oubaas Moodie gevang het. Dunbar was eweneens net siekerig.

„Dunbar en ek het nog boonop al die ellende kennis gemaak met die tsetsevlieg. Vir hom het ons gevrees en toe ons 'n paar in vuurhoutjiedosies saambring om vir die mense te wys, was hulle nie minder ontsteld nie. Ons moes gevolglik deur die nag trek om hulle te probeer vryspring.

„By die wegtrek het ons harte gebons! En wat was ons vreugde nie toe ons drie dae daarna die pragtige, groen grasvlaktes van ‚Chipinga‘ voor ons uitgestrek sien lê! Dit was reëntyd en om die heuwels met die groen vlaktes, so ver as jou oog kan sien, te aanskou was genoeg om al die moeite wat ons gehad het met groot bome en ruigtes, te vergeet. Inderdaad, dit was 'n land van belofte en ek kon nie anders as om dankbaar te voel dat ons nie bedrieg was nie. Voor ons het ons drie pragtige, helder watervalle gesien. Dié plaas het Tom Moodie vir homself toegëien. Ons het die Sabi die 13de Desember verlaat en 22 dae getrek oor die 33 myl, sodat ons op die 3de Januarie 1893 ons bestemming bereik het. Ons het die plek Waterval genoem en besluit om hier te rus en om die siekes te verpleeg. Die 3de Januarie en Waterval behoort gedenkwaardig te wees in hierdie deel van die land. Ons het bykans agt maande getrek en was reeds te laat vir die oes.

„So het die oubaas ons gebring tot waar ons self moes kies. Dit was 'n aandoenlike tydjie. Sewe dae het ons hier gestaan. Ek het van die geleentheid gebruik gemaak om die berg uit te klim en twee koppe te besigtig, wat ek as my plaas gepen het. Moodie het dit geregistreer en ek het dit Clearwater genoem. Markham pen meer wes, saam met Baden en Knox, en Stiebel en Ashpute meer regs. Ons het maar net na die hoë punte gesoek en ons bakens daar opgeslaan. Ons moes sorg dra dat dit eerder te groot was as te klein. Op die manier pen Dunbar vir homself sowat 8000 morg!”

Dunbar het as 't ware op hom geneem om die orde en reg te handhaaf, en ook om verdere registrasie van plase te

reël. Hy wou selfs dadelik polisie kry! Klein Tom is as posmeester aangestel en sy vader as vrederegter. Thomas Moodie was nie tevrede met hierdie gedrag van Dunbar nie, maar het net gesê dat hy hom weer kon terugbring tot die posisie van staljong as hy net wou.

„Ek en Dunbar het altesaam 25 plase geopen en moes op 'n keer ses nagte in die reën slaap met net 'n seiltjie oor ons. So het ons ook die dorp Melsetter geopen; dit was die eiendom van die Kafferkaptein Chipinga, en toe Melsetter later verskuif is, het die naam Chipinga gebly vir hierdie deel van die land.”

Oom Ernst het ook twee plase geopen vir sy twee broers en 'n sekere Human, maar later het hy weer uit hulle uitgeraak nadat hy terug is Vrystaat-toe.

Oom Ernst praat met groot lof van Tom Moodie, wat twaalf plase kon kry, maar wat nie deur al sy seuns geokkupeer is nie. Dit was die voorwaarde, maar toe sy vrou later hiervan gebruik wou maak het die owerhede die belofte vergeet en sy het alleen Waterval met moeite behou.

Op aanbeveling van Rhodes en Jameson is op 16 Oktober 1897, na Dunbar Moodie se dood, die volgende plase, vry van okupasieregulasies i.v.m. die gewone erfpag, teen betaling van die oordragkoste vergun:—

(i) Aan die boedel van wyle George Benjamin Dunbar Moodie die plase Kenilworth, Groenvlei en Newcastle: 13,471 morg.

(ii) (a) Aan die boedel van wyle Thomas Moodie 3000 morg, uitsluitende die gebou op die plaas Waterval.

(b) Aan die kinders van wyle Thomas Moodie in gelyke dele 3000 morg, afgepen te word langs die grond van hul weduweemoeder.

In dié verband skryf Rhodes later: „They undoubtedly created the settlement of Melsetter and held the country against the Portugese . . . The Moodies fulfilled their pledge, that is, they made a settlement in Melsetter and they have, moreover, both lost their lives in the task. I consider the least that should be done is that the family of Dunbar Moodie should receive four farms of 3000 morgen and that the family of Thomas Moodie should receive two farms . . . It is one of the matters which I consider I am responsible for and in which I do think the Moodie family has not been fairly treated, though I think it is due to want of knowledge of the circumstances.”<sup>18)</sup>

Tom Moodie was oortuig dat die Here sou voorsien en dat 'n mens moes werk. „In hom, en in sy opvolger Martin, was

<sup>18)</sup> Rhodes aan Milton vanaf Inyanga, 16/10/1897.

daar die bloed van leierskap en nie alleen het hulle Melsetter en Chipinga vir Rhoedsië veilig gemaak nie, maar hulle sou, as hulle langer geleef het, daardie leiding kon gee wat so 'n veraf en afgeskepte deel van die land nodig gehad het. Aan Tom Moodie is nooit die eer gegee wat hom toekom nie. Sy taak was 'n ondankbare, maar sy hart en gees was groot. Die naam Melsetter sal die stoere Voortrekker Thomas Moodie en sy edele pogings en vérsiendheid om die land te ontgin en te behou om genoeg te produseer vir die behoeftes van Rhodésië en 'n groot deel van die buitewêreld, verewig. Hy het, feitlik soos 'n Moses, net tot bo-op die berg gekom, want in 1894 is hy dood.

„Van die baie swaar wat ons moes deurstaan in daardie eerste dae, onthou ek nie baie nie, en wil ook nie. Die stryd was swaar, maar dit was die moeite werd,” het oom Ernst besluit.

#### LEDE VAN DIE MOODIE-TREK (1892).

Thomas en Cecilia Jacomina Moodie en kinders:

Martin, Tom, Harriet, James, Boyce, Charles, Malcolm, George, Ben, George Benjamin Dunbar Moodie en Sarah Moodie.

Ernest du Plessis.

Richard Dick Hulley.

Henry Ashpute.

Fred Markham.

Ernest Baden.

Knox.

Gustav Stiebel.

Jan Oberholster.

#### *Hoofstuk 5*

#### DIE MOOLMAN-WEBSTER-TREK (1893)

**H**IERDIE trek het bestaan uit twee geselskappe, as 't ware net gesinne, wat mekaar in Rhodésië raakgeloop het. Albei is uit die Transvaal afkomstig. Die eerste, onder Johannes Nicolaas Moolman, het vroeg in 1893 uit Pietersburg vertrek. Hy het sy vrou, drie kinders en 'n jongman, Hartkopff, by hom gehad om met die twee waens te help. Hulle had ook 'n aantal beeste en het getrek met die doel om hulle op Enkeldoorn of Charter te gaan vestig. Daar was kans om grond taamlik goedkoop in besit te kry. Hulle is dus op die reeds uitgetrapte spore vort en het veilig by Fort Victoria aangekom.

Joseph Webster is in Engeland gebore, maar het reeds in Suid-Afrika deelgeneem aan die Damaraland-oorlog en verskeie



Johannes Nicolaas  
Moolman.

Kafferoorloë. Hy het later in die distrik Groot-Marico geboer. In 1892 het hy van die Chartered Company se direkteur ontmoet in Johannesburg, waar hy graan verkoop het, en van hulle verneem dat daar opening was vir plaasboere in Rhodesië. In 1893 het hy met sy gesin en 'n Basoeto na Salisbury vertrek. „Die doel was om 'n eie plaas te besit, want in Marico het ons op 'n plaas gebly wat ons teen £150 per jaar van 'n Duitser, Schroeder, gehuur het,” skryf mnr. John Webster. „Ons het genoeg kos ingepak en ingelê vir twaalf maande en die hele

familie is toe met een bokwa verder Noord. Saam met ons het daar ook 'n mnr. Austin, sy vrou, twee kinders, en 'n mnr. Naylor getrek. Op Macloutsie het hulle egter agtergebly.

„Ongediertes het ons ongehinderd gelaat op die grootpad, omdat ons elke aand groot vure gemaak het. Die pad was maar sleg en ons moes soms self padmaak. By die Lundirivier het ons 'n mnr. Van Rooyen en mnr. Tolmy ontmoet; hulle was transportryers en het saamgetrek tot op Fort Victoria. Op pad had ons volop kos en wildsvleis. By Fort Victoria aangekom, het ons ses myl buitekant die dorp uitgespan, toe daar skielik 'n polisieman aangejaag kom en ons waarsku om dadelik die dorp in te trek: die Matabeles was oproerig. Ons moes laer trek en is almal opgekommandeer vir krygsdiens. Drie weke lank moes ons twee keer op 'n dag op parade gaan. Ons het al net begin omgekrap te voel, toe 'n paar honderd Matabeles op 'n dag die fort nader. Elke man was op sy pos. Dr. Jameson, die naturellekommissaris, mnr. Jack Bribant, en lord Pollard het hulle toegemoet gegaan. Die Matabeleleier vra wat die bedoeling is dat die manne so gereed staan met hul gewere. Jameson antwoord dat as hulle nie die Makalakas alleen laat nie, en as hy nie twee-uur daardie middag oor die lyn is nie, hy hom sou wys wat hierdie manne kon doen. Die leier het omgedraai en verdwyn. Nadat die impie omtrent ses myl weg was, het 'n perde-kommando hulle agtervolg. Die twee partye het slaags geraak en omtrent dertig Kaffers is doodgeskiet, o.a. ook die leier. Sy ring en vere is na die laer gebring.

„Net voor hierdie opflikkering het die offisier op 'n môre vrywilligers gevra om saam met Wilson se party te gaan. Al was ek net sestien jaar oud, wou ek ook my hand opsteek. Maar net toe ek dit wou doen, het my vader, wat agter my gestaan het, my aan my baadjie gegryp en gesê: „Moenie! Dis dwaasheid van hierdie mense! Die Kaffers sal almal doodmaak”

Eers later, nadat ons gehoor het van die treurige einde van hierdie manne, en dat my vader se voorspelling waar geword het, kon ek met dankbaarheid terugdink aan sy woorde."

Onderwyl die trek op Fort Victoria moes staan, het hulle in aanraking gekom met die gesin Moolman. Mnr. Jan Moolman het vriende ontmoet wat op pad was na Gazaland, en hulle het hom vertel watter mooi en goeie plek dit is. Hy was juis op weg na mnr. Moodie. Mnr. Moolman het besluit om in der haas te perd af te reis na die landstreek om te gaan kyk of dit alles waar is wat hy gehoor het. Hy het teruggekom en alles beaam. Hy het met dr. Jameson gepraat oor sy voorneme om ook na hierdie groen land te trek.

„Dit was juis 'n droë tyd van die jaar," vertel mnr. J. Webster verder, „en toe ons hoor dat die wêreld so mooi en groen is in daardie deel, het my vader hom laat ompraat. Dr. Jameson het ons plase belowe en ons aangesê om na Dunbar Moodie te gaan. Hy het my ook 'n plaas belowe. Verder het met ons saamgetrek oor die pad wat so moeilik deur die dapper voorgangers gemaak is, 'n sekere Piet Lourens en Johannes Bezuidenhout, asook 'n wa met Engelsprekendes, waaronder John Baltyne."

Die geselskap het op 30 Augustus 1893 op Waterval aangekom en die Moodies daar aangetref. Mnr. Moolman het vir hom omtrent ses myl verder 'n plaas gepe (Nooitgedacht) en mnr. Webster in die rigting van Mozzerezi, ongelukkig in Portugese gebied. Daar

het hulle omtrent twee maande gebly. „My vader," so vertel Thomas Webster, „het in die Portugese gebied verongeluk, net toe ons die land ons tuiste wou begin maak. Dit was net anderkant Chipungabira. 'n Engelse sendeling, mnr. Burgin, wat 'n groot vriend van my ouers was, het by ons gekuier. Daardie aand wou die leeus die donkies vang en my vader en mnr. Burgin het uitgegaan om hulle te skiet. Die leeus het gevlug. Hul plan was om die volgende dag buffels te gaan skiet, en die sendeling het sonder meer sy geweer met patrone so neergesit. My pa sê toe vir hom dat hy sy geweer



*Joseph Webster as sersant  
voor sy vertrek na Gazaland.*

aan die Kaffers sou gee om saam te gaan, want hy had nie tyd nie. Terwyl my pa besig was om die Kaffers te wys hoe om met die geweer te werk, het mnr. Burgin in die deur gesit en sy geweer skoongemaak. Meteens gaan die skoot af en tref my vader deur die hart."

Op hierdie tragiese wyse is die eerste lewe uit die trekke in die ontginningspogings van Gazaland ingeskiet.

„Ek en Jurie Moolman," gaan mnr. John Webster, wat toe die leiding van die gesin op hom moes neem, voort, „het toe omtrent 150 myl in Portugese gebied ingegaan, om die Amerikaanse sendelinge se goed van Malata na Mt. Silinda te bring. Ons moes pad kap deur 'n streek wat verpes was met die tsetsevlieg, maar dit het ons ongelukkig nie geweet nie. Met 'n swaar gesukkel het ons die goed op hul bestemming gekry, maar dit het ons ses osse gekos. Toe ons vir die tweede maal af is na Beira en weer tuis kom, het al ons osse gevrek."



*Sarah, eggenote van Joseph Webster. Sy was 'n mooi Gabey van Grahamstad.*

Mevrou Webster kon dit daar so alleen nie uithou nie en het aansoek gedoen om die plaas „The Meadows" in die distrik Melsetter. Hier het sy die lief en leed saam met haar ander landgenote deurgemaak en dikwels baie myle geloop om hulp aan siekes te verskaf. Op 84-jarige ouderdom het sy haar eerste en laaste siekbed gehad, toe sy in die hospitaal te Mt. Silinda dood is.

Die ander gesinne het versprei vanaf Waterval, en toe het die swaar ook vir hulle begin. Hartkopff het dit te moeilik gevind en is na Salisbury, waar hy die volgende winter dood is. Lourens en Bezuidenhout is in dieselfde tyd terug na die Transvaal. Oubaas Moolman het aangebly en is in 1919 oorlede.

#### LEDE VAN DIE MOOLMAN-WEBSTER-TREK.

Johan Nicolaas en Catherine E. F. Moolman en kinders:

Jurie, Hendrik, Lettie.

Johannes Hartkopff.

Piet Lourens.

Joseph T. en Sarah Webster en kinders:

John T., William G., M. Anna, Louisa, Mary Alice.

Johannes Bezuidenhout.

John Ballantyne.


Jakens.

Lecorno.

### Hoofstuk 6

#### DIE EDENBURG-TREK (1894)

'n **A**NDER landboutrek wat in 1894 die land ingekom het, was die Edenburg-trek. Die nuus vanuit Gazaland laat in die jaar 1893 het ook in daardie distrik die gemoedere gaande gemaak. Die heer Rhodes het natuurlik teen hierdie tyd die waarde van Rhodesië sterk gepropageer, agente het probeer spekulereer en geskrifte is versprei. Die feit dat grond soms teen 1s. 6d. per morg aangebied is, was genoeg om mense van hul tuistes te lok.



*Alfred Samuel Gifford,  
leier van die Eden-  
burg-trek.*

Ook in Edenburg is vergaderings gehou en drie manne afgevaardig om die land te gaan besigtig en om oor die moontlikhede, ens., te rapporteer. Hulle was Cannell, Grootwahl en Swanepoel. Hul onkoste is vergoed deur die aspirant-trekkers. Op hul tog na die Noorde het hulle dr. Jameson ontmoet en hy het hulle sterk aangeraai om grond in die oostelike distrikte te gaan bewoon. Daarna is hul na mnr. Moodie se plaas Waterval, wat, al was dit nog

minder as 'n jaar bewoon, daar reeds agtermekaar uitgesien het. Dit was ook die hoofkwartier van die B.S.A.-Maatskappy in hierdie distrik. Met 'n baie gunstige indruk van die moontlikhede van die boerdery en die lewe in die algemeen is hulle terug om te vertel van „heuning en melk, van seekoeie en vrugbare oeste.”

Die leier van die trek was Alfred Samuel Gifford, hoewel hy nie as sodanig beskou wou word nie. Hy het georganiseer en die

name opgeneem van dié wat wou saamtrek. Voorbereidsels is gemaak, waens gebou, raad gevra of van die hand gewys; ja, selfs die geskiedenis van die Groot Trek is bestudeer.

Gretig het almal geluister na die geringste brokkie nuus van die land, en oral is daar net gepraat van die trek; want so 'n gebeurtenis vind nie aldag plaas op hierdie dorpies nie. Voor die vertrek is 'n diens in die Ned. Geref. Kerk gehou, en dit was net die ene opgewondenheid toe die dominee oor die land „Gaza” begin preek.

Prudence Gifford, die dogter, het gedink aan die kinders en het boeke vir die onderwys van die Trekkerkinders by haar hoofonderwyser gaan vra, en also 'n geleentheid geskep wat enig was vir baie of die meeste van die kinders wat die land binnegetrek het.

Om elfuur die môre van 13 Maart 1894 het die trek 'n aanvang geneem. Die burgers het gewapend op hul perde gekom, vlae het gewapper, toesprake is gehou, gebede opgestuur, liedere gesing en met 'n geklap van swepe is die trek weg.

By die tien waens was daar 34 mense: Engelse van oorsee en plaaslik, en 'n klompie boere. Die meeste van hierdie mense het geen denkbeeld gehad van wat hulle aanpak nie. Baie van hulle het nog nooit met 'n wa gewerk nie, en het van boerdery as sodanig nog minder geweet. Gifford en Herbst het met noukeurige omslagtigheid hul watente buite groen geverf en binne ligrooi, gerieflike beddens daarin geplaas, en selfs gesorg dat daar 'n venster was! Die ander was egter gewone langtent-waens.

Moeg en ongewoond aan sulke eise, het hulle die eerste aand uitgekamp. Die volgende môre is die donkies en van die beste weg en die mense lusteloos om te gaan seek. Om alles te kroon, word mev. Gifford flou, iets wat van toe af nogal 'n baie algemene voorval was.

Stadig trek die waens voort deur dik sand, en soms modder, om ná twee weke by Kimberley aan te kom. Vandaar volg hulle die grootpad na Vryburg. Maar toe begin dit reën. Waens het bly staan; klere, kos en tente was papnat; en boonop begin van die trekdiere te vrek. Aan hulle is vertel dat osse aan bossiekte in Noord-Transvaal sou vrek, en dus het hulle meestal met donkies getrek. Die arme goed was nie meer doeltreffend nie, en ook nie minder vatbaar vir siektes nie. Soveel van hulle het langs die pad bly lê dat meer perde en donkies moes bygekoop word nog voordat hulle Vryburg bereik het.

President Kruger wou nie aan hierdie mense die reg verleen om deur Transvaal te trek nie, omdat hulle soveel gewere en ammunisie saamgevat het; hulle moes dus met die lang ompad

al langs die grens van die Republiek trek. Toe hulle op 'n keer oor die grens moes gaan, is hulle begelei geword deur twee polisiekonstabels wat hulle net 24 uur gegee het om oor te trek.

Maar die diere het nog steeds verminder en dié wat oorgebly het, is deur longsiekte aangetas. Nadat hulle Pilala verlaat het, is ook van die beste koeie dood. Toe hulle eindelijk by die Macloutsierivier aankom, was die meeste van die diere al dood en die donkies te min om die waens te trek. Die paar bediendes wat tot sover behulpsaam was met die praktiese deel van die trek, het hier gehoor van 'n „gevreesde” siekte en het die trek verlaat. Ook is gerugte versprei van die moorddadige Matabeles. Wat oorgebly het van die donkies, is hier verkoop en Matabele-osse, wat in 1893 van die inboorlinge geneem is, van die B.S.A.-Maatskappy aangekoop. Die span ongeleerde jongosse in Gifford se wa het so tekere gegaan en so woes oor veld en sloot gehardloop met die wa, dat kettings, remme, jukke en skeie gebreek is. By die eerste die beste uitspanplek moes hulle 'n paar dae versuim om weer skeie te maak. Hier maak hulle toe kennis met die bosluis („dust-tick”) wat in die droë gras hou, en moes trek uit hierdie streek.

By die Tokwanirivier het mev. Gifford die lewe geskenk aan 'n seun en dus het die betrokke waens en die broers Scott hier 'n rukkie vertoef terwyl die res voort is na Fort Victoria. Daar het hulle weer bymekaar aangesluit en het hulle eers die Zimbabwe gaan besigtig. Destyds was daar nog net die grondhope en omgetuimelde klipmure, asook die groot klipmuur om die Tempel, te sien.

Dit het amper ses maande vereis om hierdie deel van die trek af te lê, en die kos en ander ware was natuurlik op. Op Fort Victoria is bygevolg voorrade ingesamel, en met nuwe moed en meer wysheid is die nuwe skof aanvaar. Dit pad was party plekke oorgroei en skaars herkenbaar, en barbare het hulle agter byna elke boom aangegaan. Voor hulle was net die wilde onbekende en die onheilspellende groot, kaal granietkoppe. Bo-op Amenshoogte het hulle stilgehou. Kon die Moodies ooit hier af? Die pad waarlangs hulle afgegaan het, was nie sigbaar nie. Maar as die Moodies daar kon af, dan hulle ook! Dit was huns insiens net 'n skerp regaf granietkoppie wat voor was, en die pad het natuurlik hier afgegaan. Die osse word uitgespan, die disselboom aan die wa vasgebind—en die wa 'n stoot gegee! Met 'n dowwe, krakende geluid het die waens die een ná die ander onder beland, waar dae aan herstelwerk bestee moes word.

Voorts is die trekke deur die Sabi en Tanganda, deur die sand, bosse and riviere. Sonder broeke en met hemde wat op die water drywe, het die mans die een span ná die ander deurgedryf.

Aangenaam was die verrassing toe hulle aan die voet van Driespanberg mnr. Moodie ontmoet, aan wie Kaffers vertel het dat hulle aan die kom was. Hy het 'n ekstra span osse saamgebring om hulle die berg-uit te help.

Op 9 September 1894 kom hulle by Waterval aan. Die ontnugtering toe hulle daar aanland en sien dat die land nie juis van melk en heuning vloei nie, het baie teleurgestel laat voel, maar aan omdraai was daar nou nie te dink nie.

Dr. Jameson, so word beweer, het aan Moodie gesê om die Edenburg-trek so ver moontlik oos te skuif, sodat met 'n meer definitiewe bepaling van grense baie plase in die Portugese gebied geval het.

En so het 'n ander trek sy spore in die oostelike dele ingetrap!



*Emma (gebore Glauz)  
eggenote van A. S.  
Gifford.*

#### LEDE VAN DIE EDENBURG-TREK.

Alfred Samuel en Emma Glauz Gifford (leier) en kinders:  
Prudence Mary, Edith Maud, Alice, Alfred Johann, Margaret  
Annie.

Johann en Sarah Herbst en kinders:  
Elizabeth, Johann, Molly (+ 2?)

Clifford en Molly Cannell en kinders:  
Reginald, Alice, Arthur.

Michael Herbst.

J. Pienaar.

Angus Rubridge.

Van der Walt en 2 kinders.

John Walker Scott.

William Edward Scott.

Emil Grootwahl.

Katrina Grootwahl.

Hulett.

Swanepoel.

Webster.

Sauer.

E. Dörking.


Daniel Nel, sy vrou en drie kinders.

Frank Cannell.

## Hoofstuk 7

## DIE MYNHARDT-UTRECHT-TREK (1894)

IN die ruwe boswêreld agter die massiewe rotsberg Mapembi, „vanwaar jy orals kan sien,” bly tant Letta Mynhardt en oom Jan Mynhardt (oom Rooi Jan) met hul seun, wie se trekkersbloed hom verder noord gedryf het om 'n bruid in Kenia te gaan soek.



*Trekleier Johannes  
Tobias Mynhardt.*

Dit is sy tweede plaas. Sy eerste was in die distrik Chipinga-Melsetter, waarheen hulle kort ná Tom Moodie getrek het.

Oorspronklik afkomstig uit die distrik Winburg, trek sy vader gedurende 'n groot droogte van agtien maande na Utrecht. Dit het met hulle nie te goed gegaan nie, want, al was hulle veeboere, het hulle nie juis baie geld daaruit gemaak nie. Daar het sy vader, Johannes Tobias Mynhardt, van Gazaland gehoor. Ernst du Plessis het in die tussentyd weer teruggekom om met 'n buurmeisie van die Mynhardts te trou, en hy het hulle van hierdie land van „melk en

heuning” vertel. Hy het hulle vertel dat dit 'n goeie land is en 'n mooi land, en dat hulle nie moes versuim nie.

Hulle het daar en dan besluit om ook te trek. Geld het hulle nie juis gehad nie en Johannes Tobias Mynhardt, sy twee seuns en skoonseun is toe na twee Engelse broers Alltaker, wat 'n besigheid op Dundee by Balderspruit gehad het, om geld op te neem. Die kêrels het hulle toe sonder sekuriteit gehelp met £300 aan kos, trekgoed, ander ware en kontant. Die gulhartigheid van hierdie manne was bowe verwagting. Al wat hulle gevra het, was dat die boere maar weer na hulle moes kom as dit met hulle sleg gaan in die vreemde!

Op 29 Maart 1894 staan die trek klaar om te gaan; die trekkers self is opgeruimd. 'n Afskeidsbiduur word gehou en verskeie boodskappe afgelewer. Een oubaas sê aan hulle: „as daar oorbietjies is, kan julle daar bly; so nie, moet julle terug-

kom;" want waar 'n oorbietjie is, is dit gesond, het hulle beweer. 'n Buurman, Bouwer, het gevra dat as hulle sy skoonvader, mnr. Vermaak, wat met 'n honderd mense daar weg is, kry, hulle tog vir die mense moes sê om terug te kom.

„Wat die oorbietjies betref," skryf oom Jan, „het dit hier gewemel. Ek het orals na Vermaak verneem, ook langs die pad, maar nêrens het ons iets van hom gehoor nie. Niemand skyn van hom en sy honderd mense iets te geweet het nie, en hulle is vermoedelik deur inboorlinge om die lewe gebring."

Oom Jan vertel verder:

„Onder hande- en sweepegklap, onder die wuif van wit vlae, doeke, lakens en spieëls van die klomp gawe bure o.m. die Potgieters, Humans en Ferreiras—wat nie wou hê ons moes trek nie, het my vader, die leier van die trek, ons aangesê om te beweeg. By die wegtrek was daar nie soveel mense nie, maar my vader het reëlings getref dat ander mense langs die pad by ons aansluit, sodat daar op die pad 54 siele was, met 14 waens."

Die lewende hawe het in 'n wolk van stof gevolg, terwyl die inboorlinge hierdie malheid van die witmense nie kon verstaan nie. Hulle het darem daarin geslaag om een ou Zoeloe-Kaffer as beeswagter te kry.

By Charlestown en Honderivier sluit nog drie ongetroude mans by die trek aan. „Die kwynende somer en die geelwordende veld, het maar min voedsel vir die diere verskaf," skryf tant Letta, „en daar was baie oponthoud terwyl die vee moes suip en vreet."

Hulle trek tot duskant die Vaalrivier, by Môreson, waar hulle Labuschagne, wat vooruit getrek het van Utrecht af, ingehaal het. Hy het hom by die trek gevoeg, hoewel hy leier van sy waens gebly het. Ook Odendaal en sy gesin het hier by die trek aangesluit.

Terwyl hulle in die nag deur die Vaalrivier trek, vind hulle uit dat hul enigste diensbode die hasepad gekies het. Die mans moes daarna beurte maak om self die vee aan te ja. Hulle trek toe voort na Nylstroom, waar Theuns de Beer en sy gesin by die trek aansluit. Daar word nogal baie grappies van hul dogter Sina vertel. Op 'n dag het sy met 'n haelgewer gaan fisante skiet. Toe sy so ingedagte loop, vlieg daar 'n klomp fisante voor haar op, maar sy het so geskrik dat sy meteens vassteek en kon sê: „As ek nou 'n geweer gehad het, skiet ek julle algar dood!" Marthinus Mynhardt, die jongste seun van die oubaas, het op 'n aand na haar gevry naby die Sabi. Die leeus was hier nogal astant en storm die wasgoed wat aan die takke hang. Die twee het so geskrik en geskree, dat hulle die vryery skoon vergeet het. Later het sy met 'n Engelsman,

McPherson getrou, wat geen woord Afrikaans kon praat nie. Sy, weer, kon nie Engels praat nie. Toe vra hy haar maar in die soort kombuis-Kaffer wat hulle aangeleer het: „Wena funa mina?” (Wil jy my hê) en sy het geantwoord: „Ja, mina funa wena sterrek” (baie).

Hier is 'n baba gebore aan een van die gesinne, en nadat hulle vyftien dae gestaan het, is die lang tou tentwaens weer kronkelend voort oor die klipperige en ongelyke pad na die Palalarivier, wat in die Krokodilrivier loop; daar het hulle by Mieliefontein Louwtjie de Klerk met sy vrou en vyf kinders raakgehoop. Hulle het saam getrek tot op Fort Victoria, waar hulle weggedraai het na die Charter-distrik, maar nooit weer is iets van hulle gehoor nie. Toe hulle by die Krokodilrivier kom, ontmoet hulle die Grootwahls en Herbst, wat van die opstandige Kaffers gevlug het.

„Ons het dikwels die doem-doem van hul tamboere gehoor,” skryf mev. Mynhardt, „totdat ons op 'n dag 'n kommando van negehonderd man teëgekome het op pad na die Kaffers om 'n soort rebellie te demp. Nadat hulle ons gewaarsku het, het hulle voortgegaan. Teen sonder daardie aand bereik die aaklige geluid van naderende tamboere ons ore—'n boodskap wat ons nie kon verstaan nie! Daardie nag het geen siel 'n oog toege- maak nie, elke oor gespits vir die geringste geluidjie. 'n Hond se blaf, of die gesnuif van 'n rustelose bees, het ons harte vinniger laat klop. Met my baba styf in my pynende arms, het ek die eerste strale van die dagbreek die ooste sien verlig. Hoe dankbaar het ek nie gevoel teenoor God vir ons veiligheid nie! 'n Ander kommando het intussen bygekome en ons gewaarsku om maar liewers van die pad af te draai. Agt of nege dae lank het ons saam met die kommando deur die woeste wêreld getrek.”

„Ek onthou nog,” vertel oom Jan, „hoe een man voor in die kommando gesê het: „Ek gaan swart-wildebeeste skiet,” en hoe die berig later deurgekom het dat hy onder die eerstes was wat geval het toe hulle later werklik met die barbare in aanraking gekom het.

„Ons is al langs die Krokodilrivier af en het seker 2½ maande gevlug-trek, met die gevolg dat ons later glad geen deurgang kon kry nie en ons heeltemal uit ons rigting langs die Soutpansberg geraak het. By Groblersdrift, genoem na die man wat van Transvaal opgekome het om met Lobengula te onderhandel en hier deur Kaffers vermoor is, het ons 'n paar jagters teëgekome, o.m. ene Snyders. Ek en my vrou was egter oortuig dat hierdie mense nie werklik jagters was nie. Hulle het by voorbeeld somaar klompe bokke op 'n dag geskiet net vir die pret en om te wys hoe goed hulle kan skiet. Dan laat hulle die diere net

só lê. So het hulle op 'n Vrydagaand sewe elande daar om die kamp geskiet en laat lê. Die volgende môre was daar nie een nie, die leeus het sonder veel inspanning en onrus hulself verlustig in die baie vleis. Sulke leeus het gereeld die jagters gevolg met die hoop dat hulle iets vir niks sou kry en het later ook die ander trekkers gemolesteer. In elk geval, die mense het ons iets vertel van Grobler en dat sy graf oorkant die rivier was."



*Anna Cornelia (geb. De Lange) eggenote van J. T. Mynhardt.*

Nadat hulle byna moed opgegee het, het hulle weer op 'n dag by twee ou jagters uitgekom, 'n Van Rooyen en 'n Rossouw. Hulle was uitstekende en bekende jagters en het die trekkers 'n paadjie beduie wat êrens deur die rivier gaan. Die plek is toe besigtig, maar 'n pad moes eers gemaak word. Oom Jan, sy broer, De Beer en 'n swartskepsel wat by Labuschagne was, het 'n dag gewerk om 'n soort deurgang deur die rivier en aan die ander kant uit moontlik te maak. Die hele Vrydag het hulle geswoeg en daarop besluit om Saterdag te probeer deurkom. Op 'n vorige geleentheid kon hulle glad nie deur nie en die volgende keer het hulle twintig osse voor Marthinus Mynhardt se wa gespan. Oom Jan het as touleier voorgegaan. Hy moes spat om voor te bly. Die ander het hom later vertel van krokodille wat daar rondgeswem het. Hy het hulle nie gesien nie. „Ook maar net so goed, want ek is nie seker of ek onder daardie omstandighede voor die tou sou gebly het nie," is oom Jan se kommentaar.

Nadat hy egter 'n vyftien of twintig tree in was, het die wa omgeslaan. Alles moes weer teruggesleep word. 'n Paar dae later het hulle nog 'n keer probeer en gesukkel, toe die leier die blink gedagte kry om vier vate onder die bak te sit om te kyk of die wa nie bo wou bly nie, maar ook dit het niks gehelp nie. Maar dié Saterdagoggend lyk sake darem gunstig. Die ondervinding van die vorige twee probeerslae het hulle hier gehelp. Lang stukke hout is onder die goed ingestee om dit hoër te lig en oom Jan se wa is toe eerste in. „Ek was op die wa," vertel tant Letta, „en vir my was dit 'n vreeslike beproewing. Die helfte van die goed moes eers afgelaai word, en in die rivier is die water feitlik bo-oor alles, ook oor my. Ek kon nie help om wanhopig uit te roep nie: ‚Vat maar, ek is dood!‘ Maar wat, ons het geskree en gehelp en so is ons eindelijk anderkant uit! Watter verligting was dit nie!

„Daarna is die ander helfte oorgebring en toe Odendaal se goed, en daarmee was die Saterdag ook heen. 'n Mens sou nou dink dat ons Sondag verder sou trek, maar daarvan wou my vader nie hoor nie. Hy was baie beslis dat Sondag 'n rusdag is. So het ons die dag gestaan met 'n paar waens aan die oorkant en 'n paar duskant! Na gewoonte is op dié dag twee dienste gehou, een deur oom Tobias en een deur De Klerk. Die volgende dag is die res van die trek deurgehelp.

„Dit was 'n toertjie daardie wat alleen oorskadu is deur die doodswolke oor my huis toe ons in Gazaland aangekom het. Hoe dikwels het die mans nie met hul lang boerswepe die water geslaan om die diepte te probeer peil nie. En dan sien ons eers twee ronde groen ‚krale‘ verskyn, en daar weer twee. Spoedig het die modderige water gekrioel van krokodille met hul skurwe rugge glinsterend in die son. Dae lank was hierdie afskuwelike goed ons geselskap. Hulle het ook my vader se beste melkkoei, ou Donkermuis, na onder getrek terwyl sy onverhoeds op 'n dag gestaan en drink het. Toe ons die beeste die dag deurgebring het, het sewe in 'n maalstroom verdrink; dit was pateties om hulle al in die rondte te sien swem en eindelijk onder te verdwyn.”

Tog was daar ook vergoeding. Oom Willem Odendaal was b.v. baie lief vir skilpaaie en het altyd die seuns aangemoedig om tog vir hom dié lekker kos te bring as hulle een kry. Op 'n dag het hy 'n klomp in 'n gat gehad en vuur onder gemaak. Toe hy later gaan om sy heerlike wildbrand te eet, het almal uitgekruip en die pad gevat tot die teleurstelling van ons ou vriend, maar tot groot vermaak van die ander. Die laaste wa wat deurgestaan het, het 'n vat botter van oom Hans en tant Dirk op gehad. Die vaatjie raak egter los en daar gaan hy die stroom af. Van alle kante word „Keer! Keer!” geskree, en gelukkig spoel hy teen die riete vas.

„Piet gaan haal die botter,” skree oom Hans.

„Nee, Oom, die krokodille sal my vang,” was Piet se antwoord.


Hulle het toe die bok van die wa op die leë vate laat aandryf tot by die riete en die botter gered.

Die kinders moes natuurlik help beeste aanjaag van Utrecht af tot by Waterval. Menigmaal moes die dag in angs deurgebring word as hulle deur die woesteny sukkel, want hulle was maar baie jonk. Moeg en dors ná die dag se skof, was hulle seker die blyste as dit uitspantyd was sodat hulle ook 'n kansie kan kry om in die watent te rus. Hoe verskeurd, gestamp en bebloed het hulle nie „dankie Vader” gesê as die geroep opklink: „Tot

hiertoe en nie verder nie." Deur die blouhaak-en-steekdoring moes hulle die vee laat wei en in die aand weer veilig by die trek besorg.

„Ja, Afrikaner, en die veld was woes!" het oom Jan besluit.

Op 'n aand was 'n koei weg, en al wat mens kon sien, was net bosse en Kaffers. „My Pa," vertel Jan Mynhardt, „was net lelik kwaad en ek willig toe in om terug te gaan en die koei te gaan soek as iemand my vrou sou help. Waar nou gaan soek? Die dag was bloedig warm en die beeste was so dors dat hulle die grond geëet het. Met my perd het ek deur ruigtes aan die een kant gevleg en langs Kafferlande aan die ander kant, vol kafferkoring. Ook maar skrikkerig en oortuig dat ek te veel op my geneem het om die vervlakste koei te gaan soek, ry ek rond en bont, maar ek vind geen bees nie. „Pure bog," sê ek naderhand en besluit om om te draai. Toe ek so 'n ent teruggery het, hoor ek skielik 'n singery wat darem nie soos dié van 'n barbaar geklink het nie. Versigtig het ek stilgehou, nader gekruip en my broer gewaar. Ek het 'n harde skree gegee en die kêrel amper op sy rug laat val! Hy het na my kom soek. Op pad terug, kry ons 'n klomp van Labuschagne se beeste en naderhand die koei en die kalf, wat ongelukkig later neergeval het. Eindelik kom ons by gate waar die trekosse gedrink het en nadat ons die beeste laat suip het, is ons vort. Teen dié tyd was ons al baie ver agter en ook die joos in dat die beeste so stadig loop en ons so honger is. Later die nag kom ons verby 'n Kafferstat, waar 'n ou Kaffer ons tegemoet kom en berig dat die „miesies" daar vir ons koffie laat staan het. In daardie tyd het ons 'n môre- en aandskof gehad en dis daarom dat die trek steeds voor gery het. Twaalfuur die nag was my geduld op. „Laat vrek die goed, of anders vrek ek netnou van die honger," sê ek vir my broer. Ons het die vee ook daar en dan laat staan en as iemand kon gesien het, sou hy net 'n stofwolk agter ons perde gewaar het soos ons terugja wa-toe asof die duiwel en al sy geeste uit die Kafferkraal agter ons was. Die volgende môre was die beeste by die waens."



Oom Jan Mynhardt.

Die trek het van die Limpopo voortgegaan op die pad, maar dit was glad nie eentonig nie. Leeus het dikwels tot naby die krale gekom, sodat vure daaromheen gemaak moes word. Op 'n aand het oom Tobias skielik op die klomp geskreeu om 'n

koei te kom help wat deur 'n leeu gevang was. Hy het weer geroep, maar niemand het kom help nie, want almal was te bang. Die leeu het al die koei se derms uitgeskeur, maar sy het nog die volgende môre gelewe. Die volgende aand was dit weer wolwe wat die jong kalwers wou vang. Daar was dus genoeg spanning tot op die Lundi, waar Grootwahl agtergebly het. Hy het die trek die heel nag hier wakker gehou deur kort-kort op een of ander gevaar te wys. Hy het klokke om sy donkies se nekke gehang en toe gevra word waarom hy dit doen, het hy die ander ewe slim aangekyk en gesê: „Maar weet julle dan nie dat 'n leeu so bang is vir 'n klok nie? Hy sal nooit 'n donkie met 'n klok vang nie.” Tot watter ontnugtering moes hy die volgende dag kom, toe hy uitvind dat Vuilbaard dertien van sy donkies met klokkies en al doodgebyt het.

By Fort Tuli het hulle 'n klomp volstruise teëgekóm en wou ook somaar skiet. Die laaste skoot was egter mis. Maar daar was ook 'n geluk by die ongeluk toe hulle die volgende dag verneem dat dit verbode was om volstruise te skiet.

Eindelik het hulle by Fort Victoria aangekom, die eerste dorp nadat hulle Nylstroom verlaat het. Ook maar half-onwillig om die nabyheid van die beskawing vir 'n wilde onbekendheid te verlaat, het hulle agt dae daar gebly en weer hul voorrade aangevul.

Daarvandaan was hulle op die pad wat die Moodie-trek net voor hulle gekap het.

Tant Letta skryf:

„'n Pragtige gesig het voor ons verrys: hoë, plat bome, reusagtige kaktusbome, wilde palms, doringbome en bloeisels van alle kleure — wit, rooi, bruin, geel, blou, pers, en klimoppe, deurrank met bobbejaantou. Dit was die Rhodesiese lente. Heerlike heuning was daar vir ons om te neem, terwyl ape en bobbejane steeds hul afkeuring van die diewe laat blyk het. Kremetartbome, majestueus in hul grootsheid, het oral as brandwagte tussen die ander bome gestaan.”

Die vroue moes dikwels help tou lei. Tant Letta skryf hieroor:

„My baba het ek soos in 'n hangmat bo in die watent vasgemaak. Oor klippe, miershope en deur slote het ons gerommel van vroeg tot laat, en net gerus om ons gewillige diere te verfris. Baie keer moes ek vinnig opsy spring vir 'n groot slang. Op en af het dit gegaan. By die afdraendes moes ek hardloop om die breek aan te draai, terwyl elke spier in my liggaam gespanne is, my oë gevestig op die swaaiende bondel in die watent. Met hande vol blare moes ek die stramme breek

stewig vashou totdat ek voel asof my arms van my liggaam wil afskeur."

Op 'n dag moes sy weer gaan tou vat, maar het verseg om dit te doen solank daardie rooi os, Drieberg, nog voor was. „Ek het vir my ouman gesê hy moet die os naasvoor span, maar hy wou nie. „Dan sal ek nie tou vat nie,' sê ek. „Jy sal maar moet,' vervolg my man, en ek was verplig om dit te doen. Maar dit was nie hoelank nie of Drieberg pomp my in die ribbes, soos hy al voorheen ook probeer doen het. Dis nie te lank nie, of dis weer so! Toe word ek kwaad, gooi die tou op en skree op my ouman om dit te kom vat. Ons het altyd voor getrek, en met die haak-en-steek voor en Drieberg agter het die speletjie darem te onaangenaam vir enige redelike vroumens geword. „En ek sal die sweep vat,' voeg ek by. My ouman moes kom. Ek kon goed dryf. Dit was dan ook toe ek vir Drieberg so van agter piets dat hy my ou man begin pomp, nog 'n raps en hy pomp weer van anderkant, en toe nog 'n slag of twee al in die ribbes. Toe kon Jan gou genoeg vir my skree om stil te hou sodat hy Drieberg naasvoor kon span."



*Tante Letta Mynhardt  
(geb. Kok).*

Die eerste vrou van Labuschagne het eenslag vasgesit in die haak-en-steekdoring. Die osse het haar gruwelik heen en weer geruk. Hulle moes haar uittrek om haar los te kry. „As iemand wil weet waarlangs ons getrek het," was een vrou se woorde, „dan kan hy net op die stukke rokke wat in die haak-en-steekdoring bly sit het, afgaan."

Die Kaffers het 'n hele paar beeste op hierdie deel van die pad gesteel. Sommige kere het die trek die Moodie-pad gevolg, dan weer moes hulle uitspan en pad kap deur die bosse. Die trek was tevrede met wat die leier gedoen het. Hy was 'n streng godsdienstige man en wakker daarby. „Al het hy ook tien seuns, is daar nie een wat by sy hakskene kan kom nie," het hulle van hom gesê. Hy was 'n streng man, maar regverdig, en het geen kullery verdra nie. Hy het altyd probeer om vir ander die lewe aangenaam te maak.

Die volgende drinkplek was die groot Sabirivier, die tuiste van die seekoei en die krokodil. Ook maar gretig om hul bestemming te bereik, het hulle nie lank daar versuim nie, maar is voort deur die hoë olifantsgras, wat tot by die tente reik.

Daarna trek hulle deur nog pragtige landskappe na die Tanganda-rivier en oor Driespanberg en Trommeldraai (so genoem omdat 'n trommel werksgoed van een van die vrouens uitgeval het toe die wa se voorwiel gebreek het).

Naby Waterval het die Moodie-mense die trek tegemoet gekom. Die trekkers was baie bly om die mense weer te sien. In Oktober bereik die trek dus die middelpunt van hul doel, nl. Waterval. Daarvandaan is die trek nog 'n entjie verder na die verkwikkende Buzirivier, waar hulle bykans drie maande gewag het op Dunbar Moodie.

Kersfees het gekom en gegaan, maar daar was geen klokke om hulle kerk-toe te nooi nie; net die gonsende musiek van duisende muskiete, wat eweneens die ou jaar uit en die nuwe jaar ingesing het. Die plons van die krokodil in die water en die skree van die nagapies in die stilte van die nag was hul Nuwejaarsboodskappe, wat ook 'n ou lewe vir goed afgesny het.

Die Moodies was baie gaaf vir hulle. Die nuwe trekkers was gelukkig om in besit te kom van 'n paar van die twaalf plase wat oorspronklik aan Swanepoel gegee is. Hy het dit nie geokkupeer nie. Hulle was baie dank verskuldig aan oom Tobias Mynhardt dat hy hulle sover gebring het en nou aangeemoedig het om fluks vorentoe te boer.

#### LEDE VAN DIE MYNHARDT-UTRECHT-TREK.

Johannes Tobias en Anna Cornelia Mynhardt en kinders:

Maria Elizabeth Gesina, Aletta Cecilia, Marthinus Gerhardus, Wilhelmina Cornelia.

Johannes Tobias (oom Jan) en Aletta C. (tant Letta) Mynhardt en een dogter.

Barend Jacobus en Talitha C. Mynhardt (Cornelia) en kinders:

Jan T., Annie A., Ewert P., Barend J., Cornelia, Agatha.

Johannes Gerhardus en Christina Maria S. Raath.

#### LEDE VAN DIE UTRECHT-TREK.

Willem N., en Hester S. Odendaal en kinders:

Willem N., Paul C., Dawid P. J., Petrus J., Michiel N., Sannie J.

Dirk en Jacoba Labuschagne en kinders:

Miemie, Kate (Susara), Johanna, Tommy, Nols.

Theunis en Johanna de Beer en kinders:

Jan, Arnoldus, Herklaas, Theuns, Dawid, Piet, Sina.

Theuns en Annie Hamman en Kinders:

Jim, Theunis, Johanna.

Jacobus Kemp.

Piet Fourie.

Maniewel (Manoel).

Louw de Klerk en Jacomina de Klerk en hul kinders:

Louw, Theunis, Sina, Emmie, Wessels.

### Hoofstuk 8

#### DIE MARTIN-TREK (1894)

**A**L het die siel en lewe van hierdie groot trek, Marthinus Jacobus Martin, van Naudelust, Fouriesburg, ook in 1893 van Thomas Moodie gehoor van die nuwe land, moet die oorsprong van die trek self gesoek word in 'n advertensie wat vroeg in Januarie 1893 in *The Friend* van Bloemfontein verskyn het. Daarin stel die heer Joseph Bobbert, agent van die Mosambiek - Maatskappy, 'n sekere gebied van dié Maatskappy se gronde oop vir boere uit die Vrystaat en nooi almal wat enigszins gretig is om 'n trek te oorweeg, om met die Administrateur in verbinding te tree. Marthinus Martin, L.V., het sommige van sy vriende gepels en vanaf Naudelust skryf hy op 30 Januarie 1893 aan



*Trekleier en volksman  
Marthinus Jacobus Martin.*

*Den WelEd. Heer Joseph Bobbert,  
Mapanda, Oostkust, via Durban.*

*WelEd. Heer,*

*Met referte na UEd. Kennisgewing voortkomende in de 'Friend of the Free State', namens de Mozambique Kompagnie, aanbiedende aan Vrystaatsche Afrikaansche Boeren, plaatsen ten groote van 3000 morg grond in de nabyheid van Masakessie, heb ik belangestel; in deze distrik is aan my opgedragen om met UEd. in Correspondentie te treden, om enige informatie te*

*bekomen: Ten eerste zal de Mozambique Komp. enige ondersteuning kan geven aan ene Commissie afgevaardigd door belangstellende uit den Noord en Oostelyke deelen van dezen Staat, om onderzoek in te stellen naar den bevoonbaarheid van voormelde gronden. De ondersteuning die ik meen nodig te zyn, is om die Commissie van gidsen te voorzien vanaf Port Beira of vanaf Masakessie om hen den liggen van het land te wyzen alsook andere noodige en gewenschte informatie te geven.*

*In afwachting op eene spoedige antwoord,*

*Ik heb de eer te zyn,*

*UEd. Dienstwillige dienaar,*

*(w.g.) M. J. MARTIN.*

Dit het egter lank gesloer voordat hy 'n antwoord van Bobbert gekry het en hy skryf daarom vroeg in Februarie aan die Administrateur self (sien bylae 3, i). Maar daarop het hy ook niks gehoor nie en is verplig om op 27 Maart weer aan die Administrateur, Mozambique Komp., Beira, as volg te skryf:

*WelEd. Heer,*

*Het spyt ons dat wy noch niet vereerd is geworden met eene antwoord op ons missive d.d. 14 Februarie. Ik wensch U WelEdele te informeeren dat met betrekking tot den betaling van eene gids en drager vermeld in my brief, wy verwachten niet dat uwe Kompany hen betalen zal: ons Commissie zal alles vereffen. Als U WelEdele Hollandsch sou verstanen, zoude wy ons gemaklyker konden uitdrukken, zynde ons taal. Ik kan uwe WelEdele de verzekering geven dat hier eene groote ontwaking heerscht onder myn Landgenoten (Afrikaansche Boeren) re aangeboden plaatsen te Massa Kessi. Den vriendelyken behandeling en bescherming genoten door onze bloedverwanten en geloofsgenoten te Humphata en Mossamades, heeft ons de vertrouwen gegeven, dat wy veilig ons belangen in handen van uwe Kompagnie en Portugal plaatsen kunnen, mits dat uwe voorwaarden gunstig zyn aan ons belangen.*

*Wy zyn ge-informeerd uit den Transvaal door partyen dat wanneer of indien ons Commissie vertrekken naar Beira, dat een aantal vandaar vertrekken zullen over land naar Massa Kessie om de besten en kortsten weg te besporen met wagens, enz., enz.*

*Hopende dat uwe WelEdele ons vereeren zal met eene antwoord afzonderlyk op ons eerste en dit schryven zoo spoedig mogelyk.*

*Met achting, enz.*

*(w.g.) M. J. MARTIN.*

Hierdie brief is in Engels oorgesit en afgestuur, maar in die tussentyd het die Administrateur al op die 16de sy antwoord gestuur om te sê dat alles in orde is. Vanaf Beira het hy die volgende brief van Bobbert gekry:

*Waarde Heer Martin,*

*Beide uwe briewe dateerd January laastleden, arriveerden hier gelyk, en zyn verblyd te hooren dat enige van myn oude vrienden zich gaarne te woon willen vestigen in Manicaland. Wees verzekerd dat wanneer gy en de Commissie hier aankomt, dat ik my uitersten best zal doen om u te ondersteunen. Goeverneur Machado van de Mocambique Kompagnie is zeer bezorgd dat Vrystaatsche Boeren zich ter woon zoude vestigen in hul grondgebied en zal u behulpzaam zyn. Daar zyn een prachtige stuk land ten Noorden van Massa Kessie waarvan 50 mylen bergachtig is, goed voorzien van water en gezond voor menschen en vee.*

*Het is beter voor u naar Beira te komen via Durban. De Castle Lyn Stoomschip Kompagnie laat eens in de 14 dagen een van hare skeepen tusschen Beira en Durban loopen; de Union Lyn 1; King en Son 1; Benni en Son 1; Clan Lyn 1; en de Bucknall Lyn een per maand. Ik ben haastig om deze in tyd te posten voor den uitgaande Deutsche boot.*

*Neem het my niet kwalyk dat myn brief zoo kort is; maar zal u op myn aankomst te Mapanda meer volledig schryven.*

*Geheel de uwe,*

*(w.g.) J. BOBBERT.*

Gewapend met hierdie informasie, kon hy nou dadelik te werk gaan om 'n deputasie af te vaardig om die land te besien met die oog op organisasie vir 'n trek as die land bewoonbaar en die landswette geskik blyk te wees. Hy het kennisgewings aan ander distrikte en aan vriende gestuur (sien Bylae 3, iv) met die gevolg dat op 15 April 1893 'n algemene vergadering belê is, die notule waarvan as volg lees:

„Notulen eener byeenkomst te Bethlehem op Zaterdag avond 15 April 1893 ten huize van den Heer J. C. Cloete ten einde de wenschelykheid te bespreken om eene Commissie te ondersteunen en af te vaardigen naar Manicaland, Portugees grondgebied om naar den bewoonbaarheid van gemelden gronden onderzoek in te stellen, die aangeboden worden door den Mozambique Kompagnie aan Vrystaatsche Boeren (Afrikaansche) en daarover te rapporteeren.

„De Heer M. J. Martin ligt eene gevoerde Correspondentie voor Door hem, met daarop volgende antwoorde.

„Eerstens brief aan J. Bobbert d.d. Naudelust, dist. Bethlehem 30 January 1893, met antwoord d.d. Beira, Oost Kust, 15 Maart 1893.

„Tweeden brief aan Zyn WelEd. den Administrateur der Mozambique Kompagnie d.d. 14 Febr. 1893, met antwoord d.d. Beira 16 Maart 1893.

„Na enige inligting verder gegeven door den Heer Martin, wordt de volgende voorstel gemaakt:

„Voorstel van den Heer Johannes Botha ondersteund door den Heer Ernest Cilliers: Dat den Heer M. J. Martin gekozen worden als Voorsitter van een Commissie bestaande uit drie met hem inbegrepen met verdere macht om twee personen te benoemen, hem te vergezellen naar Manicaland.

„Algemeen aangenomen.

„Voorstel van den Heer J. N. Swart ondersteund door den Heer Ernest Cilliers: Dat eene intekeningslyst geopend worden, voor twee honderd burgers om de Commissie te ondersteunen met niet minder dan voor den som van £2 — twee ponden elk — in te tekenen, met dien verstandhouding dat als de gronden verkrygbaar is, en bewoonbaar zoude zyn, zy de voorkeur rechten hebben zullen.

„Aangenomen.

„Voorstel van den Heer J. E. Serfontein, ondersteund door den heer P. S. Martin: Dat alle Intekeningsgelden op den Lyst betaald moeten worden aan den Heer M. J. Martin of aan de Bestierders van de Bank van Afrika, Bethlehem voor of op 30 Mei 1893.

„Aangenomen.

„Waarop eene lyst geopende worden met den namen en bedragen van twee ponden elk achter den namen van personen opgegeven aan M. J. Martin<sup>19)</sup>.

„De Voorsitter gaf aan den vergadering te kennen dat doordat hy naar den Raad binne kort moeten gaan, hy zich niet verder met deze zaak soude moeien kan, maar zal alles aan den Heer M. A. Heyns opdragen, die eenige byeenkomst en houden zal; en verder om alles te doen om de zaak te bevorderen. De vergadering neemt kennis hiervan, en zal den Heer Heyns, indien noodig hulp geven, om den zaak toe te lichten.

(w.g.) M. J. MARTIN.”

’n Vergadering gehou te Kafferskop, waar Moodie ruim ’n jaar tevore ook een gehou het, het op 19 April op voorstel van

<sup>19)</sup> Beskikbaar—S.P.O.

J. J. Botha hierdie voorstelle goedgekeur. M. A. Heyns (sien bylae 3 iv) het op 18 Mei 'n vergadering te Reitz gehou waarop voorgaande ook alles toegelig en aangeneem is, en waar H. J. Steyn, M. G. Human en C. J. de Jager tot lede van 'n kommissie benoem is om voor 15 Junie rapport te doen en ook verslag te lewer van die ontvange gelde.

Anders as met die Moodie-trek, is al die dokumente van hierdie trek nie bewaar gebly nie, dog mnr. Martin het met sorg die meeste van syne vir die nageslag laat bly.

Al het hy so noukeurig opdrag gegee aan die ander lede om sake te reël onderwyl hy weg was om die Volksraadsitting by te woon, het sake nie goed van stapel geloop nie. Sommige van sy vriende het hom in die steek gelaat. Ná sy terugkoms van die Raadsitting is 'n algemene vergadering gehou, waar vier persone gekies is as 'n kommissie om Gazaland 'n besoek te bring. Hulle was Marthinus Jacobus Martin (van Fouriesburg), Michael Anthonie Heyns (van Fouriesburg), Casper Badenhorst (van Ficksburg) en Cornelius Johannes du Preez (van Senekal). Op 4 Augustus 1893 gaan die deputasie in Durban skeep op die 'Cowland' en oor Delagoabaai na Beira en Portugees-Oos-Afrika. Te Beira het die Goewerneur, Machado, hulle vriendelik ontvang en verlof gegee om Gazaland, 'n deel van Portugees gebied, te besoek. Van Beira het die reis langs die Pungwe na Fontesville, en vandaar oor Chimeya (Chimoyo of Chimoio) na Massi-Kessi (Macequece) gegaan. Op Massi-Kessi aangekom, het geblyk dat die Portugeese nie oor hoëveldplase beskik nie. Hoewel die streke wat hulle besoek het, baie vrugbaar gelyk het, het die deputasie besluit om meer in 'n suidelike rigting te gaan en na hoër en gesonder grond te soek. Die reis is al langs die Brits-Portugees grens voortgesit en ná enige dae het die geselskap tot hul groot vreugde op die plaas wat nou bekend is as 'Clifton', uitgekom. Vandaar het hulle 'n vergesig gehad oor golwende berge en diep dale met strome helder bruisende water, wat hul harte van blydskap laat klop het.

Van die Kaffers het hulle verneem dat daar 'n paar dagreise van waar hulle toe was, in 'n suidelike rigting 'n nedersetting van blanke mense was. Dadelik het hulle besef dat dit nie anders as die Moodie-nedersetting kan wees wat die vorige jaar die Vrystaat verlaat het nie. 'n Gids het hulle oor Buffelsnek en Lemoenkop geneem tot op die plaas wat nou bekend is as 'Cecilton'. Daar hulle van die inboorlinge verstaan het dat dit nog enige dae sou duur eer hulle die Moodie-nedersetting bereik, het die deputasie besluit om in twee te verdeel. Casper Badenhorst en Gaal Heyns het voortgegaan in die ingeslane rigting, terwyl Marthinus Martin en Cornelius du Preez hulle skrede ooswaarts gewend het om die streke langs die Nyahodi-rivier en die Chimanimaniberg te ondersoek. Geen drie uur was

die geselskap geskei nie of eersgenoemdes kom op Watervalberg uit, maar hulle was nog meer verras toe hulle kort daarna die ander lede op die plaas Waterval raakloop, waar Tom Moodie gevestig was. Daar is hulle hartlik verwelkom. Tom Moodie was 'n swaer van Casper Badenhorst en 'n goeie vriend van Gaal Heyns, wat natuurlik 'n tweede rede was vir die vreugde en groot blydschap.<sup>20)</sup>

Ná enige dae het die twee lede, in geselskap van Dunbar Moodie, skoonseun van Tom Moodie en verteenwoordiger van die Brits-Suid-Afrikaanse Maatskappy in Gazaland, hul koers in 'n suidelike rigting langs die Busirivier ingeslaan tot op die plaas Sterling. Gaal Heyns het die plaas vir homself uitgesoek en dit ook so genoem. Ná 'n afwesigheid

van tien dae het hierdie twee lede hulle weer by die ander gevoeg in die nabyheid van wat nou Wolwehoekspruit is, op Rocklands.



*Elizabeth (geb. Du Preez)  
eggenote van die leier  
van die Martin-trek.*

Mnr. Martin het besluit om aansoek te doen om die gronde langs die Chimanimani, soos die reeks berge toe deur hulle genoem is; eintlik was hierdie bergreeks onder die inboorlinge bekend as Mawhenjie (vertaal: klip- of rotsberge). Die lede van die deputasie het egter weinig kennis gedra van die landstaal, en het onder die indruk gekom dat die gebergte, en nie die poort nie, Chimanimani heet, en dis daarom dat dit vandag nog by die blankes so bekend staan.

Vandaar is die reis terug hervat oor genoemde berge na Chimayo (Chimoyo) en na Beira. Martin het aan die Goewerneur gerapporteer dat die grond hom geval; maar toe sou hy uitvind dat hierdie deel van Gazaland Britse gebied is. Op 4 Oktober vertrek die deputasie weer met die Cowland terug na Durban, oor Mhambane en Delagoabaai om ná 'n afwesigheid van iets oor die twee maande weer veilig by huis en haard aan te kom.

<sup>20)</sup> Mnr. Martin het sorgvuldig aantekeninge gemaak van hierdie reis en heelwat daarvan het vir die nageslag bewaar gebly. Hy het ook die trek baie objektief beskryf en die grootste gedeelte van hierdie trek se geskiedenis is ook dan woordelik oorgeskrywe uit notas wat die familieledede goedgegunstiglik aan ons geskenk het.  
—S.P.O.

Ná hul terugkoms het dit egter geblyk dat van die vier afgevaardigdes nog net een besiel was met die gedagte om te trek, nl. Marthinus Martin.

Marthinus Jacobus Martin is in 1851 in die distrik Cradock gebore. Op vroeë ouderdom het hy saam met sy ouers na die distrik Fauresmith getrek. Daar het hy opgegroeï en deelgeneem aan die oorlog teen die Basoeto's. Van Fauresmith het hulle eers na Senekal en later na Bethlehem getrek, waar hy getroud is en op sy plaas Naudelust gaan woon het. Hy het in die politiek begin belangstel en is kort daarna as Volksraadslid vir Bethlehem gekies — 'n pos wat hy baie jare lank beklee het, selfs toe hy die trek na die Noorde op hom geneem het. Hy was altyd bekend as 'n vooruitstrewende lid en het goeie werk in belang van die hele Vrystaat gedoen. Hy was ook bekend as „Koelie Martin”, want dit was meestal aan sy onverfloude ywer jaar ná jaar te danke dat die wetsontwerp aangeneem is tot verwydering en wering van Arabiese handelaars uit die Provinsie.

Nadat hy as 't ware so in die steek gelaat is deur sy mede-afgevaardigdes het hy die organisasie van 'n trek nog sterk bepleit en dit op homself geneem. Aangesien daar nog nie sekerheid was aan wie die gebied Gazaland behoort nie, het hy weer in korrespondensie getree met die Mosambiek-maatskappy en ook met die Administrateur van Mashonaland, mnr. Duncan. Terwyl onderhandelinge met laasgenoemde aan die gang was, het mnr. Martin self na Kimberley afgereis om Rhodes te gaan raadpleeg. Die heer Rhodes het dadelik sy gewilligheid om saam te werk betoon deur die versekering te gee dat hy niks meer sou verwelkom as Boeretrekke na Mashonaland, of na die gebied langs die Chimanimani nie, aangesien die Hollandssprekende Afrikaner altyd sy gesin ook met hom meeneem. Om 'n woeste land te beskaaf was in die eerste plaas nodig die vrou, wat by al haar andere gawes gewis die sedelikheid beïnvloed, was sy opinie. Verder het hy belooft dat die Hollandssprekende Afrikaners verseker kan wees „dat al hul regte, met inbegrip van dié van hul taal, geërbiedig sal word.” Hy het dan ook sy woord gehou, en alleen ná sy afsterwe het sy opvolgers hierdie regte op gewetenlose wyse ingekort, was mnr. Martin se mening.

Op 9 Februarie 1894 ontvang Martin 'n brief van die sekretaris van die B.S.A.-maatskappy te Kaapstad waarin meegedeel word dat aan hom en sy geselskap agt plase in die omtrek van die Chimanimani gegee is. „U hoef u glad nie te bekommer oor die tyd nie,” lui die brief verder, „want mits die land daar oop is, sal ons u baie tyd gee om op te trek; maar terselfdertyd moet u tog nie versuim nie. Dit is 'n goeie deel en ander mag hul oog al daarop hê, maar as dit nou oop is, sal dit

aan u en u mense gegee word. Mnr. Rhodes het besluit om u geen kooppryse te vra nie, maar net om u te laat betaal vir die grond: die gewone jaarlikse erfpag van £1 per 1,000 acres. Mnr. Rhodes is baie geïnteresseerd in u skema en vertrou dat u mense suksesvol sal wees, en ons sterkste ondersteuners op ons oostelike grens sal word."

Dit was net waarvoor Martin gewag het. Hy het sy bedanking as Volksraadslid ingedien en besluit om nie langer uit te stel nie. Vir sy wyk was dit 'n gevoelige verlies, soos blyk uit verskillende adresse wat hom aangebied is. Uit Fouriesburg, wat hy toe in die Raad verteenwoordig het, het daar 'n adres gekom waaruit ons net die volgende wil aanhaal:

„Wy ondergetekende Burgers en vriende ('n lang naamlys volg) . . . uit Bethlehem en Ficksburg . . . moeten in oprechtheid betuigen dat het ons waarlik een leedwezen is UEd. uit ons midden te zien vertrekken. Dat wy uwe dienste als Raadslid van onzen Staat in het algemeen en bysonderen yver voor onze Wyk erkennen, hebben wy getoond door herkiesing en zy zullen steeds in ons geheugen voortleven.

„Nog meer in het bezonder erkennen de om- en inwoners van Fouriesburg dat zy de voorrechten die zy thans genieten met betrekking tot dat dorp, grootlyks aan UEds. streven naar vooruitgang te danken hebben." Verder word hom die beste toegewens.

Uit Bethlehem is o.m. die volgende aan hom gerig:

„Wy, de ondergetekende, UEd. nog steeds erkennende als onze ‚Afgevaardigden naar de binnenlanden van Afrika,‘ kunnen het niet laten by u heengaan naar genoemde binnenlanden, ons op de hiervolgende wyze uit te drukken:

„1e. Het was ons in der waarheid een schok en teleurstelling toen wy uit de nieuwsbladen vernamen dat gy als lid van de H.E. Volksraad bedank heeft, want hoewel gy niet Raadslid van onze Wyk was, kunnen wy tog niet vergeten wat gy gedurende Uw dienstyd voor ons en voor den geheele Staat gedaan heeft. Gy hebt steeds getoond dat gy ons dierbaar gemenebest op het hart draagd, en hebt nooit iets in den Raad gedaan dat in stryd was met de belangen van land en Volk, of tegen onze Republikeinse beginselen. En om deze en vele andere redenen zyn wy van beschouwing UEds. heengaan in de regte zin van des woords ‚EEN VERLIEST‘ is voor de Wyk Wittenberg niet alleen, maar voor den geheele Oranje Vrystaat.

„2e. Nu gy echter vast besloten heeft de Oranje Vrystaat te verlaten, en naar de verre binnenlanden te vertrekken, zullen wy zwygen, en houden wy ons verzekert: ‚Gy zyt geroepen door een hooger hand, namelyk door de Voorzienigheid die het Bestuur

van het gansch heelal in Zyne macht heeft; misschien wil de Heere daar in het verre Noorden Uwe bekwaamheid en krachten gebruiken in belang van land en Volk en om velen daar tot nut en zegen te wezen. Daartoe helpe U de Heere door zyn genade.'

„3e. Nog steeds blyven wy van oordeel dat gy onze ‚Afgevaardigde’ is, en dat gy nog voor den Afrikaansche Volk, en meer bepaald voor den Vrystater doen zal, wat uwe hand vind om te doen. En overtuigd zynde dat gy de ingezetenen van de Wyk Midden Liebenbergvlei nooit vergeten zult: Roepen wy UEd. toe ‚Vaarwel’ en is onze beden en vurige wenschen dat de Heere U en uwe mede reistgenoten zal vergezellen en U met Zyne zegeningen bekronen, en dat Uw trek na dat land mede werke ter uitbreiding van Zyn gezegend Koninkryk.” — Onderteken deur lede van sy ondersteuningskommissie, H. J. Steyn en M. E. Human.

Die kiesers van dieselfde wyk het ook nog onder andere die volgende bygevoeg: . . . „De opoffering door u ten allen tyde betoond voor onze bestwil, zullen wy niet vergeten, en wy vertrouwen dat gy in het land uwer toekomstige wooning, het verre Noorden, altyd u zult betoonen, wat gy onder ons geweest zyt, een oprechte Afrikaner; dat uw leuze steeds mag zyn: Zelfs daar in het verre Noorden de belangen der Afrikaners te behartigen, hunne rechten te beskermen en alles aan te wenden om hen gelyke tred te doen houden met alle beschaafde Volkeren, vooral in echte Godsdienstzin. Wy danken u voor alles wat gy voor ons land, ons district en voor de Wyk Wittebergen als Raads-lid hebt gedaan. Wy danken u voor uwe Vriendelykheid voor uwe oprechte deelneming in het lot uwer medemenschen, en wy bidden den God onzer Vaderen U te beloonen en u rykelyk te zegenen.

„Waar wy mits deze, u en uwe echtgenootte een hartroerende Vaarwel toeroepen, geven wy u de verzekering dat gy altyd in aangename herinnering in onze harten zult leven. Wy verzekeren u dat wy deelnemend u zullen volgen op uwen verre reis, en wenschen u allen Gods besten zegen, alle voorspoed en volkomen success toe. Hebben wy de eer, ons te noemen Uwe oprechten Vrienden . . . .” — Dan volg ’n lys van sestig name.

Maar nie alleen het die vérsiende staatsman hulde verdien om wat hy reeds voor die trek gedoen het nie. Elke stappie vir ’n nedersetting en ’n trek het hy oorweeg en sistematies uitgewerk, want om somaar op goeie geloof iets aan te pak, het vir die onvermoeide werker nie sukses voorspel nie. Dis in die lig hiervan dat ons sy reis na Portugees-Oos-Afrika, en na Rhodes, sy korrespondensie met die betrokke partye en sy onderhandelinge met die trekkers self moet beskou. Hy het nie getrek omdat dit met hom nie goed gegaan het nie. Intendeel was hy so welbedeeld dat dit juis daarom so ’n „skok” was vir sy mede-

burgers om te verneem dat hy gaan trek. 'n Mens kan alleen tot die oortuiging kom dat hy 'n toekomsblik gehad het, so oortuigend en groots, van 'n nuwe gemeenskap in die nuwe land dat hy geen plig of voorbereiding te swaar geag het en geen puntjie te gering om uit sy berekeninge te laat nie.



*J. H. Kok en tant Rosa (geb. Rautenbach) met hul kinders op die trek. Agter: Barbara, Rosa, Gertie; voor: Andries, Nelie en Koba.*

Sy planmatigheid in verband met die toekomstige welvaart van sy medetrekke, blyk verder uit die voorsorg wat hy vir hul sieleheil geneem het. Hy was destyds ook ouderling van die gemeente Fouriesburg. Dr. Andrew Murray het in hierdie tyd in die Vrystaat rondgegaan en dienste gehou. Hy was 'n alombekende en -beminde man en mnr. Martin het met hom gaan gesels oor die trek wat hy van plan was om na Gazaland te lei.

Hy het sy planne uiteengesit en aan dr. Murray gevra of hy hom sou help om ná hul aankoms 'n gemeente te stig.

Dr. Murray het natuurlik die gedagte en praktiese insig van Martin baie aantreklik gevind en belowe dat hy dit sou doen. Dit was dan ook aan sy erns en Martin se onverfloude ywer te danke dat Nederduitse Gereformeerde Gemeentes die volgende jaar in Rhodesië gestig is.<sup>21)</sup>

Mnr. Martin het met die ander trekkers oor die praktiese deel van die reis gesels. Hul waens moes goed wees, kos moes nie ontbreek nie; hulle moes saad hê vir die aankoms, en ook kos, want die saad kon hulle nie in die eerste paar maande van kos voorsien nie; die vee en trekosse moes in uitstekende kondisie wees, en bowenal moes hulle weet dat daar aan terugkom nie te dinke was nie, want dit sou die mislukking van die trek beteken.

Baie trekkers het hul oortollige goed verkoop en sommige het deel van hul eiendom daar laat staan, vir geval dit in die vreemde nie goed gaan nie.

Vanaf 15 tot 19 April kom die trekkers uit die verskillende distrikte op Fouriesburg bymekaar. Van heinde en verre het ook vriende, bekendes en belangstellendes gekom om te vermaan en raad te gee, om te groet en vaarwel te sê. Niemand het getwyfel aan die leierskap en ondervinding van mnr. Martin nie; tog het hulle gemeen dat die laaste een aan die koors sou beswyk.

Die waens was gelaai, 24 altesame. Onder andere was daar twee Kolonie-langtentwaens, terwyl die ander Natalse halftentwaens was. Hulle was feitlik almal nuut en stewig en het dan ook nooit moeilikheid op die trek verskaf nie. Biltong, beskuit, koffie, suiker, sout en ander voedselvoorrade was styf ingepak. Beeste, perde, varke, kalkoene, hoenders, honde en katte het afwagting na die skare staan en kyk, of rustig in hul hokke gelê en wag vir die groot dag.

Op 19 April 1894 skuif daar stadig voort uit Fouriesburg onder leiding van M. J. Martin, 104 mense onder verskillende gesinshoofde, nl. Johannes Hendrik Kok, Pieter Schalk Martin, Abraham Daniel Olwage, Pieter Eduard Steyn, Jan van Zyl, Jan Dirk Heyns, Salmon Scholtz, George Frederick Heyns en die ongetroude manne: Johan Andries Heyns, Joubert van Heerden, Frederick van Eeden, Theunis van Schalkwyk, Philip Branken, Pieter Rautenbach en Jan Roos. Saam met hulle het ook besluit om te trek ou plaaskaffers en huisbediendes: vier Zoeloes en vier Hottentotte en twee Hottentotmeide. 'n Laaste handdruk is gegee en God's beste seën hulle toegewens.

<sup>21)</sup> Die N.G. Sendingstasie te Morgenster het toe al sy vuurdoop deurge-  
maak. Sien: *Daeraad in Banyailand*, deur A. Louw.

„Hartlik, indrukwekkend,” skryf Martin, „was die afskeid. Troue bande van maag- en vriendskap het die harte so aan mekaar gesnoer dat die gedagte aan afskeid (om miskien nooit weer mekaar te sien nie) byna gelyk gestaan het aan dié by 'n sterfbed. En tog, dit was God's wil. Die mens bedink, die Here beskik. Ook hier word 'n nuwe stadium in ons volksgeskiedenis



*Die wed. Du Preez (geb. Taute) en haar kinders Sarie, Louisa, Hessie en Miemie. Die babá op haar skoot is die dogtertjie wat op die trek oorlede is.*

ingegaan wat te doen had dat 'n nuwe mylpaal ingeplant moes word vir die uitbreiding van ons volk sowel op sedelike as Christelike gebied.”

Die trekkers onthou nog die klaagstem en trane van ou tant Koba Rautenbach, die moeder van Johannes Hendrik Kok en die ouma van die grootste gesin op die trek. Maar sowel seun as dogter was oortuig dat niks hulle gaan terughou nie. En met diepe spore in die harte en oor die aarde word die eerste skof aanvaar. Die pad het oor Roos se plaas gegaan en, wie weet, miskien lê die spore vandag nog tussen Clarens en Bethlehem?

Toejuiging en bejammering het hulle nog 'n entjie gevolg op die grootpad na Johannesburg, maar die nuwe lede wat aangesluit

het, het net die hoop en vertroue hoër laat vlam. Naby Vereeniging is hulle met 'n pont oor die Vaalrivier en toe oor die Swart Rif na Johannesburg. Hier het Petronella Susara du Preez, weduwee van wylé Jan Gysbert du Preez, wat alle reëlíngs getref het om saam te trek maar skielik oorlede is, dié dapper voornemens van haar man verder uitgevoer en aangesluit met haar gesin van agt kinders, die oudste 'n dogter van 18 jaar.

„Ek was omtrent tien jaar oud,” vertel een van die dogters (mey. Hester Martin), „toe die dood van my vader 'n skaduwee oor ons gelaat het, maar my moeder het hom gevra of ons moes

voortgaan met die reëlings en hy het gesê ons moes. Ek onthou nog hoe ons ou hond maar nie tot rus kon kom nie, en 'n paar dae later dood gevind is op die graf. Maar te midde van al die hartseer, het ons 'n maand later saamgetrek."

Dog die dood was nog steeds op die spoor van hierdie gesin. Mnr. Martin skryf verder:

„Ons moeders en dogters was nie gewoond aan die ongeriewe van 'n wa-lewe nie, die mans en seuns was nie ervare in die kuns om 'n sweep te hanteer nie; daarby het nog gekom dat die volk skaars was en duur; met die talle beeste en perde was die trek swaarlywig. Die trekkers moes hulle eers in die nuwe lewe inleef. Presies 'n maand later, op 19 Mei, het die trek eindelijk op Pretoria aangekom. Hier het ander vanuit Ficksburg hulle by die trek gevoeg, nl. James Tilbury English, Jan Scholtz, Tobias van der Riet, Roeloff van Rooyen en Jacob Herselman met hul gesinne en verder die ongetroude mans Anthonie Ferreira, Edward Hardy, Louis Schutte, Attie Hefer, Frederick Smith, Koos Marks en Joe Adendorff (van Bloemfontein).

„Op 21 Mei het die trek Pretoria verlaat, maar hier het ook die rampe begin. Die eerste os het daardie môre bly lê as prooi van veldvuur.

„Verkwikkend was dit die aand om aan die Apiesrivier die laer verlig te sien deur ontsaglike houtvure. Tot sover moes mis gebruik word vir vuurmaakgoed, en daar dit veral te Muldersvlei in die Vrystaat baie gereën het, was dit moeilik om 'n vuur aan die brand te kry. Hoe vrolik was dit nie die aand toe pot en ketel na hartelus staan en borrel nie! Hoe smaaklik het 'n warm koppie koffie ná 'n vermoeide dag dan ook nie gesmaak nie! Dit was asof mens en dier die heerlike vuurligte geniet het. Waarlik, Gods skepping is groot en ryk.

„By Wonderboomspruit is die een wa van mnr. Martin leeggemaak en teruggestuur na Pretoria om nog kosware vir die reis te verseker.

„Langsaam maar seker het die trek voortbeweë na Pienaarsrivier en toe na Springbokvlakte. Maar, o wee! hierdie vlakte sal nooit in die vergetelheid raak solank as daar een van die trekkers nog in die lewe bly nie. Dié dag het dit swaar gereën en die nag en die volgende dag moes deur 'n oneindige turfvlakte naafdiep geploeg word. Elke wa moes maar sy eie weg baan. Elke drywer moes op onmenslike wyse sweep en stem gebruik om redelose diere te martel om oor die weg te kom. Teen tienuur die volgende dag het ons eers daarin geslaag om al die waens aan die noordelike kant van Springbokvlakte te kry. Watter verligting! maar hoeveel krag het dit nie van mens en diere vereis nie!

„Te Waterberg het die heer De Beer die trekkers getrakteer met heerlike lemoene, 'n seldsaamheid wat ten seerste geniet is.

Daarvandaan is die reis in 'n bloedige son voortgesit tot by Kranskop. Die agtermiddag laat word die vermoede trekdiere, laf van honger en dors, uitgespan. Die volgende môre is vyf uit 'n span van 16 osse van J. H. Kok by die trekgoed dood gevind. Die oorsaak was na vermoede slangkop, of wildetwakplant. Van hier het die teenspoed met vasberade snelheid toegeneem. Elke môre word 'n aantal beeste op die kampplek dood of dodelik siek agtergelaat. Rooiwater, bossiekte, galsiekte, miltsiekte — ja, feitlik elke bekende en onbekende veesiekte — het verwoesting aangerig," aldus mnr. Martin se dagboek.

Sonder aansien van persoon moes almal maar geduldig afgee, totdat die toestand so kritiek geword het dat by Soutpansberg een wa vir osse verhandel moes word; en daarby moes nog 'n aantal osse gekoop word om die trekkers in staat te stel om die reis voort te sit. Pas het hulle egter Kranskop verlaat of die dood begin ook sy eerste slagoffer onder die mense te eis, toe die jongste dogtertjie van die reedsgenoemde wed. Du Preez, Cornelia, sterf. Haar oorskot is tot by die Berlynse Sendingstasie te Macalong vervoer, waar dit plegtig ter aarde bestel is. „Die Heer het gegewe, die Heer het geneem, die Naam van die Heer word geloof", maar hoe bitter vir moeder en nabestaandes om 'n dierbare agter te laat, waar dalk nooit weer 'n traan gestort, of 'n blommetjie op die graf deur agterblywendes gelê kan word nie."

Op Nylstroom sluit Spies by die trek aan. Vandaar het die waens voortgegaan tot duskant Blouberg, toe die trekkers lelik die skrik op die lyf gejaag is. 'n Perdekommando, wat gelukkig gou geblyk het van oom Paul af te gekom het, het stof langs die osse uitgedraf om die tyding te bring dat die Kafferkaptein, Magata, opstandig was, en dat dit moontlik was dat oorlog kon uitbreek. Die pad het juis by sy hoofkraal langs verbygegaan; maar die kommando het die trekkers verseker dat hulle hul alle beskerming sou gee en vroegtydig sou waarsku as daar gevaar is. Dit was nie die gewoonte om in die nag te trek nie. „Maar," skryf Attie Hefer, „toe ons by Blouberg kom, het ons hoof, mnr. Martin, ons aangesê dat ons by nag moes deurtrek en elke man moes sy geweer gereed hê, ingeval die Kaffers ons aanval. Ons het so stil as moontlik getrek en is die gevaar veilig deur."

„Ons manier van trek," skryf mnr. J. A. Steyn, een van die beeswagterseuns, „was baie eenvoudig. Daar was gewoonlik 'n paar seuns wat die aanvang moes waarneem. Eers is die beeste te perd aangejaag en was dit nie so moeilik nie; maar in die bosveld, toe die beeste so begin vrek en die oumense begin praat van leus, was ons jong seuns nie alte gerus nie. Mnr. Martin het, toe die beeste so erg verminder en maer word, 'n vergadering gehou en versoek dat elke trekker maar liefs sy eie beeste moes aanja,

aangesien die trop trekbeeste te groot was. Hulle het dit ook gewilliglik gedoen en van dié tyd af was dit vir ons baie makliker om die beeste aan te ja.

„Gedurende die aande, waar die trek tot stilstand gekom het en bome volop was, is gewoonlik takke afgekap en in 'n kraal geslaan; waar dit nie moontlik was nie, is die mak koeie vasgemaak en die ander jong beeste het dan later ook daar gaan lê.

„Wanneer dit gebeur dat ons laat in die namiddag op 'n plek kom, moes die osse eers vreet tot donker, en elke seun moes dan sy span osse oppas totdat die sweep geklap word. Soos elke



A. G. (oom Attie) Hefer.

transportryer sal verstaan, is daar by elke span osse 'n voorloper, of rondloper. Die gewoonte was in dié dae dat die voorloper 'n klok om sy nek dra. My vader had ook so 'n swartspan, waarvan Opperman die voorloper was. Deur ou Opperman het ek baie in die moeilikheid gekom. Dit was die gewoonte om, as daar een van die osse makeer (ons het met omtrent duisend beeste begin), so 'n seun onder die strop te laat deurloop. Dit het dikwels gebeur dat terwyl ons lekker met die dogters speel, die klok al verder en dowwer klink in die bosse, en as jy jou kom kry, kan jy nie meer die klok hoor nie. Wanneer dit gebeur en dit ook al

donker word en jy gaan dan te ver agter die osse aan, staan jy in gevaar om deur leeus gevang te word; gaan vertel jy dit aan Vader, nou ja, dan kan jy ook maar eers jou lyf vet smeer! En ek het dan ook dikwels gewens dat die leeus vir Opperman moes vang. Maar hulle het ons trek maar min gehinder, behalwe eenslag toe een deur mnr. Martin vergewe is.”

Mnr. Hefer vertel dat 'n paar jagters op 'n aand gaan wild skiet het. Dit was so teen sononder toe hulle 'n mooi rooibok neerskiet en hom in 'n boom hang, terwyl hulle wag vir die ander groter wild om water-toe te kom. Hulle het egter niks gesien nie, en omdat dit hoe later hoe kouer geword het, het hulle maar 'n vuur gemaak, die perde aan 'n boom vasgemaak en geslaap tot die volgende oggend. Wat was hul verbasing toe hulle begin rondkyk, om te sien dat 'n wolf en 'n leeu dié nag 'n sirkel om hulle gestap het. Hulle het verder gery en die aand teruggekom tot waar die bok aan die boom was. Van Rooyen het darem intussen 'n koedoe geskiet. „Toe ons by die boom kom, sien ons iets water-toe kom. My maat sê dis 'n blouwildebees. Ons kyk

weer en wat sou ons sien! Hier kom Vuilbaard ook ewe op sy gemak aangestap water-toe. Toe ons omtrent 'n honderd tree van hom af is, lê ons aan, maar ons was skrikkerig en het gewag. Net toe gaan staan die leeu, merk onraad en draai stadig om. 'n Leeu sorg altyd dat hy 'n bos voor hom het. Ons het hom kans gegee om omtrent tweehonderd tree weg te kom en toe skraap ons moed en sê „storm hom!” Ons is op die perde en deur die gras; toe besluit ons om af te klim en hom daar uit te ja. Maar hy het in 'n sloot gespring en ons het tevergeefs gesoek! 'n Leeu glo nie aan vlug nie, of jy moet hom nie sien nie.”

As daar ingespan word, word met die sweep geklap en dan het die hoenders vanself in hul hokke gespring en die kalkoene bo-op die wa. Die pluimvee het natuurlik gelê op die trek en selfs onder die wa gebroei. „Ek onthou nog,” vertel mev. Martin, „hoe party mense van die kalkoeneiers gesteel het.” Net die varke moes gevang word.

„By een plek, met die naam van Ghom-zyn-loop, het die trekkers hulle verlustig soos die Israëliete in die woestyn met die kwartels,” skryf mnr. Hefer weer, „maar in dié geval was dit tarentale. Hier was ook mooi weiding en water vir die beeste en tarentale soos bossies. Dit was ook nie lank nie of elke vrou se pot swem vol tarentale! Die trek het daar dae oorgestaan om die vee en kinders 'n bietjie rus te gee en vir die mans het dit geleentheid gegee om te gaan skiet. Maar dit was net tarentale kook en eet een-strook-deur! So nou en dan kom daar 'n bok of wildevarke in die laer en dan hoor 'n mens net die vrouens gesels en sê: „Ai, Martjie of Sannie of Chrissie se kombes is weer heel!”

Mnr. Hefer se wawiel het kort daarna gebreek en hy het by 'n mnr. Buys agtergebly om dit heel te maak. Hy het die trek weer by Krokodilrivier ingehaal.

„Dit kan met reg gesê word dat dit die Martin-trek was wat die Afrikaner se Godsdiens in sy vaste vorm Rhodesië ingebring het,” is oom Attie Hefer se beskeie mening. „Op Sondag is gewoonlik twee maal diens gehou: in die oggend vir die grootmense en in die middag Sondagskool vir die kinders. Mnr. Martin het self die oggenddiens waargeneem. Hy was 'n man met sowel geestelike as politieke gawes, 'n man wat dus deur die hele trekgeselskap geëer en gerespekteer is, 'n man wat eerbied gehad het vir sy mense en hul menings. Hy was nie vol grappe en so plesierig nie, maar stil van geaardheid, om soveel lekkerder te gesels. Hy was 'n tere Christen, wat altyd oor andere se moeilikheid gedink het. Die feit dat hy al erkende leier was en Vader van die Trek, het die trek 'n intieme samehorigheidsgevoel gegee. Die trek het teen dié tyd ook al ontwikkel in 'n soort

van singeselskap. Ek het 'n ou viool gehad, waarmee ek die singery probeer aanhelp het. Onder andere was daar stukke met drie of vier stemme. Dit het by die begin nie so maklik gegaan nie, maar later het dit goed geklink deur die bos waar daar nie professionele sangers was om te lag of te spot nie. Een van die driestemliedere was:

„Looft God den Vader en den Zoon,  
Die ons uit ‚vyands‘ mag gewon,  
En God den Geest in Hemeltroun.”

„In die namiddag het mnr. J. H. Kok die Sondagskool waargeneem. Hul watent het 'n groot los seil oorgehad wat afgehaal en dan vir die dienste gespan is. Die kinders en almal het hul beste klere ook vir hierdie geleentheid aangetrek.”

„Vir my,” vertel mev. J. Martin (geb. Du Preez), „was die mooi blomme en veld en die feit dat ek elke dag 'n ander plek sien, al genoeg. My ma het ons op die pad geleer en hiervoor was ek later baie dankbaar.”

Op 'n aand het die nuus in die laer gekom dat Hardy verdwaal was in die bos. Vure is gemaak, lanterns hoog in die bome gehang, skote geskiet, maar Hardy bly weg. Die môre vroeg is 'n perdepatroolie uit om hom te soek. Die middag laat kom party van die mans terug sonder die verdwaalde, en dit was nie voor laat in die nag dat die res van die patroolie met Hardy asvaal van die honger, teruggekom het nie. Hy het die vorige nag in 'n boom geslaap.

Hier kan miskien ook melding gemaak word van 'n ander persoon wat verdwaal het, nl. Willie van der Riet. Hy is eers na Salisbury en toe weer terug na Fort Victoria om 'n klompie verpleegsters te gaan haal en het saam met moeder Patrick teruggekom. Hy het uitgegaan om te gaan skiet, maar het in die bosveld verdwaal en 42 dae rondgedool. Sy reisgenote het weer teruggekom na Salisbury. 'n Jagekspedisie het later omtrent 90 myl vandaar getrek en langs 'n droë sandsloot na water gesoek. Eindelijk het hulle 'n gat teëgekom en ook spore van 'n mens. Hulle het dit gevolg en by 'n ystervarkgat gekom, toe Van der Riet hier uitkruip — verskeurd en vergaan. Hulle het hom in 'n bewustelose toestand op 'n perd gelaai en hy kon eers later sy storie vertel.

Dit blyk dat hy 'n geweer en net drie patrone gehad het toe hy afgedwaal het. Hy het na 'n fisant geskiet, dit gemis en gevolg en daarna gedink hy stap wa-toe. Toe sou hy tot die ontnugtering kom dat hy verdwaal was. Gelukkig het hy 'n gat water gevind. „Ek mag van honger doodgaan, maar nie van dors nie,” het hy toe gesê.; Hy het 'n vuur gemaak en geslaap en die

volgende dag twee patryse geskiet, wat hom omtrent 'n week gehou het. Hy het verder gedwaal, maar sy patrone was nou op en sy vuurhoutjies ook. Ná 'n ruk het hy by die sandsloot uitgekóm en 'n wildevrug, die klapper, 'n vrug met 'n harde dop en jellie met die saad binne-in, gevind. Dit wou hy eet, maar het sy mes gebreek, en daar was nou net sy tande oor. Dit het hy ook probeer en meeste van sy voortande gebreek. Vir warmte het hy in die erdvarkgat gekruip. Hy was al so honger dat hy akkedisse begin vang en droogmaak het, en selfs slange. Ook van kriekies, paddas en sprinkane het hy 'n maal gehad. Verskeie keer wou hy hom om die lewe bring. Op 'n dag, toe hy nie kon voedsel kry nie, het hy besluit om hom aan 'n matondaboom op te hang. Hy het die oog gemaak en in die mik van die boom gaan staan en afgespring: ongelukkig of gelukkig het die tou gebreek en het hy onder geval en sy kakebeen min of meer gebreek. Daarna wou hy homself verdrink, maar daar was nie genoeg water nie. Eenslag het vyf of ses leeus na hom gekom, en hy het gemeen dat dit beste sou wees as die leeus hom vang. Maar hulle het ook maar net water gedrink en is almal weg. Toe het hy besef dat hy nog moes lewe en het hom so goed as moontlik geskik in die erdvarkgat.

By die waëns het hulle hom eers 'n bietjie flou tee en koffie gegee, en later 'n bietjie brandewyn. Die volgende dag het die mans gaan skiet en net 'n diensbode agtergelaat om na hom te kyk, die goed op te pas en die vleis te kook. Die diensbode het natuurlik bevel gekry om niks aan die honger man te gee nie, maar dit was nie te lank nie of Van der Riet begin met die jong gesels oor kos. Heftig protesteer die kleurling: sy haas het gesê alles moet toegesluit bly, en die jongbaas mag geen kos kry nie.

„Gee my 'n stukkie van daardie potvol vleis,” smeek Van der Riet weer. „Ek sal jou 'n bekervol drank gee.”

Die arme skepsel stribbel nog teë, maar nie te lank nie of hy is omgepraat. Van der Riet het die sleutels by die jong gevat, hom 'n beker drank gegee en toe voor die vleispot gaan sit — en geëet en geëet! Groter en groter rek die jong se oë: laer en laer sak die pot, totdat feitlik alles opgeëet was. Maar toe begin die moeilikheid! Die arme man begin nou rondrol en dreig net om dood te gaan. Die jong kon niks doen nie! Daar het hy gelê en rol totdat die jagters eindelijk opgedaag het. Uit die jong kon hulle niks kry nie, want hy weier om die skuld te dra. Toe dreig die jagters dat hulle hom daar en dan sou uitlooi as hy nie praat nie. Hy was verplig om met die hele sak patats voor die dag te kom. Gou het hulle vir Van der Riet 'n klomp kasterolie ingejaag en van toe af het dit beter gegaan.

In 1896 was hy met 'n ambulans op weg na die Matabele-rebellie. Hulle het die wa aangeval en stukkend geslaan, die medisyne vernietig en hom aan 'n boom vasgebind. Gelukkig

was daar Kaffers wat van sy ondervinding gehoor het, en wat by 'n sendingskool was. Hulle het toe aan die ander gesê dat hy 'n 'umtagati', getoorde, is, want hy het, soos Jesus, veertig dae sonder kos in die wildernis gebly.; Hulle het sy lewe gespaar.

Mev. Martin meen dat dit 'n Steenkamp is wat hom gevind het.

### Hoofstuk 9

#### DIE MARTIN-TREK (vervolg)

**N**ET voordat die trek by Houtrivier gekom het, moes hulle deur die aaklige en klewerige stof van die dorslandstreek tussen „Mara” en Houtrivier deurtrek. „Dit was”, skryf mnr. Martin, „asof die weg met 'n dik laag fyn stof beleg was wat net gewag het om aangeraak te word om dan in eie verdediging, en tot ergernis van reisiger en dier, 'n tien voet hoog te rys en daar tussen hemel en aarde in 'n digte massa te vertoef, waardeur alles 'n pad moes vind; en wat dit nog aanstootliker gemaak het, was die dors wat mens en dier moes ondervind.

„Langs Houtrivier af beweeg die trek na Blinkwater. Die naam het soet geklink in alle ore! Blinkwater moet natuurlik helder water wees! In hierdie geval was dit net die teenoor-gestelde. In plaas van water aan te tref vind ons in 'n sand-duikie by 'n paar groot bome, 'n plek wat aangedui het dat as 'n mens daar grawe, vogtigheid uit die aarde sou vloei. Nadat ons 'n paar voet diep gegrawe het, was daar water; eer dit egter afgesak en drinkbaar was, het die sand rondom weer stadig begin toesak. Nadat die laer voorsien was van vaal, modderige water, moes vir die beeste, wat dood van die dors was, gesorg word. Eers word een span osse na die uitgeholde sandput gebring, maar eerd dat 'n enkele dier kon drink, was alles toegesak en het net 'n modderpoel die put aangedui. Een op die ander het die stomme diere opmekaar gepak; die reuk van water was daar, maar geen kans om te drink nie. Eindelik, ná veel moeite, word hulle weer van die plek verwyder; 'n bokseil word uitgehaal, 'n skottelagtige plek in die sand uitgehol en uitgevoer met die seil; toe moes dit vol geskep word en daaruit moes byna 300 beeste drink.”

Die volgende dag het hulle die Limpopo by Middeldrift bereik. Heerlik en verfrissend was dit dan ook om die dors te les en die liggame te reinig van sweet en stof. Op die trek was daar net genoeg water vir die trekkers om skraps te drink, en oor mors en wassery by die drinkwater moes Martin dikwels

hard praat. Met die wassery was daar ook dikwels stryery onder die vroue, wat dan by Martin gaan kla het en die saak moes goedpraat.

Span hulle, soos hier, naby die rivier uit, sien jy net vroue met bondels wasgoed na die rivier peil, waar hulle mekaar ywerig help om gou klaar te kry.

Kort daarna het Jan Frost met sy gesin daar aangekom. Een van sy kinders, 'n seuntjie van omtrent twee jaar, het daar weggeraak. Die kinders het 'n entjie van die waens af in die bosse gaan speel. Toe hulle weer sien, is die kindjie weg, en hulle het hom nooit weer gekry nie. Almal het hot en haar gesoek, maar hul poging is net beloon met 'n skoentjie wat hulle 'n paar honderd tree daarvandaan opgetel het.

Dit het 'n week vereis om deur die Krokodil- of Limpopo-rivier te trek, en dus vaarwel te sê aan die Republiek. „Die water,” skryf Hefer, „was 'n bietjie diep en die sand wat die waens intrap, maak dit nog dieper; en bo alles hou die gedagte aan die krokodil jou ook lugtig. Maar alle vrees was onnodig. Nou is ons aan die grens van Rhodesië, dog niemand om ons te verwelkom nie.”

Van die Limpopo oor die Umsinwani het dit aangenaam en voorspoedig gegaan. Veld, wild en water was volop en hulle kon weer asem skeep; maar van daar af het 'n ander ramp egter sy verskyning gemaak. Die perde, wat tot nog toe vry was van siekte, het toe begin om aan perdesiekte om te kom, en dit was nie lank nie of 53 diere het tot 'n handjievool verminder. Dit het die mense egter nie ontmoedig nie. Die bos het nou begin dikker word, sodat die veewagters 'n swaar tydjie gehad het. Nie alleen is hul broeke en hemde aan flenters geskeur deur die haak-en-steek-doring en katdorings nie, maar baie maal het die bloed ook geloop. Dit hou so dag na dag aan totdat hulle by die Bubyerivier kom. Nou is almal weer net so bly as by die Limpopo, want water sou natuurlik volop wees in hierdie land. 'n Ewe groot teleurstelling het dorstige mense en diere hier ingewag: die rivier het nie 'n druppel water nie. Maar ondervinding het hulle reeds geleer. Gou is daar in die sand gegrawe en op drie voet ontdek hulle water.

By die volgende rivier, die Nuanetsi, was water volop en die vroue was gou op die klipplaat te sien met hul wasgoed. „Dit was tog te heerlik,” skryf Oom Attie Hefer, „en party van die vrouens het begin swem. Die son was warm en die water lekker koud. Maar hier het die trek ook sy eerste boodskap gekry, alhoewel ons dit nie wou verstaan nie. Twee vrouens het hier malaria opgedoen. 'n Week daarna was die een, mevrou Annie Scholtz, ernstig siek. Sy moes vir die res

van die trek in die wa bly en was dan ook 'n tydjie later die eerste slagoffer van die koors. Sy het aan die Lusitirivier in Melsetter beswyk. Die ander, tant Hannie van Zyl, het nog lank geleef om die land te sien groei."

Deur die Lundi is die trek na Fort Victoria, waarheen twee waens van Martin en een van Hefer vooruit is om meel te gaan verkoop teen £3 tot £5 per sak.

Toe die trek op Fort Victoria aankom, is hulle hartlik verwelkom deur die magistraat (naturellekommissaris) en die ganse publiek. Dit was kort ná die Matabele-oorlog en die mense het nog min of meer in 'n laer gestaan. 'n Resepsie en 'n dansparty is gegee. Op die vriendelike uitnodiging van die magistraat is 'n skietwedstryd gereël om te kyk of die Afrikanertrekkers beter kan skiet as die geoefende pioniers! Hy het dan ook 'n slagos belowe aan dié wat die beste daarvan sou afkom. Dit dien skaars vermeld te word dat die Vrystaters hul man goed gestaan en die pioniers met twintig punte geklop het. Of hulle die slagos gekry het, is 'n ander vraag!


'n Ander gebeurtenis hier was die huwelik van een van die dogters van die kranige weduwee Du Preez. Die trek het natuurlik ook sy pret opgelewer, veral tussen die jongmans en meisies, en oom Attie Hefer vertel hoe die kêrels soos katte om die hok van hierdie Tannie gestaan het om te kyk of hulle nie die muis (die oudste) in die hande kon kry nie. Maar dit was die geluk van ene Johan A. Heyns om Petronella S. du Preez te betrek; en seker ook maar bewus van die baie mededinging, is die huwelik by die eerste die beste geleentheid voltrek en wel deur ds. A. Louw, wat kort tevore en jonggetroud in die land aangekom het en werksaam was op die sendingstasie Morgenster by die Zimbabwe-bouvalle. Dat die trekkers aangenaam verras was om hierdie geestelike pionier in sulke heuglike omstandighede te ontmoet, spreek vanself.

Gedurende dié tyd was daar ook 'n groot vendusie van beeste wat van die Matabele gebuit is, en die trekkers kon toe vir hulle 'n aantal vee aankoop en ruil. Ongelukkig het die mense op hierdie manier longsiekte onder hul beeste gebring, met die gevolg dat baie van die trekdieren daaraan beswyk het.

Van Fort Victoria is die reis in 'n oostelike rigting op die dowwe spore van die Moodies voortgesit. Hulle is deur die Umtilikwe- en Twingirivier, vandaar oor Amenshoogte, Sundays Pass (Sondagspoort), langs die Devulirivier af tot by Moodiesdrift, aan die Sabirivier. Twee dinge het hier alle aandag getrek. Die eerste was die ontsaglike grondheuwels langs die Devuli, wat deur die inboorlinge op primitiewe manier gemaak is. Die tweede was die breedte van die Sabi, wat van wal tot wal byna duisend tree tot 'n myl breed was, met 'n stroom

water in die oostelike bed van die rivier van ongeveer 300 tree breed en gemiddeld kniediep.

Die trek het enige dae daar vertoef, onder andere om seekoeie te skiet, maar die geluk was nie daar nie. Die vroue het weer van die geleentheid gebruik gemaak om brood te bak in miershope wat hulle uitgehol het, of in 'n gat wat hulle in die grond gemaak het. „Ek weet,” skryf mevrou Cronwright, „toe ons die dag by die Sabi gekom het, hoe bly ons was om die groot waters te sien en al die goed te kan was. So op 'n



*Oom Abraham en tant Dirkie Olwage.*

streek het die vrouens gesit en was. Toe laat die mans weet hulle span in en ons moet nog voor die aand die Sabi deur. Ons moes maar mooitjies bondels maak en aanstap pad-toe; toe staan oom Abraham Olwage se wa al so half in die water. Tant Dirkie, sy vrou, vra daarop eers of oom Abraham haar hoenderhok afgehaal het. Hy sê: „Nee, maar ek het die hoenders in 'n wolsak bo-op die vrag.’ Tant Betta Martin roep na tant Dirkie en sê: „Vanaand is al jou hoenders dood.’ En toe ons anderkant kom, het oom Abraham eerste na die hoenders gaan kyk. „Ag, hoe vreeslik! daar gaap nog net drie, die ander is almal dood; en hy het gedink hy sou slim wees!’ Toe moes hy ook padgee, want tant Dirkie was baie kwaad!”

Die Sabi deur, het die trekkers gevoel hulle is nou in die land van melk en heuning, en sit die reis voort langs die rivier af tot aan die punt van Mt. Rudd, by Goke, en vandaar langs die Tangandarivier op tot voor die berugte Driespanberg. „Reeds vroeër op die reis,” skryf mnr. Martin, „het 'n mens al gehoor van Driespanberg, maar niemand het hom dit ernstig voorgestel nie. Nou het die dag egter aangebreek om met hierdie Jakobsleer kennis te maak. Die bergpad was maar kort soos dit in 1892 uitgemaak is, maar dit was vreeslik steil en klipperig en daarby was die osse so maer en voetseer dat dit in sommige

gevalle tot vier spanne vereis het om 'n wa, wat toe al taamlik geteer was, daar uit te trek . . ." Ná veel gesukkel is hulle egter daar uit en oor. Nou was daar twee ernstige gevalle van siekte, nl. tant Annie Scholtz met malaria en die ou heer Gert van Rooyen aan water. Die trek het dus stadig voortgegaan.

Niks het verder voorgeval nie, want hulle was nou in Gazaland. Die gemoedere het gejubel en al die swaar is vergeet. Die beskuldiging wat 'n paar mekaar teen die hoof geslinger het toe van hul jukskeie vermis is, is vergewe; ja, selfs oom Sors wat eenmaal tant Chrissie se suiker geleen het, vir wie die hele trek toe saamgestaan het om weer 'n sakkie te koop, was vrolik.


Die volgende dag, 14 Oktober, het hulle by Buffelsdrift (Nek) aangekom. „Die waens moes stihou,” vertel mevrou Cronwright, „solank die mans eers afstap om te sien of die waens daar sou afkom. Die vroue het daar so in 'n ry gesit. Ek was by tant Betta met 'n mandjie kuikens toe tant Dirkie Steyn meteens ewe droog sê: ‚Betta, maar sal ek nie lekker eet as ek nou so 'n bruingebraaide skaapbout met lekker vars aartappels hier het nie!’ Meteens was tant Betta smoorkwaad — sy wat nooit kwaad geword het nie — en sê: ‚Dirkie, bly stil! of ek foeter jou. Wie het *nie* lus daarvoor nie!’”

By dié plek het Martinus Martin, wat seker al lank met die gedagte besig was, sy plan aan sy medetrekke bekend gemaak om 'n gedenkteken ter ere van God op te rig. Die plan het ook dadelik by groot en klein byval gevind, maar laat Martinus Martin liewers self uit sy sakboekie praat.

„Die Trek heeft de Vrystaat verlaten in April 1894, en op de 14de dag van Oktober te Buffelsdrift aangekom. Toen word besloten om een gedenkteken van klippen op te richten ter aandenking van onze veilige aankoms aan de grens van de bewoonbare delen van Gazaland aan den Here alz een dankbetuigen voor Zyn trouwe leiding en zorg aan den Trek. Waarlik den Here heeft ons geholpen en bezorgt op ons lang, gevaarvolle en vermoeiende reis.

„Twee dagen later, den 16de Oktober, werd gevier as ene dankdag. Deze plaats en gedenkteken word genoem ‚Ebenhaezer’. By dezelve hebben de leden der trek besloten om op de 16de dag der maand Oktober, na verloop van alle vyf jaren, gereken vanaf het jaar 1894 (achtien-honderd vier-en-negentig) by een te vergadering en dien dag te vieren in herinnering van Gods trouwe liefde en zorg, en dat dikwels met die opkomende geslacht er over gesproken zal worden waarvoor deze gedenkteken opgericht is. En tot wiens tekst, en wat het woord ‚Ebenhaezer’ beteken.”

Die volgende dag, 17 Oktober, het die trek by Waterval aangekom. Hier het mevrou Moodie en die kinders reeds op hulle gewag en was hulle bly om weer soveel Afrikaners en witmense bymekaar te sien. Tom Moodie was daar nie meer nie: die dood het hom reeds weggeruk. Nadat hulle 'n paar dae saam daar deurgebring het, is die trek uitmekaar.



*Ebenhaezer: die gedenkteken wat die Martin-trek op 16 Oktober 1894, by hul aankoms in Gazaland opgerig het.*

Martin met sy mense uit Bethlehem is met sewentien waens na Noord-Melsetter en Van Rooyen met vier waens is na Suid-Melsetter, of Chipinga, die oorspronklike distrik.

Mnr. Martin is voort tot by die plaas Nooitgedacht, waar 'n ander moeilikheid hom voorgedoen het. Tot sover had die trek nog altyd 'n gebaande weg; tot op Fort Victoria was daar die Pionierspad; vandaar het die Moodie-trek die weg gebaan, „maar nou het die groot berge noord van die plaas Sterkstroom en die

Lusitirivier, hulle verrys asof hulle selfs die moedigste en onverskrokkendste trekker sou belet om selfs 'n skrede verder te gaan," skryf Martin. Maar dit was die deel van die land wat hy uitgekies het. 'n Kommissie is daarop afgevaardig om die ligging van die land vas te stel.

Ná enige dae van afwesigheid het hulle teruggekom met die versekering dat hoe steil die berge en hoe diep die dale ook mag wees, dit darem maklik sou gaan om 'n weg te baan. Met hierdie versekering het die trek dan dadelik voortbeweeg. By Randfontein word in die Lusitivallei afgedaal en by Uitkyk die berge weer bestyg. Op die plek aangekom wat vandag die werf en woning is van Uitkyk, is mevrou Annie Scholtz, eggenote van Salmon Scholtz, oorlede aan die koors wat sy in Nuanetsi opgedoen het. Sy was 'n edelmoedige, Godvrugtige en deur almal gerespekteerde moeder en haar verlies was 'n gevoelige slag vir die trek as geheel.

„Oor die Lusitiberge en deur die Nyhodirivier by Bloemhof; oor die groot berge tussen laasgenoemde plaas en Belmont het die trek gegaan. Op Orangegrove het 'n onverwagte teleurstelling die trek ingewag. 'n Polisedienaar, Joe Nisbett, broer van die magistraat op Fort Victoria, het onverwags sy verskyning gemaak met 'n kommandeerbrief van Dunbar Moodie, om alle weerbare manne met gewere en ammunisie en mondprovisie vir agt dae op te roep om 'n Portugese strydmag wat plan had om Gazaland in besit te neem, in hul opmars te stuit.

„Behalwe mnr. Martin, A. Olwage en G. Heyns het die manne almal die volgende dag, belaai met gewere, ammunisie en mondprovisie, die mars na Kenilworth in 'n deurdringende reën te voet onderneem. Ná 'n afwesigheid van agt dae kon hulle weer papnat, uitgehonger en vermoeid by die trek aansluit, sonder dat hulle met die Portugese kennis gemaak het. Dit was of 'n valse alarm, of die gerug van die boere alleen was genoeg om ons bure in 'n dolle vaart terug te laat trap na Beira.

„Op 3 November het die trek op Lindley aangekom, en ná enige dae het elkeen, nie sonder leed, afskeid geneem van sy medetrekke, om hom op die plaas van sy bestemming te gaan vestig," eindig mnr. Martin. Hyself het hom op die plaas Rocklands gaan vestig.

Met die ander deel van die trek het dit minder voorspoedig gegaan. Dit het bestaan uit: Roedolf van Rooyen, sy vrou, vader (Gert) en twee kinders; Jan Scholtz, sy vrou en drie kinders; Antonie Ferreira, sy vrou en drie kinders; Jacob Herselman, sy vrou en ses kinders; en A. Hefer en Jacobus Marks.

Hulle het verby Ernst du Plessis se plaas getrek van Waterval af. By hierdie eerste uitspanplek word mevrou Van Rooyen siek aan koors. Sy was by Nuanetsi ook in die water, het hulle gesê. Die trek is voort by Jan Moolman en Hendrik du Plessis se plase verby en kom op 'n sekere plek aan wat Dunbar hulle aangewys het waar hulle op hom moes wag. Hy sou dan vandaar hul plase kom aantoon. Langer as 'n week word gewag en in die tuesentyd word ook mnr. Roedolf van Rooyen siek. Man en vrou lê ernstig siek toe die berig van Dunbar Moodie kom dat die manne gewapend na 'n Odendaal se plaas, nege myl ver, moes gaan om teen die Portugese, of die Portugese Kaffers, wat oproerig is, op te tree. Marks bly agter by die vroue en siek mense, en die ander vier mans slaan voet na die plaas. Daar aangekom, weet Odendaal niks van die hele affêre nie en ná vier dae kom die berig van Moodie dat hulle terug moes gaan en dat hy binnekort self sou kom.

„Ons wou doodgaan aan die dors,” skryf Hefer, „en was onbekend met die hoeveelheid kina en water wat ons die siek mense moes gee. Toe kom ons op die gedagte van wilde-als, en dit was ook ons redding. Dit het die hoë koors laat bedaar en die dors geles.”

Eindelik kom Moodie en wys die plase aan. Scholtz en Ferreira se plase was naby die kamp; Herselman s'n omtrent agt myl daarvandaan; en „daar is jou plaas Van Rooyen, en daar is jou baken, en daar en doer op die Busi.” Hefer se plaas — omtrent 12 myl, en Van Rooyen s'n 10 myl, verder oos. Nou het hulle geweet waar die plase is, maar die siek mense was so swak dat hulle nie die gestamp van die waens kon verduur nie. Iets moes egter gedoen word. Scholtz, Herselman en Ferreira trek op na hul plase, en Hefer en Van Rooyen besluit dat laasgenoemde ook solank by Herselman sou gaan bly, terwyl Hefer en Marks na sy (Van Rooyen) se plaas gaan om hutte te bou, en dat hulle Van Rooyen en sy vrou, wat albei nog ernstig siek was, dan later sou gaan haal. Ná 'n maand se verblyf in die wa by die Herselmans is hulle eindelijk sover herstel dat hulle met 'n kerie kon sukkel.

Die dankbaarheid van die lede van die Martin-trek teenoor hul leier, het hulle ná hul aankoms probeer weergee in 'n memorandum wat hulle aan hom oorhandig het. Dit lui:

„Ons die ondergetekendes, lede van 'n trek, bring aan u oor ons opregte en hartlike dankbaarheid vir die goeiehartige en manlike wyse waarop u ons veilig na ons bestemming gelei het.

„Ons besef almal maar te goed die groot verantwoordelikeid waarvan u uself so meesterlik gekwyt het, en tot voordeel van almal wat betrokke was in die trek. U verdraagsame geduld, deur sulke, nie gewone stryd en moeilikhede nie, was

navolgingswaardig. Selfs te midde van u eie sorge was u hand altyd gereed om praktiese hulp te bied, en u tong altyd gereed om raad te gee, en u hart steeds oop vir die kommer van andere — aan wie u simpatie en vertroosting gegee het so dikwels as dit nodig was. Soos u ons in die verlede gehelp het, en steunende op u belofte vir hulp in die toekoms, sal ons altyd voel dat ons goeie gesonde verstand en klare openhartigheid het om op staat te maak, sowel as gesonde praktiese raad en 'n gewillige hoof en hand om ons vir ons toekomstige welvaart te help. Ons almal wens u, u gade en seun gesondheid en voorspoed toe, en mag u in die toekoms terug kan kyk met genot, en dan trots wees op u bende trekkers wat u op so 'n bekwame wyse na Gazaland gelei het — dit is die ernstige bede van" — 'n lang lys van die name van trekkers volg daarop.

## LEDE VAN DIE MARTIN-TREK.

Marthinus Jacobus en Rosina Elizabeth Martin en seun Johannes Lodewikus.

Johannes Hendrik Christoffel en Rosa Huig Kok en kinders:  
 Jacoba Magrieta, Johanna Cornelia, Gertruida, Rosina Elizabeth, Barbara, Johan Andries, Stephanie Dorethea.

George Frederick en Dirkie Elizabeth Heyns en kinders:  
 Engela Jacoba, Maria Magdalena, Johan Andries, Cornelius Adolf, George Frederick, Dirkie Elizabeth.

Abraham Daniel, en Dirkie Jacoba Olwage en kinders:  
 Susanna Maria, Christian Dudfif, Josef Daniel, Abraham Daniel, Jasper.

Petronella Susara du Preez (weduwee) en kinders:  
 Petronella Susara, Jan Gysbert, Rosina Elizabeth, Jean Charles Frederick, Hester Elizabeth, Anton Michael, Helgard Petrus, Johanna Christina, Cornelia.

James Tilbury en Catherina Gesina English.

Edward Hardy.

Phillipus Branken.

Joubert van Heerden.

Frederick van Eeden.

Jan Roos.

Pieter Rautenbach.

Antonie Ferreira.

Theunis van Schalkwyk.

Joe Adendorf van Schalkwyk.

Johan Andries Heyns.

Rudolph en Martha van Rooyen (later mev. Hefer) en kinders:  
 Tommie, Miriam.

Pieter Edward en Christina Steyn en kinders:

Johannes, Pieter Edward, Jacoba.

Jan Dirk en Rosina Elizabeth Heyns en kinders:

Jan Dirk, Rosina Elizabeth, Christina, Ingenatius.

Jan en Maria Scholtz en kind Aletta.

Jacob en Gertruida Herselman en kinders:

Frederick, Jan, Gertruida, Magdalena, Jacob.

Salmon en Anna Scholtz en kinders:

Jan Botes, Anna Maria, Hendrik, Wynand Willem, Cathrina, Frederick Johannes.

Adriaan Hefer.

Koos Marks.

Pieter Stephanus en Louisa Francina Martin en kinders:

Johannes Lodewikus, Pieter Stephanus, Marthinus Jacobus, Debora.

Tobias en Miriam van der Riet en kinders:

Edward, Willem.

Frederick Smit.

Louis Schutte.

Jan en Johanna van Zyl en kinders:

Johannes, Willem, Pieter, David, Johanna, Eizabeth, Adrian.

### *Hoofstuk 10*

#### DIE DU PLESSIS-TREKKE (1894, 1895)

OP 3 Januarie 1893 het Ernst du Plessis saam met die eerste trek, die Moodie-trek, waarin hy 'n leidende aandeel geneem het, op Waterval aangekom. Hy het sy plaas Clearwater gepep, gehelp om die ander te pep, en nadat sy reëlins agtermekaar was, het hy besluit om somaar weer in die hardepad te val.

„Ná my aankoms met die Moodie-trek,” deel hy mee, „is ek op die 7de Junie terug om my trek te gaan haal, en ook die goed wat ek nog agtergelaat het, soos beeste, perde en ander voorrade. Ek het baie aspirant-trekkers teëgek. In Ficksburg is ek gevra om 'n vergadering toe te spreek en moes ek 'n stortvloed vrae oor die land beantwoord. As gevolg hiervan het verskeie persone besluit om saam met my te kom. Hulle



*Oom Ernst du Plessis en sy eggenote Magdalena (geb. Maritz, van Ladysmith, Natal).*

was die jong manne: A. Spies, H. Taljaard, J. Human en Dirk du Plessis; en verder die gesin Hendrik du Plessis. In Mei is die trek uit Reitz, en aangesien ons maar 'n klein klompie was, het ons gou getrek, en die reis in vier maande afgelê, sodat ons in Augustus van dieselfde jaar met die ossewaens hier aangekom het."

Hy het vir hom nog twee plase gepep en sy broer op die een, Avontuur, gesit. Die ander het hy vir eers net beplant, maar toe hy weer hoor, het sy aanspraak daarop verval; en al het hy baie gespook om Mayfield weer terug te kry, was dit alles tevergeefs.



*Die hele familie van oom Ernst en sy eggenote.*

„Ná vier maande, in Desember 1894, is ek te voet tot op Chimoyo, Portugees-Oos-Afrika, en vandaar per trein na Beira, waar ek skeepgegaan het na Durban, op weg na Utrecht, in Natal, om te gaan trou met 'n nooi Maritz, dogter van Gerrit Maritz. Ek was so siek soos 'n hond op die reis en het amper nie gedink ek sou lewendig daar aankom nie. Hoe dit ook al sy, op die 21ste April 1895 is ons getroud, en op die 2de Mei het ons per ossewa hierheen vertrek. Saam met my het op hierdie trek gekom die gesinne Kleyn, Engelbrecht, Stopforth en Pikster, asook Andries en Jacob Breytenbach, twee jongkêrels. Op die 11de Otkober het ons hier aangekom, en ek en my vrou woon nog hier van daardie tyd af.”<sup>22)</sup>

#### LEDE VAN DIE DU PLESSIS-TREK (1894)

Ernst du Plessis.

Hendrik en Johanna du Plessis en kinders:

Gertruida, Christina, Hendrika Aletta, Frans Jan, Jan, Aletta.

Dirk du Plessis.

Abraham Spies.

Hans Taljaard.

Jan Human.

#### LEDE VAN DIE DU PLESSIS-TREK (1895).

Ernst en Magdalena du Plessis.

Louw en Debora Kleyn.

Diederik en Lenie Engelbrecht en kind Jan.

Frikkie Stopforth vrou en kinders.

Hendrik Pikster en familie.

Andries Breytenbach.

Jacob Breytenbach.

### *Hoofstuk 11*

#### DIE KRUGER-BEKKER-TREK (1895)

**E**RNST KRUGER, medeleier van hierdie op een na die laaste pioniertrek, is op 24 Mei 1895 op die plaas Schilderkranz in die distrik Queenstown gebore, waar hy ook later grondeienaar geword het. Vandaar was hy 'n voortrekker na Temboeland, waar hy vyf jaar gebly het. Weens die luispeste, twee Kafferoorloë waaraan hy deelgeneem het, en die feit dat

<sup>22)</sup> Sedertdien oorlede op 10 Junie 1943.



*Trekleier Ernst Pieter Kruger en wyle sy eggenote Cornelia Maria (gebore Bezuidenhout, van Klipfontein, Victoria-Oos).*

hy van omtrent 2,000 beeste net 45 oorgehou het, het hy later uitgeboer en is in 1886 na die Johannesburgse goudvelde en later na Pretoria.

Vandaar het hy in 1891 en 1892 elke jaar 'n paar maal transport gery na Bulawayo en goed geld gemaak. Die enigste voorval was op Tuli toe mnr. Longden, wat later magistraat op Melsetter geword het, hom wou belet om met 'n bestelde vrag drank voort te gaan na Bulawayo en die twee amper slaags geraak het. Mnr. Longden sou hierdie vinnige man nog lank daarna onthou.

Hy het met die karweiwerk voortgegaan tot '95. Dinge het nie meer so goed gelyk op die goudvelde nie en vroeg in daardie jaar het hy sy bure bymekaar gemaak en besluit om uit Pretoria na die Noorde te trek. Saam met hom het gegaan die gesinne Bezuidenhout, Du Preez en Smit. Die trek het sonder enige voorval die Krokodilrivier bereik, vanwaar hulle met die ander trekdeel saamgereis het.

Laasgenoemde deel was onder leiding van Hendrik Bekker. Hy, sy vrou en kinders het ook in 1891 transport gery na Salisbury, waar sy een seun, Jan, in Julie 1891 gebore is — bes moontlik die eerste blanke seun daar. Hulle het tot £7 10s. per 100 pd. van Johannesburg gekry, en dit was geen wonder dat daar soms tot neëntig waens in die toekomstige hoofstad van die land was nie. Terwyl mnr. Bekker in Salisbury gestaan het, het longsiekte onder sy beeste uitgebreek, en hy het net ses of sewe oorgehou. Daarmee kon hy nie teruggaan nie en hy het 'n houtkontrak van die Maatskappy aangeneem. Met die houtsaery het hy soms tot £80 per week verdien. Hy het die hout vir die eerste geboue daar gesaag op die walle van die Hunyanirivier.

Dit was die gewoonte van die transportryers om, as hulle met een tog met 'n paar waens goed gedoen het, die osse wat maer was, te verkoop en desnoods ook van die waens, om dan met die koets terug te ry. Met die geld wat hy verdien het, was mnr. Bekker in staat om 'n wa teen £100 en anderhalf span osse

teen £14 stuk te koop. Rhodes het hom plase belowe, maar hy het verkies om eers terug te gaan. Op sy terugreis het ene Dreyer by hom gekom en hom agt osse aangebied vir die een perd wat hy by hom gehad het. Dit het geblyk dat die polisie op sy spoor was. Hy het na die Krokodilrivier gevlug, en is net voor die polisie deur die water. Aan die ander kant was hy so dankbaar teenoor die perd dat hy hom 'n sak kafferoring gegee het, met die gevolg dat die perd hom doodgevreet het!

Mnr. Bekker se bedoeling was om meer mense te gaan haal om saam met hom na die vreemde te gaan. Hy het in Pretoria en in die distrik mense bymekaar gemaak. Baie het belowe om saam te trek, maar toe die tyd aanbreek, het net die gesinne Kotze en Visagie opgedaag. Hulle het in 1892 saamgetrek en mnr. Bekker het sy voorneme te kenne gegee om plase tussen Fort Victoria en Salisbury op te neem. Sy trek het gekom tot op Fort Charter, waar mnr. Bekker die plaas, wat later in die dorp ontwikkel het, gepep en dit die naam van Enkeldoorn (Enkel-de-doorn) gegee het, weens die feit dat daar net een groot doringboom op die bult gestaan het. Omdat die somer op hande was, het die trek besluit om bymekaar te bly en daar te oorsomer. Die koors was ongelukkig so erg dat al die mense siek geword het. Niemand is dood nie, maar dit het beteken dat die malaria in hulle aanwesig was, en by die geringste aanleiding sou dit hulle weer neertrek. Ná die somer laat Rhodes aan hulle weet om eers weer terug te trek om te herstel en mediese behandeling te geniet.

Mnr. Bekker is daarop terug maar die trekkoors was in sy bloed, en vir die derde keer trek hy met sy gesin in 1893 weer na Rhodesië.

„Toe ons op Fort Victoria aankom,” skryf mnr. Soon Bekker, „ontmoet ons 'n ou mnr. Pretorius, sy seun Willem, en sy skoonseun, Lucas Loubser. Die ou mnr. Pretorius het my vader omgehaal om nie na Enkeldoorn te gaan nie, maar saam met hom na Gazaland te trek. Toe ons op Melsetter aankom, besluit my vader en oom Willem om na die Portugese gebied te gaan. Op Mozzorezi aangekom, het my pa en oom Willem 'n ooreenkoms met die Portugese kommandant getref waardeur hy aan hulle 'n honderd plase beloof het as hulle mense kon inbring om dit te bewoon.

„Daar word toe haastig reëlings getref om terug te gaan en die mense te probeer kry. Kort voor ons vertrek het, het Lucas gaan skiet en verdwaal. Ons het twee weke langer gebly om na hom te soek, dog alles tevergeefs. Ons trek toe tot digby Melsetter, nog steeds in Portugese gebied, en daar besluit my vader om weer om te draai, en nog 'n keer na Lucas te gaan soek. Hy het alleen te perd teruggegaan, en net voor hy by die

Portugese kommandant se kamp kom, kom hy vier Kaffers teë wat Lucas in 'n kwaggavel dra; hy was dodelik siek aan die koors. Dit blyk toe dat hy ná sy omdolings, op Beira uitgekom het, en dat die kommandant hom vandaar met Kaffers na ons teruggestuur het. Twee dae ná sy aankoms by ons is hy dood."

„Daar op die walle van die Busirivier het ons hom begrawe," vertel mevrou Annie Bekker. „Terwyl my man en sy vader die gat gemaak het, het ek en my skoonmoeder die lyk toegewerk met naald en gare. Ons het hom na die gat gedra en hom bo-op die vel en pale gelê; ander pale en 'n vel was sy bedekking, en 'n verlate hopie grond was al aanduiding dat die dood weer vir ons te sterk was."

„Oom Willem en sy seun is enige dae ná Lucas se dood terug na Pretoria, waar die oubaas ook kort daarna oorlede is. Ons het nog so omtrent 'n week gebly, ook maar onseker wat om te doen, en toe besluit my vader ook om terug te gaan," vertel mnr. Soon Bekker verder. Ná sy aankoms te Pretoria, het hy probeer om die honderd mense bymekaar te kry. „Maar die mense was nie baie geesdriftig nie, en die paar wat wel gekom het, het mekaar by die Brakrivier ontmoet. Frost en Bothma het later gekom." Dit was hier waar die Krugertrek aangesluit het.

Hulle het die grootpad gevolg tot anderkant die Krokodilrivier by Chikolo, waar Lourens Bekker gebore is. Naby die Nuanetsi had mevrou Annie Bekker ook 'n seuntjie, en die twee kinders kon albei op Fort Victoria gedoop word. Hier het die Maatskappy ook beeste uitgeruil van hulle en hulle vier kafferbeeste gegee vir een uit die Suide. Kruger se plan was oorspronklik om na Bulawayo te gaan, maar Bekker het hom al van sy skema vertel. Rhodes het destyds ook net daar deur gekom, en gesê dat hy liever sou sien dat hulle na Melsetter trek. Want, het hy bygevoeg, Engeland en Suid-Afrika meen dat hulle nooit 'n witmansland van Rhodesië sou kan maak nie. Maar hy wou hê dat hulle, as mense wat iets van boerdery weet, ook hul lot by die Gazalandse boere moes inwerp, om te wys dat 'n mens wel die landbou in Rhodesië kon beoefen. Toe mnr. Ernst Kruger hom daar op wys dat plekke ten suide van Bulawayo vinnig sou ontwikkel en dat Melsetter afgesny sou bly, het Rhodes hom die versekering gegee dat watter vooruitgang ook al aan Bulawayo se kant geskied, hy sou toesien dat dieselfde voorregte en kanse aan Melsetter gebied word. Mnr. Kruger het daarop gesê dat as dit 'n belofte is, hy sy koers sou verander.

„Daar het jy nou wat ek deurentyd vir jou gesê het," was Bekker se kommentaar.

Die waens is voort na die Sabi, waar 'n Krugerkind gebore is. Daar het hulle 'n paar dae gebly en in die tussentyd baie pret gehad met 'n tier wat in 'n val gevang is. Hul vleiestekort is ook aangevul deur drie koedoes wat Bekker geskiet het. Vandaar is hulle na Melsetter, waar hulle op 25 Julie te Waterval aangekom het. Wat was hul verbasing toe Kruger uitvind dat al die beskikbare plase in die distrik al uitgegee was. Daarby het Dunbar Moodie nogal baie kras opgetree: hy was hom naamlik bewus van die gevoelens wat indertyd so 'n geweldige rol in die Transvaal en om die tuistes van hierdie mense gespeel het. Die van Kruger het dus dadelik agterdog by hom opgewek, en hy het mnr. Kruger versoek om liewers terug te trek na die Transvaal. Bekker het verder tot die ontugtering gekom dat sy honderd plase nou ook nie meer almal in Portugese gebied val nie, maar dat Moodie die grens heelwat meer oos vasgestel het, by Chitatonga. Toe laasgenoemde boonop te kenne gee dat hy dink dat hulle spioene van die Portugese is, was die gort gaar.

„Ons sal nie 'n tree teruggaan nie, en as jy verkies, kan ons die saak somaar nou hier uitmaak,” het Bekker eindelik uitgeroep. Dit was duidelik dat hy somaar drasties en onbeheers sou optree, en dit het Moodie lelik die skrik op die lyf geja. Toe Bekker hom laat verstaan dat hy na Portugese gebied trek, het hy hulle dus laat begaan. Hulle is weg na die grens en het op Mt. Silinda uitgespan. Dunbar was kwaad en wou hulle nie in die distrik duld nie, en het 'n kommando agter hulle aangestuur om hulle met geweld terug te bring. Gelukkig vir albei partye was die trek al weg toe die kommando daar aankom, want anders sou die twee seker handgemeen geraak het.

Hulle trek toe na Mozzorezi, waar hulle 'n week vertoef het. Maar voordat hulle nog hul plase kon uitsoek, het die malaria koors hulle weer beetgepak, en almal behalwe Soon Bekker het in die bed beland. (Bezuidenhout en Du Preez het nie saam daarheen getrek nie, maar op Melsetter agtergebly). Die siekes was so onbeholpe dat hulle nie gedink het dat een sou deurkom nie; maar ná 'n paar weke het dit weer beter gegaan. Kruger en Smit, wat met dien verstande saamgetrek het dat hulle weer kon teruggaan as die wêreld hulle hier nie geval nie, het nou albei gevoel dat hulle genoeg gehad het van sukkel in die Portugese gebied, en het besluit om terug te trek na die distrik Charter, soos hul oorspronklike plan was; of indien nie na hierdie deel nie, dan weer na Melsetter. Maar toe breek die runderpes uit en al Kruger se osse, op een na, is dood. 'n Tog terug na die Transvaal om weer voorrade te kry was nou buite die kwessie.

Op Melsetter aangekom, het hulle eers probeer grond kry, maar gevind dat die nuwe magistraat, mnr. Longden, hulle nie

méer goedgesind was nie; en Kruger het die insidentjie van 'n jaar tevore onthou. Eindelik ontmoet hy mnr. Labuschagne, wat hulle vra om 'n plaas wat hy van Henry du Plessis geruil het, nl. Avontuur, te gaan okkupeer. Op dié manier het hulle na soveel swerwe tog 'n woonplekkie gekry. Mnr. Labuschagne het hulle 'n paar osse gegee om die trek by hul bestemming te bring; maar verder het hulle ook niks gehad nie. Ook die ammunisie, klere en kos was op en toe het hulle van ruilhandel gelewe. Die een os het hulle vir £80 verkoop, en die stryd om te bestaan het ook vir hulle begin.

Kort daarna het die familie Bekker ook teruggetrek na Melsetter, maar dit was maar net om die res van die reënseisoen daar deur te bring. Weereens is hulle terug na Mozzorezi, dog hul geld was ook nou op; en toe 'n aanbod gemaak is om die pad oop te kap na Beira, het hulle dit aangeneem. Die besoldiging was goed, maar dit was 'n ongesonde klimaat. 'n Paar maande lank het hulle met hierdie werk voortgegaan, totdat mnr. Bekker op 'n dag skielik siek geword het en die volgende dag oorlede is. Dit het die gesin hul moed tydelik ontnem, want hulle was nou sonder 'n vader en leier. Die treurspel wat sigself afgespeel het in Beira, waar mnr. Bekker was om finale reëlings in verband met die plase te tref, en waar hy sy laaste rusplek gevind het, het ook die stoere strydery laat besluit om die land te verlaat. Hulle het 'n honderd Kaffers gekry en genoeg kos en klere laat dra van Beira na Mozzorezi.

Goed voorsien van voorrade, vir 'n paar maande altans, het hulle ook maar weemoedig die gebied van hul drome vaarwel gesê en teruggegaan na Melsetter, waar hulle op De Beer se plaas, Middelstroom, gaan bly het.

#### KRUGER-BEKKER-TREK (1895).

Ernst en Nellie Kruger en kinders:

Petrus, Maria, Hans, Wynand.

Fanie en Lea du Preez en kinders:

Salomon, Johanna.

Willem en Nellie Smit en kinders:


Nik, Gert, Soon, Lettie, Johanna.

Hennie en Christie Bekker en kinders:

Koot en Annie (getroud), Soon, Jozua, Dawid, Piet, Jan, Pop, Maria, Chrissie, Hendrik (kind van Koot), Nellie, Isobel.

Wynand en Dorie Bezuidenhout en kinders:

Wynand, Klasie, Hans, Barend, Jan, Cornelius, Johanna, Annie, Dorie.



Trekleier Johannes G. F. Steyn en sy sewe seuns.

*Hoofstuk 12*

## DIE HENRY-STEYN-TREK (1895)

**D**IE trek waarvan Henry en Steyn die leiers was, neem die derde plek in in die ry van grotere en meer belangrike trekke na Gazaland.

Nadat die mense in die distrik Kroonstad begin sien het dat plase kleiner word en dat almal nie meer 'n ordentlike bestaan kon maak nie, het daar ook hier 'n soort trekkoores onder die mense ontstaan. Planne is eers beraam om na Duits-Wes te trek, toe weer om na agter-Transvaal te gaan maar daar kon nooit tot 'n vaste besluit geraak word nie.

In die tussentyd het hulle in die koerante gelees van Rhodesië, waar goedkoop plase te kry was teen omtrent £30 elk. Verder is verneem dat volop en vrugbare landbougronde daar beskikbaar was. 'n Vergadering is belê en 'n komitee aangestel om te gaan kyk hoe die land lyk, en, indien die land hulle geval, moes die komitee somaar plase uitneem vir 'n aantal gesinne.

Die komitee het bestaan uit mnre. John Henry en Johannes G. F. Steyn. Hulle het in die winter van 1894 per trein van Kroonstad tot Oos-Londen gereis en vandaar per skip na Beira.

Van Beira vaar hulle per stoomboot al met die Pungwe op. Hulle het nogal heelwat moeilikheid met die boot ondervind, soos b.v. toe dit laagwater was; dan het die boot eenvoudig op die sand vasgesit en moes hulle maar geduldig wag tot die see weer opstoot. Die trein het hulle geneem tot by „Seventy-Five,” soos die laaste mylpaal van die trein geheet het, en vandaar moes hulle voetslaan en met transportwaens ry tot op Chimoio (Chimoyo) en vandaar na die Ruwuirivier. Daar is die pad na die Moodies aan hulle beduie en moes hulle maar te voet aansukkel; ongelukkig het die mis begin toesak, sodat hulle hul rigting kwytgeraak het en 'n paar dae hopeloos en vreesbevange verdwaal was.

Eindelik het hulle by 'n sekere mnr. Cripps naby Umtali uitgekóm, waar hulle een nag oorgebly het. Hy het hulle in die groot posvoetpad gebring en was goed genoeg om hulle ook 'n Kaffer te gee wat die pad na die Moodie-Nedersetting kon aanwys. Die tweede aand op pad kom hulle uit by die Kafferkaptein Mutambara, wat baie vriendelik was en hulle 'n splinternuwe hut aangebied het om in te vertoef. In twee

mooi houtbakkies het hy vir hulle kos gebring; in die een was pap, wat soos kaiings gelyk het, in die ander gebraaide sprinkane.

Toe hulle die volgende dag by die Moodies aankom, wou Dunbar Moodie, die agerende magistraat, hê dat hulle na die suidekant vir hulle plase moes uitsoek. Hulle wou egter nader aan die treinspoor wees en het die Umvumvumu-vallei gekies.



*Thomas Ferreira en tant Maria  
(gebore Steyn, van Cradock).*

Die voorwaarde waarop hulle plase kon kry, was dat elke eienaar self die bakens moes oprig; daar moes geen oop gronde tussen die plase lê nie, en elke plaas moes deur 'n witman geokkupeer word. 'n Getroude man kon vir hom 3000 morg afbaken en 'n ongetroude 1500, teen £30 elk. As die landmeter die dag sou kom en uitvind dat die plaas te groot is, dan kon die eienaar die oortollige koop teen een sjieling en ses pennies per morg; en as die plaas kleiner was as wat dit behoort te wees, dan moes die eienaar maar toesien.

Nadat die komiteelede goed uitgerus was, het hulle 'n paar Kaffers aangeskaf om hul kos te dra en voetgeslaan deur die Chimanimani-poort. Drie dae later is hulle weer op Chimoya van waar hulle per trein en boot afgereis het na Beira en so terug na die Vrystaat.

Op Kroonstad aangekom, is hul verslag gretiglik ontvang en vergaderings weer belê om planne te beraam om somaar nog die volgende winter te vertrek. Nadat ander voorbereidsels getref is, is bepaal dat die trek op 8 Mei 1895 by Schoemansdrif, aan die Vaalrivier, bymekaar sou kom.

Belaai met grassaad, vrugtesaad, boompies, kos vir ses maande, huisdiere, klere, ens., het dertien waens dan ook op die bepaalde dag daar byeengekom. Vanuit Tarkastad in die Suide het gekom Thomas Ignatius Ferreira. Dit was sy oom Steyn wat die land ingekom en afgereis het na Cradock, waar hy hulle vertel het van die mooi nuwe land. Thomas Ferreira en sy skoonseun het twee waens met soveel benodigdhede as moontlik volgelaai en op 25 Maart 1895 uit die Suide getrek. Hy skryf:

„Toe my moeder my sien klaarmaak, was sy baie hartseer en sê: „My seun, die eerste wat jy op jou wa moet laai, is jou Godheid, sodat jy jou Heer nie moet vergeet nie. Die tweede is Geduld, die derde Moed en die vierde Geloof.’ So gesê, so gedaan, opgepak en voortgegaan!”<sup>23)</sup>

Hyself, sy vrou, vier seuns, drie dogters, sy skoonseun (Hendrik Bezuidenhout), hul twee kindertjies en Jan Botha, met omtrent sewe perde, 50 beeste en soveel bokke, en twee spanne osse trek na Sterkstroom, Penhoek en Jamestown. Hy vertel van die pragtige Boesmanskilderye wat hulle op Penkop gaan besigtig het. Voort na Aliwal-Noord en hul eerste ondervinding met miskoekvuur; vandaar na Rouxville, Wepener, Swartlapberg, Hoepelrok onder Koraanberg, Na Vetrivier, Laaispruit, Koolspruit, en by Ventersburg ontmoet hulle Stoffel en Corneels Steyn by kommandant Haasbroek.

„Van Kroonstad af het die trek uit agt waens bestaan en 41 siele. Daar was 128 beeste, 225 bokke en ’n ou Tamboekiekaffer, ou Jiems, wat die vee aaangejaag het. Van Potmietkuil het die trek by Nicolaas Coetzer aangekom. Lang Jan Steyn het daar vir die trek ’n vet os present gegee, wat geslag is,” skryf Thomas Ferreira.

’n Afskeidsdiens is in Coetzer se huis gehou, en dié deel van die trek is voort na Engelse Panne en Vaalrivier. Daar het die trekke bymekaar gekom, sodat daar altesame 104 siele was, 16 waens, oor die 5000 stuks grootvee en 750 stuks kleinvee. Die waens sou in twee afdelings trek, die een omtrent ’n skof voor die ander. Mnr. Henry sou as algemene sekretaris en leier dien van een klomp, en J. G. Steyn sou die ander agt waens lei.

Aangesien dit winter was, het die trekkers bittere koue ondervind, en daar was nie juis vuurmaakhout nie.

Op Sandnek, in die Transvaal, is aan die egpaar Pieter en Engela Steyn ’n dogter (Anna) gebore en die trek het ’n paar dae daar vertoef. Hans Klopper slaan intussen sy halwe wa aanmekaar en trek saam.

<sup>23)</sup> Sien *Die Huisgenoot*, Mei 1937 vir aanhalinge i.v.m. mededelings van Ferreira.

Van Potchefstroom het die trek gegroei tot 114 siele en voortgegaan na Kolonieplaas by Katbosdraai (die rivier met die mooi oog). Daarvandaan na Miskraal, en omdat dit Sondag was, het hulle daar gestaan en, soos elke Sondag daarna, 'n gesamentlike diens gehou en, indien moontlik, Sondagskool vir die jongere mense.

Hulle trek voorts in bittere koue langs die Mooirivier af na Nootgedacht en die Witwatersrand. Mnr. Ferreira skryf verder:

„Die aand slaap (ons) by 'n mooi modderspruit wat mnr. Henry se kettingtou laat fluit het. Anderkant die spruit is die morsige vlei en elke wa moes vier spanne osse voor kry om deur te kom. Die kettings het ook baie gebreek en die mense het gesukkel. Mnr. H. B. Steyn gee elkeen 'n dop en toe voel hulle weer fris. 'n Klein entjie verder was dit die tweede gesukkel, want die waens lê tot aan die aste in die modder. Daarvandaan het die trek by Hexrivier gekom, waar hulle moes wag op die agterste trek, wat stadiger beweeg het met die vee. By Magaliesberg het die mense se kos opgeraak en 64 beeste het weggeraak. Die beeste is weer gevind en kosvoorrade is op Rustenburg aangevul. Van daar af was hout weer volop. Ons is verder na Magata se stat, waar ons tussen die Makatese beland het. Van daar af moes ons dag en nag oppas dat die vee nie gesteel word nie.

„Ons is verder na Elandsrivier en Krokodilrivier. Dit het goed gegaan tot by Laagkuildrif, maar daar het 'n tragiese gebeurtenis hom afgespeel toe die vyftienjarige seun Wentzel, van die egpaar Wentzel en Herculina Coetzer, gesterf het. Onder 'n apiesdoringbos in 'n eensame en verlate graf het ons van hom afskeid geneem.

„Van Vliepoort af is die trek al langs die linkerkant van die Krokodilrivier tot waar dié by Ferreirasdrif in die Groot Marico vloei. Daar het Landman my gewys om die drif deur die Krokodilrivier te maak. Hy sê: „Oom moet die sandwalle afsteek en tussen die groot diep gate deur gaan. As oom se voorosse goed is, sal ek dryf.’ Ek sê vir hom hulle is en hul name is Landman en Winterberg. Die vrouens en kinders was bang vir die diep water en krokodille en het gehuil. My seun Jan is op 'n perd om tou te vat en mnr. Landman was voor op die wa. Ons skree op die twee swartes en my wa kom veilig deur tot bo-op die wal. Die ander het daarop ook gekom. Harm Coetzer sê wa het in die water bly staan en die ganse het op die diep water geswem. Daar was 'n gespartel om hulle weer uit te kry en oorkant was ons in die haak-en-steekdoring, sodat jy net stukke kant van rokke sien waai het.”

Die trek is aan die regterkant van Krokodilrivier voort, waar 'n posgeleentheid hom voorgedoen het en briewe aan die agtergeblewenes gestuur is.

By Errekson (Ericson) aangekom, het die vrouens gaan was, waar 'n krokodil Hans Klopper se vrou amper gevang het. Daarvandaan het hulle by Maklabas gekom en moes die mense deur dik sand trek. Dit was die begin van die moeilikheid. Eers was daar rusie onder die mense. Hoe verder hulle getrek het, hoe ongesonder het dit begin word. Bos- of galsiekte het onder die beeste uitgebreek en die trekspanne het gevaarlik klein begin word. By Maklawanie was dit ontsettend warm en by Barkansdraai is meer beeste dood, asook by Palala.

In die bosveldwêreld het die trekkers minder waggehou, want hout was volop en hout krale is dikwels opgerig waarin die vee snags gejaag kon word. Die mense het gesukkel om wild te skiet. Die leeus het op een plek vier van hulle perde gevang en dus het hulle dié plek Perdeverloor genoem.

„Met moed en krag en nooit weer lag, gaan ons voort na Gazaland.

Die pad is ook so lank dat ek die Here sal dank as ek op die end kom. Toe het ons by Magalaqueen gekom; ons het swaar getrek en die mense het baie dors gely,” aldus mnr Fereirra.

Daar het oom Hendrik twee dogters 'n pak slae gegee omdat hulle met klein kinders in die bosveld vooruit geloop en die oumense onrustig gemaak het. Die trek is die Limpopo by Rhodesdrift deur. Hulle het daar baie jagters en transportryers teëgekom wat hulle moed ingeproat het om vol te hou. Hulle het somaar tien dae daar vertoef, want hulle het alte lekker gesels met die jagters; Hans Niemand en Jan Terblanche het die waens mooi laat trek en 'n bokseil gespan, sodat die jong klomp kon dans — iets wat hulle ook baie gou gedoen het.

By die Umsasarivier span die trek weer Sondag uit. Oom Thomas Fereirra skryf:

„Dit was Sondag en daarby baie stil. Ek en my huisgesin klim toe op 'n koppie en sit daar en Kinderharpies sing en hou stil, eensaam godsdien. Daar is baie trane gestort. Toe ons Maandagmôre vertrek, had ons aan brood of vleis geen gebrek nie. Ons het omtrent 'n halfuur gery toe ek skielik lus kry om 'n koedoe te gaan skiet. Ek wou nie na my vrou luister om te bly nie en val ook somaar die pad in, die bosveld



*Hendrik Belthazer Steyn,  
broer van die leier van  
die Steyn-trek.*

in. Ek weet nie hoe dit gebeur het nie, maar ek het verdwaal. Die aand sonder kom ek weer waar ek die oggend begin het, of eintlik waar ek van die wa af weg is. Die waens was ses myl daarvandaan. Die middag vyfuur staan ek by die koedoe wat ek geskiet het, toe iemand my meteens aan my skouer vat en sê: „Weet jy waar jy is?” Ek het so geskrik dat ek somaar in 'n rigting weggehardloop het. Ek weet vandag nog nie wie my daar aan my skouer gevat het nie. Dit was ook al donker en ek het nog net drie patrone gehad. Daarby het ek al drie leeus ook teëgekem.

„Ek kry gelukkig die pad en loop in die rigting van die waens, alhoewel ek dit nie geweet het nie. Partymaal het ek so gehardloop dat die sweet van my gesig afgeloop het—miskien was dit van angs. Rondom my het leeus, tiers, wolwe en wildehonde gebrul en geblaf. Die nag eenuur hoor ek 'n skoot. Dit was mense wat my vrou gestuur het om na my te soek, en so het ek veilig by die waens gekom.”

In Augustus kom hulle by Tuli aan, waar die gevreesde perdesiekte sy verskyning gemaak het; daarvandaan na die Umsingwane-rivier en die Nuanetsi, waar die leeus weer perde gevang en die wolwe skape se koppe stukkend gebyt het.

„Ons woning bly maar die wapid en ons kos wildsvleis en mieliepap vervolg mnr. Ferreira. „By Sugar Loaf word ons beeste weer siek. Die Here alleen weet wat van ons gaan word as dit so aangaan. Sugar Loaf is 'n soliede klip, na skatting omtrent duisend tree hoog. Die pad gaan om die klip. By Bloekomspruit het die jongmense na 'n myn gaan kyk. Die myn se jongkêrels het die trek se jongmense met 'n verewa kom haal en hulle het 'n lekker dag deurgebring. Hulle was byna 500 voet onder die grond, het hulle gesê, en het alles goed deurgekyk. Dit sing en lag gedurig, en die besoek het ons weer minder neerslagtig gemaak. Willem Prinsloo en John Scheffers het ook daar by die trek gekom. Ai, John Scheffers was amper my skoonseun.”

Eindelik het die trek op Fort Victoria aangekom, waar die mense weer kos en klere gekoop het. Die reis is hervat na die Sabi, deur Dieprivier en Skuinsrivier en Kaal-gaanstaan — almal somaar name deur die trekkers self gegee. Laasgenoemde plek was die kaalvlakte waar die mense almal aan maagsiekte gely het.

So is hulle voort deur die Devuli. Kort daarna het Cornelius Marais se wa gebreek. Hy en sy gesin moes daar wag terwyl 'n paar kêrels 'n as van 'n kosbare wagaraamte omtrent drie myl daarvandaan gaan haal het. Onderwyl hulle weg was en die res van die trek voortgegaan het, probeer hy die wa

opdomkrag, maar dié gly en val altwee sy bene vas. Sy vrou en dogter het tevergeefs gesukkel om die stomme man te help. Eindelik daag daar 'n Kaffer op en met sy hulp het hulle daarin geslaag om hom te bevry. Op die pad is 'n seun (Paul) van die egpaar Pieter en Cornelia Steyn gebore.

Die trekkers het ook patats en rys geëet wat hulle by die inboorlinge gekoop het.

By Moodiesdrif aan die Sabi is daar weer groot vrees onder die trekkers. „Dis die Rode See wat ons hier moet deurgaan,” het een tannie gesê. Ferreira het met sy perd 'n pad gesoek en die goed onder die wa bo-op gebind. Die meeste waens is deur met twee spanne voor.

By die Tanganda was al teenspoed die feit dat die diere aan maerte doodgegaan het. Van Tanganda het hulle op 16 Oktober by Driespanberg gekom. Mnr. Ferreira skryf: „Die vrouens en kinders moes loop, want die berg was steil. Drie spanne osse moes elke wa uittrek, en daarom word die berg vandag nog by dié naam genoem. Hulle moes een vrou, tant Sannie Steyn, wat swaar van lyf was, amper uitdra. Onder elke arm moes 'n jongmeisie vat, en om haar heupe was 'n doek wat voor vasgedraai was en waaraan een getrek het. My vrou het koffie gedra en haar kleindogter 'n veldstoeltjie. So het dit steunsteun gegaan tot bo. Hulle moes haar kort-kort laat sit en dan ook 'n bietjie koffie gee.”

Vandaar is die trek na Buffelsdrif en Nuwejaarsdrif, waar hulle kennis gemaak het met die Ebenhaezer"-klipstapeltjie van die Martin-trek.

So het die lang trektog eindelijk op Waterval, die Moodie-nedersetting, uitgekóm. Die eerste Gazalander wat hulle ontmoet het, was mev. Webster. Vandaar is die grootste deel van die trek ook in die rigting van die Martin-trek. Dit was oor berge en deur dale en slote, sodat party waens genoodsaak was om eers 'n ent aan te ry en dan stil te hou om hul osse terug te stuur om die ander te gaan help. Hulle trek toe na Nyhodi en Elandspunt. Daar het hulle twee weke gestaan, terwyl 'n deputasie, bestaande uit mnre. Dunbar Moodie, John Henry, Johannes Steyn, Beltsazer Steyn en Coenraad Steyn vooruit is om die verskillende plase uit te soek.

Ná die deputasie teruggekeer het, is die lede wat nie in die onmiddellike omgewing plase kon kry nie, verder voort na die Noorde van Melsetter. Die eerste moeilikheid was by Osaapsberg. Tant Sannie Steyn moes daar maar mootjies weer loop, terwyl die jong seun Hendrik Steyn die veldstoeltjie moes dra. Deur diep dongas het hulle hul pad gebaan. Eensklaps breek die voorste wa se ketting net by die agterosse. Die

wa het teruggehardloop en omgeslaan. Die meeste van oupa Hendrik Steyn se meubels wat hy met soveel sorg so ver gery het, het daar aan flenters geval.

Hulle het weer die ketting reggemaak en is so Osaapsnek uit, waar hulle ook die eerste gesig had van die nuwe reeks plase. Uit hierdie eerste aantal plase aan die voet van die nek, het die ou trekker J. G. Steyn en sy seun Johannes een plaas geneem, Weltevrede. Die ander is verder, maar by Paulingsnek gebeur weer dieselfde ding as by Osaapsnek. Harm Coetzer se wa was dié keer die slagoffer. Na veel gesukkel, want toe reën dit nog boonop, is hulle daar oor en kom op die tweede plaas aan, wat Hendrik Steyn vir hom geneem en Hendriksdal genoem het. Vandaar is hulle na Moodiesnek, op die pad wat deur die Moodies na Umtali gemaak is. Die pad was steil, maar nie lank nie; dog uit vrees dat een van die waens weer sou terugloop, het ou mnr. Piet Steyn voorgestel dat 'n groot blok hout gekap en agter aan die wa vasgemaak word, sodat dit op die grond sleep. Indien die wa dan weer terugloop, sou dit teen die blok vasstuit. Dit is dan ook net wat gebeur het. Toe die derde kettingtou breek, ruk die wa terug, maar die bok stamp teen die hout, wat dit tot stilstand bring. Die ses-en-dertig osse het die wa weer gevat en sonder verdere ongeval uitgetrek.

Ná Moodiesnek kry hulle die volgende twee plase. Mnr. Lombard bly agter op die eerste, Lombardsrust; en die ou leier Johannes Steyn het sy tuiste gemaak op die ander, Johannesrust. Dit was Kersfees 1895. Hulle het 'n paar dae daar vertoef, en toe is H. B. Steyn, Willem Steyn, Harm Coetzer, Wentzel Coetzer, Henry en Marais verder na Thom's Hope. Daar het Henry vir hom en sy seuns drie plase uitgesoek en agtergebly. Die ander is die Umvumvumu-rivier deur en H. B. Steyn kies vir hom die plaas net oorkant die rivier, Steynstroom.

Van daar beweeg die ander trekkers hulle na Thaba'Nchu, Harm Coetzer se plaas, en na Penkridge, Willem Steyn s'n. Maar pas het hulle daar aangekom, of hulle vind uit dat op altwee plase alreeds okkupante is. Die plase het in die distrik Umtali geval, omdat die Umvumvumu as die grens beskou is. Hulle moes daar op die plaas Kwaggashoek van Wentzel Coetzer oorsomer en moes in 1896 met die rebellie na Steynstroom gaan, waar hulle gelaer het, en tevergeefs moes wag totdat alles klaar was.

Later het Willem Steyn 'n plaas net onderkant Moodiesnek gekry, Steynsbank, 31 myl van Melsetter. Hulle het die plaas die eerste maal verbygegaan omdat dit toe nog geokkupeer was deur ene Jan Roos, 'n okkupant van Hauptfleisch.

Vir die kaarte moes hulle £15 betaal en die meetgeld was £40. Van daardie plase het nog 500 morg in die Portugese gebied geval, wat mnr. Steyn sonder meer moes afstaan.

Vir baie van hulle was die planttyd al verby, en hulle kon in die eerste jaar feitlik niks wen nie. As 'n mens daaraan dink dat dit 'n maand vereis het om die afstand van sewentien myl tussen Melsetter en Steynsbank af te lê, dan was verbinding met die ander en ouer deel van die gemeenskap ook nie altyd moontlik nie. Hierdie mense het egter as gevolg van hul deursettingsvermoë 'n nuwe gebied, nl. Noord-Melsetter, vir die kolonie oopgestel, en so die hele Gazaland — droom van Moodie, Jameson, Rhodes — as Britse gebied beset en geokkupeer.



*Tant Nelie Steyn  
(gebore Lombard)  
oudste trekkers-  
vrou nog in lewe.*

Daar het nog ander trekke ná die Steynstrek ingekom, maar hulle word nie tegnies as Pioniertrekke bestempel nie.

#### LEDE VAN DIE HENRY- EN STEYN-TREK.

John en Emily Henry en kinders:

Tom, Freddie, Trevis.

Johannes Gerhardus F. en Herculina Steyn en kinders:

Christoffel, Christian, Theunis, Lucas, Maria.

Johannes en Annie Steyn en kinders:

Martha, Herculina, Johannes, Anna.

Pieter en Engela Steyn en kinders:

Johannes, Annie.

Hendrik en Christiana Steyn en kind:

Aletta.

Wentzel en Johanna Coetzer en kinders:

Johannes, Wentzel, Johanna, Annie, Piet, Martha, Willem.

Hendrik en Sannie Steyn en kinders:

Cornelius, Sannie.

E. Coetzer.

P. Willem en Cornelia Steyn en kinders:

Antonie, Hendrik, Stephanus, Paul, Susanna, Anna, Cornelia, Johannes, Pieter.

Christoffel en Aletta Steyn.

Harm en Johanna Coetzer en kinders:

Hendrik, Susanna, Jan, Piet, Lettie.

Stephanus en Annie Lombard en kinders:

Annie, Stephanus, Barend.

Cornelius en Catharina Marais en kinders:

Annie, Barend, Catharina, Stephina.

Johannes en Annie Kloppers en kinders:

Martha, Aletta, Annie, Christoffel, Willem, Johannes, Schalk.

Thomas en Maria Ferreira en kinders:

Willem, Maria, Jan, Thomas, Catharina, Louis.

Willem en Hessie Prinsloo en kinders:

Willemina, Hans, Willem, Freek.

Daniel van der Zandt.

Jaap Hautpfleisch.

Ignatius du Preez.

### *Hoofstuk 13*

#### DIE EERSTE JARE

**A**S die trek deur die woëte boswêreld na die grasgroen valleie van Gazaland moed, durf en deursettingsvermoë geverg het, dan het ook die eerste jare nie minder toetse en inspanning meegebring nie. As die trek die eerste tugmeester was van die natuur om die trekkers tot selfstandigheid aan te spoor, was die elemente daarvan, waarmee hulle nou kennis gemaak het in hul poging om tot 'n nedersetting oor te gaan nie minder hard en ysig nie.

„Ons was vol moed en ambisie,” skryf Malcolm Moodie, „om die land te sien en plase te besit van 3000 morg . . . die land wat vloei van melk en heuning. Die begin van die trek het ons voorgekom soos 'n groot en langdurige piekniek. Niks het ontbreek nie; die viool en konsertina was ook nie vergeet nie. Die nooientjies en jongkêrels was volop. Elke aand as daar kamp gemaak is, is 'n kaal kol geskoffel, meestal met die voete! Want van gebrek aan skoene was daar geen sprake nie. Alles was volop! Selfs klere was volop en nuut, en veral die sokkies het nog mooi gepas. Dit was soos die hoenderhaan op die mied gekraai het: ‚Mog dit vir ewig duur.’ Maar dit was van korte duur. Die ou wêreld verander mos gedurig. Die land verder noord het ook verander. En daar was bosse, en dissels en dorings. Die broekspype het aan toutjies geskeur, en die pragtige tabberds was naderhand net rafels. Daar was nie meer kans om te skoffel nie en die stem van die musiek was dood. Die ou wêreld het begin swaar druk, sodat teruggedink is aan die verlede. En pleks van

skoffel en musiek het die ou Huisbybel sy verskyning gemaak. Die maand Februarie was 'n swaar maand vir ons. Dit is 'n tyd van die jaar wanneer dit baie reën en die koors swaar woed . . . ”

Die Moodie-trekkers het een ná die ander hul plase beset, maar hulle was skaars daar of die Portugese dreig om hulle uit die land te verdryf. Die Portugese het beweer dat Noord-Gazaland nie aan Rhodes behoort het nie, en dat hy die gebied sonder hul toestemming binnegegaan het. In Februarie 1893 moes hulle eenvoudig die grens bewaak en beurte neem om wag te staan. Die hele militêre mag van Gazaland het op omtrent 30 man te staan gekom.

„So het ons 'n hele maand wag gestaan, terwyl die Portugese met agthonderd man en vier maxims aan die oewer van die rivier gestaan het, ongeveer vyftig myl van ons af,” skryf Malcolm Moodie verder. Nie alleen was die koors aan die orde van die dag nie, maar die hele maand het dit gereën en hulle het net twee dae die son gesien. Hulle was toe al sonder jasse, want die klere kon nie altyd hou in so 'n nat weer nie. „Ons het kort broekies aangehad wat tot by die knie gerek het. En dan het ons maar elkeen net een pak van dié soort klere besit, sodat ons moes kaal uittrek en in 'n rondawel sit as ons die klere wil uitwas. Die wasgoed moes ons by die vuur droogmaak. Gelukkig het Goewerneur Machado kort hierna teruggekeer uit Portugal en die saak geskik, maar teen daardie tyd het baie van ons al swaar gely aan die koors.”

Gedurende die wagstaan-petalje, vertel oom Ernst, het hy en Dunbar op die Duliberge (Devuli-) die Portugese vlag gestryk. Dit was gewaagd, maar dit was darem iets om die eentonigheid te breek. Hulle het gedink dat daar moeilikheid by Macequece (Massi-Kessi) sou wees, maar dit was ook net 'n vals alarm.

In dieselfde jaar het daar 'n ware oase in hierdie gebied ontspring: dit was naamlik die sendingstasie van die Amerikaanse Sending by Mt. Silinda, waar twee dokters, Weilder en Thompson, onskatbare dienste aan die trekkers bewys het.

In die land self was seker nie een trekker teleurgesteld nie. Die klimaat was matig, die veld soet en die grond 'n sagte rooi en baie vrugbaar. 'n Eienskap wat dadelik die aandag van almal getrek het, was die moontlikheid om van al die talle van stroompies gebruik te maak vir besproeiing op 'n kleiner of groter skaal. Uitstekende hout en houtsoorte was in die kloue aanwesig — assegaabos die mees algemene. Hulle het die Gazastamme vriendelik en beleefd gevind en daarby gewillig om hul landbouprodukte te verruil vir die geringste nietigheid van die beskawing. Hulle het mielies, kafferkinge, springmielies, pampoene, patatas, skorsies, suurlemoene, piesangs en tabak net so goed gekweek soos die Vrystaters nog ooit gesien het. 'n Ou

ruïne, 'n „bietjie kleiner as Zimbabwe,” is ook ontdek by Chikwanda, by die Busi: binne was dit omtrent 37 voet in deursnee, 20 vt. hoog met ongemesselde klippe; op een plek was daar 'n groot klip omtrent nege voet hoog, en verskillende ander kleineres op grafte.

Daar is gehoop dat die „Chartered Company” die pad na die nedersetting sou maak en ook spoedig 'n paar polisie sou stuur.

„Dit is selfs moontlik,” skryf Dunbar Moodie, „dat met die oog op die nabyheid van die Bandisi-goudvelde en die verwagte vermeerdering van nedersettings 'n dorpie in die Gazalandkolonie aangelê mag word.”

Presies ses maande nadat die trek op Waterval aangekom het, verskyn die volgende berig in die *Rhodesia Herald* in verband met Gazaland:

„Alles gaan hier baie goed. Vier nuwe gesigte het hier aangekom, en ons was hieroor baie bly. Die Kaffers het nou al die ooste ingesamel en dit was buitengewoon goed. 'n Jagparty het kort gelede uitgegaan na die Busirivier, waar hulle o.a. 'n seekoei geskiet het. 'n Leeuwvifie wat gewond is deur 'n geweer wat vir haar gestel was, het mnr. Oberholzer bestorm, maar hy het haar glukkig voor sy voete doodgeskiet. Sedert ons aankoms het almal al begin tuin maak en aartappels, uie en ander soorte groente is verkrygbaar.

„Daar groei al onder andere die volgende bome: okkerneut-, perske-, appelkoos-, pruim-, lemoen-, bloekom- en piesangbome.”

In die tussentyd het Dunbar Moodie en Ernst du Plessis die ligging van die voorgestelde dorpie uitgewerk en dit afgepen. 'n Paar polisie het hul intrek daar geneem om die orde te handhaaf. 'n Gereelde posdiens is ingestel en dit het die kontak met die verre Salisbury, Victoria en Umtali bewaar. „'n Mens voel geneig om te sê dat ons hier nog net 'n aartsengel nodig het om die plek 'n aardse paradys te maak — 'n vrederegter het ons alreeds,” berig een persoon.

Ernst du Plessis vertel dat daar nogal 'n slegte gevoel ontstaan het oor die amptelike poste. Dunbar Moodie was die magistraat en het alles op hom geneem en T. M. Moodie was posmeester.

In die maande Augustus en September het 'n paar van die mans teruggegaan om te kyk wie nog wou inkom, of om hul familieledede te gaan haal. J. J. Swanepoel, J. M. Swanepoel, W. Pollett en Strydom (uit Smithfield) en A. de Wet (uit Bethulie) het in Juliemaand hul verskyning by die Moodies gemaak. Swanepoel en De Wet het gekom om 36 plase vir 'n paar families te pen. Eersgenoemde het vir homself 12 uitgesoek wat hy later sou kom bewoon. Hulle was almal lede van die oorspronklike

Moodie-geselskap. Genoemde twee here was reeds groot grondbesitters in die Vrystaat en had minstens nog 'n jaar nodig om sakies daar in orde te kry. Kort ná hul vertrek het Dunbar Moodie 'n paar briewe aan Swanepoel geskryf, waaruit die volgende twee geneem is, omdat dit ons 'n intieme kykie gee in die lewe van die mense in hierdie tyd:

G. B. D. Moodie skryf op 4 September 1893 aan J. J. Swanepoel, Beersheba, Smithfield vanaf Waterfall, Melsetter, Gazaland.

*Waarde ou Maat,*

*Verdomde kind, waar is my zadel, gy het my weer verneuk. Maar nu niet meer. Zulke neukery nu op een end. Ik hoop dat u vrisch en in goede gezondheid en by u volle verstand te huis gekom het. Ik wil geloof dat ou Abraham niet zoo groot gelag het toen hy weer te voet stap van Chimoio naar de spoorweg. Maar wat, hy is onze maat, en hy neuk maar gou op. Ik het aan u een telegram gezend omtrent de geld (£250) voor de plaatsen en hoop dat u de geld al weggezend heeft, want sodraag als ik dit het, kan ik uwe grondzaken verrichten. Ik moet nu keer om menschen van uwen plaatsen af te houden. Hier is nu al banje menschen en ik is aldagen meer te wachten. Marthinus is nog niet hier gekomen en ik kan van hem niets te hooren kryg. Maar de Landmeter Generaal heeft kennis gegeven dat zodraag als ik de schetskaarten van de plaatsen zend, en de geld, sal hy my den grondbrieven zenden, maar u moet niet versuim, want deze jaar gaan verby. Ik zal sorgen dat uwe 12 plaatsen veilig blyven. Waarom het u niet aan my geskryf toen u by Beira gelanden heeft? Schryft aan my al de beste en laaste nieuws. Wy is en blyf nog allen in de beste gesondheid en alle werk gaat aan. Ik is besig nu aan bouwen en my perden is vet. Kleinvee gaat goed aan. De Kapaters het ik weggestuur; my bokke is nu aan lammen. Moolman en familie is al hier; de jongmans vry dat dit barst: Klein Tom is nog erger als my klein blaauwbok ram.*

*Casper Badenhorst en Gal Heyns is nu-nu hier gekomen, vrisch en wel en zeer tevrede met dit land. Aanstaande Zaterdag keerde hunne weder terug naar O.V.S. Morgen sal ons schijf schieten hebbe. Wy vang nu alle ander neukery aan. Ik moet ophouden. Met grootste complimenten van ons allemal aan u tant Lettie, Lettie en de kinderen en de mooiye meisjes, en banje complimenten voor uself — verblyft ik uwen maat en vriend en ik neuk maar op. Dag*

G. B. DUNBAR MOODIE.

Tom Moodie het Swanepoel heelwat geld geskuld (en hy was ook die grootste eiser in die boedel ná Moodie se dood, toe hy op

£1,860 aanspraak gemaak het), en dit was miskien 'n rede waarom Dunbar so gewillig was om die plase vir hom te pen en te bewaar — iets wat natuurlik heeltemal onwettig was. Uit later briewe blyk dat daar moeilikheid oor die twaalf plase van Swanepoel ontstaan het, aangesien hulle gepep was op grond wat dig bebou is deur inboorlinge, en ook Mt. Silinda ingesluit het. Die plaas Enterprise het Moodie egter later vir die Amerikaanse sendelinge losgekry toe dit gelyk het of al twaalf plase in die mark sou val, omdat dit een van die plase was waarop die Sending geregtig was.

Ietwat later skryf Dunbar weer aan Swanepoel:

*„Dit gaan met alle menschen in Gazaland eersteklas. Ik heb onlangs Marthinus en Pollard gesien. Hulle vry laat dit baarsten naar de Zendelings meisjes en oud Bill hou hom net parmantig langs de vet nooi. Ek hebt de neukery met de Zendeling geschikt zonder onkosten en Marthinus (Swanepoel) zyn plaats, maar daarvoor kryg hy £175 van den Zendelingen. Dan pen hy een ander plaats af. Ik denk ik heb een goede slag gemaak. Ik zal zeer blyd wees om u weder te zien. Ik heb al uwe plaatsen achter malkander afgepen, kaarten gemaak en grondbrieven gekryg . . .”*

*„ . . . . Oud maat, my vrouw zeg: O Here! Als Tant Let Swanepoel kom en net de vraai prachtig mooi waerld zien, dan zal zy zonder verzuim haar hoed vat, en zal sy ook zeg: Koot! jy kan maar achter na kom. Langer blyf ik niet in de Vrystaat! Gazaland is my motto! Ja, ou maat, de waerld is te prachtig om naar te kyk. De mooi groot wilde bomen, de groen veldt, de vraai wateren, de bloemen, en al wat een mensch zyn hart kan begeeren. De gezaaide en groente is regte mooi. Drie maande koorn die laaste November gezaai is, is in de aren en zoo verre ons het beproeven vinden wy dat koorn, haver, gaarst hier goed beantwoord en hier is in geheel niets roest. Wy het dertien soorten vruchten boomen wat groeien; myn kleinvee is regte mooi en de beste is spekvet. ; Jy moet maar zoo veel menschen bring als mogelyk. Zeg, maar, Kom! Grond zal hulle kryg. Oud maat, gister was hier een mooi grap. Hier kom een Portugeese Kommandant met 12 gewapende mannen om kaffers hier in Gazaland te vangen, en hulle het allerhande neukery gehad; en ik loop hulle by en al hunne geweers en swaarden afgenomen en hulle uit de land gejaagd; de moerneukers maak my alte boos. . . . Boyce het onlangs 'n groot leeu wyfie geschiet . . . (Getekend G. B. D. Moodie, 30 Jan. 1894).*

Swanepoel het egter die plase te lank laat lê sonder okkupante en in 1895 is die Swanepoel-blok aan andere uitgegee. Die Engelse Sendeling Burgin het in Mei garriveer om die Sendinggenootskap van die Engelse Kerk te verteenwoordig, en het gou bevriend geraak met al die mense.

Gazaland het intussen op die landkaart begin verskyn as 'n hoë grasplato wat baie gesond en 4,500 voet bo seespieël is. Orals het mense met lof gepraat van hierdie landstreek. Dit was enersyds ook maar goed dat dit die geval was. Want Mashonaland, dié deel waarin die pionierskolonne en ander inkomelinge hulle gevestig het, is orals beskryf as 'n koorstreek en baie mense het na iets beters gesoek. Vir die trekkers daarheen was dit ook 'n inspirasie. Die land het vir die meeste van hulle gelyk soos dele in Natal, Zoeloeland en Swaziland. Daar was nie baie moerasse of vleie nie: „en”, het 'n ander geskryf, „die landbouboer sal alles vind waarvoor hy begeer in die vorm van goeie grond, baie min sand, en alle soorte oeste, asook die beste weiveld. Die Natal-beeste gaan mooi aan. 'n Waardevolle eienskap van die ligging van die land is dat byna elke plaas 'n hoë- en laeveld het. Bo-op die landplato's is gras, maar onder is dit bosveld. Wildevrugte is ook volop: suurlemoene, loekwarte, piesangs, mispels, majantjie, mahobohobo — kos vir mens en dier.

„Die inboorlinge skyn 'n gemengde klomp te wees — moontlik verworpelinge uit die vroeër en magtige Gaza-stam. Hulle lewer egter bewys van 'n weinig meer werklustigheid as baie van hul rasgenote. Hul oeste is goed, maar hulle besit geen beeste nie. Dié is heel waarskynlik deur Gungunyana geneem toe hy op sy rooftog verder suid getrek het. Die hoenders lyk gesond. Wild is volop: hartebees, eland en kleiner bokke, seekoeie, buffels, leeus en luiperde, maar daar is min voëltjies.”

Die behoefte aan beter geriewe vir 'n afsetgebied vir die produkte van hierdie gemeenskap, is al baie vroeg ingesien. Fort Victoria, die naaste mark, was 150 myl ver en die pad was sleg en skaars die hele jaar deur begaanbaar. Die groot riviere, veral die Sabi, het die vervoer bemoeilik. 'n Soort uitvoerhandel kon met Beira en die Portugese gebied gedryf word en daarom het hulle ook met gretigheid uitgesien na die bou van 'n spoorweg. Dit het geblyk dat die spoorweg omtrent sewentig myl van hulle sou gaan om by Umtali te kom. Ná vyftig jaar bly hierdie hoop maar nog 'n droom.

Teen daardie tyd was in Mashonaland geen vrygrond meer nie en daarom is klem gelê op die gunstige vooruitsigte van grond wat maar net gepen kon word in Gazaland; en mense is aangespoor om nie te lank uit te stel nie.

Kort daarna kom die Webster-Moolman-trek aan (30 Augustus 1893). Vir die Moodie-pioniers was dit 'n dag van groot vreugde. Die inboorlinge het hul eerste mielies, ens., begin saai en die blankes het dit ook gedoen. Ligte reëns het in September en Oktober die veld mooi laat lyk en, waar die

lang gras afgebrand was, het die nuwe groen van die lente myle en myle ver gestrek oor die koppe en hange, wat alleen onderbreek is deur klompies-klompies elande, hartebeeste, kwaggas en swartwitpense, wat in taamlike groot getalle (een persoon vertel van 'n honderd so bymekaar) in die groen grassies gewei het.

Om die lewe vir hulself te veraangenaam het die klompie nedersetters skietwedstryde gehou, waar sulke mense soos Lourens, Moodie en Heyns gereeld pryse verower het. Heelwat word ook vermeld van leeu jagte wat baie plesier en opgewondenheid verskaf het. Malcolm Moodie skryf as volg van 'n georganiseerde klopjag wat hulle teen die leeus onderneem het:

„Die volharding van 'n leeu is bewonderenswaardig — hy sal weke lank op die spoor van die trek loop en sy kans afwag; en dan betrap hy die trekkers op die mees onverwagte oomblik.

„Die dag toe ons met Vuilbaard moes gaan afreken, het dit gereën. Ons het in 'n halfmaan die bos ingegaan en het sowat 'n halfmyl geloop toe die eerste alarm gemaak word. Elke jagter het 'n fluitjie gehad om die waarskuwing te gee wanneer daar gevaar kom. Hy moes ook af en toe die naaste man aan hom laat hoor waar hy was, sodat die een nie miskien die ander kon raakskiet nie.

„Meteens hoor ek op die verste hoek die knal van 'n Martini-geweer. Toe ons almal bymekaar kom, verneem ons dat een van die jagters 'n leeuwyfie gekwes het. Daar was twee leeus wat oor die rantjie gestap het, en hy was bang om hulle alleen te agtervolg. Ons was toe reeds tot op die vel papnat en die reën het al hoe sterker geval. Maar ons het besluit om die leeus te gaan soek. Met 'n paar goeie honde het ons die rantjie genader. Ons het ons gewere gereed gehou om dadelik te vuur as dit op stuk van sake kom. Toe ons op die rug van die rantjie uitkom, was die honde al by die leeuwyfie. Sy was reeds dood. Maar wat sou van die mannetjie geword het?

„In die stortreën het ons toe gou die wyfie afgeslag en die vet uitgehaal. Dit was reeds sononder en ons was bang die mannetjie sou ons volg. Meteens het ons die gehuil in die ruigtes naby ons gehoor. Maar so in die hartjie van die bos is dit baie moeilik om vas te stel waar die geluid vandaan kom. Dit voel vir jou of die leeu somaar rondom jou is. Soms gaan dit of die gebrul links van jou is, en dan weer sal jy 'n eed neem dat dit aan die regterkant is. Ons moes meer as 'n myl aflê om by ons laerplek te kom, en ons het ons geroer. Gelukkig was daar vyf man en drie volk wat beurtelings die vet en die vel kon dra. So het dit taamlik gespoed. Die mannetjie het weer baie naby ons gebrul, maar dit was toe al stikdonker en ons het dus maar aangestryk. Daar was 'n versugting toe ons die rondawels bereik

en die groot vure kon aansteek. Nogtans het die leemannetjie ons nie met rus gelaat nie. Gedurende die nag kon jy hom kort-kort hoor brom, en dan knor die honde geweldig, maar hulle was vasgemaak in die huis. Die volgende môre was die wêreld bont van leeuspoore rondom ons rondawel. 'n Tydjie later het dit ons geluk om daardie leeu vankant te maak.

„Maar vir my,” gaan hy voort, „was die huilery en gebrul wat ons snags gehoor het nogal vermaaklik. Wat ek egter nie kon verdra nie, was die blindevlieë. Daar was baie soorte van hierdie plaag. Ek het 'n wit os gesien wat naderhand rooi van die bloed op sy hare was. As dit te erg gaan, het die arme dier onder die wa probeer inkruip.

„Soms lyk dit of die hele wêreld om jou krioel van ongediertes. Een nag was ek op trek met 'n wa en span osse. Die koers het deur 'n digte bos gegaan. Die paadjie deur hierdie oerwoud was so smal dat ek nie kon uitdraai nie. Dit het al taamlik laat geword, en ek was verplig om somaar die osse net so in die pad te laat slaap. Ek het hulle vasgebind en probeer rus. Dit het gereën en die hout was nat; die hele omgewing was vol wolwe en jakkalse. En dan hoor ek nog af en toe die stem van 'n leeu tussenin. Ek het 'n hond by my gehad, maar hy was so bang dat hy gedurig onder die wa gestaan en blaf het.

„Daar was natuurlik geen kans om te rus nie, en ek kon ook geen vure aanpak om die leeus weg te hou nie. Maar ek het 'n goeie haaslamp by my gehad, en daarmee het ek agter op die wa gaan staan en in die ruiptes gelig. Ek kon duidelik hoor hoe die leeu nader kruip, want dit was doodstil en af en toe het die takkies gekraak; maar ek kon my lig nie op hom gegooi kry nie omdat die gras te hoog was.

„Uiteindelik kom die leeu op 'n koppie uit en ek kon sy oë in die lamplig sien blink. Ek korrel toe maar net onderkant die blink oë en trek los. Die skoot moes hom in die gorrel getref het, want dit was 'n vreeslike geroggel en 'n rumoer daar langs die osse. Toe vlug die leeu die bosse in, maar ek kon hoor hoe hy struikel en stik. Intussen was die duiwel los onder die osse. Hulle het geruk en geblaas en gedreig om alles aan flenters te breek. Maar daar was geen kans om iets aan die warboel te probeer doen nie. Ek moes maar die hele nag met die geweer en lamp agter die wa waghou. Ek het net een Kaffertjie by my gehad en hy was glo ook maar taamlik lam geskrik.

„Ek moes die volgende oggend maar weer vroeg laat vat, want die osse moes by die water kom, sodat dit onmoontlik was om die leeu te probeer opspoor. Ons slaan maar in op die nou paadjie tussen die bosse en dieselfde middag het ek 'n

splinternuwe ontmoeting gehad. So teen sononder gaan ek met die wa deur 'n droë sandspruit, en net toe die wa teen die steilte van die wal kom, gaan die osse staan. Wat sal dan nou aan die gang wees? Dit spook mos nie helder-oordag nie! Meteens sien ek so ongeveer veertig tree aan my linkerkant 'n groot tiermannetjie wat met gretige oë op my hond sit en loer. Hy het eers so half geaarsel en soos 'n kat gaan sit. - Toe kyk hy my vas in die oë. My geweer het net langs my gelê en was gelaai. Dit moes nou vinnig gaan, want as die tier sy gedagtes agtermekaar het, dan loop hy storm. Toe ek aanlê, was die son te blink op my geweer, maar ek trek los en probeer hom mooi in die bors skiet. Die tier kantel somaar so inmekaar. Dit was 'n netjiese skoot, en ek klim van die wa af om te gaan kyk. Maar dit was verniet of ek die gat kon vind waar die koeël in is. Ek het hom rondgerol en gesoek, maar monie glo nie. En tog was hy raakgeskiet, want die bloed het by sy bek uitgevloei. Eindelik maak ek sy bek oop, en ek vind toe uit dat ek hom so netjies in die oop bek geskiet het, en dat ek nie eens 'n tand geraak het nie. Die koeël het in sy bek afgegaan en in sy keel bly sit.

„Die volgende môre kom ek by die water en daar ontmoet ek ene John Dunn. Hy was al dertig jaar lank jagter, en hy vertel my dat dit die grootste tier was wat hy ooit gesien het. Die tyd sou egter aanbreek dat die meeste wild uitgeroei sou word, want jagters het te losbandig geword, en somaar enige lewende ding platgetrek. Daar was baie wild en die jag was oop vir almal. Thomas Moodie het egter toe reeds besef dat dit onraadsaam sou wees om elkeen toe te laat om maar te skiet so veel as hy wou. Daarom het hy beperkings opgelê. Roofdiere kon jy natuurlik skiet so veel as wat jy wou.”

Dit was die voorbereiding vir so 'n jagtog wat oorsaak was van die dood van die eerste pionier in Gazaland — die reedsvermelde geval van Webster.

Seekoeie was volop en heelwat jagpartye het uitgegaan om hierdie diere vir huisgebruik te skiet.

„Ek het gaan seekoeie skiet in die Busirivier, wat net onderkant Mt. Silinda deurloop, en 'n klein entjie suid van Beira in die see vloei,” skryf M. Moodie. „Ons was vier skuts en dan nog 'n hele paar wat somaar saamgegaan het vir die pret, en ons het vyf Kaffers by ons gehad. Toe ons by die oewer van die rivier kom, was dit drieuur, en mnr. Thomas Moodie wou nog dieselfde middag 'n paar seekoeie probeer skiet. Hy stuur dus twee volk langs die rivier op en twee ander langs die rivier af. Binne 'n kort tydjie het die een wat langs die rivier moes opgaan,

haastig teruggekóm met die boodskap dat hy vyf seekoeie op die sandbanke langs die water aangetref het.

„Ons het sonder versuim ons gewere gevat en laat nael na die rivier-toe. Ons moes sonder broek of met die broek in die hande al langs die water oploop, want dit was vir ons nodig om kuile wat ons teëgekóm het. Toe ons daar kom waar die seekoeie vyf of ses maal deur die water te loop, weens die klippe en diep 'n oomblik vantevore was, was daar niks te sien nie. Daar lê net die gat water van sowat driehonderd tree lank, en alles was so stil as die dood. Die jagters het begin mompel. Die een sê die Kaffer het dit mis en die ander een praat van omdraai, maar Thomas Moodie het die aard van seekoeijag verstaan. Hy was 'n ou jagter en sê toe: „Nee, die seekoeie is hier.”

„Toe haal hy sy dinamiet uit, waarvan hy 'n taamlike voorraad saamgebring het. Elke vyftig tree word daar 'n skoot gelaai en in die water gelaat om te ontplof. En hierdie voorlopige skrikaanvalle het ook nie te lank geduur nie, of jy sien hoe die seekoeie hier en daar op die oppervlakte van die water uitpeul. As die seekoei sy kop uitsteek, blaas hy, en dan moet jy regstaan want dis die oomblik waarop jy gou moet skiet, nog voordat hy jou in die oog kry. So is daar baie skote afgevuur, totdat die aandskermering naderhand die pret stopgesit het. Maar ons het nog niks in die hande gehad nie. Thomas Moodie sê toe dat ons maar kon gaan slaap. Dit was vir ons 'n snaakse soort jag, dog toe ons die volgende môre opstaan, moes ons weer laat nael rivier-toe. En toe ons daar aankóm, dryf al vyf seekoeie op die groot gat water! En toe het die werk eers begin.

„Dit het ons 'n week gekos om daardie vyf seekoeie te bewerk. Eers moet jy op 'n vlot in die water invaar om die seekoeie te gaan haal, en dan moet hy aan wal gesleep word, gewoonlik op 'n sandbank wat nie te steil in die water afdaal nie. En as die geweldige liggaam van die dier hoog en droog lê, moet jy jou messe goed slyp. Al wat die jagter natuurlik van die seekoei wil hê, is die spek, die vet en die vel, om sambokke van te sny. As die sambokke uitgeslag is, word die dik spek in repe afgesny net soos die mense met walvisse doen. Daarna moet al die bene uitgehaal en stukkend gekap word om die vet uit te braai.

„En praat nie hoe lekker daardie seekoeispek smaak nie! Jy kan somaar 'n pond spek opeet sonder dat dit jou walg of 'n nagevoel veroorsaak. Uit een van die groot bulle het ons tweehonderd swepe en sambokke gesny.”

En so het die eerste jaar in die nuwe gebied stadig ten einde gespoed.

„Daar was nog een treurige voorval in die maand September. Een van die aspirant-nedersetters,” skryf 'n

korrespondent, „moes vaarwel sê aan die lewe van 'n boer in Gazaland, en hy is weggevoer na die goue land; maar helaas! nie tussen die vlerke van twee blink en skitterende engele nie, maar geboei en tussen die sterk arms van twee konstabels om sy rekening in Victoria te gaan vereffen. Die beskuldiging was „donkie slaan’.”

In die tussentyd het die trekkers ook waardevolle soutlae in die Sabivallei ontdek, asook drie warm mineraalbronne (wat hulle aanbeveel het vir kreupeles, siekes en blindes wat van die oorlog af kom), groot ou kopermyne in die Sabivallei en 'n goeie hoeveelheid en gehalte kalkklip.

Teen die einde van die jaar het die B.S.A.-Maatskappy nog beslis geweier om die nedersetters te help om 'n pad na Umtali oor die Umvumvumu te maak, en het dit gelyk asof die Portugese voordeel sou trek uit die nedersetting. Veral is gevoel dat die hout baie nuttiger sou wees in Mashonaland.

Die reëns het ook al begin en die gesaaides het mooi gestaan. Leeus het nog baie gepla. Boyce Moodie het een van die mooistes in hierdie streek geskiet. Tien ander het hulle gaan tuismaak op mnr. Moolman se plaas en toe 'n jagparty op hul spoor kom, het hulle die kloof ingevlug. Ook daar het hulle dinamiet gekry om hulle uit te jaag. Vir so 'n handjievul mense was dit 'n gevaarlike onderneming. Hulle het egter ongedeerd daarvan afgekome en twee leeus geskiet, wat die totaal vir daardie veertien dae op ses te staan gebring het.

Die nuwe jaar 1894 het begin met mooi weer en helder dae, wat nogal baie aangenaam was ná die swaar reëns van November en Desember. Die eerste maand in die jaar was ook 'n geleentheid van groot feesviering, toe die eerste huwelik te Melsetter voltrek is. Dit was die belangrikste gebeurtenis van die seisoen toe Elsie, dogter van Thomas Moodie, by die bruid se ouerhuis in die huwelik bevestig is deur eerw. Wilder. Daar was 'n groot byeenkoms — en tien dames! 'n Bruilof is gehou, daarna sport en toe weer skyfskiet onder die agtien mededingers. Of dit die bruilof was, weet hulle nie, maar dié keer het hulle baie swak geskiet, behalwe die jongere Moodies, wat pryse van £2 verower het.

In daardie maand het hulle ook besoek ontvang van mnr. Mabey, 'n bekende geoloog en ontdekkingsreisiger, wat op pad was na die Sabi-kopermyne.

G. B. D. Moodie het hom ook toegelê op die kweek van tabak, wat hy vroeg in die jaar na Salisbury gestuur het. Hy was die menning toegedaan dat van die beste tabak in Suid-Afrika daar gekweek kon word. Hy het in April tien rolle tabak,

vierhonderd paar sole en elf velle as die eerste uitvoerprodukte van Gazaland na die Kamer van Koophandel gestuur.

April 1894 was egter vir die klompie 'n treurige maand. Want in dié maand is hul leier en steunpilaar, Thomas Moodie, oorlede. Melding is reeds gemaak van sy geboorte te Swellendam in 1840, waarheen sy oupa op vyftigjarige leeftyd uit Skotland gekom het om 'n industriële nedersetting te begin. Hy was 'n jagter wat in sy leeftyd meer as sestig leeus met die ou voorlaaier geskiet het. Hy het Paul Kruger goed geken en het saam met hom in die omstreke van Pretoria gejag. In 1882 het hy en Dunbar saamgereis deur Bulawayo na die Victoria-waterval. Op daardie tog het hulle ook by hulle gehad 'n sekere Drake, wat tien jaar tevore al saam met 'n ander grootwildjagter, Piet Jacobs, daarlangs was om te skiet; ook het die geselskap bestaan uit 'n aantal mense uit Engeland wat in Matabeleland wou kom jag. Thomas Moodie het 'n groot deel van die leiding op hom geneem. Hulle moes eers Lobengula se toestemming kry om deur die land te reis. Op hom het die forsgeboude gestalte van Thomas Moodie 'n diep indruk gemaak, en laasgenoemde moes dan ook vir die heerser sy armspiere wys. Vir Lobengula het dié soos die „heupe van 'n man gelyk,” en al wat hy in 'n opgewekte stem kon sê, was: „O, o, jy moet die olifante nie skiet nie, jy moet hulle met jou hande vang.”

Moodie was ook saam met Warren toe laasgenoemde gegaan het om die Republieke van Stellaland en Gosen te onderwerp. In 1865 het hy deelgeneem aan die Basoeto-oorlog en was dus 'n man wat by uitstek bekwaam was om 'n nuwe land te ontgin. Die gehardheid van die oorspronklike Skotse tipe, wat hier deur drie geslagte van harde werk verander het om hom aan te pas by plaaslike toestande, togte en awonture in Suid-Afrika, was eienskappe wat hom die soort persoon gemaak het wat enige werk self sou doen as dit gedoen moes word. Dit was miskien ook indirek die oorsaak van sy vroeë dood. Ondersteuning i.v.m. hul boerdery het hulle nog nie van die regering ontvang nie, en daarom moes hy maar self die inisiatief op hom neem om die mense te laat plant en saai. Sy laaste werk was om self die pad van Melsetter na Umtali te maak, aangesien hulle die regering toe al herhaalde kere gevra het maar steeds 'n ontwykende antwoord ontvang het. Thomas Moodie het self aan die werk gespring om iets van die 135 myl na Umtali oop te kap. In sy onblushbare werkywer het hy hier waarskynlik 'n ongeluk gehad, maar nie veel aandag daaraan gewy nie. Hy het egter 'n ander kwaal gehad, en met hierdie ongeval het dit kort daarna sy dood gekos. 'n Donker wolk het nie alleen oor die weduwee en elf kinders gehang nie, maar oor die hele gemeenskap: dit was vir hulle die teken van nog groter beproewings. Sy familie, vriende

en kennisse het agtergebly om die verlies van 'n ware eggenoot, 'n intieme vader, 'n getroue vriend en 'n skitterende kolonis van Rhodesië te betreur.

„Hy was 'n deurdrywende man,” het oom Ernst du Plessis opgesom. „Ek het nog nooit iemand ná hom teëgekóm wat soveel moed as hy besit het nie, en ek daag iemand uit om meer moed aan die dag te lê as Thomas Moodie. Ek voel geëerd dat ek saam met so 'n man kon reis en woon en werk. Die herinnering aan wat ons saam en hy in die besonder deurgemaak het om hierdie land bewoonbaar te maak, bly 'n volle en aangename. Ek kan maar net sê dat as Thomas Moodie nie so gou weggeval het nie, Rhodesië vandag 'n ander land sou gewees het.”

Is dit dan te bewonder dat hierdie vriend van Thomas Moodie so verontwaardigd en gebelgd gevoel het oor die latere gebeurtenisse, i.v.m. Melsetter?

Teen die einde van die jaar 1894 was die meeste pionier-trekke al in die land. Die winter was agter die rug en die nuwe intrekkers was verbaas om die groen gras in Augustusmaand te sien. Die gemeenskappie se gees was nog nie geblus nie, hul vee was nog vet, botter en melk en groente was volop en dit het nog 'n land van baie en hoë beloftes gebly.


### *Hoofstuk 14*

#### DIE TOL VAN DIE NATUUR

**I**N September van 1894 was daar 'n baie ligte aardbewing in Melsetter, so lig dat dit net die baie ligte slaper in sy drome gesteur het. Maar het dit die grond ook oopgeskeur vir die tweede groot verlies van die Moodie-trek, toe wyle Thomas Moodie se agjarige seuntjie dood is?

Vinnig het trekkers van die Suide verder Noordwaarts na die Chimanmani beweeg, sewentig myl verder, die donker oerwoud in. Maar reeds moes hulle sien hoe donker swerms sprinkane dreigend oor die groen heuwels aangespoed kom. „Sprinkane!” het die nuweling gesê. „Waar kom sprinkane dan vandaan in hierdie land van melk en heuning?” Maar die driehonderd neder-setters het nog nie juis lande vol graan of mielies gehad nie. Die koerant het melding gemaak van die insekte en hoe onmoontlik dit was om hulle dood te maak, en daarmee is die sprinkane vergeet.

Die Martin-trek het reeds hul bestemming bereik. Dis nou die nuwe jaar 1895, en hulle is almal hoogs in hul skik met die



*Die Chimanimani-pas.*

nuwe land. Vroeg in hierdie jaar sryf Martin aan sy vriende in die Vrystaat hoe die land daar uitsien. Die B.S.A.-Maatskappy weier al om plase toe te ken, behalwe aan persone wat alreeds die land ingekom of skikkinge getref het om plase te kom bewoon. „Ek heb myne uiterste bes gedaan, en zal nog werken om eene vergunning aan myn vrienden of personen die naar dit land wil kom, een kans te geven, dat als zy het geld wil remiteeren en occupanten opsturen dat 't plaatse gewaarborgd blyven van ‚gejumpt‘ (in besit genomen) te worden, maar kon nog niet slagen; de Compagnie dink dat het maar een beweging is om ene speculatie te dryven die de applicanten in oog hebben, want hier werd al vele applicaties ingezonden door menschen die komen zouden en nooit kwamen.”

Hieruit blyk dat hierdie eertydse Volksraadslid uitgeleef het wat sy mede-Vrystaters van hom gehoop het.

Hy sê ook o.m. dat sy trekgenote—dié wat na die Chimanimani saamgegaan het—baie in hul skik is met hul grond. „Volop water, heerlike klimaat, hout in oorfloed, het gras toont dat het voor beesten en schapen zeer goed moet zyn. Onze beesten en ossen zyn vet. Ek dink dat paarden hier over het algemeen in myn omgewing goed zullen leven. Iemand zal nooit kunnen denken dat ons vee zoo veel ziekten doorgestaan heeft en zoo ver gekomen is. De waters zyn zeer ondiep, of liever, gemakkelyk om uit te halen. Met al myn reizen door de zuidelike deelen van Zuid-Afrika het ek nog nooit een mooier streek gezien dan Noord Gazaland. Ik het nog nooit een oogeblyk berouw gehad

dat ik niet in den Vrystaat gebleven ben, en ben volkomen tevreden, hoewel eene Voortrekkers leven zwaar is."

Mielies, pampoene en tuingroente groei weelderig, deel hy mee, en byna ongelooflik vinnig. „Wy passeerden met onze wagen den gehele trek door eenige kafferlanden langs de gebergte grenzende aan de Lusitirivier; niet ver, zegt 12 mylen van waar Andries Heyns woont, op den 5den November, zagen wy eenige landen waar de mielies net op was; ander landen dachten wy dat zy maar geschoffeld waren om het gras en onkruid uit te roeien, zodat zy beter kan gepik word. Dit vonden wy later uit was de manier van pikken. Op 4 Januarie passeerde onze wagens terug by voormelde landen om het goed door ons agtergelaten by Moodie te halen; en de mielies was toen veel hooger dan een van ons menschen uit den Trek, maar waren nog niet in saad. Het is ongelooflik en velen zullen het nie willen glooven.

„Het gaat met al myn vrienden hier goed, allen gezond en vet. Het elands vleesch doet hun goed."

Hy raai toekomstige trekkers aan om nie oor Waterberg te kom nie, en dat die beste en die veiligste weg van Johannesburg langs die Krokodilrivier na Tuli en Fort Victoria is. Die Edenburg-trek, sê hy, het daarlangs gekom met soetveld-osse en het geen skade gely om van te praat nie. Syns insiens was die osse uit die gebied ten ooste van die Elandsrivier en Natal die veiligste om mee te kom. „Beesten zyn volop in Mashonaland," vervolg hy, „beter om hier te koop, en het is wenschelyk om goede bullen zamen te brengen. Ossen moet in goede conditie zyn, niet jonger dan vyf jaren, wagens niet zwaarder te laden dan 6,000 lb. tot op Fort Victoria; van daar naar hier 4,000 lb. Zeer goed om elke wagen met agtien ossen te voorsien. Meel en koorn en alle zaad goed en in voldoende voorraden mede te brengen. Gereedschap wenschelyk."

Gelukkig ook het mnr. Mansergh, wat verbonde was aan die Beira-spoorweë, in Januarie 1895 ingewillig om die pad van Melsetter na Umtali te peil. Op 5 Februarie word berig dat hy 'n pad begin „lê" het van Melsetter na Umtali en op 8 Julie 1895: „Die Melsetter- en Umtali-wapad is nou oop en sestien waens het van daardie distrik gekom—sommige van hulle sal dadelik na Chimoio gaan om transport te ry." Dit lyk dat masjinerie bestel is wat 200 Kaffers in drie klompe aan die werk hou.

'n Koringmeul is ook bestel, en boumateriaal het aangekom. Teen Maart 1895 het hulle dus al begin met stene maak en die huise se groottes uit te werk. Een huis sou 73 by 42 voet wees, 'n ander 46 by 26 voet, 'n derde 42 by 14 voet en verskeie kleineres. Bakstene sou gebruik word. Die eerste baksteen-

gebou is op die plaas van mnr. Ernst du Plessis opgerig en staan vandag nog.

Die grenspolisie is in die tussentyd vermeerder tot dertien. Sprinkane het weer hul verskyning gemaak. In Julie 1895 arriveer magistraat Heugh en sy gesin, asook die naturelle-



*Die eerste steengebou in Melsetter is op die plaas Clearwater gebou deur Jan van Zijl.*

kommissaris, mnr. Meredith. Hulle is hartlik welkom geheet deur die gemeenskap. Op 11 September 1895 is 'n boerevereniging gestig om hul belange te bespreek.

In Oktober 1895 word 'n petisie opgestel aan die regering om 'n dorp by die Chimanimani te stig. In Julie het hulle reeds te kenne gegee dat so 'n dorp baie sou beteken vir die ontginning van die landbou om die Chimanimani, want dit was nie alleen nader aan Umtali nie, maar sou ook gunstiger transportryery in die hand werk. Nou slaan die petisie egter 'n ander toon aan: dit stel voor dat die dorp Melsetter self sewentig myl ver Noord na die Chimanimani verskuif word.

Kort daarna het die magistraat 'n woordewisseling gehad met Dunbar Moodie en, aangesien hy 'n ondersteuner was van die petisie, was die gort nou gaar. „Hy het beweer dat Melsetter, waar die Moodies hulself ingebou het,” aldus mnr. Ernst du Plessis, „te ongesond was, en dreig om die amptelike dorp wat hier by Chipinga (of Coetzeeskop) deur Moodie begin is, na die Chimanimani te verskuif. Chipinga was die naam van 'n Kafferkaptein, maar Moodie het dit Melsetter genoem. Wat gebeur het, weet ek nie, maar dit blyk dat toe ek na die Unie was om my vrou te gaan haal, hierdie dreigement deur die volgende Magistraat, Longden, uitgevoer is. Hulle het die dorp sewentig myl noord verskuif en dit Melsetter genoem. Die plek waar soveel sweet en trane van die eerste trekkers geval het, en

waardeur hulle, in naam, die groot eer aan hul leier wou gee, sou herdoop word tot Chipinga, en die nuwe Melsetter sou dan by die ander trekkers wees. Kon hulle maar nie vir hulle 'n ander naam gekry het nie? Dit was 'n gruwelike affrontasie. Ongelukkig was ons trekemense so in die minderheid en Dunbar die enigste woordvoerder, dat dit seker nie kon anders nie. Dit was, sê ek, 'n gruwelike affrontasie vir die eerste trekkers, maar veral teenoor Thomas Moodie. Die plek (Chipinga) was gedoop—ja, met hoeveel trane en sweet en bloeddruppels nie?—Melsetter; en vir my is dit of die nuwe dorp met bedrog aangelê is en, as ek mag profeteer, nooit sal floreer nie. Reken net! Hier is nie eens so 'n plek soos Moodiesrus of Moodiesval om die gees en nagedagtenis van daardie groot man te verewig nie; nie eens 'n monument nie—behalwe 'n poging om sy graf te dek. En as daar ooit 'n monument hier in Gazaland ter ere van die pioniers opgerig word, dan is, na my beskeie maar besliste mening, sy regmatige plek hier op Waterval."

Maar om terug te keer tot die trekkers self. Die jaar 1895 was 'n baie nat jaar. Om die gronde te bewerk en te stomp en nat te lei was seker nie 'n maklike taak nie. Die Kaffers was nog baar en skrikkerig om te werk, al was die arbeid eers baie goedkoop. So vertel mev. Mynhardt dat hulle uitgegaan het na 'n kraal om werksvolk te kry; maar toe hulle daar kom, was die kraal leeg en geen sterfling te sien nie; net hier en daar rokende vuurtjies en hoenders. Dag ná dag het hulle die Kaffers bekruipt. Sodra hulle by die kraal kom, het hul opgespring, maar dit het die Kaffers so die skrik op die lyf geja dat hulle almal plat op die grond geval het, terwyl die meide met hul naakte kinders die bosse ingevlug het. Eindelik het hulle so ver gekom om te gesels oor werk, maar slegs hier en daar kon een gekry word. Dit sou nog baie maande duur voordat hulle iets anders sou dra as hul vel en riempies, maar hulle het so vir die boer baie beteken.

„Dit was met 'n trotse gevoel dat ons eindelijk op die groen van ons handewerk kon afkyk; die beloning vir ons harde stryd,” skryf Aletta Mynhardt. „Ons meisies moes koeie melk, ploegstert hou, en dan nog in die huis werk. Daar was geen vraag of jy man of meisie is nie; daar was werk om te doen, en wie beskikbaar was, moes dit doen. Toe kom die wildevarke om ons lande op te grawe, die bobbejane en die ystervarke om hulle as ons vyande aan ons voor te stel. Nogtans het die harde stryd voortgeduur.

„En so het die dag ook genader dat ons die eerste worstelstryd met malaria moes deurmaak. Sal ek ooit daardie dae vergeet van rustelose gerondrol op die bed, koorsagtige bewusteloosheid, angsvolle oomblikke terwyl dit gevoel het asof die hele familie afdaal in die vallei van die dood? Ons het nie geweet van malaria

nie, van medisyne daarvoor nog minder, en daar was geen dokter naby ons nie. Vroeg in Maart 1895 begin my vader te kla van sekere pyne, en toe ons ontdek dat dit dié siekte is, kon ons niks doen nie, of was ons so oorbluf en moedeloos dat ons niks kon doen nie."

Stadig het die swart hand van die dood oor hom toegevou en moes hulle hul vader en leier afgee. Op 'n Saterdagmôre is hy dood. Oorstelp van verdriet en onbeteuelde snikke het die oudste dogter aan hikke gegaan en drie uur later is sy ook dood. „Odendaal en Webster het ons trou bygestaan toe hierdie slag ons getref het," vertel tant Letta verder. „Hulle het ons gehelp met die begrafnis op Middelstroom. Odendaal het die kiste gemaak met planke wat Pa saamgebring het. Maar nog was dit die einde nie.

„Gebroke en kragteloos, het my moeder sieker geword ná die verlies en die Maandagmôre is ook sy van ons weggeruk! Ons het haar langs die ander twee laat rus—en ons oë opgehef. . . . .

„En soos 'n straal van sonneskyn om die donker dae te verlig is ná die somer my seun gebore.

„Die tyd heel alle wonde! Ons kinders het elke dag gegroei, hul teenwoordigheid 'n vreugde vir ons; maar, helaas! ons vreugde was van korte duur. Teen die einde van die volgende somer het ons ons klein seuntjie moes afgee—die eerste baba gebore in hierdie distrik. En weer het die smartproses van die vorige jaar hom herhaal: 'n paar maande later het ons klein dogtertjie hom gevolg—twee blommeknoppies wat nooit oopgegaan het nie.

„Toe die son ondergaan oor die vars hopie grond, het ons gedink dat ons verdriet sy hoogtepunt bereik het. Ons het omgedraai en ons oë huiswaarts gerig. Daar kom die skaapwagter, en ook hy dra die tyding van die dood. Die beeste was siek. Daardie nag het ons alles ondersoek en uitgevind dat dit runderpes was. En die seis van die dood het die laaste bees, behalwe twee, afgemaai."

In dieselfde wyk is kort daarna ook dood twee Bezuidenhouts en twee Madwigs.

Met daardie deel van die Martin-trek, wat nie saam na die Noorde gegaan het nie, nl. die Van Rooyen-trek, het dit nie minder ongunstig afgeloop nie. Mnr. A. Hefer vertel:

„Die begin van 1895 was net reën en reën en nog 'n maal reën. Ná veertig dae was ons klere, skoene en die soort hutte wat ons kon bou, wit vermuf en verskimmel. Eindelik het die reën minder geword, en die osse en beeste het net begin spekvat

word. Maar dit was te goed om waar te wees; kort daarna kom daar op 'n môre 'n os aan, en dit het gelyk of die dier mal was. Hy was so opgeblaas dat ek gedink het hy gaan bars; en dit het nie lank geduur nie of hy slaan dood neer en die gal loop by sy bek uit! Ons het geweet wat dit beteken. Een ná die ander het die osse gevrek en ek en Van Rooyen het dertig osse binne twee weke verloor.

„Toe ons nog besig was om oor hierdie eerste siek os te dink, kom daar 'n Kaffer met 'n brief van Herselman aan wat laat weet dat sy dogter van twaalf dood is. Dit was vir ons alreeds 'n skok, want ons klompie wat almal op my plaas gesit het, het nog niks gehoor vandat ons van die Herselmans geskei het nie. Al wat ons geweet het, was dat hy vir Moodie sou gaan ploeg het. Maar die dood was vir ons huis (of hut, moet ek liewer sê) nie iets onbekends nie. Siekte het ons al vanaf Fort Victoria agtervolg.

„En nou met hierdie beriggie van Herselman het ons die boodskap van die trekke deur die riviere beter verstaan. Sy het koors gehad, skryf hy, en moes, omdat daar geen ander hulp was nie, die osse kraal-toe bring. Sy was warm en het deur die koue water geloop. Dit het haar dood gekos! Ons kon niks meer doen as om in ons harte diep mee te voel met hierdie hardwerkende gesin nie. Ander trekkers het egter nou aan die land begin twyfel en 'n paar is selfs beweeg om terug te gaan.”

Nie baie lank daarna nie kom daar weer 'n Kaffer met nog 'n doodstyding. Die oudste dogter skryf aan Van Rooyen en Hefer dat hulle tog moet dadelik oorkom, want haar moeder het die vorige dag al gesterf en haar vader was so siek dat hy niks daarvan geweet het nie. Sal hulle nie asseblief kom help om moeder te begrawe nie? Ongelukkig was Hefer nou ook siek, maar mnr. Van Rooyen en mev. Van Rooyen (tans mev. Hefer) kon darem gaan. Die wêreld was nat en modderig en die pad—wat daar was van een—was nie begaanbaar met wa en osse nie. 'n Plan is gou gemaak. 'n Slee word aanmekaar geslaan en met hul beddegoed daarop, agt osse en 'n touleiertye voor vertrek hulle na die Herselmans. Dit was maar omtrent drie myl reguit pad, maar oor die bulte en oor die glyerige pad het dit vir hulle soos dertig gelyk. Mev. Hefer vertel verder:

„Toe ons naby die huis kom, kon ons die agt osse nie uitspan nie, hulle was onregeerbaar—sou hulle die dood geruik het? Ek glo dit vas! Die dogter het ons in die hartbeeshuisie ingebring, wat bestaan het uit 'n eet- en slaapkamer en 'n kombuis. Hier het ons sake gevind soos die dogter geskrywe het: die vader was merentyds bewusteloos; boonop was daar geen kos nie, en die kinders het aan 'n paar groen pampoene begin eet en het almal siek geword. Almal het daar gelê en bewe van die koue-

koors; hul oogappels was goudgeel, en hulle was bedek net met 'n lakentjie waaronder hul voete uitsteek het.

„Daarby kom nog dat die babetjie ook sterwend gelyk het en ons moes baie naby gaan om uit te vind of sy nog asem haal. Mnr. Herselman was so by sy verstand dat hy net kon sê: ‚Martjie (mev. Hefer), ek weet nie wanneer Sannie dood is nie. Ek het net gehoor by die kinders‘; en met hygende asem het hy ons gevra om sy vrou tog asseblief te begrawe en om tog iets te vind om haar in te begrawe. Roelfie, my man, moes rondsoek na iets wat as 'n kis kon dien, maar kon niks kry nie. Eindelik is besluit om gebruik te maak van 'n waterbokvel. Terwyl hy die gat gemaak het, het ek probeer om die lyk reg te maak. So alleen kon hy die gat ook nie baie diep maak nie, maar het darem tot vier voet afgegaan. My taak binnekant was nie minder veeleisend nie. . . . Toe hy klaar was, het ons die waterbokvel geneem en dit voor die bed geplaas. Met groot swart oë het sy na my gelê en kyk, net asof sy vir my iets wil sê, en ek het elke oomblik meer kragteloos gevoel. My man het haar by die voete opgetel en ek by die skouers, maar toe ek haar optel en my hand insteek voel ek—O! aaklig om vandag nog daaraan te dink—hoe dié onsuiver onder die lyk lê. . . . Ons het haar op die vel geskuif en neergelê, en een kombers oor die lyk getrek. So moes ons haar graf-toe dra. Dit was vir my en my man onmoontlik om haar alleen te dra; en die siek dogter van sestien jaar en seun van vyftien moes opstaan om eenkant te kom help, en so het ons met die moeder wat was, na die ondiepe gat gesukkel. Hulle het gehuil van koors, die stomme goed, en val-val, slinger-slinger het hulle daar aangekom. Sonder 'n grafrede is die lyk neergelaat; net die hartverskeurende snikke van die kinders het die stilte van graf en dood gebreek. Die vel het ons oor die liggaam getrek en ek het my man gelaat om haar te dek—die naamlose hopies grond in Gazaland met een te vermeerder.

„Terug in die hut, moes die beddegoed eers verwyder word. . . Dit was noual sonder en weer probeer my man om die osse vas te maak, maar weer was sy gesukkel hopeloos. . . . In die tussentyd het ek probeer om vir die siekes iets te ete te gee. Toe dit klaar was, was dit al donker en ons het na die wa gegaan om vir die nag daar te rus . . . . 'n rustelose nag, waarin ek moes terugdink aan die gebeure van die dag, wat ek in besonderhede nooit aan iemand anders kan meedeel nie.

„Die volgende môre was die vraag wat om met die res van die siek gesin te doen, aangesien dit onmoontlik was om hulle daar te laat en nog meer onmoontlik vir ons om hulle op te pas, of met die slegte te vervoer na ons plek, waar daar nóg kos, nóg

huisvesting was. Maar toe ons verleentheid sy hoogtepunt bereik, sien ons 'n wa aankom! Dit was Dunbar Moodie s'n wat hy gestuur het om die mense te haal, want hy het gehoor van hul siekte, dog nie van die dood nie. Groot was ons verligting toe ons hulle kon ophelp na die wa en hulle op die pad sien vertrek na die hutte van Scholtz.

„Dit was egter nog nie die einde van ons smarte nie. Daardie nag het hulle by Scholtz se hutte gaan slaap en is die babetjie dood. Hulle het haar in 'n aparte hut gelê om die volgende dag te begrawe. Maar wat moes ons oë nie die volgende môre aanskou nie? Gedurende die nag het die rotte die lyk gekry en meer as helfte van die klein gesiggie opgevreet!

„Toe is hulle na Moodie en 'n week later is mnr. Herselman ook dood. Vier uit een gesin binne 'n maand! En drie jong, siek kinders in 'n land waar die enigste band net dié van medetrekke was saam met wie hulle lief en leed deurgemaak het. Mev. Moolman het die drie kinders geneem, alhoewel ek ook graag een wou gehad het. Teen daardie tyd was ek al byna van my verstand af en het nie gedink dat ek ooit weer sou kon durf lag nie—ja, dat geen mens langer reg het om te lag nie. Ek het nie geweet waarom nie en niks gesien waarvoor ek kon lag nie.”

Toe mnr. en mev. Van Rooyen tuiskom, vind hulle dat mnr. Hefer heelwat beter is en dit was 'n soet druppel in hul beker. Maar lank het die Engel van die Dood nie van hulle weggebly nie. Kort daarna is mnr. Van Rooyen se vader, wat al lank siek was, aan die water oorlede, en uit 'n ou ploegkas moes hulle vir hom 'n kis aanmekaar slaan. Voor 'n paar geboë hoofde het die seun die lyksrede gehou.

Die mans van daardie deel en wyk van die trek het al minder geword. Kort daarna is Marks ook in Van Rooyen se hut dood. Bosse en bome was daar genoeg, maar geen planke nie. Sy kis was stukke toegewerkte seil, en so is nog 'n ander stryder in die nat aarde weggelê; 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Die Van Rooyens en Hefer het daarop besluit om na die Moolmans se plaas terug te gaan om 'n tydjie daar te bly. Maar ook daar het hulle tyding van die dood gekry. Altesame het die sterfgevälle daardie seisoen op twee-en-twintig te staan gekom.

Gebeurtenisse soos hierdie is nie vervat in die rapporte wat na die B.S.A.-Maatskappy gestuur is nie. Sou dit miskien gewees het dat hulle bang was om die mense af te skrik om daar te gaan woon? Al wat in 1895 berig is, is dat „sedert Desember 1892 tot April 1895 daar vyftien stergevälle was uit 'n bevolking van oor die driehonderd blankes.”

Malcolm Moodie skryf dat baie al swaar gely het aan die koors toe hy in hierdie tyd op sy plaas kom woon het—dit was twintig myl van die Sendingstasie, Mt. Silinda af—en omdat sy geval so tipies was, laat ons hom aan die woord:

„Die sendelinge was my naaste bure en dit het selde gebeur dat ek met blankes in aanraking kom. Nou was dit egter my beurt om onder die koors deur te loop; maar die sendeling, mnr. Wilder, en dr. Thompson, van die ‚American Mission,‘ het baie vir my gedoen. Daar was nog twee goeie vriende wat naby die Sendingstasie gewoon het, nl. mnre. Labuchagne en De Beer.

„Die enigste verbinding tussen ons was ’n voetpad deur die woesteny. Al besoekers wat ek gehad het, was Kaffers wat af en toe daarlangs gekom het; dog gelukkig het ek ’n baie getroue Kaffer gehad, wat my vyf-en-twintig dae opgepas het. Ek was so siek van die koors dat ek nie kon eet nie, en daar was ook nie behoorlike voedsel te kry nie. Al wat ek te ete gekry het, was dun mieliesop sonder melk, suiker of sout. Vleis was daar wel, maar dit was soos gif vir my. So het dit vyf-en-twintig dae geduur, en aan die einde van daardie tyd het my Kaffer gemeen dat ek dood was. Hy het my toe daar laat lê en aan my twee vriende gaan vertel dat ek oorlede is. Hulle het met ’n wa gekom om my lyk te haal en te begrawe.

„Onderwyl die Kaffer weg was, het my koors gebreek en het ek bygekom. Toe my vriende kom, het ons al drie van blydschap geweene; want die wildernis mag ’n mens hard en taai maak, maar hy maak jou hart baie teer en sag vir jou maat wat saam met jou in sy moeilikhede deel. Daardie twee was ware vriende. Hulle het my op die wa getel en na hul huis geneem, maar ek was so swak dat die wa kort-kort moes stilhou. Ek is aan huis gebring by Labuschagne. Hy was ’n welgestelde boer en het my goed versorg. Dr. Thompson het my elke dag besoek en gehelp; en toe ek enigszins beter was, het hy my gewaarsku om liever daardie gebied te verlaat. Gelukkig het ek spoedig so sterk gevoel dat ek die terugtog kon onderneem, maar dit was maar swaar om daardie opregte vriende te verlaat. My dankbaarheid teenoor hulle is vandag nog net so warm en vars as die dag toe ek van my siekbed opgestaan het.

„Die hoogty van die pionierspeletjie was verby. In die geselskap van ’n plesierige vriendekring het ek die land binnegekom. Alleen en krank en mismoedig moes ek weer daaruit. Ons stammetjie moes al sy groot steunpilare verloor. My broers, Dunbar en Thomas—feitlik die Moses en Aäron van die trek—was altwee ontslape. Van hul kinders was heengegaan. My broer Jah, wat ’n paradys van ’n plaas gekry het, ten noorde van Umtali, het ook skape van Rhodes ontvang en baie fluks vooruit-

geboer. Hy was somaar gou 'n welgestelde man. Maar die koue hand van die dood het hom uit sy arbeidsveld weggeruk. Daar het nog ons suster, mev. Coleman, agtergebly. . . . Die koors het haar nie weggeneem nie, maar hy het ook haar huis nie verbygegaan nie. Haar drie dogters was al getroud en al drie die skoonseuns het aan die koors beswyk. Sy moes die stryd van die lewe alleen voer, want in 1893 het die koors haar eggenoot weggeneem!

„Ek het vir oulaas 'n blik gewerp oor die pragtige landstreek van Melsetter. . . . Dit was vir my 'n aangename wêreld daardie, maar die dood het my daaruit gejaag. Met die kragte wat ek ná die lang siekbed oorgehou het, het ek so half-siek, half-gesond op my terugreis oor Umtali na Beira toe aangesukkel. Onderweg het ek 'n sekere mnr. Brown teëgekóm wat ook die land moes verlaat weens die koors. En nog verder vorentoe het 'n landmeter, ene Frames, hom by ons aangesluit. Met 'n bootjie wat ons gehuur het, het ons oor 'n afstand van ses-en-vyftig myl al met die Pungwerivier af gevaar na Beira toe. So het my terugreis dan oor Beira en Delagoabaai gegaan totdat ek weer in die ou Vrystaat aangekom het.

„Gelukkig was ek 'n vrygesel en kon ek al die ontberings deurmaak sonder om my nog oor afhanklikes te bekommer; dog dit was swaar genoeg!”

## Hoofstuk 15

### MOEILIKE DAE

**D**R. THOMPSON self het vroeg in die jaar 1895 gesien dat toestande in Gazaland ernstig begin word en het dan ook gewaarsku teen die foute wat noodlottige gevolge mag hê vir sowel nedersetter as die roem van die land. Hy skryf as volg aan die *Rhodesia Herald* (13 Maart 1895):

„Al is ek as mediese dokter gestuur na die Amerikaanse Sending wat kort gelede hier gestig is, was dit tog my plig en voorreg om ook die nedersetters in hul siekte te verpleeg, aangesien ek die enigste verteenwoordiger van die mediese professie in hierdie gebied is. En deur op hierdie manier onder hulle rond te gaan, het ek baie geleer wat betref hul toestand en van wat hulle van die land gedink het voordat hulle hierheen gekom het, en nou.

„Ek vind dat baie van hulle gekom het met die gedagte dat siekte hier nie kan inkom nie, en dat volop voedsel sonder moeite verkrygbaar is.

„Gedurende die afgelope drie maande het ek meer as honderd-en-vyftig nedersettersgesinne verpleeg en 86 persent daarvan was vir malariakoors, of die gevolge daarvan. Gedurende hierdie tyd is ek vyf keer na pasiënte ontbied wat by my aankoms reeds dood was. Van dertien sterfgevalle wat gedurende dieselfde tydperk voorgekom het, was agt weens malariakoors, so ver as ek kon oordeel aan die beskrywing van die gevalle wat aan my gegee is (ek het net drie van hulle gesien voor hul dood)”.

Hy gaan voort deur daarop te wys dat al is die tekens van malaria nie altyd sigbaar nie, hy hom tog uit hierdie gevalle oortuig hou dat dit wel teenwoordig was en „ek glo as hierdie feit erken en wyslik behandel is, baie van die siekte en sterfgevalle vermy kon gewees het.” Dit was duidelik, sê hy — Dunbar Moodie en Martin het dit later gestaaf — dat die mense van 'n verkeerde beginsel uitgegaan het toe hulle hul huise begin bou het. Hulle het in die eerste plek aan die besproeiing en water gedink en nie aan gesondheid nie. Die gevolg was dat baie van hulle juis daar gebou het waar malaria wel gevind sou word as dit aanwesig was; en die meeste sterfgevalle het dan ook in hierdie omstandighede plaasgevind. Syns insiens moes toekomstige intrekkers hulle voorberei om hierdie manier van lewe te vermy, of so nie, om hierdie vyand net so te ontmoet en te beveg as wat hulle gereed was om die leeus te ontmoet, „wat nou reeds vinnig verdwyn.” Hy gee aan die hand dat huise nie by rivierwalle gebou moet word wat soms oorstroom word nie, veral nie in die warm valleie nie; lievers hoër as die omstreke, naby die bron van die water, en indien moontlik beskut teen die koue. Hy meld dat die regering se bepaling dat elke eienaar sy plaas moet okkupeer, die nedersetters so ver uitmekaar geplaas het, dat dit onmoontlik is om mekaar te help in tyd van siekte. „Die distansies is so groot en die reis (gewoonlik te voet) so moeilik dat die pasiënt gewoonlik dood of beter is voordat hulp kan opdaag.”

Hy gee aan die hand dat elke trekker 'n koorspennetjie behoort te hê, 'n spuit en baie kina (vyf ons per persoon per jaar), asetileen om die koors af te bring, 'n lakseermiddel vir die lewer en ook 'n goeie versterkmiddel, soos arsenikum of yster en strignien. Hulle sal dan in staat wees om vir gewone gevalle van malaria goed te sorg,” het hy besluit.

Hierdie kosbare raad is wel in die koerant gepubliseer, maar hoeveel daarvan ooit die ore van die betrokke persone bereik het, is 'n ander vraag.

Die groot moontlikhede van die land het die mense onverskillig gemaak. 'n Ander oorsaak van die swaarkry later moet gesoek word in die duur van die trekke. Toe die Martin-trek

die Vrystaat verlaat het, is die duur van die trek op vier maande bereken, en voorrade was min of meer vir daardie tyd opgepak; miskien het hulle in die meeste gevalle ook die tyd om te saai, te groei en te oes in aanmerking geneem. Maar weens die onvoorsiene vrekte onder die beeste het die trek agt maande geduur sodat, toe hulle daar aangekom het, kos al skaars was. Hoewel sommige van hulle nog suiker en koffie gehad het, is dit nie meer as onontbeerlik beskou nie, en lekkernye van enige soort was lankal iets van die Vrystaatse verlede.

Mense wat van die Vrystaat getrek het met 20 tot 30 en soms nog meer uitgesoekte aanteelbeeste, met spanne van 18 tot 20 osse, het in baie gevalle aangekom sonder enige melkkoeie en met 10 of 12 aanteelbeeste, wat ook nie te goed daar uitgesien het nie maar darem die wa, wat nou byna leeg was, kon trek. In hierdie opsig het byna elke trekker gely.

Vroeg in '95 word uit Melsetter berig:

„Sonder uitsondering het almal geploeg en mielies, ertjies en boontjies gesaai, wat dan ook so goed soos maar kon wees, gegroei het. Maar net toe dit gelyk het asof kos volop sou wees, het groot swerms sprinkane verskyn wat elke spoor van verbouing totaal vernietig het. Aangesien die mense egter sonder uitsondering al die saad wat hulle saamgebring het, gesaai het in die hoop om 'n goeie oes in te samel, was hulle nou sonder enige saad. Teen April was die meel gedaan en vir sover bekend, was daar nie een gesin wat 'n sak meel oorgehad het nie. Die Kaffers, wat ook bang geword het vir die sprinkane, het nou begin ophou om mielies, kafferkoring, ens., wat hulle tot dusver in groot hoeveelhede gebring het, te kom verruil.

„Nou is die nedersetters al verplig om hul saadkoring te eet en die toekoms lyk alles behalwe rooskleurig. Daar is min kans om geld te verdien en omdat die reënseisoen vroeg in Oktober begin het, kon hulle ook nie transport ry nie weens die skaarste aan osse, waaraan hul die meeste van hul kontantgeld op pad bestee het.

„Daar is geen kans om uit hierdie moeilikheid te kom nie, tensy die Maatskappy kans sien om te help met koeie en osse,” besluit die berig. Hy gee aan die hand dat ongeleerde osse goed genoeg sou wees aangesien daar manne is wat gou „ôf hulle nukke ôf hulle nekke sal breek.” As elke man 20 tot 30 goeie koeie en genoeg osse om die spanne vol te maak teen 'n billike prys kry, sou die beeste hul eiendom word nadat aan hulle 'n kans gegee is om oor 'n tydperk van drie jaar in jaarlikse paaielemente af te betaal sonder of met baie min rente.

„Dit sal 'n aansporing wees vir die mense om in die land te bly, dit bewoonbaar te maak en te verbeter; en terselfdertyd

om die gehalte van die vee te verbeter, want hier is nou voorlopig genoeg jong bulle!

„Tensy iets gedoen word,” gaan hy voort, „kan ek nie sien hoe die mense in die land kan bly nie; want die sprinkane het alles opgevreet, en kos sal nie baie langer hou nie; en al sou 'n plaas ook hoe goed wees, 'n man kan tog nie sy vrou en gesin met gras voed nie; dus sal hulle die land moet verlaat om kos en werk te soek. Dit sal nie alleen 'n groot jammerte wees nie, maar ook 'n groot terugslag vir 'n land wat tot so baie in staat is”<sup>24</sup>). (Sien ook Martin se aansoek om beeste — Bylae 4 vi).

Sy pleidooi het egter op dowe ore geval en baie mense het wel die land vir tyd en wyl verlaat. Die nood waarin 'n groot deel van die mense verkeer het, blyk uit stukkie en brokkies wat in briewe aan vriende megedeel is. Die leed wat daarin deurskemer, het die buitewêreld nie juis bereik nie, en die smarte van die dood het nie simpatie kon uitlok nie. Want in menige geval het die dood so skielik ingetree en het so min mense daarvan geweet, dat die verlies net deur die huisgesin kon begryp en gevoel word. Baie van hulle het vrolik en ambisieus en dapper oor die vlaktes, riviere, berge en dale gery om hulle in die pragtige valleie te vestig — valleie van sonskyn en skaduwee — maar in hoeveel gevalle was dit nie die valleie van die skaduwee van die dood nie, soos die naamlose graftes op ver-verspreide plase kan getuig?

Martin skryf nog vroeg in daardie jaar aan kennisse in die Vrystaat:

„Met de Endenburg trek die zich gevestigd heeft tusschen de Busi en Lusitiriviere gaat het zeer treurig. Jan Herbst, Hullett, Rubridge, Nel en Webster zyn binne twintig dagen allen overleden. De meeste van hen hebben langs de waters aan moerassen gebouwt. De dokter zeide dat zy de koors door ongeregeld en slechte voedsel gekrygen hebben. Hy zecht dat om Gazaland ene gezonde naam heeft denken de menschen zy kunnen maar leven zoo als zy willen. Begryp, de menschen waren zoo schrap van kost, dat zy van zaad moesten eten in die nabyheid van Victoria, en de meesten is met die veronderstelling naar dit land gekomen dat hier veel wild was, en om van vlees te leven, en dan vleesch aan de kaffer voor voedsel te verruilen. Dagen hadden zy geen voedsel. Wild is niet volop, de kaffers hebben weinig kos want de sprinkane hebben byna alles verleden jaar vernield.”<sup>25</sup>)

Herbst, Hullett, Rubridge, Nel, Webster — vandag is dit soveel name vir ons — maar hulle was manne van staal, hierdie trekkerleiers, elkeen van hulle; „binne twintig dae . . . .”, en

<sup>24</sup>) E.H. in die *Rhodesia Herald*, 30 April 1895.

<sup>25</sup>) Soos in *Die Burger* oorgeneem.

van owerheidsweë is daar op hul grafte geen krans gelê nie; hulle het net gekom en stil gegaan.

Dieselfde nood het die Steyns-trek van '95 en die Hully- en Cawood-trek van '96 bedreig: veldbrande en die Kaffers het die wild verdryf; maar dit het die mense, soos seker nooit weer in hul lewe nie, mekaar die hand laat reik om te steun, te help en selfs van die kinders in te neem.

Met almal het dit egter nie so sleg gegaan nie. Die Martins het nie moerasse naby hulle gehad nie en het die eerste tydjie nie swaar gehad nie. Die ou '75-ploeg wat hy saamgebring het, het dag-in en dag-uit gewerk om Rocklands te breek en te braak. Daar en op Kenilworth is gedurende daardie jaar verskeie vergaderinge gehou om die aangeleenthede van die distrik te bespreek. In Augustus en September '95 besluit hulle op die vergaderinge om die owerheid se aandag te vestig op hul behoeftes, ens., en om die owerheid te laat verstaan dat die Melsetter-boere nie prospekterders is wat gekom het om gou ryk te word, die land uit te buit en weg te hardloop nie; hulle verlang verder om die voorwaardes waarop grond verkry kon word, weer te bespreek, en ook die kwessie van volk op die plase. 'n Landmeter om bakens en paaie te bepaal word versoek, en eindelijk rig hulle 'n petisie aan die regering om die dorp te verskuif (tot waar hy vandag is) en eis dat die owerheid hulle £3 per morg betaal vir grond wat hy wens om terug te neem.

Maar in Februarie 1896 skryf Martin aan ds. Strasheim dat dit met hulself ook nie meer te goed gaan nie. Hyself is 'n man wat nooit gekla het nie, en die ander mense gedurig moed ingepraat het; daarom is so 'n brief van hom nogal veelbetekend:

„Ons toestand is net ene sorge — ingeslote die lede van laaste trek (Steyns-trek). Ons kan nie meer kos van die Kaffers ruil nie want hulle het niks oor nie, aangesien die sprinkaanswerms alles vernietig het. Die rivier tussen Chimoya en Umtali is vol en gevolglik kon ons waens nie deurkom om ons lewensbehoefte te gaan haal nie. My seun (Jan) het gewag om te gaan maar moes met leë hande terugkom. Om alles te kroon is hy en die bediendes siek aan die koors wat hulle in die Laeveld in die Portugese gebied opgedoen het. Ek moet voorsien in die behoeftes van twee gesinne wat saam met die laaste trek in nooddriftige omstandighede hier aangekom het. Hulle moet ek ook voorsien van voedsel. Menige dag het ons niks in die huis nie; tog het die Here altyd voorsorg gemaak om in ons behoeftes te voorsien.”

Dit was inderdaad die ondervinding van baie. „Sit die pot op — die Here sal voorsien,” het tant Rosa Kok altyd gesê. En Hy het. Net wanneer dit nou lyk of daar geen hoop meer is nie,

daag 'n Kaffermeid op met iets. „As jy weet daar is nie kos nie en weet daar is nie kans om te kry nie, moet jy maar net vertrou,” was haar filosofie. In Noord- en Suid-Melsetter was sy die dokter. Waar die mense nie die dienste van dr. Thompson van Mt. Silinda kon kry nie, omdat hulle te ver weg was, moes hulle maar sien en kom klaar. Die medisyne wat hulle gebruik het vir die koors, was wildeals. Hulle het dit laat trek en 'n uur nadat die pasiënt, wat natuurlik nie alte dodelik siek moes gewees het nie, dit gedrink het, het die koors gedaal, was die persoon uitgesweet, en sy maag reg. Mnr. Martin wat met sy praktiese insig seker die moeilikhede voorsien het, het gelukkig 'n kas medisyne saamgebring en op die trek en ná hulle aankoms het die mense gedurig maar hul toevlug na hom geneem. Tant Rosa was dan ook uitstekend in die toepassing van allerlei rate en het nooit vir reën of koue, distansie of gevaar gestuit nie. Haar alombemindheid het haar 'n bekende figuur gemaak, wat as volg deur eerwaarde Le Roux geskets word:

„Drie karakters trekke was besonder treffend in haar lewe. Sy het haar God liefgehad en het nooit aan Sy leiding getwyfel nie. Gedurende ons agtjarige dienstyd het Melsetter deur drie kommervolle tye gegaan: twee jaar verwoesting deur sprinkane 1896-'97, die runderpes en in 1902 die Ooskuskoors. Die waters van benoudheid het dikwels tot aan die lippe gekom. Menigmaal het haar leraar met haar geweën en met haar Gods aangesig gesoek; steeds was haar woorde: ‚God is goed; Hy behandel ons nie na ons verdienste nie. Ek weet Hy sal weer regmaak — al weet ek nie hoe nie’. Sy het haar medemens liefgehad en was hulpvaardig. Oral waar daar siekte was, is sy geraadpleeg. Menigmaal het die reis oor steil berge en gedurende die duistere ure van die nag gegaan. Soms het sy so deur en deur nat geword van die lang gras dat daar g'n droë draad aan haar liggaam was nie. Sy had haar Kerk lief en het haar kinders meegebring na God's huis. In die gemeente was sy 'n sterk ondersteuner van die leraar. Wat ons maar ook onderneem het, mev. Rosa Kok was gereed om te help . . . Sy het drie myl van die dorp gewoon en ons het haar letterlik honderde male met haar dogters oor die heuwels te voet sien kom, daar sy g'n kar gehad het om kerk-toe te kom nie.”

Klere was skaars en dun. Mevrouw Kok het met haar goedhartigheid op die ou end nog net een rok oorgehou en moes dikwels 'n handdoek omhang terwyl sy was. Die dogters het darem twee rokke elk gehad — 'n kerksrok en 'n drarok, gemaak van Duitse sis. Ook in hierdie opsig het mnr. Martin voorsorgmaatreeëls getref en 'n hele aantal stukke materiaal in rolle saamgebring.

Die vroue het net een paar kouse gehad — sulke swartes met strepe. Wanneer daar dan kerk-toe gegaan word, loop hulle

kaalbeen tot by die spruitjie naby die dorp waar die stof afgewas en die kouse aangetrek word. Op 'n dag het een tante (Nellie) se een kous weggeraak. Eindelik vind hulle uit dat 'n muis dit weggetrek het onder 'n vloerfel in en daarin 'n nes met kleintjies gehad het.

Die vrouens en kinders het verder elandspote afgeslag en die vel om hul bene gebind sodat die struik hulle nie so erg sou krap nie. Gelukkig was daar een of twee skoenmakers, veral mnr. Ewert Steyn, wat velle gelooi het en kort ná die aankoms van die trek skoene gereed gehad het. Die sole het hulle kunstig met pennetjies vasgesit. Mevrouw Du Preez het self vir haar skoene gemaak, en baie van die seuns moes dit ook self doen. Die dogters het vir hulle van die Lala-plant hoede gevleg vir kerkdoeleindes. Die blare is oopgekam en gevleg en dan deur die moeders met nainsok of sis uitgevoer. Soms moes hulle drie myl loop om 'n naald te leen; 'n substituut vir poeier was 'n soort witklei wat, as dit in die son gesit en fyn gemaal word, baie sag en fyn geword het. Michael Kok, een van die eerste kinders in die Martin-trek hier gebore, het van dié poeier gebruik en die babas ná hom ook.

Brood het natuurlik baie skaars geword, en 'n groen pampoer of groen gestampte mielies (gelukkig het een gesin darem 'n stampblok gehad), heuning i.p.v. suiker en 'n bietjie rapoko-meel, was al waarna hulle verwagting uitsien; verder miskien 'n bietjie patats of mielie-koffie en wildsvleis. Sommige het die rapoko- of kafferkoringmeel glad nie geken nie. Een gesin wat glad nie geweet het hoe om dit voor te berei nie, het besluit om dit eers aan 'n hond te gee. Nadat hulle dit gaargemaak het, was dit 'n swart, lymagtige klont wat aan die hond se bek vasgekleef het. Hulle het daarop besluit dat die hond dit nie wil eet nie en dit daarom gif was, en hulle het doodeenvoudig daarsonder klaargekom. Daardie gesin Kruger het toe by hul buurman, oom Jan en tant Koba Moolman, 'n bietjie meliemeel gaan leen, wat 'n week gehou het, en daarna was dit maar die ou storie oor — sonder kos.

Die moeders het later die tentklappe losgetorring om vir die jong kinders klere te maak, veral broekies en hemde vir die seuntjies. Jasse is toe al reeds verander in klere. Ook moes klere gemaak word wat aan die Kaffers kon verruil word. Later was hulle verplig om ook hul tafel- en beddegoed, waarvan hulle nie juis 'n oorfloed had nie, te verruil. Toe ammunisie begin skaarser word, het hul vleis vir eie gebruik verminder, asook dié wat hulle tot dusver aan die Kaffers kon verhandel vir 'n klompie rapoko en ander kossoorte. Gelukkig is die inboorlinge baie maklik tevredegestel; vir 'n baie geringe iets, b.v. 'n patroondoppie, waarin hulle baie geïnteresseerd was, kon heelwat

verruil word. Dit laat 'n mens dink dat toestande vandat die Moodies in 1892 ingetrek het, tot nou toe nie veel verander het nie. Die Kaffers was nog maar skrikkerig en dikwels moes die vrou terwyl haar man transport ry, alleen na die Kafferkraal stap om iets te probeer verkwansel — 'n groen pampoens, of 'n bietjie meel. En dikwels moes hulle maar net baie dankbaar wees as die aias vir hulle 'n bietjie meel bring wat in limbo's of doeke om hul lywe vasgebind was. Die meel is dan uit hierdie nie alte skoon doek voor hul oë uitgeskud en die doek weer om die vuil lyf gebind om reg te wees vir die volgende ruil. Die Kaffers het ook al begin slim word en het net genoeg vir 'n dag of twee, drie gebring, sodat die mense van die hand na die tand moes lewe. Dit alles het hulle vertrou en geduld geleer, kosbare lesse, maar dure lesse. Die roosterkoek wat hulle van die meliemeel gebak het, kon hulle net eet as dit warm was, en om die meel 'n bietjie klam en aanmekaar te hou, het hulle patats daarin gesit.

Die gedurige reën het feitlik alles laat verduf en as die son skyn, moes die goed weer buite gehang word om te droog. Die ou groenvlieë pla dan weer op die wolkomberse, sodat die mense saands eers die kombes voor die vuur moes hou om die goed af te brand voordat hulle kon slaap. So erg was die nattigheid dat toe mnr. Hefer op 'n aand sy broek oor 'n paal gehang het, die agterkant die volgende môre daar bly sit het. Baie nagte het hulle so nat gereën in die hutte dat hulle eers moes regop staan totdat die buie oor was. In die meeste hutte het die beddegoed ook nat geword. Toe die gras langer en droog word, kon hulle die huise of hutte stewiger bou uit klei en pale met grasdakke.

Die eerste hutte is op die rolplekke van kwaggas gebou, as daar was, en dikwels moes hulle die osse in die plek rondja om eers die gras plat te trap. Maar as dit dan weer aan die reën gaan, word al die klei los en moes die werk weer van vooraf aan gedoen word. Daarby het die rysmiere of witmiere nogal baie gepla. So het dit gebeur dat oom Hans Kok se stewels op 'n môre weg was! Dit was 'n onbeskryflike verlies. In elke hoekie en kas word deurgesnuffel, maar die skoene kon nêrens gevind word nie. Eindelik gewaar hulle twee miershopies, en met die afbreek daarvan vind hulle dat dit sy skoene was wat toegewerk is.

Daar was geen vuurhoutjies nie; dié wat saamgebring is, het nat geword en aanmekaar gekoek. Kerse het begin opraak. Mevrouw Cronwright (geb. Du Preez) vertel dat hulle op 'n aand op Rocklands geen kerse had nie. Tant Betta wis egter 'n plan. Eers word 'n bietjie harde elandsvet gekerf en gebrei totdat sy dit kon rol om die vorm van 'n kers te kry. Daarna is die rol mooi oopgesny tot in die middel en 'n stuk band of lap in die skrefie geplaas as 'n pit; daarna is dit weer gerol en toe

opgehang om droog te word. Maar toe hulle die kers gaan haal om op te steek, kry hulle net die pit daar: die kat of hond het al die vet afgevreet, en daar sit hulle nog in die donker. Saands het die boere maar vroeg gaan slaap en 'n vuurtjie aangê, sodat hulle darem snags lig kon kry.

Sout was daar nie en toe 'n Kaffer na Chimoya is om dit te koop, het hy 'n maand weggebly. Onderweg het dit so gereën dat feitlik al die sout gesmelt het. Ernst Kruger het ook eenslag na Chimoya geloop om 'n paar hoenders te gaan verkoop teen £1 5s. stuk en met hierdie geld het hy weer 'n bietjie kos vir die gesin gekoop. Op 'n môre was dit ook op en J. P. Kruger het rotte agtervolg om dié te vang en te eet; terwyl hy agter twee in 'n erdvarkgat ingekruip het, het hy vasgesit. Hy kon nie uitkruip voor laat in die nag nie, en was reeds omring deur „wolwe” wat sy reuk gekry en na die gat gesnel het.

D. M. Stanley, wat saam met sy vrou lief en leed in daardie distrik deurgemaak het, haal nog twee voorvalle aan. Hy het met 'n dogter van een van die mense gepraat en uitgevind dat al die kinders genoodsaak was om te gaan werk. Die meisies moes die seuns se werk ook maar doen: melk, dryf, op die land help, en so meer. Gertie Kok se naam word nog deur die Melsetter-mense in hierdie verband genoem. Sy het soos 'n seun gewerk saands, in die reëntyd, papnat, en dan moes sy vir die nag droë klere aantrek om maar weer die volgende môre die nattes van gister aan te trek. In een geval moes die kinders die paar huisdiere oppas. Die dogter en haar broertjie is elke môre uitgestuur om die varke op te pas — wat maar self moes grawe of sterwe — en hul daaglikse rantsoen het bestaan uit 'n stukkie koue vleis en vier of vyf mieliekoppe. Dikwels het sy die helfte van haar mielie gehou om dit aan 'n ou sog te gee wat te veel rondgeloop het, met die hoop dat sy die vark sou omkoop om naby te bly . . . Dit het haar van kos ontroof, maar dit het die ander twee jong kindertjies die moeite en vrees, wat gegrond was, gespaar om in die digte bos te gaan soek. In die aande moes hulle dan, as daar iets geskiet is, help om dit af te slag.

In 'n ander geval het 'n boer gehoor dat een van sy bure nie kos had nie en dat daar malaria in sy huis was. Hy het sy huis verlaat en omtrent honderd tree daarvandaan het hy 'n eland geskiet. Hy het sy vrou en twee dogters, een elf jaar en die ander omtrent sestien, geroep en hulle aangesê om die bok af te slag, stukkend te sny en in te dra en om 'n deel daarvan gereed te maak om vir die bure te stuur. Die vroumense het die taak onderneem, maar was skaars halfpad, toe twee leeus omtrent tagtig tree van hulle af verskyn. Hulle was bang om deur die digte bos huis-toe te gaan en ook maar nie geneig of gretig om hul onmiddellike voedselvoorraad vir die leeus te laat agterbly

nie. Van tienuur tot twee-uur het hulle by die geslagte dier gebly en hul werk gedoen te midde van die dodelike vrees om aangeval te word. Toe die man tuiskom, het hy die grootste leeu geskiet en die ander het die bosse ingevlug.

Baie simpatieke hulp is in hierdie dae verleen deur die nuwe magistraat, mnr. Longden, en die naturellekommissaris, mnr. Meredith, wie se vrou dikwels klere en naaldwerk aan die armes gegee het. Mnr. Meredith was ook die tandarts met 'n tang as sy enigste instrument. Later het hy ook afnemer geword.

Mnr. Longden is in November '95 gestuur om as magistraat op te tree van die dorp Melsetter, wat in April 1895 offisiële status verkry het. Hy het sake ongelukkig nie in 'n wenslike toestand gevind nie. Hy meld in sy eerste rapport dat die mag wat aan Dunbar Moodie verleen is om alle sake in die distrik te behartig, dikwels deur hom uitgebuit is en dat die boere soms heeltemal aan sy genade oorgelaat is. Dit was een rede waarom so baie boere die land verlaat het.

„He seems entirely to have studied his own interests,” gaan die rapport voort, „at the expense of those of the country; and the settlers complain bitterly of the exorbitant fees he has in many cases charged for anything he did for them, even in his official capacity; and complaints are rife of injustice and partiality in compelling farmers to accept whatever ground he chose to give them. In many cases farms had been changed, beacons altered to suit the convenience of his special friends, causing great hardships and inconvenience to the others. Many farmers who have been settled in the country for more than a year have not been able to obtain even a Certificate of Right; whereas I found that numerous friends of his residing in the Free State and elsewhere, and who have never been in this country, have had titles issued to them for farms in this district. The consequence is that the greatest confusion prevails.”

Hy meld ook dat magistraat Heugh, wat voor hom daar was, geen verbetering aangebring het nie, „and did nothing but offend the settlers by his high-handed conduct, resulting in the late unanimous agitation for his removal.” Heugh was nie 'n gesonde man nie, en ook moreel seker nie baie sterk nie. Hy het selfs probeer om mense soos Martin om te koop, terwyl in sy huislike sake die polisie sy vrou teen hom moes beskerm. Longden het gevind dat sake in die kantoor nie veel beter was as buite nie. So het hy b.v. kwitansies vir £180 gevind wat nooit in die Hoofrekenmeester se boeke in Salisbury aangeteken is nie. Die mense het Moodie betaal vir die opmeting van die plase, wat nou almal te groot blyk te wees, en hulle was nie geneë om in al hierdie moeilike omstandighede nog meer geld aan 'n gekwalifiseerde landmeter te betaal nie.



*Die magistraatskantoor op Melsetter en die eerste personeel. Voor sit magistraat Longden en derde agter is Willie Webster die tolk. Let op die kennisgewing in Nederlands.*

Mnr. Longden het ook die gespanne verhouding met die Portugese opgelos toe hy luit. Serego op 8 Jan. 1896 op die grens ontmoet en die sake wat wrywing veroorsaak het, bespreek het. Hy het Heugh se aanbeveling dat die plaas Dunbarton (G. F. Heyns s'n) die nuwe dorp Melsetter moet word, verder deur-gevoer.

Desnieteenstaande het die inkomste die uitgawe oortref; dit is veral te danke gewees aan die hutbelasting — tien sjielings elk — wat van die naturelle gein is; hulle het nie in klinkende munt betaal nie, maar met bokke. Vendusie is gewoonlik te Kenilworth gehou. Mnr. E. du Plessis vertel: „Die bokke was in klompies van tien of twaalf verdeel. Ek onthou hoe Labuschange op 'n dag 'n klomp wou koop wat baie mooi was, op een ou maer blou bok na. Hy het die mense almal bang gepraat en gesê: „Die blou bok is 'n *nare* bok,' en het die hele spul gekry.”

In '96 was daar 314 witmense teenoor 13,245 naturelle wat van die inkomste van £3000, £1337 aan hutbelasting betaal het. Daar was elf hoofmanne onder hulle. Altesame het hulle 11,530 acres bewerk, maar met die ontwikkeling van die goudmyne, het baie (eenslag 2000) na Johannesburg en Kimberley gegaan om daar te gaan werk.

Drie algemene handelaars- en smouslisensies is ook in '95 uitgereik. Mnr. Cannell was die eerste winkelier.

Daar was min misdade en tot '97 was daar net ses gevalle, waarin twee van die aangeklaagdes skuldig bevind en een ontslaan is. In dié jaar is 'n begin gemaak met die aanbou van 'n tronk te Melsetter, maar 'n behoefte aan so iets is glad nie gevoel nie.

Melding is reeds gemaak van die reise na Chimoya. Die naaste basis vir die verskaffing van voedselware was Beira, meer as tweehonderd myl ver. Die handelsware is gelukkig ses-en-vyftig myl in die Pungwerivier op sleeptou geneem deur die stoomboot „Agnes”, wat soms 'n hele tou vlotte aangehad het. Vandaar moes alles — selfs timmerhout en sink — deur Kaffers na Chimoya of Massi-Kessi gedra word, vanwaar waens ook gehelp het om dit oor die land te versprei. Nie alleen was die hoeveelheid beperk nie, maar die vervoer van Beira is soms ook dae lank vertraag weens vol riviere of laagwaters; boonop was die deurtog na Chimoya, vanwaar die Melsetter-nedersetting sy kos gekry het, soms 'n paar maande lank onmoontlik omdat die sogenaamde pad nie begaanbaar was nie.

Transportonkoste, of dit nou per skuit, of wa was, en of dit deur 'n Kaffer gedra is (pakamisa), was hoog; en gepaard daarmee, het die verlies van goed tydens vervoer — hetsy deur die weersomstandighede, witmiere of stelery — die invoer en verbruik baie verminder. Die toestand is deur sommige uitgebuit



*F. Cannell, die eerste winkelier op Melsetter, met sy gesin.*

wat belaglike hoë pryse geëis het vir wat deur hulle gebring of verkoop is. Drywers het, natdat so baie van hul beeste dood is, tot £10 vir 'n dag se werk gevra. Die hoë pryse het ook die ander ambagte beïnvloed. Geskoolde arbeid was daar feitlik nie; almal en elkeen moes maar sien en kom klaar. Dié wat nodig was, moes van elders kom, en al was hulle ook nie juis beroepsmanne nie, het hulle meer gevra vir hul dienste as die bestes. Die putsaer het 10s. tot £1 gevra om dertig voet op 'n dag te saag,

en die messelaar, wat 'n paar honderd stene op 'n dag gelê het, 17s. 6d. en sy kos. Naturelle-arbeid was op sy beste maar onseker en onbevredigend.

Dit was 'n stryd om te bestaan, vir man, vrou en kind, 'n stryd wat die antwoord behoort te wees op die vraag of hulle wel tyd kon vind om daardie fyner geestelike opvoeding wat hulle aan die nageslag verskuldig was, volledig te verskaf.

Ná die rampe wat die Van Rooyens en die Edenburg-trekkers getref het, het 'n hele paar besluit om terug te trek. Kort ná hul aankoms is Scholtz, Heyns en Ferreira na die Vrystaat. Hefer, Van Rooyen en Spies besluit om eers na die Moolmans te gaan om te sien wie daar nog leef. Hulle het toe nog net twaalf osse vir die twee waens oorgehad. Dis by Moolman waar hulle toe vir die eerste keer hoor van die lot van 'n paar van die Edenburg-trekkers; en omdat die vooruitsigte vir hulle nie êrens in 'n ander deel van Gazaland rooskleurig gelyk het nie, besluit hulle om terug te trek na Fort Victoria. In oom Attie Hefer se woorde: „Rachel het haar kinders beweën en geweier om getroos te word.” Hulle kry nog twee osse by Moolman en met agt voor die een wa en ses voor die ander is Hefer, Van Rooyen, Spies, die wed. Herbst en Nel saam uit die land waarin hulle soveel smart moes verduur. Hulle moes baie van hul goed agterlaat, en op die lang pad terug met feitlik lê waens moes hulle dikwels die een ver laat agterbly terwyl al veertien osse die ander oor die klowe en heuwels moes trek.

By Fort Victoria gekom, slaag Van Rooyen daarin om weer 'n vol span osse te kry en ry transport na Salisbury. Hefer het vir hom klein handelstasies onder die Kaffers begin kry en het met hulle handel gedrywe in meel en rapoko, wat nogal 'n betalende besigheid was. Die Kaffers het vir 'n bietjie krale, sout en 'n stukkie limbo ter waarde van 2s. 6d. tot 3s. byna 'n sak graan verhandel; dit het hy dan verkoop teen 15s. tot £2. Hy was egter nou uit sy plaas uit en doen weer aansoek om 'n plaas in die distrik Fort Victoria en hoewel hy £4 moes betaal, kry hy dit tog reg om 'n plaas tien myl noord van Victoria te pen — om 'n paar jaar later uit te vind dat dit op 'n ander se grond was en hy op slot van sake daarsonder moes klaarkom. Op Fort Victoria het hulle ds. Strasheim onthaal, asook die Steyn-trek na Gazaland en die Van Niekerks na Charter. Ds. Louw, van Morgenster, het vir hulle gaan diens hou en gedurende die Rebelle het mev. ds. Louw 'n klein skooltjie vir die kinders daar gehad. Die groter seuns het dan hul gewere teen die muur gelaat terwyl hulle van hierdie geleentheid gebruik gemaak het.

In 1896, ná die Rebelle, het Hefer ook van Chimoya transport gery en sy ware goed verkoop op Charter. Van Massi-Kessi (Macequece) na Umtali het hy ook gery teen 20s. per

100 pd. Met die waens met vragte van 3,000 pd. twee en soms drie keer in twee weke het hy nogal goed verdien. „Ek het toe net een Kaffer gehad,” vertel hy, „en die donkies was swak en die dongas diep. Dikwels moes ek 'n klip agter die voorwiel sit, sodat die wa nie terugloop nie, op die donkies skree en dan weer die klip met my voet vorentoe beweeg agter die wiel in, tot die donkies weer gaan staan. Maar soveel keer as jy op 'n donkie skree, sal hy vat.” Hy het £53 wat hy as vrywilliger in die Rebelle gekry het, aan Abraham Spies gegee om vir hom donkies in die Unie te koop, terwyl hyself met tien begin het.

Van Rooyen is kort daarna te Fort Victoria aan swartwaterkoors dood; Hefer het met sy weduwee getrou en is na Rusapi, waar hy koetsier en drywer geword het, om weer met die ooskuskukoors 'n vyftig beeste te verloor.

Toe dit in April 1895 so swaar begin gaan het, en die reëns effens verminder het, het die ander mans besluit om van Chimoya of Massi-Kessi na Umtali en Salisbury transport te ry. Hul onmiddellike doel was Umtali en dit het twee maande vereis om van Melsetter daar te kom, aangesien die pad gevul en gekap moes word. Daar het sommige van die mans werk gekry en altyd maar kos en geld gestuur na die plase toe, waar die vroue agtergebly het. Die reël was dat as jy drie maande van jou plaas af was, dan is jy dit kwyt, en daarom het die vroue agtergebly — en daarby nog verspreid ook. Oom Hans Kok het uit alles geraak wat geld betref en wou ook gaan transport ry, maar Dunbar Moodie wou hom nie toelaat om na Umtali te gaan voor hy nie sy erfpag betaal het nie. Hy het nie die geld gehad nie en was verplig om sy enigste twee koeie, wat tot dusver nog altyd melk aan die gesin verskaf het, teen ses pond elk aan Dunbar Moodie te verkoop. Nie lank daarna nie het Moodie hulle verkoop teen £40 elk.

Dae lank moes hulle soms voor die vol riviere staan. By Dansspruit het hulle eenslag agt dae oorgestaan, en hulle het die beste daarvan gemaak en maar gedans en gejag. Want die vrouens het in baie gevalle ook saam gereis op die togte tussen Melsetter en Umtali. Die dogter van mevr. Du Preez wat met Heyns op Fort Victoria getroud is, het saam met haar man gery. Agt maande nadat sy daar aangekom het, was sy eenslag saam met hom na Umtali. Onderweg het sy siek geword. In 'n „mishela” ('n soort hangmat) het die Kaffers haar na Melsetter gedra, maar sy was so swak dat hulle haar nie kon neersit nie, want dan het dit gelyk of die einde daar was. Eindelik het hulle by die moeder se huis aangekom, waar sy 'n dag later dood is.

Op daardie trekpad is Van Heerden, een van die karweiers, ook dood. Hy het siek geword en was alleen by sy wa. Die

tyding het Melsetter bereik dat hy oorlede is, en terwyl sommige van die agterblywendes vir hom 'n graf reggemaak het, is 'n paar uit om hom te gaan haal. Toe hulle by sy wa kom, vind hulle dat een van die verbygaande trekkers hom in komberse toegedraai en reeds langs die pad begrawe het.

Mnr. Steyn vertel hoe hy dikwels met 'n halfspan donkies en halfspan osse transport moes ry—meestal tussen Melsetter en Umtali. Dikwels het die toue gebreek en het die wa teen die steil bulte teruggehoop en omgekantel in die slegte paaie; dikwels het hulle ook vasgeval in die reëns en het die wiele gebreek. Dan moes hulle eers na die bos stap, houtkap en die reparasie doen. Kinders van dertien jaar het al selfstandig begin drywe.

Hulle het gewoonlik 'n skof in die môre en in die aand gery en gedurende die dag gestaan, sodat die osse kon rus. Somtyds het hulle gaan jag en saands kon 'n mens net vleispotte sien wasem as die transportryers gesellig verkeer, rook en grootpraat. Hulle moes darem vuur maak om die leeus snags weg te hou.

„Eendag”, vertel mevr. Du Preez, „het ons 'n sekere mnr. Hully op die pad ontmoet, en, wonder bo wonder, het hy 'n stuk wit brood gehad. My ma of haar suster, tant Chrissie, kon die eienaar daarvan word as hulle Hully kon bewys wie die vinnigste was. Hulle moes resies hardloop. Gelukkig vir ons het Ma gewen, en sy het die brood so verdeel onder die kinders dat elkeen in die gesin 'n stukkie gekry het.”

„Toe ons nog net 'n groen pampoentjie oor had”, skryf mnr. Ferreira, „het ek my vrou en kinders agtergelaat en met my wa en osse gaan werk soek. Ek het vir 'n sekere mnr. Cannell, wat die eerste winkelier was, gaan mielies aanry en sodoende vir ons kos verdien. Maar toe het ek weer die groot onrus dat my vrou en kinders alleen in 'n ou hutjie bly met net 'n rietdeurtjie, en die ongediertes is volop.

„My vrou is maar baie bang en daarom sit sy saands al die kiste en trommels voor die deur, want sodra dit donker word, hoor jy wolwe huil, jakkalse skree, wildehonde tjank en tiers brul. Soet en suur het daardie dae eenders gesmaak.

„Ek het twee goeie voorosse gehad: ou Landman en Winterberg; op 'n keer is my £105 vir die twee aangebied, maar omdat hulle vir my onmisbaar was in daardie tyd, het ek geweier.”

Die prys van 'n sak mielies was van £3 tot £4, meel £5 en nog meer—(eenslag £5 vir 100 pond); suiker £3 vir 100 pond, sout £2/10/-, aartappels £5 'n sak, koffie 4/- tot 6/-, tee 3/6 tot 5/-, 'n kisse kerse £1/17/6, een kers 1/-, 'n pond rys 2/-, 'n stuk linne van 36 yards £3. Die boer se produkte het ook goed verkoop. Later toe die Krügers niks oor gehad het nie

behalwe 25 kuikens, het hulle dié op die Kaffers se koppe gesit en laat dra na Umtali, waar hulle teen £1 elk verkoop is, en met die geldjies kon hulle weer klere en kos koop. Eiers was 7/6 per dosyn. Oom Ernst du Plessis het met Kaffers 400 pd. botter na Umtali laat dra—hyself het saamgehoop—en dit daar verkoop teen 3/6 tot 4/- per pond, sy inkopies gedoen en weer terug ge-„pakamisa”. Ballantyne wat ook so begin het met goed te laat aandra vir Mt. Silinda, het later ’n winkeltjie oopgemaak en hy en Swanepoel het skatryk geword. As ’n mens reken dat tot £10 per 100 pond betaal is vir vervoer van Chimoya of Massi-Kessi na Salisbury, dan is dit te verstane waarom so baie transportryers geld gemaak het. Die alombekende Meikles van Rhodesië het ook op dié manier ryk geword. Die Kaffers het 10/- of limbo gevra vir een tog na Umtali.

„Ek herinner my nog altyd ’n poets wat mnr. Philip Nel ons gebak het,” skryf Steyn. „Hy was ’n ou grapmaker. Daar was een baie bekrompe uitspanning en ’n taamlike mooi weiding. Hy het daar ’n graf gemaak. Die een transportryer verneem by die ander wie daar begrawe lê, maar niemand wis met sekerheid nie. Sodoende wou niemand daar uitspan nie, en



*Koetsdrywers in die ou dae. — Agter: Hermaans, Newitt en Fanie van Niekerk. Voor: Attie Hefer en ’n ander.*


Nel het in volle besit van die uitspanning gebly. Later het ons egter uitgevind en hom goed die kop gewas."

As die ou transportryers so bymekaar kom, dan glinster daar in hul oë weer die lig van avontuur en ondervinding, van moeilikhede en oorwinnings en dan hoor jy staaltjies van briek-blokke wat gebreek het, van waens en osse die afdraende af, van oppak en afpak, van saamwerk en alleen sukkel. En miskien nie soseer om geld te maak nie as die drang om te lewe en te laat lewe—en om die oostelike distrikte van kos te voorsien. Bykans twintig jaar het sommige van hulle aangehou met ry en dis dan ook aan die deursettingsvermoë van daardie manne, jonk en oud, te danke dat die nedersetting, nooit heeltemal van die kaart verdwyn het nie.

Op daardie togte het hulle geleer om diere te waardeer en die waarde van elke dier te ken. Ná die runderpes toe die osse almal dood is en hulle ook koeie moes inspan, het die regering donkies verskaf en dikwels het die ou boere gesien hoe ses donkies 'n vrag sleep wat 'n span osse nie kon wegry nie. 'n Mens moet weet hoe om met 'n donkie te werk, het hulle gesê. 'n Donkie is nie so dom nie. Muller het eenslag so 'n ondervinding gehad met 'n span „boesmandonkies". Toe die wa staan, het die donkies geweier om verder te gaan. Tevergeefs het hy gesukkel. Toe vat hy 'n klomp mielies en gooi dit in 'n pan so 'n ent voor die donkies en daar kom die ta's. Op die manier het hy die bult uitgekom sonder verdere gesukkel—mens en dier tevrede. As 'n donkie net die geluid van mielies hoor, dan kom hy uit. Mnr. Serfontein vertel dat een van sy donkies op 'n slag weggeraak het. Hy het orals gesoek. Toe gooi hy ook 'n klomp mielies in 'n blik en gaan 'n entjie die bos in. Hy het die mielies rondgeskud en dit was nie te lank nie of die verdwaalde donkie was by sy baas.

Dit is dan met reg dat sulke name soos John Webster, Wynand Bezuidenhout, Philip Nel, Johannes Steyn, Hans Kok en sy seuns, Marthinus Martin en sy seun, Freek Smith, Frikkie du Preez, Muller, Serfontein, Piet Bosch, J. H. en Cornelius Steyn en baie ander onthou word wanneer aan die ontwikkeling van die oosgrens gedink word. Gelukkig het die runderpes nie in Melsetter so erg gewoed nie en al is daardie bron van inkomste hulle gedurende daardie tyd tydelik ontsê, het hulle met die paar diere aangehou ry. Die donkies wat die regering teen £16 elk verskaf het, was 'n baie goeie uitkoms, maar meer as die helfte van hulle is kort daarna dood aan die witbekkoors, sodat die togryers maar weer op hul beeste moes staatmaak.

Maande lank moes die vroue alleen op die plase bly, die lande bewerk, beeste oppas, bome plant en huis laat bou—vir die nageslag 'n aansporing en 'n inspirasie, vir die land 'n sierraad, vir hul gesinne die spil waarom alles gedraai het.



*Melsetter in die ou dae.—In die middel is die Kerk, Pastorie en Nagmaalshutte. Die hutte bo links was die tuiste van die eerste predikant, en die monument word by die boom onthul.*

*Hoofstuk 16*

## GODSDIENS EN ONDERWYS

**G**AZALAND, daardie landstreek so skaars aan outentieke geskiedenis maar ewe ryk aan mites en fabels, 'n deel van die magtige Monomotapa-ryk, hoogs beskaafd, met baie natuurlike rykdom; waarvan sommige inwoners mensvreters was met lang hare wat tot op die grond hang, en waar die krygsmanne leus getem en in oorlog gebruik het, was ook beskou as die landstreek vanwaar koning Salomo sy goud gekry het. Sels die ontginnings en ontdekkings van later jare het hierdie sluier van geheimsinnigheid nie gelig nie.

Die inwoners tydens die trek was Bantoes wat meestal hul voorvaderlike geeste aanbid het maar ook bome en grotte gehad het vir die „Onbekende God”; maar hulle was heidens.

In die jaar 1836 het die Amerikaanse Sending in Suidelike Afrika oop dieper die binneland ingedring tot by Mafeking, waar drie gesinne 'n sendingstasie begin het. Daar het een van die vroue, mevrou Wilson, gesterf en daar word vertel dat haar graf vandag nog deur die boere versorg word. Maar ná die slag van Bloedrivier en die daaropvolgende vlug van die Zoeloes na die Noorde was die stasie genoodsaak om te verskuif na Natal, waar hulle die Zoeloe-Sending begin het.

Die Amerikaanse Sendingraad was egter vasbeslote om hul oorspronklike plan deur te voer, en nadat dr. Means in 1879 na Europa vertrek het (hy was bekend met die land en sendingvooruitsigte), is besluit om twee nuwe sendingstasies, een wes van die Bibe en die ander oos daarvan, in die gebied van Umzila te begin. Eerw. Penkerton, van Natal, is opgestuur om die land deur te kyk en die naturellegewoontes te leer ken; maar hy was onbekend met malaria en nog voor sy aankoms is hy dood daaraan en maagkoors, en sy eensame graf is ál teken van die eerste bakens van die Christelike veldtog in daardie land. Die volgende jaar het Richades gekom, maar omdat hy nie nog ander gesinne kon kry om hom te steun nie, is die deur ook vir hom gesluit. In 1888 word weer 'n ekspedisie georganiseer met Wilder en Bates en Ngungunyana, Umzila se seun, te kom spreek. Maar die goudkoors was reeds in die bloed van die prospekteerders, Portugese, e.a. Na dié here eindelijk toestemming gekry het om sy landstreek in te kom, moes hulle uitvind: „Julle voete was te stadig om te kom; ons het nou

ander sendelinge hier, ons kan julle nie ook nog neem nie" — en met sware tred is die paar weer die land uit.

Nadat die B.S.A.-Maatskappy egter beheer oor die land gekry het, het mnr. Wilcox en Thompson, van dieselfde Sendinggenootskap, die „East Central African Mission", weer in 1891 gekom en Rhodes gevra na die moontlikhede van 'n sendingstasie in Gazaland. Hy het die landkaart bestudeer en die huidige Mt. Silinda aangewys, wat toe ook van Steyn gekoop is teen £300. In 1892 het die here Thompson, Wilder en Bunker weer die land ingetrek en aanbevelings vir 'n permanente nedersetting gemaak, sodat ná byna sestig jaar hul ywer met sukses bekroon is. Daar is aangestel aan die sentrale stasie te Mt. Silinda: mnr. en mev. G. A. Wilder, mnr. en mev. Bates en mev. W. L. Thompson van die „Zulu Mission", mnr. en mev. Bunker, dr. W. L. Thompson, mej. Jones en mnr. en mev. B. F. Onsley (wat ongelukkig weens swak gesondheid nie kon kom nie) van die Inhambane-Sending.

Hulle het op 21 Junie 1893 van Durban vertrek en op 25 Junie by Beira aangekom, vanwaar hulle op 29 Junie na Jobo se kraal, twintig myl van Beira, gereis het. Jobo was een van die invloedrykste hoofde in daardie streek, wat die Sendings versoek het om by hom te bly. Vandaar is hulle na die Benede-Busi en het tagtig myl moes roei, terwyl twintig uitgeholde boomstamme as vaartuie vir die vervoer van hul goed moes dien.

By Nyambute se kraal is hulle ook gevra om te bly, maar hulle is voort na Manyayi se kraal, waar hulle op 14 Julie aangekom het. Vandaar moes hulle verder as honderd myl voetslaan. Baie goed moes agterbly en draers was skaars. Maar ná lange weke, waarin ook suksesvolle operasies gedoen is, bereik hulle eindelijk in Augustus die kraal van Chibababa en Mt. Silinda op 19 Oktober 1893.

Hulle het gedink dat hulle die enigste witmense daar sou wees (behalwe twee Portugese by Mozzorize), maar het met belangstelling en vreugde verneem dat ander trekkers reeds in die land was. Die Moodies het reeds in Januarie daar naby gaan pen. 'n Ander geselskap se voete het tot daar gekom, waar een dood is 1893; maar, vir sover bekend, is daar ook vir die vrou van die leier van die trek die eerste blanke babetjie in Gazaland gebore. Soos reeds gesê, was die plaas deur een van die trekkers gepen.

So was die pionierhelde bestemd om 'n belangrike rol te speel in die ontwikkeling van Gazaland. Hul stryd met die heidenmagte en toordokters, hulle taaie uithoudingsvermoë en oortuiging, hul onverfloude ywer om te help in die geestelike, liggaamlike en verstandelike welvaart van sowel swart as wit, verdien 'n ereplek in elke beskrywing van hierdie land. Die

koloniste het dadelik met hierdie sendingonderneming begin saamwerk en het die regering aangemoedig om hulle te steun. Hul mediese afdeling is deur almal wat kon, besoek en die faam van die stasie is ver versprei.

Dunbar Moodie skryf in 1893 van Melsetter: „In ander lande kom eers die kantien en dan die predikant om die mense van hul bose weë te bekeer, maar so is dit nie in hierdie modelland nie. Ons stel 'n beter voorbeeld — eers kom die predikante en sendelinge; drie nogal! en ons wonder almal of die kantien sal probeer om die orde van dinge om te swaai as hy kom, en watter soort werk hy daarvan sal maak.” En 'n bietjie later op 24 Januarie 1894, spog hy weer met die drie predikante, die mediese dokter, een kwaksalwer, en „al wat ons nou nog nodig het is 'n paar heilsdametjies vir afleiding.” Hy gaan voort om te praat van die uitstekende werk wat eerw. Wilder, Bunker, Bates, dr. Thompson en verskeie ander doen. Hul kragte word gestuur in kanale wat die goedkeuring wegdra van al die koloniste: „Industriële skole is in jul lyn, terwyl ons dink dat die sing van Psalms en Gesange meer tot verleiding van hierdie arglose Kaffers as iets anders dien,” was die algemene opinie.

Maar dit was veral op opvoedkundige gebied dat die eerste trekkers naby die stasie hul onontbeerlike hulp gekry het. En die eerste paar jaar het baie mense na die stasie gegaan vir die voltrekking van 'n huwelik, doodsbediening en die begrafnis van oorledenes. Dit was duidelik dat die blankes 'n omgewing geskep het wat die werk van die sendelinge sou beïnvloed, en die nouste samewerking was dan ook nodig. Gevolglik is in 1894 'n komitee aangestel om te oorweeg „wat gedoen kan word om 'n skool vir die kinders van die nedersetters te begin.” Die boere het ook die sendelinge gevra of hulle sou help met die onderwys van hul kinders, wat anders barbaars sou moes grootword.

In September 1895 skryf die sekretaris: „Daar skyn 'n begeerte te wees by die Boere om hul kinders deur ons te laat opvoed.” In November 1896 is dan ook 'n skool vir blankes te Mt. Silinda geopen. Sestien kinders was teenwoordig. Die moeilikhede wat in die pad was, is duidelik. Die boere het maar altyd 'n bietjie skepties gestaan teenoor die sendeling se aktiwiteite, veral as die geloof nie dieselfde was nie; die stasie was ver van die meeste nedersetters; belangstelling was daar nie juis nie; en nóg die Sendingraad, nóg die regering wou geld voorskiet om geboue op te rig. Nogtans was hierdie skeppende werk van die Sending steeds 'n stukrag vir die boere, en word met groot lof deur die nog oorblywendes gepraat van die uitstekende resultate wat behaal is, asook van die unieke geleent-

heid om 'n skool te hê wat nie net gekom en gegaan het nie. Swart en wit het daar dus saam in een klas gesit — en miskien ook op dieselfde bank!

In die rapport oor St. Silinda in verband met werk onder trekkers skryf mej. H. J. Gilson, die eerste onderwyseres te Melsetter, as volg:

„Van tyd tot tyd het die Regering pogings aangewend om skole in die distrik te begin. Die mense wou plaasskole hê. Rhodes was simpatiek teenoor hulle en wou die begeerte verwerklik sien. Toe hy Melsetter besoek het, het hy dus aangebied om aan elk van drie skole £150 per jaar vir drie jaar te skenk. Die gebrek aan 'n geskikte leier en vertroue in mekaar het verhoed dat hierdie plan ooit verwesenlik is behalwe in Noord-Melsetter, waar 'n skool van drie-en-dertig leerlinge vir 'n jaar geopen is. Dit het skielik gesluit met die huwelik van die onderwyser met een van sy leerlinge, 'n meisie van veertien jaar.

„Twee of drie ander pogings is aangewend om plaaslike skole te begin, maar elke slag met die mees ongeskikte persone as onderwysers. Die laaste skool is in die middel van die eerste kwartaal gesluit, en die onderwyser het na 'n ander plek verhuis om heeltemal ander soort werk te onderneem.

„Dit is egter interessant om terug te kyk hoe die „East Central African Mission” gelei was om in die Chimanmani te begin. 'n Paar trekkers het die wens uitgespreek dat ons 'n skool te Melsetter moes stig. In 'n gesprek met die magistraat is die Sending versoek om 'n plan op te stel wat aan die administrateur gestuur sou word, met die aanbeveling van die magistraat. Die Sending het die plan wat deur die eerste komitee opgestel is, eenparig goedgekeur.<sup>26)</sup> Die regering het dadelik 'n antwoord van tweehonderd-en-vyftig woorde getelegrafeer waarin hy die plan, met geringe veranderinge, aanneem. Die Sending het belowe om onderwysers te verskaf en die helfte van die geld vir geskikte geboue, om £1 10s. skoolgeld te vra, om meisies bo agt jaar en seuns onder twaalf in te neem as kosgangers teen tien shillings per week. Die Regering het belowe om £300 per jaar vir twee jaar te skenk, om ses dorpsperwe en vier acres buite die afgemete dorp te gee, en om die helfte van die geld vir skoolgeboue voor te skiet teen vyf persent rente oor 'n tydperk van vyftig jaar. Sodat die kinders onderrig kon word voordat die geboue nog klaar was, het die Regering £124 aan huur betaal per jaar.

„Toe die werk onderneem is, was die mense meer welaf as ooit tevore. Die beeste het vinnig vermeerder, meer grond is

<sup>26)</sup> Dit was al 'n aantal jare nadat die trekkers ingekom het, 1910.

bewerk en die transportryery het kontantgeld in baie huise ingebring. Tog het die skool met net vier kosgangers en sewe dagskoliere geopen. Party ouers wou eers sien wat die skool gaan verrig; ander wou weer sien wie nog kinders gaan stuur, en in een deel van die distrik het die ouers gevrees dat die Amerikaanse Godsdien aan die kinders geleer sou word; nog ander het gewag om te sien of die Regering nie die losies sou betaal as meer as twee kinders uit dieselfde huis gestuur word nie.

„Toe die meeste van die boere hul vee verloor het, het die Regering ook ingetree en hulle mildelik gesteun deur die skoolgeld te betaal en byna twee-derdes van die losiesgeld. Weens hierdie milde ondersteuning aan die skool (sedert April 1902) is omtrent een-derde van die kinders van skoolgaande ouderdom bereik . . . .

„Van die begin af was dit 'n geloofswerk, maar in alle behoeftes is voorsien en ons kon met vertroue vorentoe gaan . . . Die Regering wou nie geld gee om die nuwe gebou te meubileer nie, en omtrent £200 sou nodig wees: boeke, prente, 'n mikroskoop en 'n towerlantern was 'n paar van die onmiddellike dinge wat nodig was om aan hierdie kinders iets te leer, wie se kennis van die wêreld so beperk was, en vir wie nie veel kan uitgerig word totdat nuwe en hoër ideale geskep is nie,” het mej. Gilson besluit.

Met die voorafgaande mededeling het ons die ontwikkeling ietwat vooruit geloop. Dit is egter interessant om van die oudskoliere te verneem hoe dit in daardie eerste skool te Melsetter toegegaan het, voordat ons afskeid neem van die werk van die Sendingstasie, wie se waarde so hoog geëer word en wie se werk so in stilte gedoen is.

Mej. Gilson was eers onderwyseres op Bloemhof, Stellenbosch, maar kon nie Afrikaans praat nie. Sy het in 1893 na Mt. Silinda gekom vir die naturelle, maar die Regering en die Sending het gemeen dat sy die geskikste persoon sou wees vir die nuwe skool te Melsetter. (Op Bloemhof het mej. Gilson skoolgehou vir die moeder van 'n latere onderwyseres in hierdie gebied, mej. Le Roux, tans beter bekend as mevrou Andries Kok). Nadat die skool begin het, het die kosgangers (36) in twee huise gewoon: die meisies in een huis en die seuns in twee ander kamers wat as slaapsale moes dien. Die ses-entertig kosgangers, so vertel een van hulle (J. A. Kok), was met die uitsondering van een dogter van die Sendelingsdame, mevrou Fuller, almal Afrikaners, seuns en dogters van die trekkers.

„Die groot seuns,” so vertel mnr. Kok, „van agtien jaar en ouer was in std. III en het haar nogal baie getrotseer. Sy

kon nietemin die orde bewaar onder hierdie vrybare seuns en dogters, kon goed organiseer en het altyd op een of ander manier uitgevind wat gaande was. As ons gaan vrugte steel, het sy gereeld gewee. Ons grootste vermaak was om weg te hardloop en kaal te gaan swem in die dam. Dan sien jy net hoe ons klere op 'n streep lê langs die dorpsstraat.

„Daar was twee sessies: van agtuur tot halfeen en van twee- tot vieruur, ook Saterdag tot eenuur. In die môre van sewe- tot agtuur het ons gewerk en tot eenuur Maandag moes ons allerhande werkies i.v.m. die ‚koshuis‘ doen — skoffel, skrop, boontjies sny, aartappels skil, ens.

„Ek moes somaar by die begin ‚Hiawatha‘ en Shakespeare lees! Ek kon glad nie lees nie en Engels seker nog minder. Maar soveel reëls moes ek die eerste dag ken en toe ek hulle nie ken nie, moes ek in die hoekie gaan staan.

„Elke Sondagoggend aan ontbyt moes elke kind 'n teksie uit die Bybel as voorbereiding vir die Sondagskool in die namiddag leer. Die verse kon ons self uitsoek. Een versie van ou Jan Vuilbaard onthou ek nog goed: ‚And to him was born seven sons and two daughters . . . .‘

„Elke dag moes ons hout kap en die meule draai. Dit was 'n vervelige werk, maar elkeen van ons moes eenvoudig eers ons emmer mielies afdraai; die meule was so verbrands stomp. Ons moes ook help straat maak. Die seuns moes verder die baddens vol water dra vir die meisies — maar hiermee het ons nie lank aangehou nie . . . .“

„My moeder het ons eers hier op die plaas geleer,“ deel mevrou Martin (geb. Du Preez) mee. „Later is ek na Mt. Silinda met donkies. Op die sendingstasie by mej. Gilson het ek eers saam met omtrent twintig boereseuns geloseer. Ons moes maar saam met die naturelle leer, want daar was net een klaskamer; maar ek kan my darem nie herinner dat ons ooit saam gesit het nie. Daar was natuurlik geen inspekteur nie, en mej. Gilson het ons oorgesit tot so ver ons kon gaan, d.w.s. std. VI. Toe sy later na Melsetter gekom het, was sy 'n ware aanwinst en het dinge baie beter gegaan. Daar het sy ook 'n assistente gekry, mej. Rose, en later mej. Ward. In dié tyd is die skool in die kerkgebou gehou en dit was nie voor 1912 dat ons 'n aparte gebou gekry het nie. Toe het die C.N.O.-skole egter ook al begin.“

Mt. Silinda, lewensbron van wit en swart, verdien met reg 'n ereplek in die ontwikkelingsgeskiedenis van Gazaland en Rhodesië.


Die Engelse bewoners van daardie streek het op Salisbury staatgemaak, want hulle het onder daardie kerk geressorteer.

Eenmaal net het Dunbar Moodie geskryf en gevra of die Biskop hom al ooit of nog bewus was van hierdie feit.

\* \* \*

Die oorsprong en die geskiedenis van die onderwys en godsdiensonderrig in belang van en deur middel van die Afrikaner, is nie minder romanties as dié van Mt. Silinda nie. In 1892 is Morgenster by Zimbabwe geopen, en in daardie jaar is di. Hofmeyr en Stegmann gestuur om Mashonaland te besigtig. Die Moederkerk het ook vir ds. Nel gestuur om tussen Fort-Victoria en Salisbury te werk. Hy was hard besig met arbeid, maar moes sy werksaamhede staak toe die Matabele-rebellie uitbreek, omdat dit vir hom te gevaarlik geword het.

Marthinus Martin het kort ná sy aankoms dr. A. Murray herinner aan hul gesprek in die Vrystaat, en die saak is toe dadelik deur die Sinode aangepak. In die Sinode van 1895 word daar dan ook ernstig gevra om jong predikante om na Rhodesië te gaan, maar daar was geeneen nie. Eindelik het een jongman gehoor gegee: ds. P. A. Strasheim. Hy skryf:



*Ds. P. A. Strasheim, stigter van die N.G. Kerk-gemeentes in Rhodesië.*

„Dit het so gebeur dat, toe ek eendag gedurende die lydensweke Jesaja 6 gelees het, ek in antwoord op die vraag: Wie sal ek stuur? uitgeroep het: ‚Here, stuur my!‘ Hierdie gevoel het ek aan ’n broederleraar openbaar, en die gevolg was dat ’n amptelike versoek ’n paar dae later aan my gerig is — op 6 Maart 1895. Op 8 Maart is dié aan die Kerkraad van Wynberg voorgelê, en op die tiende Maart het ek aan die einde van die diens aan ’n verbaasde gehoor en vriendekring my voornemens bekend gemaak om op die laaste dag van daardie maand my afskeidspraak te hou, en om die ou gevestigde geriewe van die mees bearbeide gemeente van Suid-Afrika prys te gee vir die pionierswerk wat die N.G. Predikant in Rhodesië ook al mag te beurt val.”<sup>27)</sup>

Nadat hy van die drie-en-twintig liggame waarin hy gedien het, o.a. ook as skriba van die Sinode, afskeid geneem het, en

<sup>27)</sup> P. A. Strasheim: *In the Land of Cecil Rhodes.*

baie adresse, ens., ontvang het, is hy as Nederduitse Gereformeerde predikant vir Rhodesië in die Moederkerk van Kaapstad georden, terwyl dr. A. Murray die bevestigingsrede gehou het. Hy reis dus na Johannesburg en Pretoria en vandaar saam met sy gids, mnr. Groenewald, en ds. Hofmeyr na Nylstroom, Pietpotgietersrust, Marabastad en Zoutpansberg, waar ds. Hofmeyr werksaam was en agtergebly het. Hy en mnr. Groenewald is voort na Fort Tuli en Fort Victoria, waar hulle 'n maand vertoef het. Daar was net drie-en-vyftig lede en gevolglik te min om op daardie tydstip 'n gemeente te stig. Hy besoek ook sy vriende op Morgenster, waar hy vars osse gekry het vir die reis na Fort Charter en Bulawayo. Op laasgenoemde plek het hy die Administrateur gaan spreek en hom baie simpatiek gesind en hulpvaardig gevind. Toe hy aan hom sê: „Ek wil regeeringsondersteuning hê vir skole,” was die Administrateur bly om van sy planne te verneem en het hy o.m. gesê dat hy net so veel moes vra as wat hy begeer, en „I will give as little as I can!” Hy het daar vertoef tot net voor die eerste Afrikaanse skool in Bulawayo geopen is op 1 Oktober 1895. Op 6 September het hy reeds amptelik 'n gemeente gestig en is kerkraadslede gekies.

Op 17 September vertrek hy weer na Charter (ook Enkeldoorn of Umyati genoem), en vandaar na Salisbury met die Zeederberg-koets, wat sy bagasie vry vervoer het. Voorts is hy na Marandellas, toe na Umtali, en „met absolute vertroue het ek die onsekerheid van my Gazalandse reëlins in Sy hande gelaat.”

Toe hy by die poskantoor op Umtali kom, hoor hy meteens die vraag in Afrikaans aan hom gerig deur drie forsgeboude Vrystaters: „Is U ons Dominee?”; en toe hy hierop bevestigend antwoord, het hulle byna sy hand afgeskud van blydskap. Hulle was daar met twaalf Kaffers om hom te haal na Melsetter. Aangesien daar baie transportryers in Umtali was, het hy eers daar onder die watente diens en Nagmaal gehou. Hy het ook eers onderhandelinge met die B.S.A.-Maatskappy aangeknoop, waardeur hy vry erwe vir die N.G. Kerk in Umtali en Gazaland verkry het.

Sy gids was ene C. van der Merwe, wat geloop het, terwyl hyself op 'n ponie — die historiese ou Poon — gery het. (Die perd was feitlik nog al een wat oorgeskië het.) Die draers was egter baie lui en het onder die leienskap van ene Koonap baie moeilikheid veroorsaak. Die derde dag was hulle al somaar baie ver agter en het hulle 'n dreigende houding begin aanneem. Gelukkig was albei die blankes gewapen met rewolwers, en Van der Merwe het 'n paar skote in die lug geskië om hulle 'n bietjie skrik te maak. Toe hy klaar geskië het, het hulle gemeen dat sy rewolwer nou leeg en nutteloos was, en na hul

wapens gegryp. Ds. Strasheim het toe sy pistool op hulle gerig terwyl sy maat gelaai het; toe verdwyn die laaste een van skrik die bosse in. Daardie nag slaap hulle by McAndrew se hutte en slaag gelukkig daarin om die polisie op die spoor van die Kaffers te sit. Hulle is teruggebring en 'n goeie loesing met die sambok gegee; en so kon die reisgenote weer voortgaan. Daar was ook baie reën op die pad, en eenslag het die water in hul tent ingestroom terwyl hulle geslaap het.

Eindelik kom hulle in Gazaland aan by die huis van wed. Du Preez, waar mnr. Martin hulle welkom geheet het. „Hoe bly het ons nie gevoel om weer 'n slaggie onder 'n gerieflike en gasvrye dak te wees nie,” skryf die Dominee. Vandaar is hulle na Rocklands, die plaas van mnr. Martin. Die gids se voete was teen dié tyd al so seer dat mnr. Martin hom sy donkie gegee het om te ry en hyself voetgeslaan het. Op die pad het die reën toegesak, met die gevolg dat hulle papnat by die huis aangekom het. Die draers het intussen met die bagasie verdwyn en daar is tevergeefs op hulle gewag. Ds. Strasheim was maar verplig om droë klere by sy gasheer te leen, en ook 'n paar skoene wat veels te groot vir hom was. Toe die dienstyd nader, was daar nog geen taal of tyding van die draers nie, en hy was genoodsaak om sy eerste diens in Gazaland in die geleende klere te hou. Ds. Strasheim vertel dat hy oor Handeling 8 : 26 gepreek het, en maak melding van die groot eer wat hom te beurt geval het om die eerste predikant van Gazaland te wees. Ná die diens het die Ta's ewe onskuldig daar met die klere verskyn.

Ds. Strasheim het die gemeente in drie wyke verdeel: Noord-, Middel- en Suid-Melsetter; en het die hoop uitgespreek dat Middel-Melsetter die sentrum sou wees indien die Regering sy toestemming gee.

Hy het die Regerings- en polisieamptenare met briefies rondgestuur om die mense van die diens en die gemeentevergadering te verwittig; en toe die vergadering eindelijk gehou is, was dit heeltemal volgens die reëls van die Kerk. In sy verslag aan die Sinode skryf hy as volg:

„ . . . . Eene gemeente vergadering werd belegg en de gemeente *Melsetter* gesticht op 12 Oktober, 1895. Het distrik werd in drie wyken verdeeld, de kerkraad benoemd, en het voorlopig werk gedaan om eenen Zendeling en onderwyzer te bekomen en te plaats en tegen April 1896 voor rekening van die Regering en de gemeente. De Regeering heeft hier dorpsgrond toegezegd met de hulp voor een gebouw, en het salaris van de onderwyzer.”

Op Rocklands is 'n register begin met die name van die lede, asook van die twee kinders wat daar gedoop is. 'n Skets-

kaart is ook deur die Dominee aangelê waarop die name van die mense en waar hulle woon, aangegee is. Verder het hy met lof gepraat van die harde trek van die mense na Melsetter, en meld dat 21 lewens al sover ingeskiet is. Hyself het nie die koors vrygespring nie, en het ernstig siek geword tydens sy verblyf daar. „My waardige gasheer wie se Christelike liefde ek nie genoeg kan prys nie, het alles in sy vermoë gedoen om my lyding te versag; en ek het dus baie treurig gevoel toe ek weer die volgende Dinsdag moes vertrek na Umtali.”

Vanaf Umtali besoek hy die eerste nedersetting, die „Laurencedale Settlement,” en die graf van die agb. L. van der Byl. Hy was diep getref deur die vroeë afsterwe van hierdie jongman, wat ook sy vriend was, en wat hy laas so vol lewe by Kensington gesien het.

Hy is terug na Salisbury en weer na die gemeentes Umyati, Victoria en Bulawayo en toe huis-toe. Daar het hy in sy rapport aan die Ring gemeld dat hy vier gemeentes gestig het (Bulawayo, Umyati, Victoria en Melsetter) en dat die gemeentes hul waarborg vir die salaris van die predikant, sendelinge, en onderwysers wat daar sou kom arbei, ingelewer het. Hy berig verder dat die skool te Bulawayo £800 gekos het en klaar was; en dat hyself na Bulawayo beroep is, maar bedank het. Verder meld hy dat hy al die kerkrade en lede se name het (oor die 700), dat hy altesaam 44 aangeneem het, 42 gedoop het en twee paar getrou het. Hy het reëlings met die Regering getref om tot £300 op die pond-vir-pond-stelsel by te dra en 'n deel van die onderwyser se salaris. Nou was sy groot doel om onderwysers te verskaf; en toe hy sy rapport vir die pers klaargemaak het, kon hy meld dat eerwaardes Le Roux en Liebenberg as sendeling-onderwysers saam met hom in April van '96 sou vertrek — die eersgenoemde na Gazaland en eerw. Liebenberg na Umyati . . . „beide manne het buitengewone kwalifikasies en 'n innige Godsdienssin.” Br. Groenewald kon nog ongestoord sy werk in Bulawayo voortsit.

In Februarie '96 ontvang ds. Strasheim 'n brief van mnr. Martin waarin hy meld dat dit nou treurig met hulle begin gaan wat kos betref; maar 'n later brief berig: „Op Nuwejaarsdag het ons 'n subskripsielys geopen vir ons aandeel in die boufonds. Ons het £65 bymekaar gekry.” Treffend sluit ds. Strasheim sy rede:

„Ere aan God vir Sy liefdevolle barmhartigheid. Hierdie is die boere van Gazaland. Hulle ly gebrek omdat dit onmoontlik is om met winkels in aanraking te kom; tog het hulle soveel bygedra dat, met die som geld wat ek hoop om namens die Ouerkerk aan hulle te oorhandig, en saam met die Regerings-toelae, ons eerste skoolgebou feitlik sonder skuld sal wees.

„Wie kan weier om onder sulke manne van staal te gaan arbei? Nie ek nie. Deur die Heer se genade vertrek ek aanstaande week met my helpers, en ons sal doen wat ons hand ook al vind om te doen vir die uitbreiding van ons Meester se Koninkryk, vir die intellektuele en geestelike welvaart van ons mense in Rhodesië en Gazaland in 'n geringe poging om die geduldige arbeid en versierende gees van die stigter van daardie staat te beloon. Mag die Here my en my helpers genade en krag gee om Sy werk te vervolmaak tot Sy eer in die Land van Cecil Rhodes.”

Hierdie verslag uit die pen van ds. Strasheim getuig van diepe mensekennis, van 'n onverskrokke en innemende persoonlikheid en van gesonde verstand en besigheidstalent. Dit is vol name van vriende en kennisse wat hy op sy reise teëgekrom het en met wie hy op vriendskaplike voet verkeer het.

Die drie afgesante vertrek dus per boot na Beira, en in Julie van '96 word hulle op Chimoio (Chimoya) afgehaal en deur die skone Chimanimanipas die distrik Melsetter ingelei. Eerw. P. le Roux deel van hierdie dae mee:

„Ons gids was die vriendelike br. Ignatius du Preez. Die Voortrekkerleier en -staatsman het sy Basoetoeponie, Poon, ter beskikking van die dominee gestel; die twee sendelinge het 'n wakker esel (Jakob het ons hom genoem), tot hulle diens gehad. Die vierde aand was ons op Rocklands by die liewe mnr. en mevrou Martiens Martin (Martyn). Op Sondagmiddag, in die hut van br. Martin, had ek my eerste diens in Melsetter: Maria het aan die voete van Jesus gesit en na sy woord geluister . . . Lukas 19 : 39 — om Jesus te sien — te hoor — en sy lewe en leer in haar siel op te neem.

„Die Maandag het br. Hans Kok my na Melsetter geneem met sy wa en tien osse. Dit lyk prettig, maar vir my was dit 'n baie prettige dag. Regoor mnr. Abr. Olwage sê br. Kok aan my: ‚Daar bo-op die nek lê Melsetter.‘ Ek kyk en kyk en sien hoë gras en bome, maar verniet of ek 'n huis kan sien. Naderhand sien ek die punt van 'n hut wat uitsteek bo die gras. Meteens word dit vir my lig dat die inwoners van die dorp nie in huise woon nie, maar in hutte. ‚Sien u daardie huis in die duik van die nek,‘ sê br. Kok, ‚daar laai ek u af by mnr. Heyns. Daardie drie hutte wat hoër op lê, is vir jou bedoel. Die ander groep daar aan die regterhand is die poskantoor en die magistraatshof.’

„Gedurende die week het ds. Strasheim en br. Liebenberg ook opgedaag. Die Voortrekkers het mooi opgekom en Saterdag het ek my eerste gemeentevergadering in Melsetter in die huis van mnr. George Heyns gehou. Ouderlinge en diakens word deur opsteek van hande gekies, en die nodige kerkboeke wat deur ds. Strasheim meegebring was, word aan die Kerkraad oorhandig.



*Eerw. P. le Roux, eerste predikant van Melsetter.*

Die volgende week is die skool geopen met ses kinders. Die hoogste was std. II. Daar was geen boeke of leie of griffies of swartborde nie. My klein voorraad moes aangevul word uit Umtali.

„Vir twee jaar het ek onderwys gegee en die gemeente bearbei. Huisbesoek word gedurende die vakansie gedoen. Die reël was vier ritte na die Suide tot op die kerkplaas van br. Willem Nothling Odendaal, en vier ritte na die Noorde tot op die kerkplaas van br. Johannes Gerhardus Frederick Steyn.

„Ná 'n jaar is ek terug om my eggenote, Helena Jacoba du Toit, op Graaff-Reinet af te haal. Op aandrang van my kerkraad is ek toe ook gorden. Ds. Albertyn en dr. Murray, van Wellington, het die saak reggeruk. (Die Sendingkerkwet het twee jaar werk voor ordening geëis).

„Ná die twee kontrakjare om was, het die eerw. Kerkraad my gevra om as hulle leraar permanent aan te bly. Ek het ingestem, mits die salaris tot £200 verhoog word<sup>28)</sup> en dat die onderwys in ander hande oorgaan, want gemeentewerk en onderwys ly nou altwee skade.

„In 1903 het mnr. Rhodes ons 'n besoek gebring. Vier maal het hy die boere in die publiek toegespreek; ek moes die vertaling doen. Sy sinne is kort, reguit, duidelik en simpatiek — dus maklik om oor te sit. Vier plase is toegeken aan boere wat voorheen nie grond kon kry nie. Terwyl hy in my huis was om 'n koppie tee te nuttig, sê ek hom dat ons hoogste plig en ons grootste probleem die onderwys van ons kinders is. Hy sê net: „Wat stel u voor?“ My antwoord was: „Gee ons drie skole: een in Noord-, een in Middel- en een in Suid-Melsetter. Die salaris moet nie minder dan £200 per jaar wees nie, en dit moet onder die N.G. Kerk staan.“ — „Sodra ek op Salisbury kom, sal ek op hierdie saak ingaan, en intussen moet Phillip Jourdan (sy sekretaris) daar 'n nota van maak,“ was sy antwoord. Rhodes is sowat agt maande daarna oorlede, maar sover ek weet is die voorstel uitgevoer.

„An die begin van 1904 is ek met siekteverlof, deur die Eerw. Kerkraad my gegee, uit Melsetter weg. My dokters op

<sup>28)</sup> Dit was £150—S.P.O.

Graaff-Reinet en Robertson het my gedwing om my bedanking in te dien, en so het die malariakoors aan my werk as leraar van die gemeente Melsetter 'n einde gemaak."

Verder vertel eerw. Le Roux nog:

„Die Moederkerk het twee maal 'n predikant na Rhodesië gestuur om te kyk hoe dit met die werk gaan. Die eerste was ds. H. C. de Wet, van Villiersdorp. Persoonlik het hy aan my gesê: „Ek is so tevrede met julle werk dat ek sal voorstel dat: As 'n „Good Service Allowance,” die Sinode julle die Status van Predikant van Rhodesië moet toeken. Voor die sitting van die Sinode het hy 'n beroep na die Transvaal aangeneem, en sy voorstel is nie gedoen nie.

„Die tweede afgesant was ds. J. du Plessis, later professor op Stellenbosch. Sy wenk was: Laat die kerkraad hul leraar tot ouderling kies, dan kan hy sy gemeente in die Ring en in die Sinode verteenwoordig. Eerw. Liebenberg het dit verskeie maal gedoen; eerw. Groenewald en ek self was toe alreeds vertrek. Drie maal het ek en een ouderling die Voortrekkers gaan opsoek: een maal op Salisbury met br. Louw Kleyn, twee maal op Inyanga; oudl. J. G. F. Steyn was die eerste keer saam en oudl. Marais, van Umvumvumu, die tweede.

„Agt jaar het ons op Melsetter gewerk. Dit was van ons gelukkigste jare. Nooit was daar enige friksie of misverstand tussen ons nie. My reël was altoos: ek doen niks of ek moet die volle toestemming en ondersteuning van my Kerkraad hê. My ondervinding is die N.G. Kerkraad laat hom lei deur liefde en vriendelikheid."

Van die gehalte en omvang van sy werk deel hierdie geestelike pionier ons dus nie te veel mee nie. Dankbare ouers praat egter vandag nog met lof oor sy waardevolle opvoedingswerk en onselfsugtige opoffering. In die eerste jaar moes hy sy gemeente te voet besoek; maar later het hulle vir hom 'n donkie gekoop en kon hy met minder vermoënis die klowe en die dale deur na die lede, wat soms tot sewentig myl ver gewoon het.

Mnr. J. A. Heyns skryf dat die skool in 'n baie kort rukkie aangegroei het tot dertien kinders. Die skoolgebou was gemaak van pale en klei met 'n grasdak — geen planke, vensters of deure nie; net 'n rietdeur. Die ouderdom van die kinders was van agt tot dertien jaar. „Destyds was daar geen losieshuise nie,” sê hy, „en die ouers het meestal te Melsetter kom woon ter wille van hul kinders. In enkele gevalle het kinders by private plekke geloseer, en ons onderwyser het by my ouers ingewoon. Aangesien daar geen koshuise was nie, had ons ook geen matrones nie! Soggends moes ons gewoonlik half-ses opstaan, sodat die

seuns dan na die beeskrale kon gaan om te melk, beeste veld-toe te jaag, kalwers te besorg, ens., terwyl die dogters moes sorg dat alles by die huis reg is voor hulle skool-toe gaan. By die skool moes ons om die beurt sorg dat alles voor skooltyd netjies aan die kant is. Die straf van die kinders was reëls skryf, in die hoekie staan, skoolsit en verder met die lat. Ja! ons het ook eksamens geskryf. Die boeke wat ons in die skool gebruik het, was die 'Step by Step', A.B.C.-boekie en 'Royal Readers'. Die skoolwerk was in Engels en in Afrikaans. Ons is gestraf as ons Hollands gedurende of selfs ná skoolure praat. Dan is 'n plank om jou nek gehang met die woorde in groot letters daarop geskryf: Dutch Mark; en as die kind iemand anders hoor Hollands praat, word die plank om sy nek gehang."

Soos reeds gesê, was boeke, leie en griffies maar skaars — een griffie moes in vier verdeel word, en die kinders moes saam leer uit die paar boeke wat daar was. Nadat eerw. Le Roux die onderwys twee jaar behartig het, het hy dié deel van sy werk laat vaar. Toe het eers mnr. Koot Swanepoel (wat getroud geraak het met een van sy skooldogters) en later mnr. Sieberts in Noord-Melsetter onderwys gegee. Toe hy bedank het, was daar geen skool totdat mej. Gilson kom help het nie. In Middel- en Suid-Melsetter was daar toe ook nie skole nie en die oueres moes maar die jongeres leer. Dit kon slegs in die aand geskied en meestal net uit die Bybel. Eers omtrent ses jaar later is in hierdie behoefte voorsien.

In die Middel-Melsetter het mnr. Martin elke Sondagmôre 'n diens gehou as die predikant nie daar was nie; en in die agtermiddag het mnr. J. H. Kok Sondagskool gehou, waarheen al die kinders moes kom. Katkisasiëklasse is in die aand gehou. Nagmaal, wat vier maal per jaar te Melsetter gehou is, het gedien om die mense weer bymekaar te kry. Dit het dan ouergewoonte geduur van Vrydag tot Maandagoggend. Hierdie diens is deur oud en jonk getrou bygewoon: sommige families het veertig myl en van die Black Mountain Inn gestap, met hulle draers, om daar te wees. Dikwels het hulle reën op die pad gekry; dan is klere in mandjies gepak, met 'n bokvel bo-oor om die water weg te hou en op die kop gedra. Vroue het naderhand nie meer 'n stukkie droeë klere gehad nie, of nog net die Sondagrokkie, wat buitekant die dorp aangetrek is. By die kerk aangekom, het almal onder tente of gespande bokseile gekampeer. Die oumense was dan ook baie streng, en die jongklomp, hoewel elkeen probeer het om 'n maat te kry, is fyn dopgehou.

*Hoofstuk 17*

## RUNDERPES, INBOORLINGE, PORTUGESE—EN DAARNA

„DIE runderpes het soos 'n helse storm die land verwoes en byna geen bees agtergelaat om 'n bestaan mee te maak nie,” skryf mnr. Hefer. Sy ondervinding was maar een van baie gedurende hierdie tyd, toe dit gelyk het asof hulle enigste hoop hulle ook nou ontnem is. Vroeg in Maart 1896 ry Hefer nog transport van en na Umtali, en toe hy by Duiwelspas kom, sien hy dat waens net voor hom in die pad moes gewees het, want dit is net ene misstrepe. Onder die berg sien hy die waens uitgespan, en hy besluit om ook daar uit te span. Die eienaar van die ander waens was Abraham Spies, wat hom vertel dat al sy osse so siek was. Hulle meen dat die osse gif geëet het, maar kon niks ontdek nie. Die volgende dag is hy voort, en omtrent ses myl van Umtali kom hy die Malherbes teë, wat ook nie die siekte ken nie. Dieselfde agtermiddag kom die nuus van Salisbury deur na Umtali dat 'n siekte met die naam van „runderpes” onder die beeste uitbreek het, en dat niemand op die pad met 'n bees moes wees nie. Hefer het hiervan niks geweet nie en ry op sy gemak van Umtali na Macequece (Massi-Kessi). 'n Geregsdienaer en 'n vrederegter, Brown, van Charter, wat hy op die pad teëgekome het, het hom ook niks gesê nie.

„Toe ek op Macequece aankom, is ek dadelik deur twee Portugese polisie aangehou met 'n groot brief in hulle hand wat my dagvaar om agtuur die volgende môre voor die Kommandant te verskyn. Daar moes ek hoor dat ek die landswette oortree het, om nog vier dae ná die bekendmaking daarvan met osse ronc te ry. Ek het geprotesteer dat niemand my gekeer het nie.

„Wel, dan keer ek jou, het die Kommandant gesê. „Neem die waens en osse een myl uit die pad uit in die veld tot later orders!”

„En as ek die waens in die veld neem en my osse gaan dood en die veldvure kom en verbrand my waens, sal jy my dan ander gee?” het ek, ook maar onstuimig, gevra.

„Nee! was sy antwoord.

„Wel, dan eis ek 'n veilige plek vir my waens.’

„Wel so 'n plek het ek nie,’ sê hy toe.

„En ek ook nie,’ sê ek, „maar ek wil so een van jou hê!”

„Hy stuur my na Van Riet wat 'n winkel daar gehad het, en gelukkig willig hy in om plek te gee vir die waens. Ek het al die trekgoed opgepak, en my osse drie myl uit die dorpie op 'n bult gejaag en daar gekampeer. 'n Week ná ek Abraham Spies gesien het, is vier osse siek; agt dae later was daar van die drie spanne net twee osse oor! Dié het nie siek geword nie, en nadat hulle weer begin vreet het, het ek hulle teruggeneem na Macequece waar Van Riet my £20 vir die twee osse aangebied het. Dit het ek aangeneem, klippe onder die waens gesit, en na Umtali geloop. Daar aangekom, het ek my vennoot, Van Rooyen, op Fort Victoria van my verlies verwittig, maar vind tot my onsteltenis uit dat die B.S.A.-Maatskappy £7 per os uitbetaal vir elke bees wat in Rhodesiese gebied dood is of doodgeskiet moes word weens die runderpes; omdat ek oorgegaan het in Portugese grond kon ek niks kry nie. Ek het weer protes aangeteken teen die gedrag van die konstabel wat my nie gekeer het nie, maar al my pleidooie was tevergeefs.”

Hy wou gaan werk, maar toe breek die Rebelle uit en hy het as vrywilliger aangesluit.

Met die transportryery na Umtali van Melsetter het hierdie deel die runderpes 'n bietjie later onderlede gehad. Maar dit was veral in Suid-Melsetter, Chipinga, waar feitlik alles afge-maai is. Twee-twee boere moes maar saamspan om te ploeg en te oes. Daar was egter nie veel om te oes nie, want die sprinkane het kort daarna gekom. Toe moes die mense tot 130 myl stap na Umtali om kos te kry, of om iets te gaan verdien. Ou Umtali is toe net verskuif en baie mans het daar of op die myne gaan werk. „Dit was pateties om te sien hoe honderde vee gevrek het,” skryf die naturellekommissaris van Melsetter, mnr. Meredith. „Die nedersetters het niks gehad om hul lande mee te ploeg of om voorrade mee te karwei nie, en moes deur die regering ondersteun word—'n Maatskappy wat slegs uit aandeelhouers bestaan het.”

Mnr. Meredith moes groot klompe Kaffers bymekaar kry en hulle na Chimoya stuur om kosvoorrade in te bring, wat dan rantsoensgewyse aan die mense uitgedeel is. Dit het hulle oor die ergste geneem totdat die oorhand eindelijk oor die pes gekry is en die boere weer ander beeste kon aankoop. Gedurende die Rebelle was kos so skaars dat baie mense teen wil en dank runderpes-vleis moes eet.

In September 1892 het Mtasa se seun en kleinseun, Zumbazo, na Durban en Kaapstad vertrek om protes aan te teken teen 'n sekere deel van die gebied van Manikaland wat aan hulle behoort. Die B.S.A.-Maatskappy het dit in 1888 van 'n sindikaat oorgeneem. Maar met die Matabelie-rebelle in 1893 was alles stil en afwagting, hoewel die inboorlinge daar ook baie

belang gestel het in die verloop van die veldtog teen Lobengula. Binne tien dae het die nuus oor die driehonderd myl getrek. So het 'n boodskapper van Lobengula by Ngungunyana aangekom en min of meer die volgende boodskap afgelewer:—

*„Ngungunyana, ek is hier. Ek is die draer van treurige woorde van Lobengula! O, Hoofman! Luister na Lobengula se woorde; Ngungunyana.*

*„Ek is 'n hond, ek is bederf; ek is 'n hond, wat veiligheid en skuiling soek in die bos, soos 'n wolf. Ek is nie meer 'n Koning nie: Wees gewaarsku! My impi's het die Makalaka-honde doodgemaak wat vir die witman gewerk het; en 'n handjievool witmanne het my uitgedryf, my impi's doodgemaak en my land gevat. Ngungunyana, wees gewaarsku! Laat die witman alleen!!!”*

Ngungunyana het sy indoenas bymekaar geroep en oor die saak gesels, en gesê dat die Portugese wou hê dat hulle na sy ou kraal Manhlagazi (Melsetter) waar die witmense reeds was, terug moes gaan.

Die Portugese was nie tevrede met die „Leverson Boundary Commission” se uitspraak nie. Hulle het Ngungunyana met ballingskap gedreig indien hy nie sou doen wat hulle van hom verlang nie. Maar hy het blykbaar die woorde van Lobengula ter harte geneem. En dit verklaar ook deels sy later gevangeneeming en ballingskap.

Toe die Mashona-rebellie in 1896 uitbreek het, was Melsetter van alle verbinding met Salisbury afgesny en het agt maande so gebly. Gedurende daardie tyd het die paar staatsamptenare wat daar was, ook geleer om tevrede te wees met 'n bietjie, want hul salarisse het maar baie ongereeld gekom. Daar was egter g'n opstand in die oostelike distrikte nie, behalwe 'n valse alarm. Dit het begin toe mevr. Laubschagne 'n gesprek tussen die klompie jong Kaffers afgeluister het. Sy het so geskrik vir wat sy gehoor het, dat sy dadelik Jan de Beer, 'n buurman, na Umtali gestuur het om die mans wat daar werksaam was of transport gery het, te laat roep.

Hy het self gereken dat hy ook die boodskap na die Administrateur moet neem. Hy het deur Melsetter gesnel en het die magistraat, mnr. Longden, vertel dat die mense van Suid-Melsetter in 'n laer is. Die magistraat het al die blankes van Noord- en Suid-Melsetter ingeroep om 'n laer te vorm. Dit was 'n rumoer nie van hierdie wêreld nie. Die vroue moes alles op die plase net so laat staan en inkom. Jan Human was so vies, of bang, dat hy sy perd (want al die boere met perde is opgekommandeer) vir twee osse wou verruil. Mev. Du Preez vertel dat hulle net gehoor het dat Dunbar Moodie bang was vir

die Shangaans en dadelik moes kom laer trek. Sy en haar moeder en van die ander kleiner kinders wat op die plaas was, het gehelp om eers alles te begrawe en toe het hulle nog van hul geringe voorraad mielies twee sakke vir die hoenders uitgestrooi. Met 'n kissie van vyftig patrone op haar kop is hulle die heuwels oor van Belmont na Melsetter. Thomas Ferreira het gesorg vir sy komberse en matras!

Op Melsetter is 'n skans van sandsakke gebou en alles is op militêre basis ingerig. Vir geval hulle nie genoeg patrone sou hê nie, het die magistraat twee mans en 150 Kaffers na Portugese gebied gestuur om ammunisie te kry.

Die kinders het kermisbeddens gemaak in die hutte, want die gesinne het twee-twee gebly, en hulle moes dan laer-toe vlug as daar gevaar kom. Eendag het drie Kaffers wel hul ver-skyning gemaak, skugter die gedoente gadeslaan en weer ver-dwyn. Maar dit het die vrouens nog verder die skrik op die lyf geja. Engelbrecht, wat moes wagstaan, en almal moes voorkeer met die vraag: „Who goes there?“, het een nag een van die offisiere, mnr. Orpen, nie voorgekeer nie; maar hy was verbaas toe die wag na hom toe aangestap kom en met 'n diep stem vra: „En wie is jy?”

'n Paar dae nadat die laer gevorm is, is 'n hele klomp perde van Transvaal ingebring deur mnr. Jannie van Riet en dié is ook dadelik deur die magistraat opgekommandeer. Nog 'n paar dae later kon 'n berede polisiemag dus op die been gebring word, en is besluit om die gevaar tegemoet te gaan op die plaas „Gungunyana”, waar De Beer gesê het dat die laer staan. Die vroue is weer feitlik alleen gelaat en hulle het die tydjie benouder en onsekerder gevind. Hulle was dae op die pad en het by verskeie huise aangery, maar was verbaas om die eenaars tuis te vind en onbewus van enige dreigende gevaar. Die middag van die tweede dag het Labuschagne by hulle aangekom en ook 'n paar van sy bure wat transport gery het na Umtali en deur Jan de Beer ontbied is na hul huise. Die volgende dag het 'n klein polisiemag van Umtali, waar die gerugte ook baie vergroot is, hulle by die ander gevoeg. Daardie middag kom hulle by die plaas—maar vind g'n laer nie!

Mevrou Labuschagne en mevr. Hamman was egter tuis en op hul gemak. Daarom is vasgestel dat nie een van die bure gewaarsku is teen die opstand nie. Die magistraat het 'n ondersoek laat instel, en dit het gelei tot die ontrafeling van die volgende storie, soos vertel deur mnr. Meredith, wat as tolk moes optree.

„'n Jong kaffer het aan 'n paar ander, o.w. die teenwoordige hoofman Mapungwan vertel: „Een nag sal daar 'n paar swart mense met swaarde aankom en hulle sal al die mense wat hulle

buite hul hutte vind, doodmaak; almal moet dus binne hul hutte wees, en geen kwaad sal aan hulle geskied nie, maar wel aan die vreemdelinge wat rondloop en buite is.' Ek het dadelik uitgevind dat die jong Kaffers 'n verdraaide vertolking gegee het van die Joodse Paasfees. Maar heel waarskynlik het mevr. Labuschagne en Hamman wat nie die taal so goed beheers het nie, dit misverstaan en daarom ook so bang geword en die hele streek verder noord die skrik op die lyf geja. Daar is bevind dat alles stil is en dat die Kaffers glad nie sulke voornemens het nie."

Oom Ernst du Plessis vertel dat daar 'n „Black-Watch" by hom aangekom het om te meld van die opstand. Die magistraat, Longden, het hom na Gifford en Moolman gestuur om hulle te kommandeer vir die veldtog na Kenilworth, Dunbar Moodie se plaas, waar die mans moes bymekaar kom. Hy het hom nie veel daaraan gesteur nie, maar toe hy wakker skrik sien hy Labuschagne met sy kommando en Longden voor sy huis stil hou.

„Longden het ingekom en verbaas gevra waarom ek dan nog so stilsit, en het my ook somaar dadelik gekommandeer om reg te maak, want die opstand dreig—Labuschagne het daarvan berig ontvang. Die leviete van bespied en aanval is my daar voorgelees, ek is op my perd en ons is vort. In gelid moes ons in die reën ry, maar het nooit die ware toedrag van sake geweet nie. Op die terugrit, nog steeds so in gelid, het die manne se gmoedere al begin kook. Die offisier se perd skrik vir 'n duiker en hy val af. Boyce Moodie skreeu toe, om maar iets te sê: „Haai, wie klim daar so vinnig af?" Dit was soos vet in die vuur. Die manne het ingesien dat dit 'n fiasko was, en het daar en dan uitmekaar gespat. Die jongkêrels wat somaar so hul werk en waens laat vaar en perde gekoop het, moes druiptert terugkeer. Maar die petalje kos die Regering nie minder as £1000 nie."

In die tussentyd het die vrouens nog altyd in die grootste angs verkeer, hoewel sommige ook al begin lont ruik het. Mev. R. Kok het eendag ontdek dat sy haar byl op die plaas vergeet het. Sy het stilletjies uit die kamp gesluip om dit te gaan haal.

Nadat die mans teruggekom het, is die laer opgebreek, en die skans het later 'n speelplek geword vir die kinders met Nagmaaltye. Dit was die laaste gerug van 'n Kafferopstand. Ngungunyana, wat toe reeds nie meer daar was nie, het na die suide en na Lourenco Marques verhuis, vanwaar eenslag berigte Salisbury bereik het dat hy by Inhambane 'n gewapende mag van 7000 man gereed had. Die Portugese wat hom nie langer kon duld nie het hom toe gevangeneem, na Lissabon gestuur, en verban na Kaap Verde, waar hy sowat tien jaar gevangengehou

is. Sy gebied het oorgegaan in die hande van Tshikwanda, wat die ou kraal van Ngungunyana by Gorowo naby die Nyengezi- (Manklayazi-) rivier (d.i. Melsetter) ook sy tydelike tuiste gemaak het. Die vrees vir Ngungunyana was nog in die volk en daarom het hulle nooit gedink aan 'n opstand nie. Die Shangaans was nog sterk in die Suide, en die Magoli-goli in Middel-Melsetter en die Margarwas in die Noorde was bang vir hulle.

In Noord-Melsetter is die boere ook aangesê om na Steynstroom te gaan, waar hulle gelaer het. Hulle het daar 'n groot gat gegrawe wat as 'n fort moes dien, en gewag en gewag. Niks het gebeur nie totdat die ou hoofman Mutumbara eendag met indoesans sy verskyning gemaak het. Hy het 'n potjie bier by hom gehad. Hy sê toe dat hy verneem het dat die witmense bang was, en dink dat hy oorlog teen hulle wou maak. Hy wou hulle net verseker dat daar nie so iets bestaan nie, en het as bewys daarvan sy bier gebring, wat die witman saam met hom moes drink. Die mense het eers gedink dis weer 'n skelmstreek soos Dingaan s'n, maar moes later uitvind dat dit opreg bedoel was. Daarmee was die saak uit en gedaan. Dit was by Mutumbara waar MacAndrew sy hutte of winkel gehad het. Vandag is daar 'n sendingstasie.

Die Kaffers het rustig gelewe en gereeld hul opgaaf betaal.

Hulle was ook verantwoordelik vir die posverkeer, wat nie baie gereeld was nie. In die begin was dit eenmaal elke drie maande, en is dit gereël deur Dunbar Moodie, wat 'n Kaffer van hom af na Melsetter, Chipinga en Umtali gestuur het en weer terug. Daar was geen telegrafiese verbinding nie en enige belangrike boodskap moes ook deur hulle oorgeneem word. Hulle het die reis na Umtali selde onder drie dae afgelê. Die posgeld na Transvaal en die Kolonie was vier pennies per half-ons.

Baie van die transportryers het in die Mashona-rebellie in Umtali nader kennis gemaak met die inboorlinge. Hefer het pas van ou Umtali verhuis na die polisiestasie waarheen hulle die dorp wou verskuif. Hy wou daar gaan stene bak. Eers is hy na die Sabi om volk te gaan soek en toe hy alles agtermekaar had, sien hy hoe die mense op 'n môre wild en woes te kere gaan. By nader ondersoek het geblyk dat dit weens die berigte van die Rebelle was. Die weerbare mans is gevra om dadeik te laer, want verskeie blankes was al op afgeleë plekke vermoor — veral deur die Kafferkaptein Makoni, wat dan ook eerste sou deurloop. Sy stad is aan die brand gestee, en sowat tweehonderd inboorlinge is daar doodgeskiet.

„Daarvandaan”, skryf hy verder, „is ons na die Ruzowarivier waar die Kaffers hulle in 'n groot gat versteek en twee

kalwers voor die bek van die gat vasgemaak het. Alles was doodstil, en luit. Leelille klim daar af om die twee kalwers los te maak. Hy kry 'n skoot in die heup en toe Morris gaan om hom te help, word hy dodelik gewond. Ná 'n paar dae het ons dinamiet in die grot gegooi en hulle daar opgeblaas.

„'n Kolonne Engelse Tommies wat rou uit Engeland was, het hulle daar by ons aangesluit en ons is verder na 'n ander Kafferkaptein, Gaatse. Ook daar was alles doodstil, maar toe maj. Evans op 'n kop klim om die wêreld te bekyk, word hy deur die hart geskiet, en val dood neer. Ons het daardie Kaffers ook later met dinamiet opgeblaas. Toe is ons terug om Makoni te gaan vang. Na 'n week het ons hom in die hande gekry, doodgeskiet, en so 'n einde aan die oorlog gemaak. Toe ek terrugkom in Umtali, het ek £53 as 'n vrywilliger gekry, maar al my gereedskap was weg. Ek het daarop by Malherbe gaan help stene maak.”

Die petalje het plaasgevind juis toe ds. Strasheim deur Umtali gereis het. Op 'n nag was daar 'n alarm, wat gemaak was net om die mense 'n bietjie te oefen om na die laer te gaan, maar ds. Strasheim het gemeen dat dit 'n werklike was. Baie verskrik het hy daar in die 'hotel' rondgehardloop en iedereen wat hy gekry het, gevra om hom tog die regte plek aan te wys. Later moes hy natuurlik saamlag.

Mnr. Meredith het ook 'n kommando van die naturelle van Gazaland op die been gebring, omtrent 200 sterk, om die opstand in Mashonaland te demp. Hulle was heeltemal gewillig om te gaan, en het self aangebied om 'n duisend man sterk te wees as hy hul aanvoerder sou wees.

Die runderpes het baie moeilikheid veroorsaak, want baie takt was nodig om die Kaffers te laat verstaan dat die beeste tog siek sou word. Hulle het hul Ulimo of reëndokter gehad, wat kon sê of dit reg of verkeerd was om 'n bees somaar so, as hy nog gesond lyk, dood te skiet . . . . Die idee van kompensasie het egter baie byval gevind.

\* \* \*

Die Portugese het nog altyd beskou dat die oostelike distrikte, ten spyte van die uitspraak in 1891 gegee, aan hulle behoort. Hulle sou dan ook verskeie halfhartige pogings aanwend om die boere daar die skrik op die lyf te ja. Toe Moodie arriveer, het die Portugese kommandant met twintig Kaffers gekom om hom te arresteer. Moodie het hom daarenteen sy gevangene gemaak, hom vriendelik behandel en toe oor die grens gestuur. Ene Spring en Oxley wat as hul agente gedien het, het dit ook probeer maar is in dieselfde jaar oor die grens gesit.

Melding is reeds gemaak van die mans wat in die Martin-trek opgekommandeer is, om, soos een van hulle dit later uitgedruk het: „Dunbar Moodie teen die Portugese te gaan beskerm.” Dit was ’n ergerlike spulletjie, want hulle het gebrand om op die plase te kom, maar moes na Kenilworth gaan en is tot ’n mag van vyf-en-twintig sterk gevorm. Onder andere het daar van die Martin-trek gegaan: Scholtz, Hardy, Van Schalkwyk, Van Heerden, Branken, P. Steyn, H. Heyns, J. Martin, Du Preez, Smith, Schutte, Adendorff, Van Eeden, Rautenbach, Kok, Olwage, G. Heyns en J. Roos. Hulle het die vroue net so agtergelaat met ’n paar ou mans, maar dié was vermoeid en het nie lus gehad om nog so lank te vertoef nie. Dit was buitendien ook moeilik om hout te kry waar hulle moes laer trek, en dus besluit hulle om voort te gaan tot waar daar beter staanplek was. Hulle het getrek tot by Buffelsnek. Die dogters moes die vee aanjaag. Daar moes hulle wag tot die mans bykom om hulle die nek af te help. In die tussentyd het hulle ’n pot seep gekook van die vet van ’n leeu wat daar dood is toe hy ’n perd geëet het waarin vir hom gif gesteeek was.

Dit het egter gelyk of die owerheid die saak baie ernstiger opneem. In November 1894 het twee boodskappers in Umtali aangekom met berigte en briewe wat die saak vir die magistraat daar, en ook vir die Administrateur, duidelik maak. Die rapporte het gelui dat die Portugese naby Melsetter was en „moeilikheid soek”, en dat die Melsetter-burgers ingeroep is. Op 8 Desember kom daar bevale van die hoofkwartier van die polisie dat „Onderinspekteur Nesbitt na Melsetter sal gaan en dat hy tydelik aangestel sal word om toesig te hou oor die grensverhoudinge met die Portugese.” ’n Week later berig die *Umtali Advertiser*:

„Ons is bly om te sien dat die outoriteite die Portugese Affêre in ’n ernstige lig beskou het. Die saak sal voor die Staatssekretaris kom met ’n aanbeveling vir onmiddellike optrede. Hier langs die lyn af is die gevoel baie sterk en volgens die jongste berigte blyk dit dat die moord van MacDonald ’n voorbedagte en koelbloedige daad was.” (18 Des. 1894 Vertaald).

Dunbar Moodie was die groot man vir die Portugese. Hy het g’n steen onaangeroerd gelaat om sy reg te laat geld nie, of om die geöktrooide Maatskappy die gronde te laat beset nie. „Die Melsetter-koloniste is in besit (van die grond) en in die Afrikaanse bosveld is dit die groot ding,” het hy kort daarna gesê.

Dit is ook ’n populêre mening dat Ballantyne verantwoordelik was vir die feit dat daar nooit ’n inval gedoen is nie. Hy het die ware vir die Amerikaanse Sendingstasie vanaf Chimoya gekarwei en het die Portugese eenslag gewaarsku toe hulle met hul troepe opgekom het, dat dit noodlottig vir hulle sou wees om verder te gaan, want die Boere was goeie skuts en daar was net

die moontlikheid dat hulle nog meer grond kon verloor. Hulle het sy raad gevolg en nie verder gegaan nie.

Dunbar Moodie het die grens bepaal by die teenswoordige Chitatonga. In Januarie 1897 gee signor Vigliani G.C.M.G., die arbitrator in die geskil oor die grens tussen Portugese en Engelse gebied in Rhodesië, sy uitspraak uit Florence, Italië. Die hele gebied waaroor die geskil gegaan het, was 1656 vk. myl Meer as vier-vyfdes (1337 vk. myl) is aan Britse gesag toegesê en offisieël ingesluit, hoewel die meeste hiervan toe reeds deur hulle geokkupeer is. (In elk geval was dit minder as die helfte van wat Rhodes beoog het).

Met hierdie bepaling is die waterskeiding op die Chimani-maniberge as grens vasgestel. Vir baie van die intrekke was dit tog noodlottig, want hul plase van drie duisend morg was verspreid langs die grens af, en sommige van hulle het bevind dat dele van, of wel ook die hele plaas, in Portugese gebied val. So het een van mnr. Henry se plase heeltemal en die helfte van die ander in Portugese gebied geval. Ook van die Steyns (Steynsbank) het daar vyfhonderd morg oor die grens geval. Hulle moes in ieder geval maar tevrede wees. Sommige het op die kleiner dele gaan woon, terwyl ander op nuwe plase moes begin. Net een het onder die Portugese beheer gebly, nl. mnr. C. Dirking, wat sy plaas Murama in Portugees-Oos-Afrika tot ná sy tagtigste jaar bewoon het. Ná die moeilikhede finaal opgelos is, het die nedersetters en die Portugese goeie vriende geword. Die Kommandant, Machado, en Santos het dikwels die Boere uitgenooi om saam met hulle te gaan jag.

Mnr. Jan Mynhardt vertel:

„Ons het twee vals alarms gehad in verband met 'n Portugese opstand; ek het gehoor dat 'n sekere Machado die leier was; later het ek 'n buurman van hom geword en 'n baie goeie vriend. Toe wou hy my vrou van my koop teen £500, maar ek het darem die saak nie in sy guns oorweeg nie. Later het hy my gevra of ek nie op sy stasie wou kom bly nie. Hy sou my £25 per maand gee en my vrou £5 om net 'n oog te hou oor die stasie; daarby ook nog die reg om 'n honderd seekoëie om die helfte te skiet en om 'n duisend Kaffers te kommandeer vir hierdie tog.”

Dinge het egter reeds so stadigaan begin beter gaan. Melding dien nog net gemaak te word van die Hulley- en Cawood-trek, wat ietwat later ingekom het. Hulle het van die grootpad afgery en verdwaal. Hul kos het begin opraak, en so erg het dit geword dat hulle donkievleis moes eet. Toe dié op was, het hulle ook die velle geëet. Water was daar nie. Drie dae later het hulle voortgesukkel — mens en dier verlam van honger en dors. Een babatjie van agt maande het aan haar moeder gedrink, maar die bloed het later uit die borste geloop. Die kind was sterwend.

En toe op 'n aand hoor hulle die paddas skreeu. Hygend is hulle al op die geluid af en kry op die pad 'n eland wat deur 'n leeu gevang is. Hulle sny toe eers gou 'n stuk van die vleis af, en stuur dit terug na die waens, waar in aller yl die bloed vir die kleintjie uitgetap is, en so sy lewe gered is. Ou mev. Cawood was so swak dat hulle haar in die „meshela” moes dra tot hulle in Melsetter gekom het.

Teen 1898 het die meeste mense al in huise gewoon; hul lande was agtermekaar, die beeste kon oor die heuwels wei, en meer benodighede kon ingevoer word. Die treinspoor was al tot op Umtali, en die pad het soveel verbeter dat 'n tog na die dorp net ses weke geduur het.

Die ooskoors wat in 1901-1902 uitgebreek het, het feitlik die distrik skoongemaai, en sou in die jare wat kom, die een groot vrees vir die beesboer bly. „Die koors is deur beeste uit Australië oor Beira die land ingebring,” is mnr. Du Plessis se mening. Vir hierdie mense, wat nie soseer op al die ontwikkelingsmoontlikhede gelet het nie en ook nie juis aan die eng kommersiële voordele gedink het nie, was dit tog 'n slag wat hul siel aangeraak het. Die stroompies water, wat soet kabbelend oor tallose watervalle ooswaarts gevloei het, en die wye grasvelde vir duisende beeste, het wel by hulle 'n droom laat ontstaan van opvang- en besproeiingsdamme om die ryk grond honderdvoud te laat voortbring, van fabriek en koöperatiewe skemas om 'n florerende uit- en invoerhandel te bewerkstellig. Maar vir die meeste van hulle sou dit 'n droom bly. Hoewel die werklikheid hulle so wreed ontnugter het, was dit vir hulle soeter as, ofskoon geen Eldorado nie. Dit het so stadigaan berusting gebring, en 'n stille gevoel van tevredenheid, wat selde op die goudriewe teenwoordig is. Maar min van hulle het ooit welaf geraak, want die nuwe pes het soos 'n kwellende pyn aan hul gemoed geknaag, waarvan met fluisterstemme gepraat word as dit weer êrens in 'n onverwagte oord sy verskyning maak.

Rhodes het die distrik net een maal besoek en wel in 1901. „Ons het die boere in gunstige omstandighede aangetref, tevrede en vooruitstrewend,” skryf sy privaatsekretaris oor die toer. „Hulle was inderdaad 'n baie eersteklas nedersetter: hardwerkend, moedig en gedetermineerd om dapper alle moeilikhede te beveg en te bowe te kom,”<sup>29)</sup> Rhodes was baie in sy skik, veral daar dit sy eerste besoek aan die distrik was en hy nog nie veel van die mense ontmoet het nie. Hy het hulle uitgenooi om oor hul moeilikhede te gesels, en het die meeste wat nie plase gehad het nie, gehelp om dié te kry, soos Thomas Ferreira, Salmon Scholtz, Harm Coetzer en Jan van Zyl — al was dit nie almal vol plase nie. Hy het gevra wat hulle lees, en toe ook

<sup>29)</sup> Jourdan: *Life of Cecil Rhodes*, p. 212.

speelgoed onder die kinders uitgedeel. Daar was nie veel klagtes nie; en dit was vir hom 'n plesier om met die mense te gesels, want hy het die gawe gehad om mense op hul gemak te laat voel. „Die nedersetters,” gaan die sekretaris voort, „het twee baie uitstekende leiers gehad om hulle te lei en raad te gee, nl. mnr. Longden, die magistraat, en mnr. Flippie le Roux, sendeling en onderwyser. Dit was 'n baie aangename verrassing vir my om Flippie hier te ontmoet, want ons was saam op dieselfde skool. Hy was ook bly om my te sien en het my na sy huis uitgenooi . . . Die boere het algehele vertrouwe gehad in mnre. Longden en Le Roux en hulle het saamgelewe soos 'n groot familie, saamgevoel in mekaar se moeilikhede, en elkeen geleer uit die ander se onder- vinding.”<sup>30)</sup>

Die boere was goedgesind en dankbaar teenoor Rhodes, en hy op sy beurt was spyt om hierdie gelukkige en eenvoudige gemeenskap te verlaat. Terwyl hy daar was, het hy getoon dat hy 'n ander se godsdienstige opvattings opreg eerbiedig, en het sy sekretaris versoek om liewers nie op Sondag te skiet nie. „Ek is bang jy mag aanstoot gee,” het hy verklaar. „Ek weet die Hollandse mense is baie gesteld op die eerbiediging van die Sabbat, en waarom sal jy die gevaar loop om aanstoot te gee, terwyl jy tog baie geleentheid het om op die ander dae van die week te skiet?”

Dit val nie te twyfel nie dat hy wel sy beloftes aan die distrik ten uitvoer sou gebring het as hy 'n jaar of wat langer ná hierdie episode geleef het.

En hy het gelyk gehad: daar was baie om op ses dae van die week te skiet. Die klein- en grootwild wat òf deur die Kaffers òf deur die veldvure verjaag is, het teruggekom, en saam met hulle ook die tiers, wat nogal baie gepla het. Dikwels is klopjagte soos in die eerste dae teen die diere onderneem, veral ná 'n seun van Olwage lelik deur een verskeur is. Mnr. Gifford het eenslag alleen uitgegaan om 'n tier vankant te maak. Op seshonderd tree het hy iets gewaar en gedink dat dit 'n jakkals was. Ná hy die skoot afgetrek het, het die dier agter 'n bossie verdwyn. Hy loop 'n entjie nader, sien toe dat dit 'n tier is, en skiet hom deur die been. Toe hy naby die plek kom, spring die karnallie skielik uit en bestorm hom. Sy geweer weier om af te gaan, maar gelukkig slaag hy daarin om die loop van die geweer in die dier se bek af te druk. Die afbeen van die tier het hom rasend gemaak, maar dit het mnr. Gifford kans gegee om sy twaalf-jarige seuntjie te roep om die tier te kom skiet — 'n knewel van agt voet ses duim. 'n Soortgelyke ondervinding het Wynand Bezuidenhout te beurt geval. Hy was gelukkig 'n groot, sterk man, en toe die tier

<sup>30)</sup> t.a.p.

hom storm en sy geweer weier om af te gaan, het hy met sy geweer in albei hande geklem, die dier so van hom gehou, totdat sy broer gekom en uit pure opgewondenheid die dier aan sy agterpote gegryp en dit probeer wegruk het. Toe dit misluk, dink hy eers daaraan om hom te skiet. Die enigste besering was 'n hand wat sleg gekrap was. Hierdie staaltjies kan met honderde vermenigvuldig word en die ou boere kry weer lekker as hulle van al die avonture aan die jong geslag vertel. Hulle vertel ook hoe Freek Prinsloo deur 'n tier toegetakel is, en kort daarna deur 'n seekoei. Laasgenoemde het byna al die vleis van sy boud afgeskeur, en 'n soort olievel is toe oor die been getrek om dit te laat groei — en hy het reg geword!

Dit was deels te wyte aan so 'n jagekspedisie dat die Oostelike Distrikte hul leier en steunpilaar, Marthinus Martin, verloor het. Hy het die uitnodiging van die Kommandant, Santos, aange neem om saam op 'n grootwildjag te gaan. Met sy vrou, sy seun, meneer en mevrou Le Roux het hy 'n besoek gebring aan Shaya, vanwaar feitlik die hele geselskap met koors teruggekeer het, en hy in 'n meshela gedra moes word. Kort daarna, op 3 Sept. 1904, is hy oorlede. Die begrafnis was die Saterdag op sy plaas, en as 'n blyk van hul waardering en as teken van die eerbied wat in alle kringe vir hom gekoester was, het die Administrateur alle Regeringskantore vir die dag gesluit.

Mnr. Martin was in hoë mate die vader van die distrik. Nie alleen het hy een van die belangrikste trekke daarheen gelei nie, en was hy dus verantwoordelik vir die ontstaan van die Melsetter van vandag nie, maar deur sy wonderlike takt, insig, goedhartigheid en standvastigheid van karakter, het hy 'n groot invloed uitgeoefen op en 'n houvass gekry oor die hele Hollandse deel van die gemeenskap, van wie hy die alombekende voorspraak en raadgewer was — 'n invloed wat meer as enigiets anders meegewerk het om liefde, getrouheid en onderlinge samewerking in albei seksies aan te wakker. Die harmonie wat tussen die Engelse en die Hollandse groepe bestaan het, asook onder die individuele nedersetters, was dus in geen geringe mate aan hom te danke nie. Aan sy gedurige vriendelikheid en persoonlike tussenkoms moet die feit dat daar so weinig hofgeskille in die distrik was, gewyt word — 'n tussenkoms wat altyd verwelkom is en waarna gretiglik gesoek is. As vrederegtter het hy die mense intiem leer ken en is aan hom die wankse verleen om huwelike te bevestig, ens. To die donker wolke van die dood, hongersnood, sprinkane en runderpes swaar oor die trekkers gehang het, het hy homself beskuldig en rondgegaan om die mense moed in te praat. „Ek kan Martin nie verstaan nie,” het Rhodes verklaar. „Hy dink aan almal se behoeftes behalwe sy eie.”

Elke inwoner van die distrik daar het gevoel dat hulle 'n ware vriend in mnr. Martin verloor het, en hulle was hul bewus

van die feit dat sy plek lank ongevuld sou bly. Al het hy nie die distrik in die Wetgewende Raad kon verteenwoordig nie, was sy buitengewone werkkrag en geestelike opgeskerptheid 'n stutkrag vir almal. Die Kerk, wat in besondere mate sy ontstaan en groei aan hierdie opregte Christen te danke had, en waarin hy 'n pilaar en voorbeeld van opoffering en selfverloëning geword het, het as geheel sy heengaan miskien die diepste gevoel. En vandag nog, as daar oor boerdery-aangeleenthede gepraat word, droom Melsetter van hoe anders die distrik miskien kon ontwikkel het, „as oom Marthinus ons nie so vroeg ontnem is nie.”

### SLOT.

VAN die trekkerleiers leef daar vandag, vyftig jaar later, nog net twee, nl. mnr. Ernst du Plessis <sup>31)</sup> en mnr. Ernst Kruger. Webster en Bekker, praktiese en vriendelike manne, het slegs 'n paar maande die vlaktevryheid van hierdie skone landstreek geniet. Thomas Moodie, die patriarg, het



*'n Paar ou gesigte by 'n vyfjarige feesgeleentheid te Melsetter. Agter: Stoffel Steyn, Abraham Olwage, Jurie Moolman, oom Thomas Ferreira, Hendrik Steyn en J. C. Martin; voor: ouma Martin (tant Betta) tant Dirkie Heyns, mev. Stoffel Steyn en mnr. Hans Kok.*

<sup>31)</sup> Sedert die skryf van hierdie boek oorlede.

ook kort na sy aankoms verhuis; 'n strenge Skotsman, bygestaan deur 'n ewe gedetermineerde Boerenooi, het hulle hoogtes bereik wat uitstaan in die geskiedenis van die land. Dunbar Moodie, die oorspronklike draer van die gedagte van die „Melsetter Settlement,” het hom in 1897 gevolg. Mynhardt, diep godsdienstig kon net toesien dat sy kinders hulle in die vreemde gevestig het, alvorens hy ook die weg van alle vlees gegaan het. Tien jaar lank het Martin, daardie invloedryke en voorbeeldige leier van sy volksgenote, hier gebly. Sy lewe en daade word vandag nog geroem deur almal wat hom geken het, en sy vrou (Tant Betta) en sy seun Jan (later L.V.) het die goeie werk en wense van hul vader voortgeplant.

Labuschagne, 'n man wat homself opgewerk het en hulpvaardig was, volg 'n bietjie later. Daarna Gifford—'n ywerige werksman en dienaar van albei volksdele, wat in moeilike omstandighede sy groot gesin moes opvoed. Later Steyn, bedeesd en bedaard, waar hy in Noord-Melsetter sy mense tot selfstandigheid aangespoor het. Toe Henry, die bekwame sake-man van die distrik. Daarna Moolman met sy gesperde wils-krag.

Ernst Kruger, met sy gasvrye vrou aan sy sy, kyk vandag terug oor vyftig harde jare, waar'n plig teenoor familie en medemens altyd sterker geword het. En ook Ernst Du Plessis—een van die eerstes, is so lank gespaard gebly om met sy vriendelikheid en opgeruimdheid almal met wie hy in aanraking kom, aan te spoor om nooit te kla nie.

Die een ná die ander het hulle gekom, hul rol in groter of kleiner mate gespeel, en toe, sonder toejuiging of vertoning, stil weggegaan. Aan hul skouer was daar die vrou wat getoon het dat sy, g'n soldaat of prospekterder nie, 'n land maak. Miskening van haar waarde knelter enige gemeenskap in geestelike bankrotskap. Onwillekeurig geskets deur hul woorde, is daar die duidelike lyne van vasberadenheid te midde van vrees en siekte en eensaamheid van oorwinning te midde van ontberings en verspoelings en peste. En ná sy saam met haar man deur die stofpad of modderpad gesoek het na 'n beter bestemming vir haar kinders, het ook sy verdwyn.

In enige pioniersland is dit veral die kind wat die prys moet betaal. Wat hy kortkom in geestelike ontwikkeling moet die leerskool van die natuur aanvul. Maar ook in hierdie land kon die kind met 'n kalme gemoed die genietinge van 'n beskaafde wêreld deel, waarvoor sy ouers soveel sweet en bloed moes vergiet. Hulle, die jong geslag, het toe die belofte van Ebenhaezer onthou. Maar nie vir lank nie. Ná een of twee byeenkomste is beswaar gemaak van die kant van Noord- en Middel-Melsetter



*Mnr. Andries Kok, seun van Hans, en vurige yweraar vir die bou van die monument ter ere van die Pioniertrekkers.*


dat dit te ver was om te ry, omdat weens die perdesiekte, runderpes en ooskuskoors rygoed te skaars was.

Toe is o.a. mnre. Kok en Cannell gestuur om al die klippe te gaan haal en die name van die trekkers in 'n bottel te sit, dit dan terug te bring na Middel-Melsetter en daar op te stapel. Ná 'n aantal feestelikhede is alles laat verval totdat mnr. Andries Kok hom weer die belofte herinner het ná die Eeufees in die Unie. Hy het hom toe begin beywer vir die oprigting van 'n monument daar by die klipstapeltjie ter ere van hierdie voortrekkers. En so is die Monumentkomitee in die lewe geroep.

